



Philipp Melancthon

Die denker, leermeester en
opvoeder van die Reformasie

Ignatius W.C. van Wyk

HTS Religion & Society Series
Volume 12

Philipp Melancthon
Die denker, leermeester en
opvoeder van die Reformasie



Published by AOSIS Books, an imprint of AOSIS Publishing.


AOSIS Publishing

15 Oxford Street, Durbanville 7550, Cape Town, South Africa
Postnet Suite 110, Private Bag X19, Durbanville, 7551, Cape Town, South Africa
Tel: +27 21 975 2602
Website: <https://www.aosis.co.za>

Copyright © Ignatius (Natie) W.C. van Wyk. Licensee: AOSIS (Pty) Ltd
The moral right of the authors has been asserted.

Cover image: Original design created with a digital image of an original portrait titled, *Portrait of Philipp Melanchthon*, by Lucas Cranach the Younger, painted oil on panel canvas in 1559, painting now in the public domain and part of a collection in the Städel Museum in Frankfurt, Germany. https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Cranach_d.J._Melanchthon@St%C3%A4del_Museum_Frankfurt20170818.jpg

Published in 2022
Impression: 1

ISBN: 978-1-77634-215-0 (print)
ISBN: 978-1-77634-216-7 (epub)
ISBN: 978-1-77634-217-4 (pdf) 

DOI: <https://doi.org/10.4102/aosis.2022.BK327>

How to cite this work: Van Wyk, I.W.C., 2022, *Philipp Melanchthon: Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie*, in HTS Religion & Society Series, Vol. 12, AOSIS Books, Cape Town.

HTS Religion & Society Series
ISSN: 2617-5819
Series Editor: Andries G. van Aarde

Printed and bound in South Africa.

Listed in OAPEN (<http://www.oapen.org>), DOAB (<http://www.doabooks.org/>) and indexed by Google Scholar. Some rights reserved.

This is an open-access publication. Except where otherwise noted, this work is distributed under the terms of a Creative Commons Attribution-NonCommercial-NoDerivatives 4.0 International License (CC BY-NC-ND 4.0). A copy of which is available at <https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/>. Enquiries outside the terms of the Creative Commons license should be directed to the AOSIS Rights Department at the above address or to publishing@aosis.co.za.



The publisher accepts no responsibility for any statement made or opinion expressed in this publication. Consequently, the publishers and copyright holder will not be liable for any loss or damage sustained by any reader as a result of their action upon any statement or opinion in this work. Links by third-party websites are provided by AOSIS in good faith and for information only. AOSIS disclaims any responsibility for the materials contained in any third-party website referenced in this work.

Every effort has been made to protect the interest of copyright holders. Should any infringement have occurred inadvertently, the publisher apologises and undertakes to amend the omission in the event of a reprint.

HTS Religion & Society Series
Volume 12

Philipp Melanchthon

Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie

Ignatius W.C. van Wyk



Religious Studies domain editorial board at AOSIS

Commissioning Editor: Scholarly Books

Andries G. van Aarde, MA, DD, PhD, D Litt, South Africa

Board Members

Warren Carter, LaDonna Kramer Meinders, Professor of New Testament, Phillips Theological Seminary, United States of America

Evangelia G. Dafni, Faculty of Theology, Aristotle University of Thessaloniki, Greece

Lisanne D'Andrea-Winslow, Professor of Department of Biology and Biochemistry and Department of Biblical and Theological Studies, University of Northwestern, United States of America

Christian Danz, Dekan der Evangelisch-Theologischen Fakultät der Universität Wien and Ordentlicher Universitätsprofessor für Systematische Theologie und Religionswissenschaft, University of Vienna, Austria

David D. Grafton, Professor of Islamic Studies and Christian-Muslim Relations, Duncan Black Macdonald Center for the Study of Islam and Christian-Muslim Relations, Hartford International University for Religion and Peace, United States of America

Sigríður Guðmarsdóttir, Professor of Department of Theology and Religion, School of Humanities, University of Iceland, Iceland; Centre for Mission and Global Studies, Faculty of Theology, Diakonia and Leadership Studies, VID Specialized University, Norway

Jeanne Hoeft, Dean of Students and Associate Professor of Pastoral Theology and Pastoral Care, Saint Paul School of Theology, United States of America

Nancy Howell, Professor of Department of Philosophy of Religion, Faculty of Theology and Religion, Saint Paul School of Theology, United States of America

Llewellyn Howes, Professor of Department of Greek and Latin Studies, University of Johannesburg, South Africa

Fundiswa A. Kobo, Professor of Department of Christian Spirituality, Church History and Missiology, University of South Africa, South Africa

William R.G. Loader, Emeritus Professor, Murdoch University, Australia

Jean-Claude Loba-Mkole, Department of Hebrew, Faculty of Humanities, University of the Free State, South Africa

Piotr Roszak, Professor of Department of Christian Philosophy, Faculty of Theology, Nicolaus Copernicus University, Poland

Marcel Sarot, Emeritus Professor of Fundamental Theology, Tilburg School of Catholic Theology, Tilburg University, the Netherlands

David Sim, Department Biblical and Early Christian Studies, Catholic University of Australia, Australia

Corneliu C. Simut, Professor of Biblical Theology (New Testament), Faculty of Humanities and Social Sciences, Aurel Vlaicu University, Romania

Peer review declaration

The publisher (AOSIS) endorses the South African 'National Scholarly Book Publishers Forum Best Practice for Peer Review of Scholarly Books'. The manuscript underwent an evaluation to compare the level of originality with other published works and was subjected to rigorous two-step peer review before publication, with the identities of the reviewers not revealed to the editor(s) or author(s). The reviewers were independent of the publisher, editor(s) and author(s). The publisher shared feedback on the similarity report and the reviewers' inputs with the manuscript's editor(s) or author(s) to improve the manuscript. Where the reviewers recommended revision and improvements, the editor(s) or author(s) responded adequately to such recommendations. The reviewers commented positively on the scholarly merits of the manuscript and recommended that the book be published.

Research justification

Philipp Melanchthon (1497-1560) was with Martin Luther, the most influential reformer of the church during the 16th century. He was also a reformer of university education, especially theological studies as well as the school system in Germany. He was responsible for a theological curriculum that included Greek, Hebrew and philosophy. He, as a professor of Greek at the University of Wittenberg since 1518, was the author of the first generally accepted Protestant confession, known as the *Confessio Augustana* (1530). He also wrote the first Protestant commentaries on Paul's letter to the Romans (1519) as well as the first Protestant handbook in Systematic Theology (1521). He was the main negotiator of the Protestant movement at the diets and religious discussions with the Roman Catholic Church. He is known as the 'teacher of Germany and Europe' and is respected as the father of the ecumenical movement. Yet, Melanchthon is not known to South Africans and especially Afrikaans-speaking people who, traditionally, have close links with the reformational tradition. There is not one single publication on Melanchthon in Afrikaans or by a South African scholar. This publication is therefore the first on Melanchthon by an Afrikaans-speaking scholar. The research was done from primary sources. References to secondary literature are mostly there for further reading. The author does not follow a certain tradition of interpretation. This publication is a reception that attempts to show the relevance of Melanchthon for the local context. All references and quotations are the work of the author. He could not rely on older literature and consequently there could be no traces of plagiarism. In many cases, the original Latin or Late-Medieval German words are presented in footnotes. The book has an introductory chapter, while the next eight chapters follow the main themes in Melanchthon's theology. The book is a scholarly work for scholars, but ministers and students should not experience any difficulties in following the arguments. The numerous footnotes entail important information on the literature used as well as the historic setting. A register of persons is added to the book, because the many names referred to by Melanchthon, could make the reading of the text difficult. An overview of his life and a selection of his works are also annexed. Melanchthon was the starting point of a respected theological tradition. This tradition is unfortunately pushed aside at many universities and seminaries in Southern Africa. Hopefully, this publication could bring about a reconsideration at some institutions!

Ignatius W.C. van Wyk, Department of Historical and Systematic Theology, Faculty of Theology and Religion, University of Pretoria, Pretoria, South Africa.

Vir my seuns Gert en Naas

Inhoudsopgawe

Lys van afkortings	xv
Figure	xv
Summary	xvii
Outeursbiografie	xxi
Voorwoord	xxiii
Hoofstuk 1: Lewe en werk	1
1.1. Lewensverhaal	1
1.2. Sy rol in die geskiedenis van die Reformasie	6
1.3. Geskrifte	10
1.4. Uitgawes van sy werke	13
1.5. Teologiese opleiding en ontwikkeling	14
1.5.1. Die ideale van universiteitsteologie	15
1.5.2. Die grondtale	17
1.5.3. Hoe word teologie aangeleer?	19
1.5.4. Kategismusonderrig	20
1.5.5. Akademiese ideale	21
1.6. Nog steeds die leermeester van die Protestantisme?	21
1.7. Oorsig	22
Hoofstuk 2: Bybelse teologie	23
2.1. Die Bybel as vertrekpunt	23
2.1.1. Kommentare	23
2.1.2. Die breuk met die Roomse skolastiek	25
2.1.3. Eksegetiese metodes	27
2.2. Eksegese, ekumeniese belydenis en nuwighede	31
2.2.1. Die rol van die owerhede	35
2.3. Sistematisering van die eksegetiese insigte	36
2.3.1. Die wet	36
2.3.2. Wat word onder 'wet' verstaan?	36
2.3.3. Die gebruike van die wet	37
2.3.4. Die sedewet en die natuurwet (moraliteit en denke)	38
2.3.5. Die evangelie	39
2.4. Oorsig	43
Hoofstuk 3: Antropologie	45
3.1. Wat is die mens?	45

3.1.1.	Die mens as beeld van God	45
3.1.2.	Die mens met 'n vrye wil in uiterlike dinge	46
3.1.3.	Die mens as gemeenskapswese	48
3.1.4.	Die ontwikkelde mens	50
3.1.4.1.	Skoolopleiding	51
3.1.4.2.	Algemene voorgraadse studie	52
3.1.4.3.	Elegante taalvaardigheid	53
3.2.	Wat is 'sonde' en 'erfsonde'?	54
3.3.	Lyding, troos en hanteringsmeganismes	60
3.3.1.	Waarom lyding?	60
3.3.2.	Filosofiese en Christelike troos	62
3.3.3.	Siekte, gebed en die mediese wetenskap	64
3.3.4.	Lyding onder skuldgevoelens	64
3.3.5.	Die bose en die euwel van towenaars	65
3.3.6.	Lyding van die leermeester	66
3.3.7.	Lyding onder die skoonmoeder	67
3.4.	Armoede	67
3.5.	Oorsig	68
Hoofstuk 4: Eskatologie		71
4.1.	Die dood	71
4.1.1.	Die sonde en die dood	71
4.1.2.	Siekte en alleenheid as voorlopers tot die dood	73
4.1.3.	Teologie en gebed as voorbereiding op die dood	74
4.1.4.	Christelike vertroosting	76
4.2.	Loon en straf	77
4.2.1.	Aardse straf en beloning	77
4.2.2.	Goeie werke – beloning – straf	79
4.2.3.	Die sterre voorspel straf en lyding	81
4.3.	Wat word uiteindelik verwag?	83
4.3.1.	Die geestelike ryk van Christus	83
4.3.2.	Laat U koninkryk kom!	85
4.3.3.	Die opstanding en die ewige lewe	86
4.3.4.	Voorstellings van die ewige lewe	88
4.3.5.	Die heiliges in die hemel en die vaevuur	89
4.3.6.	Redding alleen danksy Jesus Christus	90
4.4.	Oorsig	90
Hoofstuk 5: God		93
5.1.	Kennis en aanbidding van God	93

5.2.	Kennis en aanbidding deur Christus	97
5.2.1.	Die ontwikkeling van Melanchthon se Christologie	97
5.2.2.	Christologie binne die raamwerk van die Christelike leer	99
5.2.3.	Die liturgiese kalender as raamwerk van die Christologie	100
5.3.	Die drie-enige God	103
5.3.1.	Die geval Servet	105
5.4.	Die Christelike begrip van God	106
5.4.1.	Die eerste gebod	106
5.4.2.	Onse Vader wat in die hemel is	109
5.4.3.	Religieuse toleransie?	110
5.5.	Oorsig	112
Hoofstuk 6: Regverdiging en uitverkiesing		115
6.1.	Die genade van die regverdiging deur die geloof	116
6.1.1.	Die vertrekpunt: Twee gestaltes van geregtigheid	116
6.1.2.	Die invalshoek: Die genade	119
6.1.3.	Regverdiging deur die geloof: Wat is dit?	120
6.1.4.	Botsing met Andreas Osiander	123
6.1.5.	Regverdiging en goeie werke	124
6.2.	Regverdiging, geloof en die Heilige Gees	128
6.2.1.	Die Heilige Gees	128
6.2.2.	Melanchthon en die Charismatiese groepering	130
6.3.	Estetiese geloofslewe	132
6.4.	Uitverkiesing	135
6.4.1.	Melanchthon se standpunt	135
6.4.2.	Uitverkiesing en vertroue in die geskiedenis	137
6.5.	Oorsig	138
Hoofstuk 7: Die Christelike lewe		139
7.1.	Christelike etiek en moraliteit	139
7.1.1.	Gees en letter	140
7.2.	Christelike moraal as wetsgehoorsaamheid	141
7.2.1.	Die eerste gebod	141
7.2.2.	Jy mag nie moord pleeg nie	142
7.2.3.	Jy mag nie steel nie	142
7.3.	Bekering, skuldbelydenis en navolging (<i>Die Buße</i>)	143
7.3.1.	Die eerste gebod	143
7.3.2.	Jy mag nie moord pleeg nie	143
7.3.3.	Jy mag nie steel nie	144

7.4.	Die redelikheid van wetsgehoorsaamheid (die natuurwet)	144
7.4.1.	Die eerste gebod	144
7.4.2.	Jy mag nie moord pleeg nie	145
7.4.3.	Jy mag nie steel nie	145
7.5.	Christelike moraal en die reg	146
7.5.1.	Staatsgehoorsaamheid as die wil van God?	146
7.5.2.	Reg en billikheid	148
7.6.	Christelike vryheid en die perke van wette, reëls en regulasies	150
7.7.	Die Christelike moraal en deugde	153
7.8.	Die Christelike lewe van gebed	157
7.8.1.	'n Lewe van gebed	157
7.8.2.	Sy verstaan van gebed	158
7.8.3.	Gebed en die wetenskappe	162
7.9.	Oorsig	163
Hoofstuk 8: Die kerk van Jesus Christus		165
8.1.	Die kerk	165
8.1.1.	Wat is die 'kerk'?	166
8.1.2.	Die kenmerke van die kerk	168
8.1.3.	Strukture en eiendomme	169
8.2.	Ampte	169
8.3.	Sakramente	172
8.3.1.	Wat is sakramente?	172
8.3.2.	Die doop	174
8.3.3.	Die nagmaal van die Here	175
8.4.	Kerkorde	179
8.5.	Eenheid in belydenis en kerklike ekumene	181
8.5.1.	Belydenis en die algemeenheid van die kerk	181
8.5.2.	Eenheid met die Rooms Katolieke Kerk	181
8.5.3.	Onderlinge ekumeniese eenheid	183
8.6.	Die toekoms van die kerk	184
8.7.	Oorsig	187
Hoofstuk 9: Denkende godsdiens		189
9.1.	Die Skrif alleen?	190
9.1.1.	Die Skrif en die belydenisskrifte (1530–1531)	190
9.1.2.	' <i>Sola scriptura</i> '	193

9.2. Teologie en filosofie	195
9.2.1. Wat is 'filosofie'?	195
9.2.2. Geen teologie sonder 'filosofie' nie	196
9.2.3. 'Filosofie' in die gestalte van die natuurwetenskappe	200
9.2.4. Geloof en ontwikkeling	205
9.3. Die agste gebod en die waarheid van die Christelike godsdiens	206
9.4. Oorsig	208
Literatuurverwysings	209
Aanhangsel A: Lewensoorsig	229
Aanhangsel B: Persoonsregister	239
Indeks	243

Lys van afkortings

ApolCA	<i>Apologie van die Confessio Augustana</i> [<i>Apologie van die Augsburgse Geloofsbelijdenis</i>]
CA	<i>Confessio Augustana</i> [<i>Augsburgse Geloofsbelijdenis</i>]
ca	Ongeveer
CR	<i>Corpus Reformatorum. Philippi Melanthonis Opera, quae supersunt omnia</i> , Bd. 1–28, hrsg. von Carl Gottlieb Bretschneider und Ernst Bindseil, Halle und Braunschweig, 1834–1860.
MBW.T	<i>Melancthons Briefwechsel. Kritische und kommentierte Gesamtausgabe. Texte</i> . Im Auftrag der Heidelberger Akademie der Wissenschaften, hrsg. von Heinz Scheible (1991), seit 2010 von Christine Mundhenk, Stuttgart-Bad Cannstatt. Texte Bd. 1–12, 1991–2005.
MSA	<i>Melancthons Werke in Auswahl</i> , hrsg. von Robert Stupperich. 7. Bde. In 9 Teilbdn. Gütersloh 1951–1975.
SupplMel	<i>Supplementa Melanthonia</i> , 5 Bde., Leipzig, 1919–1929.
VD16	Verzeichnis der im deutschen Sprachbereich erschienene Drucke des XVI. Jahrhunderts: VD 16/hrsg. Von der Bayerischen Staatsbibliothek in München. 1. Abt.: Verfasser, Körperschaften, Anonyma/Redaktion: Irmgard Bezzel. 22 Bde. Stuttgart 1983–1995.
WA Br	Luther, M., [1501–1520] 1931, J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), <i>D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe, Briefwechsel, 1. Bd.</i> , Hermann Böhlhaus Nachfolger, Weimar. (WA Br).
WA TR	Luther, M., [1531–1546] 1919, <i>D. Martin Luthers Werke. Kritische Gesamtausgabe. Tischreden 1531–1546, 5. Bd., Tischreden aus den Jahren 1540–1544</i> , J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), Herman Böhlhaus Nachfolger, Weimer. (WA TR 5). TPACK Technological, Pedagogical and Content Knowledge

Figure

Figuur A-1: Die huis waarin die godsdiensgesprek tussen Philipp Melanchthon en Johannes Eck in 1541 in Regensburg plaasgevind het.

Summary

■ Philipp Melanchthon: The thinker, teacher and educator of the Reformation

Philipp Melanchthon (1497–1560) was one of the most important theologians of the 16th century. He was Martin Luther's colleague in Wittenberg, Germany. Without Melanchthon, the Protestant Reformation would not have been successful. He was a genius. At the age of 12, he enrolled at the University of Heidelberg after only a few years of schooling. At 14, the University of Heidelberg barred him from enrolling for a *Magister of Atrium* in Greek. Still, with the help of a famous relative, Johannes Reuchlin, he was allowed to study Greek in the *Magister of Atrium* programme at the University of Tübingen. Melanchthon, at the age of 17, completed the *Magister of Atrium* in Greek programme, and in 1518, he was appointed a professor in Greek at 21, whereafter he immediately became a compatriot of Martin Luther. In 1519, he received the degree *Baccalaureus biblicus* and began with private lectures on Paul's letter to the Romans. In 1521, he published his *Loci communes / Common topics of theology* – the first systematic handbook by a Protestant or Evangelic theologian. He would rework this book many times until the last version in 1559. In 1530, he was responsible for writing the *Confessio Augustana*, which would later be accepted as the first official confessional document of the Protestant movement. Melanchthon became the leading negotiator of this movement at the various diets (formal deliberative assemblies) that were to follow. He became the 'bishop' of the Reformation, and many influential theologians, such as Calvin, sought his advice on a variety of matters. Melanchthon is known as the 'teacher of Germany and Europe'. He was the intellectual of the Early Reformation, the lecturer on most subjects of those years, the youth and the church educator, and the author of thousands of letters, handbooks and lectures. His works are well-preserved. The first 28 volumes of the *Corpus Reformatorum* contain an extensive selection of his oeuvre (available in the 19th century).

Tragically, Melanchthon is not known to the many Afrikaans-speaking people around the globe. This book is the first on Melanchthon by a South African. I do not follow any interpretation-tradition. The book is based on my own reading of the primary sources – but with my background, church environment and socio-political challenges in mind. The main idea is to introduce Melanchthon to the Afrikaans-speaking communities from the sources and not the secondary literature. This book will hopefully act as the starting point of a Melanchthon reception by South Africans, and thanks to new technologies, English-speaking people can read the book in translated versions.

The book comprises nine chapters, an introduction, a life overview, a register of people mentioned in the book and an index of regular terms. The nine chapters are:

1. **Life and work:** His role in the history of the Reformation; writings; editions; theological training and development – the ideals of theology at a university, the original languages, how does one learn theology?; catechetical education, academic dreams; still the teacher of the Reformation?
2. **Biblical theology:** The Bible as starting point, commentaries, the break with Roman scholasticism, exegetical methods; ecumenical confession and new ideas, the role of the state; systemising the exegetical insights, the law, what is the law? uses of the law, morality and reason, the gospel.
3. **Anthropology:** What is man?, man as God's image, free will, man in communion, the developed human being – school-education, general university education, elegant speech; sin and original sin; suffering and comfort, why suffering?, philosophical and theological comfort, sickness, prayer and medical science, suffering under guilt, the evil of magicians, suffering of the teacher, suffering under the mother-in-law; poverty.
4. **Eschatology:** Death, sin and death, sickness and old age as forerunners to death, theology and prayer as preparation for death, Christian comfort; wages and punishment, earthly punishment and wages, good works, wages and punishment, the stars predict punishment and suffering; What is expected eventually?, the spiritual kingdom of Christ, let thy kingdom come!, the resurrection and eternal life, images of eternal life, the holy ones in the purgatory, salvation only through Christ.
5. **God:** Knowledge and adoration of God, knowledge, and prayer through Christ – the development of Melanchthon's Christology, Christology within the framework of the confession, the liturgical calendar and Christology; the triune God, the case of Servetus; the Christian understanding of God, the first commandment, the first petition, religious tolerance?
6. **Justification and election:** The grace of justification by faith, two types of righteousness, grace, what is justification by faith alone?, conflict with Andreas Osiander, justification and good deeds; justification, faith and the Holy Spirit, the Holy Spirit, the 'Charismatic movement'; aesthetic life of faith; election, election and trusting history?
7. **Christian life:** Christian ethics and morality, spirit and letter; obedience to God's law, the first, fifth, and seventh commandments; Repentance and obedience to the commandments; natural law and the commandments; Christian morality and jurisprudence, obedience to state laws, the law and fairness; boundaries of laws and regulations; Christian morality and virtues; life of prayer, prayer, and the sciences.

8. **The church:** What is it?, marks of the church, structures, and properties; offices; sacraments, baptism, holy communion; Church law; unity in confession and ecumenism, the general church, unity with Rome, confessional unity; the future of the church.
9. **Reasonable religiosity:** Only the Bible, the Word and the confessions; theology and philosophy, his understanding of 'philosophy', no theology without philosophy, philosophy and natural sciences, faith and development; the eighth commandment and the truth of the Christian religion.

The book ends with a chronological overview of Melanchthon's life and significant events during his lifetime.

Outeursbiografie

Ignatius W.C. van Wyk

Departement Historiese en Sistematiese Teologie,
Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria,
Pretoria, Suid-Afrika

Epos: natievanwyk123@gmail.com

ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-5761-2572>

Natie van Wyk (1953) is tans navorsingsgenoot van die Departement Historiese en Sistematiese Teologie in die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria in Suid-Afrika. Hy was vóór sy emeritaat in 2018, dosent in sistematiese en historiese teologie. Hy het aan die Randse Afrikaanse Universiteit in Johannesburg, die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Bonn in Duitsland studeer. Hy was gedurende 2016 en 2017 verantwoordelik vir publikasies ter viering van die 500-jarige herdenking van die Reformasie. Onder sy redakteurskap word die boek *Nadenke oor 500 jaar se Reformatoriese teologie* in 2017 deur AOSIS Books gepubliseer. In 2019 publiseer hy 'n boek by AOSIS Books getiteld, *Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte*. Gerhard Sauter (Bonn) het die aanvanklike belangstelling in Melanchthon by die outeur gewek danksy 'n reeks publikasies oor die *Confessio Augustana* in 1980. Ernstige navorsing oor Melanchthon het egter eers in die voorbereidingsjare vir die jubileum begin. Hy is getroud met prof. (emeritus) dr. Neltjie van Wyk (Verpleegkunde, UP). Hulle het twee seuns, Gert en Naas, aan wie hierdie boek opgedra word.

Voorwoord

Philipp Melanchthon is naas Martin Luther die belangrikste reformator van die eerste generasie. Hy was Luther se vertroueling en bondgenoot; hy het die eerste (later) erkende belydenisskrifte opgestel; hy was die hoofwoordvoerder van die Protestantisme tydens die godsdiensgesprekke met die Rooms Katolieke Kerk tot en met sy dood in 1560; die organiseerder, gestaltegewer en leermeester van die Duitse kerke, skole en universiteite; en die grootste geleerde van sy tyd. Sonder Melanchthon sou die Reformasie van die sestiende eeu nie suksesvol deurgevoer kon word nie en sou die skool- en universiteitswese nie hervorm en vernuwe kon word nie. Kortweg, sonder Melanchthon sou die Europese, en daarom tot 'n mate, die Suid-Afrikaanse geskiedenis, heel anders ontwikkel het. Ten spyte van hierdie feit, is Melanchthon 'n onbekende figuur vir die meeste Afrikaanssprekendes (en anderstalige Suid-Afrikaners). Een rede is dat daar geen enkele monografie oor Melanchthon in Afrikaans bestaan nie, en dat daar feitlik nooit na hom in akademiese werke verwys is nie. Dit is jammer dat Christene wat daarop roem dat hulle in die Reformatoriese tradisie staan, niks van Melanchthon weet nie. Met hierdie boek sal die leemte hopelik gevul word.

Die gebrek aan kennis oor Melanchthon is nie nét 'n verskynsel onder Afrikaanssprekendes nie. Selfs onder Europese en Noord-Amerikaanse Christene is dit die geval. Daar is minstens twee redes: Eerstens, die duografiese geskiedskrywingsmetode het Melanchthon aanhoudend in die skadu van Luther geplaas. Melanchthon is nooit as 'n onafhanklike denker geskilder nie, maar slegs as Luther se regterhand; en tweedens het die latere negatiewe Melanchthon-beeld in sekere Lutherse kringe mense huiwerig gemaak om in die navorsing op Melanchthon te konsentreer. Gelukkig het hierdie tendense, danksy 'n reeks herdenkingsgeleenthede in die twintigste eeu, verdwyn. Daar word sedert 1960 (die herdenking van sy 400ste sterfdag) uitgebreide navorsing in talle lande oor Melanchthon gedoen. Hierdie tendens het aanleiding gegee tot talle publikasies en nuwe uitgawes van sy werke. Die jubileumsjare 1997 (500ste herdenking van sy geboortedag) en 2010 (450ste herdenking van sy sterfdatum) was belangrike jare vir die Melanchthon-navorsing. Dit is juis die nuwe publikasies wat in die handel beskikbaar geraak het, wat dit vir 'n Suid-Afrikaner moontlik maak om 'n boek oor Melanchthon in Afrikaans te skryf. Hierdie boek berus op selektiewe leeswerk, aangesien hier grootliks op teologiese temas gefokus word. Die navorsing oor Melanchthon se bydraes tot die anatomie, astrologie, Griekse grammatika,

How to cite: Van Wyk, I.W.C., 2022, 'Voorwoord', in *Philipp Melanchthon: Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie*, HTS Religion & Society Series, Vol. 12, pp. xxiii-xxvii, AOSIS Books, Cape Town. <https://doi.org/10.4102/aosis.2022.BK327.00>

Latynse grammatika en digkuns, die regs wetenskap, retoriek, dialektiek, musiekwetenskap en filosofiese etiek word hier net ligweg aangeraak.

Daar is 'n paar redes waarom 'n boek oor Melanchthon noodsaaklik is. Die Afrikaanse joernalistiek het daarin geslaag om 'n negatiewe beeld van die Reformasie te skep. Reformatoriese teologie word gelykgestel aan bespotlike 'Calvinistiese godsdienstigheid'. Die bekendstelling van Melanchthon aan die Afrikaanse leserspubliek kan meehelp om 'n meer ingeligte beeld van die Reformasie (en veral ook iemand soos Calvyn self) te vorm. Melanchthon was die ouer kollega en raadgewer van Calvyn (vgl. M. van den Berg 2011 vir 'n goeie Nederlandse oorsig oor die verhouding tussen die twee reformators).¹ Calvyn kan in 'n beter lig geplaas word wanneer daar op grond van Melanchthon-navorsing, meer kennis en insig na vore tree oor die godsdienstige en politieke realiteite van daardie tyd, en oor hoor-sê-beskuldigings wat akademies ongegrond en onvanpas is. Die een klassieke voorbeeld het te make met die teregstelling van Michael Servet in 1553. Die storie is onder Afrikaanssprekendes versprei dat Calvyn verantwoordelik was vir sy teregstelling (of nog erger, dat Calvyn die teregstelling self hanteer het). Die Melanchthon-briefwisseling vertel 'n totaal ander verhaal – 'n verhaal wat verdien om gelees te word. 'n Verdere rede waarom Melanchthon-navorsing belangrik is, is omdat hy die mentor van Zacharias Ursinus, die waarskynlike hoofouteur² van die *Heidelbergse Kategismus*, was. Ursinus het soms as student by Melanchthon aan huis gewoon en kon sodoende by hom persoonlik teologie leer. Ursinus het saam met Melanchthon die Colloquium van Worms (1557) bygewoon, en op grond van Melanchthon se aanbevelingsbriewe kon hy Zürich en Genève besoek. Op aandrang van Melanchthon se skoonseun, Caspar Peucer, is Ursinus as opvolger van Caspar Olevianus in Heidelberg benoem (vgl. Sparr 2017:630). Melanchthon se teologiese invloed op die *Heidelberger* moenie onderskat word nie.³ Alhoewel die meeste Gereformeerde

1. Calvyn het byvoorbeeld in 1543 die wens uitgespreek om Melanchthon in die hemel te ontmoet vir lang gesprekke oor gemeenskaplikhede, asook hulle geskille oor die nagmaal, adiafora, predestinasieleer en eksegetiese metodes. Ten spyte van hierdie geskille was Calvyn afhanklik van Melanchthon se ondersteuning en goedkeuring. Sedert 1583 sou Johann Casimir in Heidelberg poog om 'n sintese tussen Calvyn en Melanchthon aan te bied. Die Ursinus-leerlinge, Quirin Reuter en David Pareus, sou ook hard werk om Melanchthon se gedagtegoed binne die Calvinistiese universiteitswese lewend te hou (vgl. Freudenberg 2017:179–181).

2. Vergelyk Van Wyk (2013:1–2 van 9) vir volledige inligting oor die moontlike outeurskap van die *Heidelbergse Kategismus*.

3. Zacharias Ursinus (1534–1583) studeer in Wittenberg (1550–1557), en woon selfs af en toe aan huis by Melanchthon. Só kom hy onder die invloed van Melanchthon en word selfs 'n 'Philippist' genoem. Die invloed van Melanchthon se dogmatiekhandboek, *Examen ordinandorum* (1552), is veral duidelik by Ursinus se indeling van die *Kategismus* onder die temas: sonde, verlossing en dankbaarheid. Die gedagte van 'troos' (vraag 1) gaan ook terug op Melanchthon. Vrae 21, 53, 54, 75 en 76 het hy ook aan Melanchthon te danke. Verder volg hy Melanchthon se standpunt oor Christus se teenwoordigheid by die nagmaal soos dit verwoord is in die *Wittenberger Konkordie* (1536) en die *Confessio Augustana Variata* (1540) – '*cum pane et vino*' ('met brood en wyn') is Christus teenwoordig en nie 'Christus is in die brood teenwoordig' nie] (vgl. Freudenberg 2017:179–181; Ehmann 2010; 2012:33–40; Van Wyk 2013).

teoloë nooit eksplisiet by Melanchthon aansluiting gevind het nie, het hy tog 'n beduidende invloed op die Gereformeerde teologie uitgeoefen. Die één naam waarna verwys moet word, is Gisbertius Voetius wat minstens op die sendinggeskiedenis in Suid-Afrika 'n invloed uitgeoefen het (vgl. Beck 2011 vir volledigheid). Sy invloed op Friedrich Schleiermacher en die invloedryke konsensusdokument van die twintigste eeu, die *Leuener Konkordie* (1973)⁴, staan uit. Nog 'n rede was die volgende: Die Afrikaanse kerke verkeer tans onder groot druk weens 'n stroom negatiewe persepsies. Kennis van Melanchthon kan meehelp om 'n meer gerespekteerde beeld van die kerk en die teologie te skep. Melanchthon se intellektuele benadering tot teologie kan meehelp om ons enersyds uit die verleentheid van anti-intellektualisme, en andersyds van onbillike bespotting te bevry. Die openlike vyandigheid jeens die tradisionele kerklike leer is 'n lastigheid. In talle gevalle berus die venynige kritiek op oningeligtheid oor die primêre menings van die reformatore en die steun op swak sekondêre opinies van negentiende-eeuse Nederlandse teoloë. 'n Studie wat die primêre bronne van die Reformatoriese teologie blootlê, kan meehelp om minstens die oningeligtheid hok te slaan. 'n Bekendstelling van Melanchthon se teologie sal hopelik ook bydra tot die herstel van die beeld van Protestantse teologie, nadat dit in die verleentheid gebring is deur 'n resepsie-tradisie wat dienstig was aan 'n onhoudbare ideologiese utopie. Hopelik sal kennis van Melanchthon kan meehelp om 'n ander teologiese koers in te slaan wat groter respek kan afdwing. Melanchthon was 'n unieke teoloog. Aan die een kant was hy die intellektueel van die Reformasie, en aan die ander kant, was hy die voorbeeld van diep godsdienstigheid. Geen ander geleerde van daardie tyd het méér gedoen vir die wetenskaplike ontwikkeling van teologie, die bevordering van algemene geleerdheid, en die kulturele ontwikkeling van die kerklike jeug en die Europese beskawing nie. Sy teologie was 'n teologie van gebed, maar tegelyk ook 'n teologie wat deur sy universele geleerdheid ondersteun is. Geloof en denke, vertrouwe in die barmhartige God en waardering vir die filosofie en ander wetenskappe is kenmerkend van sy arbeid oor 'n tydperk van meer as 40 jaar. Dit is onaanvaarbaar dat Afrikaanssprekendes niks weet van die man wat die basis vir die wetenskaplike beoefening van teologie (wat op kinderlike geloof berus) gelê het, die impulse vir die ontwikkeling van die ander wetenskappe (van die mediese wetenskap tot die regs wetenskap) verskaf het, en die motiverings vir die intellektuele en kulturele ontwikkeling van volke binne die dampkring van die Christelike geloof, geskryf het nie. Die krisis wat tans in die tersiêre onderwys bestaan,

4. Friedrich Schleiermacher het by Melanchthon die bevestiging gekry dat die antropologie as uitgangspunt van die dogmatiek gebruik kan word. Melanchthon se '*Affektenlehre*' - die affekte van menslike liefde, haat, hartseer en woede, en Schleiermacher se 'gevoel van afhanklikheid' stem daarom minstens in terme van vertrekpunt, ooreen. Heinrich Heppe verdien ook vermelding as 'n bekende teoloog wat deur Melanchthon beïnvloed is. Karl Barth het slegs eklekties met Melanchthon omgegaan. In die konsensus wat in 1973 tussen die Gereformeerde en Lutherse kerke in Europa bereik is en saamgevat is in die *Leuener Konkordie*, was Melanchthon voortdurend as toonbeeld van ekumeniese konsensus-soeke voorgelê (vgl. Freudenberg 2017:181-189).

kan versag word met verhelderende inligting oor Melanchthon se bydrae tot die ontwikkeling van die universiteitswese in Europa. Melanchthon kan ons help om weer duidelikheid te kry ten opsigte wat 'n universiteit, en veral ook wat 'n fakulteit teologie veronderstel is om te wees. Die leermeester van Duitsland en Europa (*praeceptor Germaniae et Europae*) se werke is daarom van aktuele belang, en verdien om in Afrikaans gelees te word. Melanchthon se teologie het 'n diep pastorale inslag. Dit mag dalk juis hierdie inslag wees wat in hierdie COVID-19-pandemie-tyd aantreklik kan wees vir mense wat met talle onsekerhede gekonfronteer word.

'n Boek met beperkte ruimte kan slegs uit 'n seleksie van onderwerpe bestaan. Hierdie seleksie is gedoen met die outeur se eie konteks in gedagte. Aanhalings uit en verwysings na die debatte onder Afrikaanssprekendes, sal vermy word (hoofsaaklik weens 'n gebrek aan ruimte vir sekondêre literatuur). Die meeste lesers van hierdie boek sal egter goed weet wat agter die diskoerse lê. Die seleksie van temas en aanhalings sal 'n Suid-Afrikaanse, en meer spesifiek, 'n Afrikaanse Melanchthon-resepsie inlui. Hopelik sal hierdie boek nie die laaste oor Melanchthon wees nie, en jong teoloë en geesteswetenskaplikes behoort die belangrikheid van voortgesette navorsing te besef.

Aangesien Suid-Afrikaanse biblioteke geen verdere belangstelling in die Europese teologiese tradisie toon nie, was ek aangewese op literatuur wat ek self kon aankoop. Gelukkig is Melanchthon se belangrikste geskrifte in nuwe uitgawes op die mark beskikbaar. Die elektroniese handel het die aankoop van die literatuur vergemaklik. Wat nie tans in druk beskikbaar is nie, kon nie vir hierdie boek gebruik word nie. Volgens die uitgewers van die nuwe vertalingsreeks, *Melanchthon Deutsch*, is die bronne in die eerste 28 volumes van die *Corpus Reformatorum* [Melanchthon-geskrifte] wat wel elektronies beskikbaar is, uiters onbetroubaar en is daar nie van hierdie groot bron gebruik gemaak nie. Wat egter bymekaar gemaak kon word, is in elk geval genoeg om 'n betroubare beeld van Melanchthon as mens en as teoloog te skets. 'n Uiteenlopende versameling van bronne is gebruik. Nuwe Latyn-Duitse uitgawes van sy sistematiese teologie (die *Loci* van 1521 en 1559), die 1553-Duitse weergawe van sy leerboek en 'n nuwe Amerikaanse vertaling van die 1535-uitgawe van sy *Loci*, nuwe kritiese uitgawes van sy belydenisskrifte, versamelings van sy persoonlike briewe en ses volumes van sy voordragte, lesings en kleiner geskrifte is met vrug gebruik. Die teks bevat ook hier en daar gebede, gedigte, geskiedenisvertellings en wysede van Melanchthon – alles in 'n poging om 'n betroubare beeld te skets van 'n universele geleerde uit die sestiende eeu. Vanselfsprekend is daar ook van sekondêre literatuur gebruik gemaak, maar slegs ter ondersteuning van, of verduideliking van die primêre bronne. Dit was en is juis hierdie gebrekkige bronbestudering wat die Afrikaanse teologiese bedryf onder verdenking geplaas en in die verleentheid gebring het. Melanchthon word nou bekendgestel aan die hand van die primêre bronne wat oorspronklik in Latyn en laat-Middeleeuse Duits geskryf is.

Alle aanhalings en verwysings is (deur myself) in verstaanbare, idiomatiese Afrikaans vertaal.

Die meeste name van persone en plekke behou die Duitse spelling. Om al die name te verafrikaans, gee net aanleiding tot groot verwarring en kan nadelig wees vir toekomstige navorsing, verwysings en sitasies.

Prof. Dr. Andries van Aarde word bedank vir sy aanmoediging om die boek te skryf en deur AOSIS te laat publiseer. Dr. Margot von Beck en me. Bertha Oberholzer word bedank vir hulle noukeurige taalversorging en ortografiese regstellings. Hulle het 'n belangrike bydrae gelewer om die kwaliteit van die teks te verbeter.

Lewe en werk

Een hoofstuk in een boek kan nie reg laat geskied aan die lewensverhaal en werk van een van die grootste geleerdes wat die kerk opgelewer het nie. Melanchthon se skriftelike nalatenskap (*Opus Melanchthonis*) is geweldig groot. Wat hier aangebied word, is selektief en totaal onvolledig.⁵ Hierdie boek moet hoogstens as 'n inleidingswerk beskou word. Hopelik sal diegene wat nie met die lewe en werk van Philipp Melanchthon vertrou is nie, nogtans 'n goeie idee kry van sy enorme bydrae tot die Reformasie van die sestiende eeu en waarom 'n boek oor hierdie man in Afrikaans belangrik is.

■ 1.1. Lewensverhaal

Philipp Melanchthon was die invloedrykste universeelgeleerde van die Vroeë Moderne Tyd. Hy was vroeg in sy lewe al bekend as 'leermeester van Duitsland' (*'Praeceptor Germaniae'*)⁶ op grond van sy talle bydraes oor Griekse, Latynse

5. Sy digkuns en geskrifte oor die antieke literatuur (vgl. Fuchs 2017 vir 'n oorsig) kry byvoorbeeld min aandag in hierdie boek, terwyl die verband tussen die antieke geleterdheid en goeie moraliteit vir Melanchthon van groot belang was ([1534] 1989b). In vorige artikels (Van Wyk 2017a en 2017b) is aspekte aangeraak wat nie nou weer hier aandag kry nie.

6. Die uitdrukking 'leraar van Duitsland' word gereeld in die boek gebruik en dikwels verder verduidelik. In die begin van die boek, kan die volgende opsommend gestel word: Studente uit al die provinsies en koninkryke van Europa, Frankryk, Engeland, Hongarye, Zevenburgen, Pole, Denemarke, Boheme, Italië en Griekeland het by Melanchthon in Wittenberg studeer; hy stig privaatskole vir oorbruggingsonderwys, en ontwikkel die statute

en Hebreeuse grammatika, teologie, geskiedenis, regte, mediese wetenskap, astrologie, astronomie, fisika, wiskunde, retoriek, dialektiek, filosofie, politiek en ekumeniese betrekkings. Sy statute en leerplanne vir skole en universiteite, sowel as sy handboeke en voordragte wat alreeds tydens sy eie leeftyd in die meeste Europese tale vertaal is, het daartoe bygedra dat hy later in sy lewe bekend gestaan het as die 'leermeester van Europa' (*'Praeceptor Europae'*). Hy was die man aan Martin Luther se regterhand, en sonder hom sou die Reformasie nie suksesvol gewees het nie. Melanchthon was die intellektuele leier van die Reformasie en die vader van die ekumene. Hy is die grondlegger van wetenskaplike eksegeese en die outeur van die eerste Reformatoriese dogmatiekhandboek. As apologeet vir die katolisiteit van die kerk en die normatieweit van die ekumeniese belydenisse, het hy die koers aangedui vir 'n belydenis-gebonde ekumene. Sy akademiese aanslag het met deursigtigheid, openlikheid en duidelikheid (*perspicuitas*) te make gehad. Hy het van mense verwag om mekaar oor God en die etiek te onderrig, maar alles in 'n goeie gesindheid (vgl. Köpf 2010; Rhein 1998:43-47).

Philipp Melanchthon⁷ is op 16 Februarie 1497 in die dorpie Bretten, naby Stuttgart en Heidelberg gebore. Hy kom uit 'n familie met aansien in die gemeenskap. Sy oupa, Johann Reuter, was 'n suksesvolle verkoopsman en het 'n indrukwekkende huis op die stadsplein besit. Reuter se dogter, Barbara, trou in 1493 as sestienjarige met 'n wapensmid, Georg Schwarzerdt, uit Heidelberg. Hy was in diens van keurvors, Philipp die Opregte, en so vernoem hy sy oudste seun na sy werkgewer. 'n Verdere vier kinders, genaamd Anna, Georg, Margarete en Barbara word uit die huwelik gebore. Die naam van sy broer, Georg Schwarzerdt, 'n invloedryke stadsamptenaar, het in die historiese bewussyn gebly. Vir een jaar was hy 'n skoolier aan die plaaslike Latynskool. Sy ouers het daarna toegesien dat hy vir drie jaar lank goeie Latynse tuisonderrig by Johannes Unger uit Pforzheim ontvang. Ná die afsterwe van sy pa op 27 Oktober 1508 en oupa (tien dae tevore), en ten volle bewus van sy intellektuele begaafdheid, het sy moeder hom en sy broer, Georg, na 'n naburige dorpie,

(voetnota 6 gaan hier voort ...)

en leerplanne; hy skryf ook nuwe leerplanne vir die volksskole; hy hervorm die onderrigmetodes en -inhoud aan universiteite onder Protestantse beheer; danksy die visitasiesisteem, hervorm hy die gemeentelike praktyke en die kennisvlakke van die predikante; opvoeding en vorming word die onderbou van opleiding; die belangrikheid van etiese opleiding word opnuut beseef; algemene opvoedkunde word bevorder, sodat die kennis van die evangelie kan verbeter; die klem op die antieke tale sou teologiese opleiding radikaal verander (vgl. Klautke 2011).

7. Sy oorspronklike naam was Philipp Schwarzerdt (letterlik: Swartaarde). Sy van is deur Johannes Reuchlin verander. Op 15 Maart 1509 skenk Reuchlin aan hierdie twaalfjarige kind 'n Griekse grammatika saam met 'n kopie van 'n digbundel met Latynse gedigte uit Philipp se pen. Reuchlin het hom aangemoedig om die bundel te voltooi, aangesien hy sy begaafdheid opgemerk het. In sy wydingswoord en op die titelblad vergrieks Reuchlin, op humanistiese wyse, sy van na Melanchthon – die (vereenvoudigde) Griekse weergawe van Schwarzerdt. Hy sou vir die res van sy lewe hierdie weergawe van sy van behou. Aangesien talle mense met die moeilike spelling gesukkel het, was hy sedert 1531 tevrede dat mense hom 'Melanthon' noem (vgl. Mundhenk 2017b:25; Scheible 2016:17).

Pforzheim, gestuur om by 'n familielid, Elizabeth Reuchlin,⁸ die suster van die beroemde Johannes Reuchlin,⁹ te gaan woon sodat hy 'n goeie Latynskool kon bywoon. Hy kon Latyn en Grieks by Georg Simler en Johannes Hildebrand leer, beide wie later bekende professore in Tübingen geword het. Simler het die eerste Griekse grammatika in Duits geskryf (vgl. Mundhenk 2017b:25-26; Rhein 1998:10-17; Scheible 2016:12-18).

Ná slegs een jaar skoolonderrig, stuur die familie hom na die Universiteit van Heidelberg.¹⁰ Hy woon in by die teologieprofessor, Pallas Spangel, wat deel van Johann von Dalberg se humaniste-kring en vriend van Johannes Reuchlin was. Deur hom ontmoet Melanchthon die humanis, Jakob Wimpfeling, wat in 1511 Melanchthon se eerste Latynse digbundel gepubliseer het. In Heidelberg raak hy bevriend met die latere reformatore, Johannes Brenz en Erhard Schnepf. Hy registreer op 14 Oktober 1509 vir die verpligte, algemene voorstudie aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte¹¹, soos wat die *Artistenfakultät* by ons in Suid-Afrika in Afrikaans bekend staan. Hy behaal in die kortste moontlike tyd op 10 Junie 1511 (dus op veertienjarige ouderdom) die graad *Baccalaureus artium*. Aangesien hy te jonk was om in Heidelberg vir nagraadse studie te registreer, hou hy hom vir 'n jaar met selfstudie besig (vgl. Mundhenk 2017b:26).

In Julie 1512 sterf Pallas Spangel en hy is verplig om 'n ander heenkome te vind. Op 17 September 1512 herregistreer hy as 'Philippus Schwarzerd ex Preten' (Lorenz 2010:29) voorlopig vir 'n magister aan die Universiteit van Tübingen op grond van 'n spesiale vergunning.¹² Hy bestudeer die *artes liberales* verder binne die raamwerk van die *via antiqua*. Hy slaag die magistereksamen op 25 Januarie 1514 onder die voorsitterskap van die dekaan

8. Volgens Irene Dingel (2018:72) was Philipp nie bloedfamilie van Johannes Reuchlin nie. 'n Familielid van sy grootouers was met Reuchlin se suster, Elisabeth, getroud. Die twee families het egter 'n noue 'familieband' gevorm.

9. Johannes Reuchlin word beskou as een van die humanistiese voorlopers tot die Reformasie wat, deur sy filologiese studies, toegang tot die bybelse en patristiese brontekste moontlik gemaak het. Hy was die eerste kenner van Grieks en Hebreeus noord van die Alpe. Hy het ook 'n Latynse woordeboek saamgestel wat talle kere herdruk is. Luther, Melanchthon en die ander Bybelvertalers, het sy Hebreeuse grammatika met leksikon, *De rudimentis hebraicis*, met vrug gebruik. Hy was 'n pleitbesorger vir die bewaring van Joodse geskrifte in Duitse biblioteke (waarin Luther hom ondersteun het). Deur sy toedoen is Melanchthon na Wittenberg beroep (vgl. Rhein 2015).

10. Die Universiteit van Heidelberg (gestig op 18 Oktober 1386) is die oudste Duitse universiteit wat nooit op een of ander stadium gesluit is nie. Erfurt, waar Luther studeer het, is ouer as Heidelberg. Dit is in 1379 gestig, maar in 1816 gesluit om gelukkig in 1994 te heropen.

11. In Heidelberg doen Melanchthon die verpligte voorstudie (die *artes liberales* genoem) en bestudeer die vakke grammatika, dialektiek, retoriek, wiskunde, meetkunde, astrologie, astronomie en musiek. Hy het in teenstelling met Luther, die *via antiqua* gekies en nie die *via moderna* as breë rigting van studie nie (vgl. Mundhenk 2017b:26; Scheible 2016:18-24).

12. Sy Heidelberg-graad is eers op 11 Desember 1512 deur Tübingen (gestig op 01 Januarie 1477) erken en daarom het hy aanvanklik op grond van voorwaardelike toelating begin studeer (vgl. Scheible 2016:24).

van die 'Fakulteit Geesteswetenskappe', Johannes Kress.¹³ Volgens tradisie was Melanchthon verplig om as 'Magister' (in ons tyd is dit gelykstaande aan 'n gedoktoreerde persoon) vir twee jaar in Tübingen te doseer en verdere navorsing te doen.¹⁴ In hierdie tyd het hy 'n belangrike vriendskap met Johannes Oekolampadius gesmee. Oekolampadius het in 1515 na Basel verhuis om dáár teologie te studeer en om Erasmus van Rotterdam te help met die samestelling van die Griekse Nuwe Testament. Op grond van hierdie jeugvriendskap, het Melanchthon vir Erasmus persoonlik leer ken¹⁵ – en só kon hy toesien dat Luther 'n eksemplaar van die Griekse Nuwe Testament in 1521 in Wartburg kry (vgl. Lorenz 2010; Rhein 1998:14-17; Scheible 2016:24-33).

Danksy die voorspraak van Johannes Reuchlin (wat hom as sy eie seun beskou het), word Melanchthon as 21-jarige na Wittenberg beroep as professor in Grieks. Die bedankingsbrief wat Melanchthon aan Reuchlin geskryf het, verklap sy innige verhouding¹⁶ met sy wêreldberoemde 'stiefpa'. Melanchthon (Mundhenk, Dall'Asta & Hein 2017) skryf onder andere:

Wees gegroet my liewe Reuchlin, my vader! [...] Wat u ook al vir my onderhandel het; ek belowe om u nie teleur te stel nie; ek sal eerder sterf as om u in die steek

13. Johannes Kress word later doktor in die teologie en predikant van die klooster by Ellwangen. Hy sluit hom by die Reformasie aan en tree in die huwelik. Ten tye van die Boere-opstand in 1525 word hy tereggestel. Volgens Melanchthon was Kress die eerste Protestantse martelaar en daarom het hy hom die humanistiese bynaam *Croesus* (vermoedelik iemand wat as 'n salige geprys word) gegee (vgl. Scheible 2016:25).

14. In hierdie tyd woon Melanchthon lesings in teologie, astronomie, wiskunde (met Johannes Stöfler wat hom beïndruk) en filosofie by. Saam met sy vriende, Johannes Oekolampadius en Ambrosius Blarer, bemeester hy Grieks ten volle en leer ook Hebreeus, as taal, aan by Johannes Reuchlin. Hy begin hierdie periode om lesings aan te bied (meestal in die koshuise) oor Aristoteles (vanuit die Griekse oerteks), Virgilius (Virgil) en Terensius (Terenz). Hy konsentreer op hulle digkuns, prosa en komedies. Sy ideaal was om 'n nuwe Latynse vertaling van Aristoteles te maak, aangesien daar te min mense was wat Grieks geken het. Hy bestudeer die Roomse skolastiek grondig. Spoedig ontvang hy die opdrag om oor die retoriek voor te lees. Hy behandel Cicero (wat hy reeds as jong seun gelees het) en Livius. Intussen woon hy die lesings van sy oudskoolonderwyser, Simler, in die regte by. Hy skryf selfs 'n boek oor die regs wetenskap. Hy studeer ook medies, en sou later 'n gerekende handboek, *De anima*, oor die menslike liggaam skryf. In hierdie tyd het dit duidelik geword dat hy 'n uitsonderlike genie was. Tussen 1514 en 1516 werk hy ook in die drukkerij van Thomas Anshelm en leer om sy eie boeke te druk en te versorg. In 1516 word 'n boek oor die literatuur- en onderwysgeskiedenis gedruk en in Mei 1518 een oor *Griekse grammatika*. In hierdie tyd dring Melanchthon ook daarop aan dat die kanon van die *artes liberales* met die vakke geskiedenis en poësie uitgebrei word. In 1516 nooi die kanselier van die Universiteit van Cambridge in Engeland, die Verenigde Koninkryk, hom uit as gasdosent (vgl. Lorenz 2010; Mundhenk 2017b:26; Scheible 2016:27-33).

15. Erasmus het 'n deurslaggewende rol in Melanchthon se lewe en denke gespeel in terme van sy ideale vir onderwys en sedelike ontwikkeling. Erasmus (Geert Grote) se 'Moderne Devotie', of sy 'nuwe lewe van godsdienstige toewyding' het Melanchthon beïndruk. Die 'huise vir broeders en susters vir 'n gemeenskaplike lewe', wat van die kloosterwese wegbeweeg het, was vir Melanchthon 'n positiewe ontwikkeling. Die feit dat hierdie huishoudings nie afsydig gestaan het van die algemene lewe nie, was vir Melanchthon positief. Hulle betrokkenheid by byvoorbeeld die boekdrukkuns, was 'n goeie ontwikkeling. Die invloed van Erasmus op Melanchthon moet dus nie beperk word tot die taalkunde nie (vgl. Hage 2011).

16. Die hartlike verhouding tussen Melanchthon en Reuchlin het ongelukkig verkrummel weens Melanchthon se lojaliteit aan Luther. Nog in 1519 het Reuchlin sy kosbare biblioteek en argief aan Melanchthon bemaak. Hy poog om hom na Ingolstadt te laat skuif om van Luther af weg te kom. Toe Melanchthon weier om te gaan, het hy hom onder en sy boekery ná sy dood in 1522 aan die Michaelisstift in Pforzheim geskenk (vgl. Mundhenk 2017b:29).

te laat. My besluit staan vas soos die Marmorberg op Paros: Dit is om u te volg en u te gehoorsaam. Waarheen u my ook al in die wêreld mag stuur of sekondeer, daarheen sal ek gaan. Ek is egter daarvan oortuig dat ek u roem sal vermeerder op grond van my kennis, my begaafdheid en hardwerkendheid. (p. 24)

Melanchthon het op Woensdag 25 Augustus 1518 in Wittenberg aangekom en het op Saterdag 28 Augustus¹⁷ sy intreerede gelewer. Hy sou 42 jaar lank aan hierdie jong universiteit¹⁸ verbonde wees. Hy het elke dag vir twee ure klas gegee in elke erkende vakgebied van daardie tyd. Melanchthon, ‘*Graeculus*’ (‘die klein Griek’), soos Luther hom genoem het, het van die begin af nie slegs Grieks doseer nie, maak ook Nuwe Testament vanuit die oerteks.¹⁹ Studente en dosente het oor die hele bekende wêreld van daardie tyd na Wittenberg gekom om na Melanchthon se voordragte te luister. Daar word berig dat hy 500 toehoorders per lesing gehad het. Hy was die beroemdste geleerde van sy tyd. Talle universiteite in Duitsland en die buiteland het hom met die beloftes van fabelagtige salarisse probeer lok. Hy het nooit belang gestel om Wittenberg te verlaat nie (vgl. Rhein 2010).

Melanchthon het op 26–27 November 1520 in die huwelik getree met die 23-jarige Katharina Krapp, die dogter van die vorige burgemeester, wat

17. Melanchthon het die ‘beroepsbrief’ (*Bestallungsurkunde*) uit Wittenberg aan die einde van Julie ontvang. Aan die begin van Augustus reis hy na Augsburg waar die keurvorste byeën was vir ’n Ryksdag. Dáár voorsien Frederik die Wyse hom van ’n perd waarmee hy oor Nürnberg en Leipzig na Wittenberg gereis het. Hierdie inligting is ontdek in ’n Wittenbergse Bybel van 1540. Luther se sekretaris, Georg Rörer, het hierdie nota (wat ook die berig bevat dat die 95 *Stellings* op 31 Oktober 1517 teen die kerkdeure van Wittenberg geslaan is) in die Bybel geplaas, wat in die Universiteitsbiblioteek van Jena bewaar word (inligting deur Rhein 2018:72–73).

18. Die jong Universiteit van Wittenberg (gestig 1502) was die plek waar die Reformasie sy belangrikste impulse gekry het. Die Reformasie was veel meer as Luther. Met Melanchthon se aankoms in Wittenberg was daar reeds ’n invloedryke gespreksgroep wat, met die goedkeuring van keurvors Frederik die Wyse, planne beraam het vir die hervorming van die universiteitswese, kerk en samelewing. Die leidinggewende persoonlikhede van hierdie groep was Luther, Johann Lang, Bartholomäus Bernhardi, Nikolaus von Amsdorf en Andreas Karlstadt. Een van die eerste doelwitte was om ’n leerstoel vir Grieks in te stel. Luther het aanbeveel dat Petrus Mosellanus van Leipzig (die enigste professor in Grieks in Duitsland) aangestel word. Die keurvors het egter raad by die bekende geleerde Johannes Reuchlin, ingewin wat sy verlangse familielid en nog onbekende Philipp Schwarzerdt aanbeveel het. Enkele geleerdes was egter bewus van sy Griekse grammatika, *Insitutiones Graecae grammaticae*, wat in Mei 1518 gepubliseer is. Inligting oor die akademiese prestasies van hierdie kind het die mense in Wittenberg uit Heidelberg en Tübingen ook spoedig bereik (vgl. Rhein 2018:72).

19. Volgens Luther was Melanchthon ’n uitstaande leermeester van die heilige Skrif. Hy wou hom graag as kollega gehad het in die teologiese fakulteit, ten spyte van die feit dat Melanchthon slegs oor ’n *baccalaureus* in die teologie beskik het (wat hy eers op 19 September 1519 ontvang het). Hy wou nooit verdere grade in die teologie verwerf nie, aangesien hy dit in elk geval nie nodig gehad het nie. ’n Verdere vermoede is dat hy in daardie tyd verplig was om tot *‘sententiarus’* te vorder – iemand wat die *‘sententia’* van Petrus Lombardus kon uitlê. Hy wou dit waarskynlik doelbewus nie doen nie (vgl. Treu 2016:68). Hy is ook nooit as predikant georden nie, ten spyte van die feit dat hy aan die Evangeliese Kerk gestalte gegee het. Hy was tevrede om professor in Grieks te bly. In September 1525 het keurvors Johann (reg. 1525–1532) egter aan hom ’n groot salarisverhoging gegee, met die bedoeling dat hy sal voortgaan om, naas sy ander werk, ook teologie te doseer. Dit het hy dan ook tot die einde van sy lewe gedoen. Naas sy ‘dogmatiekhandboeke’ het hy ook talle kommentare op Bybelboeke geskryf. Melanchthon se eksegetiese voorlesings was baie gewild. Volgens Luther het 500 studente sy vroeë voorlesings oor Romeine bygewoon. In 1556 skryf Johannes à Lasco aan Calvyn dat nagenoeg 1 500 studente sy voorlesings oor die Bybelboeke bywoon. Hy was dus by uitstek die *leermeester van die Reformasie*. By hom het ons geleer dat ware teologie op die bestudering van die Bybel neerkom (vgl. Kuroпка 2010:39–54).

alreeds in 1515 gesterf het. Alhoewel sy kollegas die huwelik gereël het en hy aanvanklik nie wou trou nie, het hy (Mundhenk et al. 2017) tog op 18 Augustus 1520 in 'n brief aan Johannes Lang, die volgende onthul:

Johanna Krapp is as huweliksvrou aan my gegee. Ek sê nie dat ek nie daarop gehoop het nie en dat ek koud teenoor haar staan nie; intendeel: sy is 'n vrou met só 'n besondere karakter en verstand, dat jy só iemand slegs van die onsterflike gode kan afsmeek. (p. 28)

Alhoewel die huwelik vir hom gedurende die eerste maande nie aangenaam was nie, aangesien hy gemeen het dat hy sy vryheid verloor het, is daar tog uit die huwelik vier kinders gebore: Anna (1522–1547), Philipp (1525–1605), Georg (1527–1529) en Magdalena (1531–1576). Philipp het ontsettend lief geraak vir Katharina. Hulle het 'n goeie lewe gelei, aangesien Philipp 'n baie groot salaris en 'n drieverdieping baksteenhuis van die keurvors Johann Friedrich in 1537 ontvang het. Deur die jare het talle studente (soos Zacharias Ursinus, opsteller van die *Heidelbergse Kategismus*) by Melanchthon tuisgegaan. Die hele huishouding het bekendgestaan as 'n 'privaat onderrigsentrum' (*'schola domestica'*). Johannes Koch, sy huishouer en sekretaris (*famulus*), het die gesin ook lewenslank getrou en verantwoordelik gedien (vgl. Jung 2010:27–30; Rhein 1998:31–34).

■ 1.2. Sy rol in die geskiedenis van die Reformasie

Melanchthon het 'n enorme rol in die vestiging en uitbouing van die Reformasie gespeel. Martin Luther, aan wie hy 28 jaar lank verbonde was, het baie groot respek en waardering vir sy kennis en sy geskifte gehad (vgl. byvoorbeeld Beyer 2011; Greschat 2017; Hahn 2010 en Kolb 2018 vir talle verwysings). Luther ([1531–1546] 1919:290; WA TR 5, 290, ll. 22–29, nr. 5646). Luther het by 'n geleentheid gesê dat die persoon wie Melanchthon nie as leermeester respekteer nie, 'n dom esel is. Hy kon alles bied in terme van die wetenskappe en die ware filosofie. Hy is slegs met die nederige titel van Magister vereer, maar hy het veel meer as al die doktore en professore gewees. Wie hom geringskat, sal geen aansien voor God geniet nie. Melanchthon het natuurlik ook groot waardering vir Luther gehad.²⁰ Hy het hom selfs teenoor Erasmus van Rotterdam verdedig. Die argument waarmee hy Luther verdedig het, is beslis vandag nog steeds van belang. In 'n brief van 30 September 1524 aan Erasmus, stel hy (Mundhenk et al. 2017) die volgende:

Jy is woedend oor Luther se saak en sy leer. Jy hou waarskynlik aan jou oordeel vas aangesien jy meen dat dit redelik is. Ek, daarenteen, is bevrees dat juis hierdie

20. Klaas Zwanepol (2011) gee 'n goeie oorsig oor die verhouding tussen Luther en Melanchthon. Sy fokus op die nagmaalsleer en die Christologie bied aan hom die geleentheid om op die ooreenkomste en die verskille te konsentreer. Die vraag of Melanchthon Luther voltooi het, en of hy uiteindelik van hom afgewyk het, bly 'n vraagstelling wat nog steeds verskillend beantwoord word.

redelike argumente 'n gevaar vir die evangelie inhou [...] [*verder meen ek dat*] dit magsugtig is om iemand in die kerk te verbied om sy eie menings te lug. Dit moet vir alle mense moontlik wees om sonder vrees hulle menings te lug, op voorwaarde dat hulle nie hulle eie belange daardeur wil bevorder nie. (pp. 33–34)

Dit is vreemd dat talle mense nie beseft dat Melanchthon 'n belangrike bydrae tot Luther se Bybelvertalings gemaak het nie. Luther sou nooit sonder Melanchthon die vertalings suksesvol kon doen nie. Melanchthon se kennis van Grieks, Hebreeus, Latyn en Duits was véél beter as dié van Luther. Melanchthon se verklarende aantekeninge (*annotationes*) van die Romeinebrief (1521), het 'n groot rol in Luther se vertaling van die Nuwe Testament gespeel (September 1522). Melanchthon was ná 1527 deel van die span wat die Luther-vertaling verbeter het en van inleidings en kommentare voorsien het. Die inleidings tot Daniël en Openbaring, sowel as die vertaling van 1 en 2 Makkabeërs is belangrik. Wengert (2017:248) is reg dat die Luther-Bybel eerder bekend moet staan as die Wittenberg-Bybel, aangesien Luther nie alleen verantwoordelik was vir die vertaling nie (vgl. Jung 2010:15–17; Mundhenk 2017b:27–39; Rhein 1998:23–29).

Die verhouding tussen Melanchthon en Calvyn²¹ behoort vir Afrikaanssprekendes interessant te wees. In 1539–1540 het Calvyn op eie inisiatief, die godsdiensgesprekke in Frankfurt en Hagenau bygewoon. Dáár het hy Melanchthon persoonlik ontmoet, en beide het aanklank by mekaar gevind. Tot en met 1543 het hulle oor die meeste sake saamgestem, buiten die uitverkiesingsleer. In 1552 het 'n nuwe vlaag van konflik oor die nagmaal opgevlam na aanleiding van die *Consensus Tigurinus*.²² Dit was veral die menings van Joachim Westphal wat ontstel het. Op 27 Augustus 1554 versoek Calvyn Melanchthon om duidelik 'n skriftelike standpunt in te neem en leiding te gee aan die Protestantisme. Op 14 Oktober antwoord hy Calvyn, en stel dat hy die konflik deur gespreksvoering wil besleg. Op 05 Maart 1555 stuur Calvyn aan Melanchthon sy strydskrif wat teen Westphal gerig was, en moedig Melanchthon aan om hom hierin te steun. Op 12 Mei 1555, in 'n kort briefie, weier Melanchthon om hierdie veglustige styl te volg. Calvyn maak dan 'n fatale flater deur hom op 05 Januarie 1556 in sy tweede verweerskrif teen Westphal op die *Confessio Augustana Variata* te beroep. Hy maak dus van Melanchthon die kroongetuie van die Gereformeerde nagmaalsbeskouing. Melanchthon reageer met verontwaardiging, en begin om Calvyn te vermy. In 1557 skryf Calvyn 'n derde nagmaalsgeskrif teen Westphal, en beroep hom met groter drif op Melanchthon. Op 07 September 1557 versoek Calvyn Melanchthon om persoonlik met hom in gesprek te tree, maar Melanchthon antwoord hom op 08 Oktober 1557 in 'n niksseggende briefie, dat hy nie

21. Vir sy uitgebreide en konstruktiewe verhouding met ander Gereformeerde teoloë en sy invloed op die Gereformeerde tradisie, vergelyk Freudenberg (2017). Vir sy invloed op die groter Nederlande in die sestiende en sewentiende eeu, vergelyk Selderhuis (2011).

22. Die *Consensus Tigurinus* was 'n ooreenkoms tussen Genève en Zürich oor die nagmaal in 1549.

belangstel nie. Dit was die einde van 'n verhouding wat aanvanklik hartlik en positief was (vgl. Mühling 2017:62–65).

Volgens Jakob Heerbrand²³ (vgl. Weng [1560] 2011:28–39) lê Melanchthon se groot bydrae daarin, dat hy die kerk geleer het om bybelse eksegetiese met die teologie van die kerkvaders en die insigte van die wetenskappe te verbind. Hy het van teologie 'n gerespekteerde wetenskap gemaak, wat nie skuldig is aan biblisisme en fundamentalisme nie. Naas 'wetenskaplike teologie', was Melanchthon die man wat die kerk weer die belangrikheid van gebed geleer het. Sy voorbeeld in geleerdheid, hardwerkendheid, waarheidsoeke, vaderskap, kuisheid, mentorskap en mededeelsaamheid het aan die kerk en sy ampsdraers nuwe statuur gegee. Hy kon as 'n baie ryk man gesterwe het, maar hy het sy groot inkomste op arm studente en leerlinge spandeer. As opsteller van die *Augsburgse Geloofsbelydenis*, het hy die Protestantisme aan die leerbeslissings van die Vroeë Kerk gekoppel, en so verseker dat die ekumenisiteit van die Reformasie beskerm word. Vir Melanchthon was die teologie 'n intellektuele voorbereiding op die dood. In sy 63 jaar, twee maande en drie dae wat op 19 April 1560 geëindig het, het hy genoeg tyd gehad om navorsing te doen, na te dink en te skryf oor temas soos sterflikheid, die dood en lewe na die dood. Sy intellektuele nalatingskap het dus 'n sterk eskatologiese dimensie.

Melanchthon het ook 'n groot bydrae gelewer tot die ontstaan van Protestantse kerkordes. Kerkordes het ontwikkel uit die visitasies (amptelike kerklike besoeke) by die eerste Protestantse gemeentes.²⁴ Melanchthon was van die begin af – teen sy eie wil en begeerte – deel van die komitees wat dié ondersoeke gedoen het. Die visitasies was om verskeie redes noodwendig: die afdanking van die biskoppe het 'n leierskapsvakuum gelaat wat op 'n manier gevul moes word; daar moes 'n eenvormige vergoedingstruktuur vir predikante uitgewerk word; die predikante se kennisvlakke moes vasgestel word, en planne moes beraam word vir voortgesette onderrig en ontwikkeling; onsekerheid oor vraagstukke soos die Christelike vryheid moes opgehelder word; eiendomme soos die voormalige kloosters, moes omskep word in doelmatige geboue vir, onder andere onderwysdoeleindes; die armoedeprobleem moes op 'n gestruktureerde wyse aangepak word; en die verhouding tussen die kerk en die staat moes uitgepluis word. Melanchthon is om verskeie redes by hierdie werksaamhede betrek. Één belangrike rede was dat hy op 29 September 1521 die voortou in Wittenberg

23. Ná Melanchthon se dood op 19 April 1560, het die geleerdes in die Evangeliese (of Protestantse) gebiede van Duitsland hulle rou in talle gedigte en herdenkingsredes tot uitdrukking gebring. Jakob Heerbrand was vyf jaar lank (1538–1543) 'n student van Luther en Melanchthon. Sedert 1557 was hy teologieprofessor in Tübingen. Op grond van sy geskrif, *Compendium theologiae*, was Melanchthon die leidinggewende teoloog in Suid-Wes Duitsland. Sy akademiese herdenkingsrede van 15 Mei 1560 in Tübingen word van groot belang geag, en is in 'n verwerkte vorm in die reeks, *Melanchthon deutsch*, opgeneem (vgl. Weng [1560] 2011).

24. Spielman (2011) bied 'n goeie oorsig oor die agtergrond en bedoelings van die visitasies. Hy stel ook 'n Nederlandse vertaling van Melanchthon se riglyne vir visitasie beskikbaar. Die kerkleiding in Suid-Afrika behoort hierdie bydraes onder oë te kry!

geneem het om die Protestantse nagmaal, naas die Roomse mis te vier (hierdie gebeure is na alle waarskynlikheid die werklike begin van die Reformasie). Hy is met kwessies soos die verwydering van beelde uit die kerkgeboue, die vaardigheidsontwikkeling van voormalige priesters, en die stigting van 'n algemene fonds vir barmhartigheidswerk toevertrou. Keurvors Johann het in 1525 stimulus aan die proses van kerkhervorming gegee, deur te versoek dat Protestantse begrafnisrituele en erediensordes opgestel moes word (wat op Luther se *Duitse mis* van 1526 uitgeloop het). In 1527 het die eerste amptelike visitasies in Thüringen, in opdrag van die keurvors plaasgevind. Die komitee waarvan Melanchthon en die juris Hieronymus Schurff, lede was, moes aandag gee aan leer- en finansiële aangeleenthede. Ná verskeie besprekingsdokumente en konferensies oor kerkordes, het Melanchthon op 29 Januarie 1528 die eerste weergawe van sy *Onderrig van die visitatore*, saamgestel. Hierdie was die eerste konsensusdokument binne die Protestantisme oor kerkordelike aangeleenthede. Later het Luther en Johannes Bugenhagen sekere veranderings laat aanbring, terwyl Luther vir hierdie geskrif 'n beroemde voorwoord geskryf het. Interessant is die aandrang op gehoorsaamheid aan 'n kerkorde, aangesien dit 'n onderdeel van Christene se gehoorsaamheidsplig aan die staat gevorm het. Nog 'n stukkie merkwaardigheid is, dat hierdie 'eerste kerkorde' 'n afdeling bevat het oor die ontwikkeling van 'n skool- en opvoedingsplan vir die jeug. Later in sy lewe, op 02 Augustus 1552, het Melanchthon nog 'n belangrike bydrae tot kerkordelike denke gemaak. Hy publiseer as 'n bylaag tot die *Kerkorde van Mecklenburg*, sy *Examen ordinandum* ('n dogmatiekhandboek vir kandidate vir die 'proponentseksamen'). Hierdie boek behoort vandag weer in herinnering geroep te word, in die lig van die gebrek aan dogmatiese kennis onder studente. In Oktober 1528 het die eerste amptelike visitasies in Sakse (Weimar, Gotha en Eisenach) plaasgevind. Die stryery oor geldsake het Melanchthon moedeloos gehad. Deur die genade is sy plek deur die regsgeleerde, Justus Jonas, oorgeneem. Johannes Bugenhagen was gelukkig daar om die eerste formele kerkordes vir Protestantse gebiede op te stel. Kerkreg was die één terrein waarin Melanchthon geen vreugde gevind het nie; nogtans het hy aanvanklik belangrike insette gelewer in die ontwikkeling van hierdie vakgebied (vgl. Krentz 2017). Melanchthon se onvergenoegdheid met kerkordes, is duidelik in die *Duitse Loci* in die gedeelte oor die Christelike vryheid geformuleer. Daar stel Melanchthon ([1553] 2010) duidelik:

Niemand is veronderstel om julle te veroordeel oor die verskil [*in smaak*] van spys en drank, ensovoorts nie. Dit beteken, geen mens het die mag, om buiten God se Woord, ander werke as diens aan God, op julle af te dwing nie. En die gewete behoort te besef dat gehoorsaamheid aan menslike reëls en kerkordes nie vergewing van sondes verdien nie, en ook nie geregtigheid voor God is nie. Daarom is dit nie sonde om menslike reëls in kerkordes nie ernstig op te neem nie.²⁵ (p. 315)

25. Melanchthon se eie woorde: *'niemand soll euch richten von Unterschied der speiß oder getrank etc. Das ist, kein Mensch hatte Gewalt, außer Gottes Wort andre Werk auß Gottesdienst auß zu gebieten. Und die Gewissen sollen diesen Bericht haben, das menschensatzungen und kirchenordnungen nicht Vergebung der Sünden verdienen, sind auch nicht Gerechtigkeit vor Gott. Item es ist nicht Sünde, Menschen satzungen in Kirchenordnung unterlassen.'*

Ten spyte van al Melanchthon se eksegetiese en sistematiese geskrifte, word hy egter onthou en geken as die man wat naas Luther, tot die vorming van die Lutherse belydenisstand bygedra het. Sy belydenisskrifte is in die Lutherse *Konkordienbuch* (1580), die amptelike korpus van Lutherse belydenisskrifte, opgeneem. Elke kerk in die Lutherse Kerk neem dus minstens kennis van Melanchthon se dokumente oor die belydenis. Dit is egter nodig om kortliks iets oor Melanchthon se eie verstaan van belydenis te sê, aangesien dit nie noodwendig ooreenstem met dit wat uiteindelik van sy belydenisse gemaak is nie. Melanchthon ([1521] 1997:16, ll. 12) het in die voorwoord tot die eerste uitgawe van sy *Algemene temas van die teologie [Loci communes]* gestel, dat hy (met hierdie en ander geskrifte) slegs studente wil help wat die Bybel met erns wil bestudeer. Hy het dus aanvanklik geen ideaal gehad om belydenisagtige dokumente met 'n normatiewe aanspraak te skryf nie. Hy wou slegs mense, veral jongmense, in hulle geloof ondersteun. Die jong Melanchthon het 'belydenis' as 'n daad verstaan, terwyl die formulering van belydenisskrifte nie op sy agenda was nie. Om belydenis van geloof te doen, was eerstens, om die weldade van Christus te loof; tweedens, om vas te glo aan die vergewing van sondes, die regverdiging van die sondaar en te hoop op die ewige lewe; en derdens, om in gebed God te loof en te dank en om voorbidding vir jouself en ander te doen. Weens die politieke en godsdienstige omstandighede, was Melanchthon egter later verplig om ook belydenismatige tekste op te stel, wat uiteindelik as amptelike Lutherse belydenisskrifte aanvaar is (vgl. Stössel 2017). Daar word deurlopend aan sy twee bekende belydenisskrifte, die *Augsburgse Geloofsbelydenis* of *Confessio Augustana* (CA) (Melanchthon [1530] 2014c) en die *Apologie van die Augsburgse Geloofsbelydenis*, of *Apologie van die Confessio Augustana* (ApoICA) (Melanchthon [1531] 2014b), aandag gegee. Gedetailleerde historiese inligting word, as terugskouing op die Reformasie, in Hoofstuk 9 gegee.

■ 1.3. Geskrifte

Melanchthon is die persoon uit die sestiende eeu met die grootste skriftelike nalatenskap. Sy werke handel oor feitlik elke wetenskaplike dissipline en literatuursoort (*Gattung*) van sy tyd. Die *Opus Melanchthonis* is enorm, en dit is moeilik om te glo dat één mens soveel oor so 'n groot verskeidenheid onderwerpe kon skryf. Die verwysings, aanhalings en bronne in die literatuurlyste van hierdie boek, verteenwoordig 'n klein seleksie van sy geskrifte. Die versameling geskrifte wat in die negentiende eeu saamgestel en in die *Corpus Reformatorum* opgeneem is, beslaan 28 volumes – té veel om in enkele boek aan aandag te gee.

In hierdie boek word slegs aan die volgende geskrifte aandag gegee: 'n Aantal briewe waarin insiggewende teologiese uitsprake gemaak is (9750 briewe het in bewaring gebly) (Mundhenk 2017a); belydenisskrifte wat deur

Melanchthon opgestel is; openbare voordragte (180 het in bewaring gebly – Rhein 2010:17); voorwoorde; postille; gebede; gedigte; sy vroeë Romeinebriefkommentaar; en sy dogmatiese geskrifte van 1521, 1535, 1553 en 1559. Drie handige, kort oorsigte oor sy totale leer geniet ook gereeld aandag. Die eerste kom uit die pen van die vroeë Melanchthon ([1524] 2012c)²⁶ met die titel: *'n Kort uiteensetting van die vernuwende kerklike leer aan die landsgraaf van Hessen*. Die tweede (Melanchthon [1543] 2011a)²⁷ is: *'n Ontwerp vir Reformatoriese teologie vir die aartsbiskop van Keulen (1543)*, wat dit oorweeg het om na die Reformasie oor te stap. Die laaste een is van die latere Melanchthon ([1559] 2012a) – 'n uitvoerige *Antwoord op die goddelose artikels van die Beierse inkwisisie*.²⁸

Aangesien daar uitvoerig aan sy sistematiese werke aandag geskenk word, is dit nodig om hierdie werke bekend te stel. In 1521 verskyn die eerste gedrukte weergawe van die 24-jarige Melanchthon se sistematiese teologie (ook bekend as die 'Protestantse oerdogmatiek' [1521] 1997:11) onder die titel: *Loci communes rerum theologicarum seu hypotyposes theologicae* [*Die grondbegrippe van die teologie of teologiese sketse*].²⁹ In die literatuur word daar kortweg na die *Loci communes* [*Algemene temas*], of slegs die *Loci* [*Hoofbegrippe*] verwys. Hierdie werk is in al die bekende Europese tale

26. Hierdie traktaat of vlugskrif is een van die betekenisvolste dokumente van die jong Melanchthon. Dit bevat 'n samevatting van die Evangeliese leer (wat akkurater is as die Protestantse leer), sodat die landgraaf 'n vinnige geheeloorsig oor hierdie nuwe teologiese benadering kon kry. Die twee het mekaar persoonlik in Mei 1524 naby Frankfurt ontmoet, en op grond van die gesprek was Melanchthon oortuig dat hy dit wat die nuwe leer behels, vir die landgraaf op skrif moet stel. Die geskrif is in Latyn opgestel, en daar was in dieselfde jaar drie herdrukke. Aan die einde van 1524 het daar ook drie Duitse weergawes in Wittenberg, Leipzig en Augsburg verskyn (vgl. die voorwoord tot Melanchthon [1524] 2012c:135-136).

27. Die aartsbiskop van Keulen, Hermann von Wied, het belang gestel om sy bisdom volgens die Reformatoriese teologie te hervorm. Melanchthon het vir hom 'n kort samevatting geskryf oor die belangrikste aspekte van die Reformatoriese leer, en het duidelik uitgespel waar en hoekom dit van die Roomse leer verskil. Hierdie geskrif is handig vir iemand wat vinnig 'n verduideliking wil hê ten opsigte van wat die Reformasie oor die hooftemas van die Bybel leer. Keiser Karel V het hierdie 'sagte Reformasie' met militêre mag verhinder, aangesien dit die magsbalans in sy ryk sou versteur (vgl. inleiding tot Melanchthon [1543] 2011a:38-39).

28. Nadat hertog Albrecht V van Beiere, op grond van die godsdiensvrede van 1555, aanvanklik sedert 1556 toegeeflik teenoor sy Protestantse onderdane opgetree het, het hy nogtans die Roomse inkwisisie (Jesuite) na sy land ontbied om hulle te ondervra en te vervolg. Die inkwisisie het 31 vrae opgestel wat die Protestante moes beantwoord. Melanchthon ontvang die vrae in 1558, en in 1559 publiseer hy by Georg Rau in Wittenberg die vrae met die volledige antwoorde. Hierdie teks is in 1560 in die '*corpus doctrinae Philippicum*' opgeneem, as 'n versameling belydenisse en belydenisagtige geskrifte wat deur Melanchthon alleen opgestel is. Melanchthon het in sy testament van 18 April 1560 hierdie polemiese geskrif as 'sy belydenis' beskryf (vgl. voorwoord tot [1599] 2012a:185).

29. Preus (Melanchthon [1521] 2014a:19) vertaal die titel in die boek korrek as *Common topics of theology, or theological outline*. Die titel op die voorblad '*Commonplaces: Loci communes 1521*' is ook korrek, aangesien die Latynse woorde oorspronklik letterlik 'die algemene plekke' beteken het. Idiomaties word egter die 'hoofpunte, grondstellings of grondwaarhede' bedoel. Die Latynse woord, *hypotyposis*, wat uit die Grieks ontleen is, beteken 'oerbeeld, voorbeeld of model' (vgl. voetnotas 1 en 2 van Melanchthon [1521] 1997:12).

van daardie tyd vertaal.³⁰ Alhoewel die Latynse titel op meer as een wyse vertaal kan word, is die bedoeling van hierdie boek eenduidig. Hierdie publikasie lui die breuk met die Roomse skolastiek in. Dit is 'n inleiding tot die bybelse teologie, met die hoofargumente van die Romeinebrief as vertrekpunt.³¹ Melanchthon se agenda was om van 'dogmatiek', teologie van die Bybel te maak. Hy wou deur middel van hierdie 'dogmatiekhandboek' mense uitnooi om weer die Bybel te bestudeer. Die Skolastieke spekulatiewe teologie was die rede waarom mense nie meer die inhoud van die Skrif geken het nie, maar ook die bybelse taalgebruik verloor het. Sy bedoeling met hierdie geskrif was dus om die kerk te oorreed om weer uit die bronne van die geloof (die Bybel) te skep. Al was die derde verwerkte uitgawe van die *Loci*, bekend as die *Belangrikste temas van die teologie*, vier keer die omvang van die eerste uitgawe, sou hierdie eerste uitgawe die Reformatoriese projek inlui, en méér aandag geniet as enige ander geskrif uit die vroeë reformasiegeskiedenis.

Melanchthon se leerboek het verskeie uitgebreide verwerkings ondergaan. Die groot aantal uitgawes word in drie tydvakke of fases (*aetates*) ingedeel. Die *Loci* van 1521, met sy vertalings en korreksies, tel onder die eerste fase (*prima aetas*). Die tweede fase (*secunda aetas*) begin met die uitgawe van 1535 met die titel: *Die algemene teologiese temas [Loci communes theologici]* (Melanchthon [1535] 2019).³² In 1542 begin Melanchthon met die derde fase (*tertia aetas*) van sy *Loci*, deur self die Duitse weergawes van sy handboek te verbeter. Hy laat dit by die uitgewer Veit Creutzer druk onder die titel: *Heubartikel Christlicher Lere*.³³ Melanchthon se *Hoofartikels van die Christelike leer* ([1553] 2010) is sy omvangrykste Duitse geskrif. Die teks is opgeneem in band 22 van die *Corpus Reformatorum* en is in 1558 die laaste keer redaksioneel verbeter. Die kritiese uitgawe van Ralf Jenett en Johannes Schilling wat gebruik word, steun egter grootliks op 'n afskrif wat in die wetenskaplike biblioteek van Olmütz (Tsjeggië) bewaar word. Melanchthon

30. Die eerste Duitse vertaling is in 1522 deur Georg Spalatin gedoen onder die titel: *Die haubt artickel vnd furnemesten punct der gantzen hayligen schrift*. Tot en met 1526 het Spalatin toegesien dat daar ook 'n Nederduitse vertaling gedruk is (vgl. inleiding van Schilling tot Melanchthon [1553] 2010:50).

31. In September 1519 behaal Melanchthon die graad *Baccalaureus biblicus*, en was van toe af geregtig om aan die teologiese fakulteit lesings aan te bied. Aan die einde van 1519 en gedurende 1520 het hy die Romeinebrief intensief bestudeer. Sy *Loci communes* is uit hierdie navorsing gebore. Die eerste druk verskyn in Desember 1521. Melanchthon het vóór die publikasie van sy *Loci* drie ander geskrifte oor Romeine gepubliseer, te wete *Theologica Institutio*, *Rerum Theologicorum capita seu loci* en 'n *Artifitium epistolae Pauli ad Romanos* (vgl. voorwoord van G. Müller in Melanchthon [1521] 1997:8).

32. Justus Jonas vertaal die werk in 1536 onder die titel: *Die furnemesten Artikel Christlicher lere Philippi Melanch.*

33. Melanchthon verbeter die boek in 1544, 1549, 1553, 1555, 1556 en 1558. Die uitgawe wat vir hierdie boek gebruik word (1553), is dus nie die laaste verwerking nie; die finale produk is egter nie in 'n kritiese uitgawe in die handel beskikbaar nie (vgl. Melanchthon [1553] 2010:50).

het aan sy *Theologia germanica* op 10 April 1552 begin werk, waarna hy die werk op 13 November 1552 voltooi. Die voorwoord (op 24 Februarie 1553 geskryf) is aan Anna Camerarius, die eggenote van sy vriend Johannes Camerarius in Leipzig, opgedra. Op 18 Maart 1553 is die eerste eksemplaar van die boek verkoop. Die laaste Latynse weergawe van sy *Loci* (1559) wat deeglike aandag in hierdie boek geniet, is vanselfsprekend ook deel van die derde fase van sy leerboek. Hierdie omvattende ‘sistematiese teologie’ verskil nie van die eerste weergawe sover dit die diepste bedoeling aangaan nie. Dit is ten diepste ’n troosboek wat mense wil onderrig oor die troos wat in die evangelie van Jesus Christus vervat is (vgl. Grosse 2017:335). In die voorwoord (Melanchthon [1559] 2018:2–4) wys hy die leser op die volgende kenmerke van sy leerboek: eerstens, die Bybel self kom aan die woord; tweedens, hy verkondig geen nuwighede nie, maar hou hom aan die sentrale leerstellings van die kerk soos in die kerklike belydenisse verwoord; derdens, dat Jesus Christus sy kerk byeenroep om te leer, te onderrig en leiding te gee; en vierdens, dat die waarheid van die evangelie nie uitgedoof sal word weens die ondergang van state en ryke nie. ’n Ander belangrike kenmerk van hierdie ‘dogmatiek’ is dat dit ’n ‘dogmatiek in gebed’ is (Grosse 2017:337). Talle leerstukke word ingelui of afgesluit met ’n gebed. In hierdie boek word kerklike leer en vroomheid (*eruditio et pietas*) as ’n eenheid aangebied. ’n Laaste opmerking: Melanchthon beoefen sy teologie in gesprek met kollegas, opponente, filosowe en vakwetenskaplikes. Om hierdie rede is daar tientalle verwysings in sy boeke na filosowe, digters, geskiedskrywers en ander geleerdes.

■ 1.4. Uitgawes van sy werke

Die *Corpus Reformatorum* (bande 9–28), ’n produk uit die negentiende eeu, bly die grootste gepubliseerde uitgawe van sy werke. Die eerste band is in 1834 deur C. Schwetschke gedruk en deur Karl Bretschneider uitgegee. Hierdie reuseprojek was ’n poging om versoening te bewerkstellig tussen die strydende Lutherse faksies. Zwingli en Calvyn se geskifte moes ook in hierdie projek opgeneem word, sodat ’n eendragtige Protestantse front voorgehou kon word. Die groot jammerte is dat al Melanchthon se geskifte nie in hierdie 28 volumes opgeneem is nie. Ná die herdenking van die reformator se 400ste geboortedag in 1897, is besluit om die korpus aan te vul deur die *Supplementa Melanchthoniana*. Hierdie versameling is elektronies toeganklik deur die portale van verskeie navorsingsuniversiteite. In die twintigste eeu is daar begin met enkele gekommentarieerde uitgawes van spesifieke geskifte. Nuwer uitgawes wat vermelding verdien, is die volgende: die Latyn-Duitse uitgawes van sy *Retoriek* (1531) in 2001 en *Ethica doctrinae elementa* (1550) in 2008. Wat verder van belang is, is die uitgawe van Robert Stupperich se *Melanchthon-studieuitgawe* (nege bande) wat gemaak is ter voorbereiding vir die 450-jarige

herdenking van sy geboortedag. In 1970 is daar begin met wetenskaplike uitgawes van Melanchthon se 9 750 briewe³⁴ wat behoue gebly het.

Wat vir navorsers buite Europa en sekere Noord-Amerikaanse universiteite nuttig is, is die verskillende werksuitgawes wat tog op een of ander manier gevind kan word. Die eerste versameling van die Melanchthon-geskrifte (vyf bande) is in 1541 in Basel gedruk. In 1560 het Melanchthon se skoonseun, Caspar Peucer, versoek dat hierdie uitgawe vollediger gemaak en uitgegee moes word as die *Omnia opera reverendi viri Philippi Melathonis*. Eers in die negentiende eeu is daar weer gepoog om 'n versameling van Melanchthon se werke uit te gee. Georg Strobel en Johannes Detzer het sedert 1828 'n reeks onder die titel, *Philippi Melanchthonis Opera Omnia*, uitgegee.

Die *Corpus Reformatorum* (bande 9–28 met Melanchthon se werke) is nie meer in druk in die handel beskikbaar nie. Gelukkig is daar in 2008, danksy die samewerking van verskeie instansies, begin om 'n DVD, bekend as *Melanchthonis Opera Database*, beskikbaar te maak. Op hierdie DVD is al Melanchthon se werke.

In 1997, tydens die 500-jarige herdenking van sy geboortedag, verskyn die eerste band in die reeks, *Melanchthon deutsch*. Hierdie reeks bevat belangrike lesings, voordragte en briewe in moderne Duitse vertalings, aangevul deur verduidelikende notas. Teen 2021 is ses boeke gepubliseer, waarop ek uitvoerig op hierdie publikasies steun.

Sedert 1897 is daar 'n kritiese uitgawe van Melanchthon se werke beplan. Hierdie ideaal is besig om te realiseer, danksy 'n groot netwerk van kundiges en navorsingsinstansies, waarvan enkele boeke reeds by Walter de Gruyter-Uitgewers gepubliseer is.³⁵

■ 1.5. Teologiese opleiding en ontwikkeling

Sistematiese temas in hierdie boek word deur middel van Melanchthon se beskikbare geskrifte, wat voorwoorde, openbare lesings en briewe insluit, gedoen.

34. Die 9 750 briewe van Melanchthon wat behoue gebly het, is 'n belangrike bron vir die blootlegging van sy teologie. Die oudste brief is 'n voorwoord tot 'n uitgawe van Johannes Reuchlin se briewe in 1514. Die volgende woorde van die sewentienjarige leermeester uit Tübingen, kan as 'n inleiding tot sy lewenstaak beskou word: 'Die belangrikste sake word meestal in briewe uitgepraat / *Epistolis enim res maximae plauerunq̄ue aguntur*'. Onder 'briewe' word 'n hele aantal genres verstaan: persoonlike briewe aan familie en vriende, 270 voorwoorde tot boeke (meestal openbare teologiese menings), troosbriewe, die behandeling van teologiese vraagstukke, amptelike briewe as rektor en dekaan en 20 brief-gedigte (om die verveling te verdryf). Melanchthon het nie briewe versamel nie. Sy skoonseun, Caspar Peucer, asook Christoph Pezel en Johannes Saubert het hiervoor gesorg. Johannes Manlius het in 1563 vir die eerste uitgawe van briewe, bekend as *Locorum communium collectanae*, gesorg. Karl Gottlieb Bretschneider kry die eer vir die *Corpus Reformatorum*. Tussen 1834 en 1842 het hy 7 000 briewe van Melanchthon versamel en gepubliseer. Sedert 1960, ter ere die 400ste herdenking van sy sterfdatum, word al die bewaarde briewe in 'n kritiese uitgawe, *Melanchthons Briefwechsel* (MBW), gepubliseer (vgl. Mundhenk 2017a).

35. Inligting kan verkry word by www.melanchthon-edition.com ook dr.frank@melanchthon.com en hjselderhuis@refo500.nl (vgl. Frank 2017 vir volledigheid).

Die bedoeling is om die bronne aan die woord te kry. Nie net enkele aanhalings of gedagtes word aangebied nie, maar ook die groter argumente. Aangesien hierdie boek hoofsaaklik op Melanchthon se teologie konsentreer, word daar met sy ideale vir universiteitsteologie begin.

■ 1.5.1. Die ideale van universiteitsteologie

Melanchthon ([1518] 2011d) se fulminerende intrede op 28 Augustus 1518, *Oor die noodwendigheid om die studie van die jeug grondliggend nuwe gestalte te gee*, is een van sy belangrikste geskrifte. As 21-jarige professor in Grieks³⁶ het hy klaar 'n duidelike visie gehad vir die hervorming en verbetering van die totale skool- en universiteitswese. Sy rede was gerig op die studente,³⁷ aangesien hulle moes beseft hoe belangrik die hervorming van die universiteitswese op daardie stadium was (vgl. Gößner 2010 vir sy verhouding met die studente). Hierdie voordrag het die studie van teologie aan 'n universiteit vir die volgende 500 jaar bepaal.

Melanchthon ([1518] 2011d:47) begin sy voordrag deur daarop te wys dat wat hy te sê het, uit sy 'verantwoordeliks-bewuste wetenskaplike arbeid en die respek vir sy amp' voortspruit. Hy kondig aan dat hy veral drie vakgebiede wil bevorder, naamlik Grieks, Hebreeus en filosofie. Selfs skoolkinders moet naas Latyn, ook Grieks en filosofie leer, aangesien die opvoedings- en beskawingsvlakke van die samelewing só verhoog kan word. Vir Melanchthon gaan dit dus uiteindelik om '*Bildung*' – dit is die intellektuele, vakkundige, kulturele en sedelike ontwikkeling en karaktervorming van die jeug (vgl. Huizer

36. Melanchthon het in sy intrede aangekondig dat hy sy werksaamhede met lesings oor Homerus en die Titusbrief gaan begin. Aangesien daar in Wittenberg nie Griekse tekste beskikbaar was nie, moes die studente aanvanklik die Griekse teks afskryf. Melanchthon het egter spoedig 'n drukker en uitgewer in Leipzig, Melchior Lotter, oortuig om ook 'n drukkery en boekwinkel in Wittenberg te open. Lotter kon wel Griekse tekste druk en verkoop. Wittenberg het gesukkel om dosente in Hebreeus te behou. Albei eerste dosente, te wete Johannes Böschenstein en Matthäus Adrianus, het gou ná hulle aankoms in Wittenberg die dorp weer verlaat. Melanchthon was verplig om intussen ook Hebreeus te doseer. Dit het hy gedoen aan die hand van die Psalms. In 1521 is hierdie pos in Hebreeus deur Matthäus Aurogallus (1490–1543) gevul. Melanchthon het egter gedurende sy hele lewe volgehou met studies in Hebreeus en hy het selfs enkele Ou-Testamentiese kommentare geskryf (vgl. Kurokwa 2010:37–49).

37. Die opskrif van die oorspronklike druk het soos volg gelui: '*sermo habitusapud Juventutem Academiae*'. Die aanduiding dat die rede 'n '*sermo*' was, beteken dat ons hier met 'n voorlesingstyl te make het, wat na aan 'n gesprek is. Luther ([1501–1520] 1931:192; WA Br. 1, 192, II. 13) het in 'n brief aan Spalatin egter beweer dat die intrede nader aan 'n '*oratio*' was – met ander woorde, dat dit die voorgeskrewe reëls van die voordragkuns gevolg het. In die *Corpus Reformatorum* verskyn die intrede egter onder die '*declamationes*'. Hierdie groepering is voordragte wat die reëls van die kunswetenskappe gevolg het. Volgens die vertaler van hierdie intrede, Gerhard Steinger, (Melanchthon [1518] 2011d:45–46), vertoon die voordragkenmerke van al drie style, dat dit 'n vaderlik-versorgende inslag het; dat dit op akademiese bewysvoering berus; en dat dit van aanhalings uit die wetenskap en letterkunde gebruik maak. Vir volledige inligting oor die verskillende tipes van voordragte in daardie tyd, moet daar na Gößner (2017) gekyk word.

2011 vir 'n deeglike ondersoek oor Melanchthon se bydrae tot skoolonderrig).³⁸ Hierdie omvattende menslike beskawingsontwikkeling, kan deur goeie onderrig in die antieke tale en die filosofie bevorder word. Melanchthon ([1518] 2011d:49–50) wys daarop, dat die Romeinse ryk ten gronde gegaan het weens die verwaarloosing van die wetenskappe en die vernietiging van die biblioteke. Die Duitse samelewing beweeg in dieselfde rigting, en daarom moet die skool- en universiteitsleerplanne aangepas word. Hy herinner daaraan dat keiser Karel die Grote (800 n.C.), die Duitse volk gemaak het om nie op militêre mag staat te maak nie, maar om die wetenskappe en kunste te ontwikkel. Wetenskaplike ontdekkingslus verseker 'n groter kans op oorlewing as stryd lustigheid. Melanchthon ([1518] 2011d:51–59) stel dit ook gou duidelik, dat wanneer hy van 'wetenskappe' praat, die mediese- en regs wetenskappe hierby ingesluit is. Vir die ontwikkeling van hierdie twee wetenskappe, gaan hy hom ook beywer, aangesien 'n hoogs ontwikkelde beskawing nie slegs op die geesteswetenskappe kan steun nie. Om die kulturele ontwikkelingsvlak van die samelewing te bevorder, moet onthou word dat die drie basiese wetenskappe nie agterweë mag bly nie, naamlik die taalkundige wetenskappe (logika), die natuurkundige wetenskappe (fisika) en die etiek (protreptiek). Daarbenewens is die wetenskaplike metodeleer (dialektiek) ook onontbeerlik, aangesien die 'kuns van ordening en onderskeiding' juis wetenskap moontlik maak. Melanchthon noem ook dat wiskunde en digkuns belangrike vakke is vir die voorstudie van die 'drie hoë wetenskappe', te wete teologie, regte en medies.

Melanchthon ([1518] 2011d:59–61) se eie voorstel vir studie (veral teologie) aan die Universiteit van Wittenberg, met sy vernuwingsprogram vir die Duitse universiteitswese, kom op die volgende neer: 'Suksesvolle universiteitsonderrig begin by die senior laerskoolkinders' (*Progymnasmata*). Van hulle word verwag om grammatika, dialektiek en retoriek te bestudeer met die oog op nagraadse studie (teologie, regte en medies). Om oordele te vel en om in die openbaar te argumenteer en te redeneer, is die basis van suksesvolle studie. Griekse en Latynse grammatika moet ook literatuurstudie in hierdie tale insluit, aangesien hierdie kennis sal help om filosofie, teologie en geskiedenis te

38. Matthias Asche (2010:79–85) wys daarop dat Melanchthon sy eie weg rakende 'Bildung', gevolg het. Hy het dit reeds met sy intrede bekendgestel. Vanselfsprekend moes hy aansluiting by die tradisionele '*Trivium*' en '*Quadrivium*' vir sy ontwikkelingsprojekte vind, maar hy spits hom op die '*studia humanitatis*', naamlik die drie antieke tale, retoriek, poësie, geskiedenis (as '*magistra vitae*' ['onderrig in lewenswysheid']) en moraalfilosofie toe. Hy het ook, vreemd genoeg vir daardie tyd, waardering gehad vir die wiskunde, astrologie en astronomie. Die titel '*praeceptor Germaniae*' (skriftelik toegeken deur Joachim Camerarius in 1566), het Melanchthon onder andere verdien danksy die statute wat hy, in samewerking met sy oudstudente, vir die volgende universiteite opgestel het: Wittenberg, Marburg, Tübingen, Leipzig, Frankfurt/Oder, Greifswald, Heidelberg en Jena. Melanchthon se bydrae tot die ontwikkeling van mense, word deur twee invalshoeke gekenmerk, naamlik ten eerste die antiek-humanistiese metode van navolging, herhaling en opdieping van vorige kennis ('*imitatio*'), en tweedens die poging tot lewenskrachtige oorspronklikheid (*aemulatio*) soos die skep van nuwe literêre genres, byvoorbeeld openbare voorlesings, geleentheidsgeskrifte en briewe in die vorm van traktate. Vir die verhouding tussen geloof en intellektuele ontwikkeling, vergelyk Jung (2011).

bemeester. Wat ook vir Melanchthon van belang is, is dat hierdie vooronderrig belangrik is vir die sedelike vorming van leerlinge en studente. Die lees van tekste³⁹ soos Aristoteles se etiek (Melanchthon [1534] 1989b), Plato se wette en Homerus se prosa, help die vorming van sedelike oordele. Studie en begrip van die geskiedenis kan studente ook help met volwasse en verantwoordelike sedelike oordeel. Hy herinner daaraan dat die ‘hele familie van kunste en wetenskappe hulle oorsprong in die geskiedskrywing het’. Ter opheldering van verwarring wat oor sy voorstel mag bestaan, gee hy ’n definisie van ‘filosofie’: ‘Filosofie’ is vir hom ’n samevattende beskrywing van natuurwetenskap, sedeleer of etiek en impulse uit die geskiedenis, rakende verhewe menslike aktiwiteite soos die maak van musiek.

Teologie is volgens Melanchthon ([1518] 2011d:61-65) die wetenskap wat besondere aandag verdien, aangesien teologie, meer as enige ander studieveld, die hoogs moontlike denkvaardigheid, intensiewe bemoeienis en sorgvuldigheid benodig. Teologie is nie ’n toevallige menslike wetenskap nie, maar is ’n aktiwiteit wat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind, en daarom verdien dit die wydte en diepte van wetenskaplike kennis. In hierdie verband het Melanchthon ([1518] 2011d) die volgende belangrike uitspraak gemaak:

Aangesien die teologiese geskifte deels in Hebreeus, deels in Grieks geskryf is [...] moet ons [*hierdie*] vreemde tale aanleer, sodat ons nie soos ‘doofstom maskers’ teenoor die [*Roomse*] teoloë staan nie. Eers aan die hand van die oorspronklike tale sal ons die woorde in hulle glans en eintlike betekenis ontdek, en soos die ligstrale van die middagson sal [*die woorde*] hulle ware en eintlike betekenisveld, waarna ons op soek was, aan ons openbaar [...] en wanneer ons al ons navorsingspogings op die bronne gerig het, sal ons begin om Christus te begryp; sy opdrag sal vir ons duidelik word en sal ons met daardie geluksalige soete wysheid geheel en al gevul word. (p. 62)

Melanchthon ([1518] 2011d:64-65) vermaan egter om balans te behou. Die studie van Latyn en die Latynse skrywers bly belangrik – nie net ter wille van goeie karaktervorming nie, maar ook om Grieks goed te verstaan en om ’n breë akademiese onderbou te vestig.

■ 1.5.2. Die grondtale

Melanchthon het danksy sy ‘peetpa’, Johannes Reuchlin, die waarde van Hebreeus geleer. Hy het hom lewenslank beywer vir die bestudering van Hebreeus deur teologiestudente en ander belangstellendes. Sy *Voordrag oor*

39. Melanchthon sluit hier aan by die slagspreuk van die humanisme: ‘*ad fontes*’ (‘terug na die bronne’). Daar moet besef word dat sonder die humanisme (die bestudering van klassieke tekste in die oorspronklike tale), daar geen Reformasie was nie.

die bestudering van die Hebreeuse taal in 1549,⁴⁰ is 'n bron van inligting oor die redes waarom hy Hebreeuse taalstudies bevorder het. In 'n tyd waar al minder en minder kerke vereis dat hulle predikante oor Hebreeuse taalkennis moet beskik, is dit belangrik om die oorspronklike redes vir die bestudering van Hebreeus weer na vore te roep. Melanchthon ([1549] 2012f:51) begin sy voordrag met 'n klagte wat vandag nog meer aktueel is as destyds. Hy argumenteer dat die kerk die taak het om die profetiese en apostoliese geskrifte te verkondig, maar dat die gebrek aan belesenheid en die belangstelling in kennis, deur die begeerte na geld en besittings oorwoeker word. Die afgrond van 'welvaartsgodsdiens' was dus alreeds aan Melanchthon bekend. 'Hervorming van die universiteitswese' was vir Melanchthon afgestem op die toenemende gebruik van die filosofie ('n versamelwoord vir die wetenskappe), ter wille van die nut van die filosofie, sodat die ware kennis van God en die ontwikkeling van die samelewing daardeur gedien kan word. Kennis van God wat nie op die ware aanroeping van God uitloop nie, het min waarde. Die bestudering van die geskrifte van die Ou Testament in Hebreeus, kan meehelp om met begrip tot God te bid (Melanchthon [1549] 2012f:53). Die verstaan van menswees kan kwalik sonder die tekste oor die oorsprong van die mens gedy; daarom is Hebreeuse taalkennis nodig om tekste oor die mens en sy geskiedenis reg te verstaan. Teologiese antropologie sonder spesialiskennis van die bronne van die teologie, is nie moontlik nie (Melanchthon [1549] 2012f:54-55). Die ander basiese begrippe van die teologie soos sonde, geregtigheid en geloof kan nie reg geleer word sonder kennis van die Hebreeuse betekenis van hierdie woorde nie. Sonder kennis van die oorspronklike betekenis van Ou-Testamentiese begrippe, kán die teologie nie vorder nie. Selfs Paulus kan nie sonder Hebreeuse taalkennis reg verstaan word nie (Melanchthon [1549] 2012f:56-58). Melanchthon ([1549] 2012f:62-65) sluit sy rede af met 'n beroep op 'weetgierigheid'. Studente en predikante moet van harte wil weet – weet van die wysheid van die profete; weet van die menslike ellende; weet van die Joodse staatswese wat God na aan die hart gelê het; en weet hoe daar in die Ou Testament gebid is. Die lig van die evangelie kan nie skyn sonder kennis van die tale en die filosofie nie!

Melanchthon het sedert sy intreerede in 1518 nie opgehou om die opvoedingswaarde van die Griekse taal te beklemtoon nie. In 1549 is sy *Voordrag oor die bestudering van die Griekse taal* deur een van sy studente

40. Melanchthon het reeds as kind by Johannes Reuchlin aan huis Hebreeus geleer. By hom het hy geleer dat die bestudering van die Bybel uit die grondtale gedoen moet word, en nie aan die 'Sofiste' (die Roomse skolastiek) oorgelaat kan word nie. Die algemene gebruik van Latyn moes teoloë nie verhinder om die skatte van Hebreeus te ontdek nie; só ook nie die Jode se vyandigheid van daardie tyd nie. In 1549 het die adiafora-stryd teen Matthias Flacius Illyricus gewoed. Melanchthon se argument in hierdie stryd was, dat regte geloof op die korrekte verstaan van die Bybel berus, en dit beteken onder andere, dat die Ou Testament as Hebreeuse teks verstaan moet word (vgl. inleiding tot Melanchthon [1549] 2012f:50).

voorgelees.⁴¹ Aangesien die evangelie deur taal versprei word, en geloof op die hoor van woorde berus, is die taalwetenskap van uiterste belang vir die teologie. Grieks is die belangrikste taal vir die teologie en die filosofie, 'n wat byvoorbeeld wiskunde insluit. Die feit dat God Grieks gekies het as die taal van die evangelie, moet goed oordink word. Grieks is die taal waarin die verborgenhede van God opgeteken is en wat deur die eerste verkondigers gebruik is. Grieks is saam met die evangelie, 'n geskenk van God aan die mensdom. Die Griekse taal verhoed denkfoute en fanatiese idees, aangesien dit 'n taal is wat nie verwarring en onsekerheid veroorsaak nie. Verwarrende, onduidelike en slordige taalgebruik gaan hand aan hand met onsedelikheid op talle terreine van die lewe. Swak taalgebruik en 'n gebrek aan moraliteit is verlengstukke van mekaar (Melanchthon [1549] 1989a:200; [1549] 2012e:46). Melanchthon ([1549] 1989a:202; [1549] 2012e:47-48) herinner ten slotte aan Luther se waarskuwing, dat die verwaarlosing van Grieks en goeie taalgebruik uiteindelik tot die ondergang van die kerk sal lei.

■ 1.5.3. Hoe word teologie aangeleer?

Melanchthon het moeite gedoen om aan studente leiding te bied oor hoe teologie aangeleer moet word.⁴² Sy *Kort handleiding vir die aanleer van teologie* (Melanchthon [1530] 2012d),⁴³ gee 'n goeie aanduiding van wat hy voorgestel het. In die eerste plek, moet studente die Bybelteks leer ken. Soggens en saans moet daar uit die Bybel gelees word: minstens een hoofstuk op 'n slag. Die hoofgedagte van die hoofstuk moet kortliks neergeskryf word as bewys dat daar met begrip gelees is. Tweedens moet die hele Bybel aan die hand van die hooftemas van die teologie soos geloof, regverdiging, wet en genade gelees word. Hierdie hooftemas word veral in die Romeinebrief gevind, en daarom moet daar deur die dag uit hierdie brief gelees word. Wanneer Romeine goed bekend is, moet Galasiërs, aan die hand van Luther se kommentaar, bestudeer word. Kolossense is die volgende *Paulusbrief* wat

41. Die lesing is deur sy student, Veit Oertel, voorgelees. Hy het dikwels namens Melanchthon die Griekse lesings behartig. In 1541 verkry hy 'n permanente aanstelling. In 1550 promoveer hy egter ook in die mediese wetenskap. Hy lewer ook die grafrede ná Melanchthon se afsterwe (vgl. inleiding tot Melanchthon [1549] 2012e:34). Twee weergawes van die teks is beskikbaar: 'n korter Latyn-Duitse teks ([1549] 1989a); en 'n nuwe, uitgebreide Duitse weergawe ([1549] 2012e).

42. Melanchthon het nie net aan studente se onderrigmetodes en -behoeftes aandag gegee nie, maar ook aan hulle finansiële behoeftes. Hy ([1540] 2011b) het in sy *Voorstelle vir die hervorming van die Universiteit van Leipzig*, aangedring op staatsbefondsing vir arm studente. Hy het die adel aangemoedig om studiebeurse beskikbaar te stel en hy het daarop aangedring dat die kloosters se oortollige goedere verkoop en die geld vir studente-ondersteuning aangewend word. Melanchthon was die eerste invloedryke persoon wat die gedagte bevorder het dat die universiteit ook vir arm kinders toeganklik moet wees. Daar is verdere inligting deur G. Schmidt (1989) en M. Wriedt (2017) beskikbaar.

43. Die bedoeling van hierdie kort handleiding, was om die studente te laat afsien van die ou skolastieke leermetodes en om die nuwe, humanistiese *Locī*-metode baas te raak. 'n Nuwe teologie het nuwe studiemetodes benodig.

intensief gelees moet word. Matteus, Lukas en Johannes moet so gou doenlik deurgelees word, met kort aantekeninge oor belangrike temas. Naas die Bybel moet die Niceense Geloofsbelydenis en dan die *Locī* van 1521 gelees en geleer word. Die Ou Testament kan veral in die aand voor slaapyd aandag geniet. Genesis, met Luther se kommentaar, die ander 'boeke van Moses' en die Psalms moet eerste aandag geniet. Die Psalms moet as onderrig in gebed gelees word. Die profetiese boeke moet gelees word met die beloftes oor die komende Messias in gedagte. Die verhalende literatuur moet gelees word met die bewussyn van die onderskeid tussen wet en evangelie, en die gedagte van die Christelike vryheid. Nadat studente die Bybeltekste deurgewerk het, moes hulle begin om teologiese literatuur te lees – beginnend met Augustinus se geskrif teen Pelagius. Senior studente moes ten slotte die politiek begin bestudeer. Hulle moes leer dat die staat God se goeie weldaad aan die booswillige mensdom is, en ook wat God van Christelike leiers verwag. Literêre belesenheid is goeie voorbereiding op latere debatte en dispute oor geloof en lewe. Kennis van grammatika, retoriek en dialektiek sal studente later in hulle lewe help om die regte koers en rigting aan te dui. Om die groot Griekse en Latynse digters en skrywers vir ontspanning te lees, is noodwendig om 'n ontwikkelde predikant te kan wees.⁴⁴

■ 1.5.4. Kategismusonderrig

Vir Melanchthon was kategese, en spesifiek kategismusonderrig, een van die primêre take van die kerk (vgl. Gerner-Wolfhard 2017 vir volledigheid). In 'n brief gedateer Oktober 1551, skryf hy (Mundhenk et al. 2017:127-129) aan die geestelikes in Denemarke, dat dit van grondliggende betekenis is dat kategismusonderrig aan kinders en ongeletterdes gegee moet word. Dit is belangrik dat hulle die grondbegrippe van die Christelike godsdiens sal leer ken en verstaan, en dat hulle die taal – die uitdrukkings en voorstellings – van die evangelie sal leer ken. Hierdie onderrig moet hand aan hand gaan met gereelde gebedsoefeninge, dat die kinders gereeld en goed geleer word, is belangrik, aangesien hulle deel is van die ware kerk. Die predikante wat hierdie onderrig verskaf, moet van boeke gebruik maak wat deur verantwoordelike teoloë van die kerk geskryf is. Indien die teoloë self nie deeglik studeer nie, kan hulle nie deeglike onderrig verskaf nie.

44. Melanchthon tree in 1523-1524 die eerste keer as rektor op. Hy beywer hom om elke student van 'n mentor te voorsien. Vir elke student is daar 'n leer- en studieplan uitgewerk. 'n Voorbeeld (Melanchthon [1554] 2011c) is te vind in 'n latere geskrif, *Hoe 'n mens moet leer en studeer?* Die Poolse student, Adrian Chelmicki, word in hierdie geskrif leiding gegee. Wat uniek is, is dat hy vir elke dag 'n leesprogram voorlê, byvoorbeeld dat die student elke Vrydag en Saterdag Cicero moet bestudeer.

■ 1.5.5. Akademiese ideale

Wittenberg, die eerste Protestantse universiteit, het spoedig erkenningsprobleme ontwikkel. Die ontneming van pouslike voorregte, het die erkenning van grade in die gedrang gebring. Die grootste krisis was die ontneming van die promosiebevoegdheid deur die universiteit. Danksy die keurvors en hertog van Sakse, Johann Friedrich I, is die promosiebevoegdheid van die Universiteit van Wittenberg in 1533 herstel. Melanchthon ([1533] 2012b) se voordrag, *Oor die teologiese grade*, was 'n keerpunt in die Protestantse universiteitswese.⁴⁵ Melanchthon verweer hom teen die kritiek van die 'Charismatiese beweging' ('*Schwärmer*') dat Christene nie aan universiteitsgrade gekoppel moet word nie. Terselfdertyd waarsku hy dat 'n doktorsgraad in teologie nie 'n alledaagse verskynsel mag wees nie. In hierdie moeilike vakgebied, mag daar net enkele, uitstaande studente promoveer word. 'n Doktorsgraad moenie nét 'n teken van buitengewone groot geleerdheid wees nie, maar ook van uitnemende godsdienstigheid en sedelikheid. Kennis, leergebondenheid, vroomheid, sorgvuldigheid, matigheid en pligsbesef is deugde wat met hierdie graad vereenselwig word (Melanchthon [1533] 2012b:156). Hierdie graad open nie die weg na rykdom, roem en genot nie, maar van uitsonderlike moeite, jammerhartige besorgdheid en selfs lewensgevaar. Bespotting en haat kan op die verdere lewensweg verwag word. Die grootste taak is egter om kampvegter vir die waarheid van die evangelie te wees (vgl. Melanchthon [1533] 2012b:159–160). Alhoewel dit hier oor doktorsgrade handel, geld al hierdie argumente onverkort ook vir die ander grade in teologie.

■ 1.6. Nog steeds die leermeester van die Protestantisme?

Dit is duidelik dat Melanchthon se ideale vir teologiese opleiding by talle Protestantse opleidingsinstansies vervaag het. Talle redes kan hiervoor aangevoer word. Of daar in die toekoms pogings gaan wees om die Melanchthon-ideale in ere te herstel, is onseker. Dit is egter belangrik dat daar tóg pogings aangewend sal word om die akademiese aansien van teologiese opleiding te herstel. In die lig hiervan, 'n kort gedagte oor die Melanchthon-ideaal: Stefan Rhein (2018:75) is korrek dat Melanchthon se akademiese ideaal met die spreuk, '*aude sapere*',⁴⁶ saamgevat kan word. Volgens Melanchthon is

45. In 1525 is die Universiteit van Wittenberg se promosiebevoegdheid tot stilstand geruk. In 1533 dring die kerk in Hamburg daarop aan dat hulle superintendent, Johann Aepinus, gedoktoreer word. Naas Aepinus, moes Caspar Cruciger en Johannes Bugenhagen ook doktorsgrade verwerf. Die keurvors het gelukkig administratief ingegryp en ook die befondsing vir die herstel van die graadbevoegdheid bewillig. Op 18 Junie 1533 word die drie persone in die kasteelkerk gepromoveer onder toesig van die keurvors. Die dekaan van die teologiese fakulteit, Justus Jonas, het die voordrag, deur Melanchthon geskryf, voorgedra (vgl. inleiding tot [1533] 2012b:155).

46. Die algemene vermoede is dat hierdie woorde, 'gebruik jou eie verstand', van Immanuel Kant afstam. Dit is egter onwaar – die oorsprong daarvan is by Horaz (Epist. 1, 2, 40) te vind (vgl. Rhein 2018:75).

dit noodsaaklik dat geleerdes hulle krities met die bronne moet besighou, en op grond hiervan, hulle eie menings en opinies moet vorm, en nie op vae vermoedens en bewerings moet steun nie. Geleerdes moenie populêre menings ondersteun nie. Laasgenoemde kan dikwels nie vanuit die bronne begrend word nie. Die eie, selfstandige mening wat op bronnavorsing berus, is Melanchthon se wetenskapsideaal. Indien Afrikaanssprekendes hierdie ideaal in die verlede nagestreef het en dit vandag opnuut wil respekteer, sou en sal dit met ons beter gaan in terme van ons internasionale aansien. Mag bronnavorsing en selfstandige denke tog in ons teologiese landskap heers!

■ 1.7. Oorsig

In hierdie inleidende hoofstuk word daar op Melanchthon se lewensverhaal gefokus. Sy kinderjare, sy studiejare aan die universiteite van Heidelberg en Tübingen, en sy eerste jare as professor in Grieks aan die Universiteit van Wittenberg geniet aandag. 'n Kort oorsig oor sy geskrifte en die uitgawes van sy werke word gegee. Aan die hand van enkele voordragte word 'n inleiding verskaf oor sy ideale vir teologiese opleiding. Sy redes vir die bestudering van die grondtale en die filosofie geniet aandag. Sy praktiese raad oor die wyse waarop teologiestudente behoort te studeer, geniet ook aandag. Die belangrikheid van kategismusonderrig naas die bestudering van klassieke tekste, word belig. Die hoofstuk word afgesluit met 'n pleidooi dat die Melanchthon-ideale nie uit die kurrikula van teologiese opleidingsinstansies verwyder moet word nie.

Bybelse teologie

Philipp Melanchthon was 'n teoloog van die Woord van God. Die inhoud van die Bybel het sy denke bepaal. Hy het ook denkend met die Bybel omgegaan. Sy denke is hoofsaaklik deur die filosofie, die taalwetenskappe en die kerklike belydenisse beïnvloed. Taalkunde, eksegeese, hermeneutiek, leerbeslissings van die kerk en filosofie is sistematies deur Melanchthon saam deurdink. Hy was in die eerste plek 'n taalkundige wat lief was vir die bybelse tekste; hy het die inhoud van die tekste binne die verstaanshorisonne van die Griekse filosofie, die Romeinse reg en al die ander wetenskappe van sy tyd sistematies, as belydende Christen, verhelder en verduidelik.

■ 2.1. Die Bybel as vertrekpunt

■ 2.1.1. Kommentare

Melanchthon het reeds by sy intreerede op 28 Augustus 1518 aangekondig dat hy sy werksaamhede gaan begin deur op die Titusbrieff te konsentreer. Sy bedoeling was om die Griekse grondteks van die brieff te gebruik in sy onderrig van Grieks, en nie om 'n teologiese kommentaar te produseer nie. Op 19 September 1519 behaal hy die graad *Baccalaureus biblicus*, wat hom die reg gegee het om lesings oor die Bybelboeke in Latyn aan te bied. Hy het egter spoedig vanuit die oorspronklike Griekse en Hebreeuse grondtekste begin werk. Gedurende 1519-1520 het hy sy teologiese lesingprogram met

How to cite: Van Wyk, I.W.C., 2022, 'Bybelse teologie', in *Philipp Melanchthon: Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie*, HTS Religion & Society Series, Vol. 12, pp. 23-43, AOSIS Books, Cape Town. <https://doi.org/10.4102/aosis.2022.BK327.02>

Matteus begin. Hy volg dit op met lesings oor die Romeinebrief (1520–1521), Korintiërs 1 en 2 (1521–1522), en die Johannesevangelie (1522–1523). Luther gee opdrag dat die Romeinebriefvoorlesings in 1522 en die aantekeninge (*annotationes*) oor die Johannesevangelie in 1523 gedruk word. Die lesings oor die 'n word ook in 1523 deur 'n uitgewer in Basel gepubliseer. Melanchthon het waarskynlik nie kommentare oor die Markusevangelie, Jakobus, Johannes 2 en 3, Hebreërs en Openbaring gepubliseer nie. In die jare 1523–1524 gee hy wel talle teologiese lesings, maar publiseer min, aangesien hy as rektor optree. In 1525 publiseer hy 'n kommentaar oor Spreuke. In die inleiding van hierdie kommentaar, maak hy die onderskeid tussen wet en evangelie, maar gee toe dat wet sowel as evangelie in hierdie Ou-Testamentiese boek te vind is. In 1527 publiseer hy self sy geleerde besinnings of ekskursies (*scholia*) oor Kolossense – dit bevat 'n belangrike besinning oor die verhouding tussen teologie en filosofie.⁴⁷ Hierdie kommentaar word in 1528 en weer in 1534 verwerk. In 1529 word sy kommentare op Daniël en die Psalms gepubliseer. Tussen 1529 en 1532 werk hy aan omvangryke publikasies oor die Romeinebrief (waarna meermale verwys sal word). In die dertigerjare word talle kommentare gepubliseer. In die kommentaar op Kolossense (1534) verwys hy die eerste keer na die drievoudige gebruik van die wet. Gedurende hierdie jare begin hy ook om gereeld Sondagvoorlesings in Latyn vir die buitelandse studente, wat nie Duits magtig was nie, te hou. Die tekste en temas wat deur die liturgiese kalender voorgeskryf is, is om 06:00 soggens verklarend voorgedra. Die voordragte is met talle geskiedenisvertellings en aanhalings uit antieke literêre werke aangevul.⁴⁸ In 1540 begin Melanchthon, op versoek van die stadskerk in Wittenberg, om vir die Bybelstudies op Woensdagaande kommentare beskikbaar te stel oor 'n seleksie van teksgedeeltes uit die Matteusevangelie. Die predikant, Sebastian Fröschel, het hierdie tekste versamel en in 1558 as 'n kommentaar uitgegee. In 1540 word 'n verdere verwerkte weergawe van sy Romeinekommentaar gepubliseer en in 1543, ook van sy Daniëlkommentaar. Ná die heropening van die Universiteit van Wittenberg ná die burgeroorlog, het Melanchthon talle teologiese lesings oor Bybelboeke aangebied, wat uitloop het op gepubliseerde kommentare: Psalms (1548); Spreuke (1550/1552);

47. In §9.2.2. aandag gegee aan die *scholia* oor die verhouding tussen teologie en filosofie in hierdie kommentaar.

48. Hierdie 'Sondagsvoorlesings' het in die hoof-lesingsaal (*Collegio Maiore*) van die universiteit plaasgevind. Die 'Bybelstudies' is met talle anekdotes en verhale aangevul, wat met lewenswysheids verband hou. Melanchthon het baie aandag aan Genesis en Daniël (1522 en weer 1533–1534) gegee, maar meestal is daar op die Nuwe-Testamentiese perikope wat vir die spesifieke Sondag voorgeskryf is, gekonsentreer. Die laaste aanbieding was in 1560, een week vóór sy dood. Die eerste versameling van hierdie voordragte is in 1544 gepubliseer onder die titel '*Annotationes in Evangelia*'. In 1594–1595 het sy student, Christoph Petzel, 'n nuwe uitgawe, bekend as die '*Postilla Melanthoniana*', in vier dele laat druk. Hierdie uitgawes is kritiekloos in bande 24 en 25 van die *Corpus Reformatorum* oorgeneem. 'n Seleksie uit hierdie omvangryke werk is vertaal en in *Melanchthon deutsch, Band 6*, opgeneem, waarna daar meermale in hierdie boek verwys word (vgl. voorwoord tot Melanchthon [1560] 2020e:11–14).

Prediker (1551); Romeine (1556); Kolossense (1559); Timoteus 1 en 2, Korintiërs 1 en 2 ([1561]; vgl. ook Wengert 2017:234–238).

■ 2.1.2. Die breuk met die Roomse skolastiek

Melanchthon het op 25 Januarie 1520 'n *Voordrag oor die leer van die heilige Paulus*⁴⁹ in die Aula (die kasteelkerk) van die Universiteit van Wittenberg gelewer. Hierdie voordrag⁵⁰ bevestig Melanchthon se breuk met die Roomse skolastiek. Die kernaangeleentheid waaroor verskil is, handel oor die verhouding tussen teologie en filosofie (daar word weer aan hierdie tema in §9.2.⁵¹ aandag gegee). Hiermee saam gaan dit oor die vraag, wat dit beteken om in Jesus Christus te glo. Die antwoord wat hy hier as 23-jarige gegee het, sou vir die res van sy loopbaan die aard van sy teologie bepaal. Die skolastiek het Paulus uit die teologiese debat geneem, aangesien die fokus op wette, en dus op moraliteit geval het. Jesus is dus verlaag tot 'n voorbeeld van goeie lewensvoering. Hy, as sedelike ideaal, het die fokus van die teologie geword. Volgens Melanchthon was hierdie benadering 'n groot fout, aangesien die heidense filosowe ook uitnemende etici was. Om geloof aan die hand van etiek te wil bevorder, is dwaas, aangesien die Christelike moraal nie noodwendig ander beïndruk nie. Daarom stel Melanchthon ([1520] 2020f) die volgende:

Om Christus te ken, beteken om nie slegs aan sy dade⁵² vas te hou nie, maar om met 'n dankbare gemoed aan sy weldaad⁵³ vas te hou, wat die hemelse Vader, deur Hom, oor die ganse aarde uitgestort het, en wat die verskil tussen heidendom en Christendom aandui. (p. 35)

49. Volgens die statute van die Universiteit moes daar jaarliks op die herdenkingsdag van Paulus se bekering, 'n openbare voordrag oor Paulus gelewer word. Nadat Melanchthon in 1519 die graad *Baccalaureus biblicus* behaal het en as privaat dosent 'n reeks lesings oor Paulus se Romeinebrief gelewer het, was hy die aangewese persoon vir hierdie taak. Hy het sy voordrag 'n 'kort toesprakie' ('*declamatiuncula*') genoem, terwyl dit eerder 'n inleiding oor die verhouding tussen filosofie en teologie was. Met hierdie voordrag het hy ook van die Roomse skolastiek wegbeweeg, deur die aandrag om Paulus die kern van teologiese besinning te maak. Hy beklemtoon ook die belangrikheid van die werk van die Heilige Gees. Die voordrag is aan die keiserlike gesant, Hieronymus Brunner opgedra, wat die geleentheid saam met die keurvors, Frederik die Wyse, bygewoon het (vgl. inleiding tot Melanchthon [1520] 2020f:29).

50. Naas hierdie voordrag, word die breuk met die skolastiek ook bevestig deur sy *Inleiding tot die Pauliniese filosofie* (Melanchthon [1520] 2020d). Ná sy openbare lesing op 25 Januarie 1520 oor Paulus, het hy private lesings vir die studente oor die Romeinebrief aangebied, met behulp van Erasmus se Latynse vertaling van die brief. Hy motiveer hulle om Paulus in die sentrum van hulle studie in te ruk. In hierdie lesings begin hy om die algemene hooftemas (*loci communes*) van die brief, te wete sonde, vrye wil, wet, genade en sakramente uit te lê. Hy begin om Paulus se brief met behulp van die retoriek te verklaar (vgl. inleiding tot Melanchthon [1520] 2020d:51–52).

51. Wanneer daar na 'n spesifieke afdeling in hierdie boek verwys word, sal dit voortaan deur die hoofstuk- en verskillende afdeling- (en onderafdeling-) se nommers aangedui word.

52. Melanchthon ([1520] 2020d:61) omskryf dit in sy *Inleidende lesing* beter: 'Om Christus te ken beteken nie om aan die geskiedenis van sy volbragte dade vas te hou nie, maar om erkenning te gee aan sy groot weldade [...]'.⁵³

53. Melanchthon het alreeds in sy stellings vir die baccalaureusgraad, wat hy op 09 September 1519 verdedig het, van hierdie uitdrukking gebruik gemaak. Hy ([1519] 2011b:18) stel: '9. Gevolglik is die geregtigheid 'n weldaad van Christus. 10. Al ons geregtigheid is 'n gratis toedeling van God.'

Volgens Melanchthon ([1520] 2020f:36) sien die filosowe geluksaligheid in deugdelikheid, wat berusting in die gemoed bring. Alhoewel dit 'n redelike argument is, is die probleem dat die mens op grond van sy deugdelikheid, nie totale berusting kan vind nie, aangesien die deugdelikheid wankelend is. Christus is die enigste toevlug vir die geknelde gewete, aangesien sy weldade dan genade aan die onvolmaakte deugsame mens bied en só vrede in die gemoed skep. Hierdie insig het Jode en Grieke nie geken nie. Paulus is die man wat hierdie insig aan die lig gebring het. Danksy Paulus, hoef daar nie net op Plato en Aristoteles⁵⁴ gesteun te word nie, aangesien 'die filosofie van Christus' (Melanchthon [1520] 2020f:39) die lewe, die waarheid en die lig is. Volgens die filosowe word deugdelikheid bemeester deur oefening en gewoonte, maar die ervaring leer dat dit nie werklik gebeur nie. Selfs Plato het ingesien dat die mens 'n 'innerlike katarsis' nodig het om 'n deugsame mens te wees. Volgens Paulus is dit die Heilige Gees wat die menslike gemoed verander om deugdelik te lewe. Die weldade van Christus, en die geskenk van die Heilige Gees, kan mense tot deugszaamheid begelei. Ware deugszaamheid is die pligsgevoel om liefde te beoefen uit dankbaarheid, vir die goedheid wat God aan ons bewys. Die filosofie is 'n dwaalweg, aangesien die blote menslike gemoed nie opgewasse is om God se wet te gehoorsaam nie. Die 'Goddelike weldadigheid van Christus' wat deur Paulus verkondig word, is die antwoord op die uitdaging van die wet, of menslike deugdelikheid (vgl. Melanchthon [1520] 2020f:40-43; [1520] 2020d:57-58).

Terwyl die skolastiek Christus as gawe agterweë gelaat het, en slegs op Christus as voorbeeld gekonsentreer het, het die priesters van Christus 'n 'teatergod' (Melanchthon [1520] 2020f:43-45) gemaak - 'n god wat siektes genees, familie-inkomste laat verdubbeld en onsinnige gunste uitdeel. Gemeentes het begin om vermaak aan te bied, grappies te maak en nuwe rituele te beproef. Om die kerk weer op die regte koers te kry, moet die regte kennis van Christus weer aangeleer word, en daarvoor is 'n wending in die eksegese nodig. Melanchthon ([1520] 2020f) stel dit reguit:

Die [*ware*] kennis van Christus bestaan nie daarin om die omstandighede van sy geboorte of sy wonderbaarlike inkarnasie te ondersoek nie, maar om sy weldade te erken, waarmee Hy die heil vir die wêreld geopen het, met ander woorde, om die werklike redes vir sy koms te ken [...] sowel as die redes vir sy kruisiging, wat ter wille van ons plaasgevind het. (p. 46)

Die genade van Christus is Paulus se filosofie. In hierdie filosofie gaan dit nie om die mens wat sy eie geluk deur deugszaamheid probeer bevorder nie, maar om dit wat die innerlike van die mens kán verander, sodat die beste deugszaamheid, die liefde, beoefen kan word (vgl. Melanchthon [1520] 2020f:46-49).

54. In sy *Inleiding tot Paulus se filosofie*, verwys Melanchthon ([1520] 2020d:59), ongelukkig heel onvanpas, na die Griekse filosofie as die 'ryk van die dwase'. Hierdie tipe uitsprake het hy gelukkig nie later in sy lewe weer herhaal nie.

■ 2.1.3. Eksegetiese metodes

Melanchthon was 'n humanis. Dit beteken dat hy met die oortuiging geleef en gewerk het dat die mense van sy tyd inspirasie en oriëntasie uit die geskrifte van die klassieke antieke kon put. Hy het daarom geglo dat die oorspronklike bronne van die Europese beskawing opgediep en nuut bestudeer moes word (*ad fontes*). Om dít te kon doen, moes die antieke tale weer aangeleer word. Naas Latyn, moes Grieks en Hebreeus weer bestudeer word. Dít het meegebring dat die bestudering van die Bybel by die nuwe vaardigheidsvlakke gebaat het. Teologiese eksegeese kon daarom, danksy die humanistiese gees, nuwe vlakke van wetenskaplikheid bereik (d'Assonville 2011; Jung 2010:15–17; Kuroпка 2010:11–23; Scheible 2016:12–33). Melanchthon se taalkennis was instrumenteel in sy eerste eksegetiese deurbraak, naamlik die bewys van ongeldigheid van die Middeleeuse viervoudige verstaan en uitleg van die Skriftekste (*quadrigia*). Hy het egter wel die geldigheid van 'n allegoriese interpretasie van tekste, wat met beloftes te make het, verdedig (Wengert 2017:238).

Een van die kenmerke van Melanchthon se eksegetiese metode was om Bybelboeke in hulle geheel te bestudeer. Om te ontdek wat 'n bepaalde outeur wou sê, is dit belangrik dat die hele Bybelboek bestudeer moet word. Uit enkele, losstaande gedeeltes of teksverse kan die boodskap van die outeur nie reg begryp word nie. Die geheel van 'n bepaalde Bybelboek laat die sentrale boodskap van die boek deurskemer. In sy eerste lesings⁵⁵ oor die Romeinebrief, as 'n privaat dosent in Julie 1519, het hy begin om die brief in sy geheel aan die studente te verduidelik (Melanchthon [1519] 2020g). Hy het hiermee in 1520 volhard in sy eerste volledige hantering van die brief (vgl. Melanchthon [1522] 2020a). In die wydingsbrief van sy Romeinebriefkommentaar van 1529 aan Hermann von Neuenahr,⁵⁶ het Melanchthon ([1529] 2000) sy oortuiging soos volg geformuleer:

Net so min as wat iemand die skoonheid en afmetings van 'n standbeeld vanuit sy dele [*kan*] bepaal [...] wanneer hierdie standbeeld in stukke gebreek is, net so min sal iemand die bedoeling van 'n outeur kan vasstel wanneer hy nie die werk in sy geheel ken nie. [...] Aangesien die brief van Paulus aan die Romeine van die belangrikste Christelike leerstellings bevat, en tegelyk ook 'n metode bevat wat op

55. Een jaar ná sy aankoms in Wittenberg (waarskynlik begin Julie 1519), het Melanchthon privaat lesings oor die Romeinebrief begin aanbied. Die enigste gedeelte van hierdie lesingreeks wat behoue gebly het, is hierdie inleidende gedeelte oor Paulus se retoriese sisteem (*Institutio* genoem). Sy vriend, Johannes Hess, se kopie word in die 'Biblioteek van die Christendom' in Hamburg bewaar. Melanchthon verdeel Paulus se leersisteem onder die temas *regverdiging*, *predestinasie*, *roeping van die heidene* en *lewenswandel*. Die temas *sonde*, *wet* en *genade* is belangrik vir die verstaan van die regverdiging (vgl. inleiding tot Melanchthon [1519] 2020g:11).

56. In Mei 1529 reis Melanchthon saam met die Saksiese keurprins, Johann Friedrich, na die Ryksdag van Speyer. Dáár ontmoet hy 'n humanis, wat hy sedert 1515 uit geskrifte geken het, nou in persoon: Hermann graaf von Neuenahr. As die kanselier van die Universiteit van Keulen was hy 'n invloedryke persoon wat toegang tot die keurvors- aartsbiskop van Keulen kon bewerkstellig. Samewerking tussen Sakse en Keulen kon die magsbalans in die Duitse ryk verander, en daarom het Melanchthon sy kommentaar aan hierdie magtige man opgedra (vgl. inleiding tot Melanchthon [1530] 2020c:235).

die ganse Skrif aangewend kan word, is dit nie voldoende om die een of ander vers uit hierdie brief uit te lig nie. 'n Mens moet die hele brief lees en daaroor nadink hoe die afsonderlike hoofstukke en hulle onderafdelings sinvol saam pas en ineenvleg. 'n Mens moet na die sekere, volhoubare en eenvoudige betekenis van die leer van die apostel soek, sodat die noukeurige leser deur hierdie belangrike leer onderrig kan word. (p. 471)

Melanchthon ([1522] 2020a) het hom in 1520 vir 'n jaar lank met die Romeinebrief besig gehou. Alhoewel Melanchthon nie toestemming gegee het vir die publikasie van sy *Aantekeninge oor die Romeinebrief* nie, het Luther hierdie materiaal laat druk en van 'n voorwoord voorsien.⁵⁷ Hierdie eerste (ongewensde) kommentaar op Romeine is egter die hoeksteen van dít wat later sou volg. Daar word later in die boek weer na hierdie eerste eksegetiese insigte verwys.

Melanchthon se *Kommentaar op Romeine* (1529/30/32)⁵⁸ is 'n goeie voorbeeld van sy verstaan van hierdie brief sowel as die Skrif in sy geheel. Die Romeinebrief as geheel (en nie net Rom. 1:17 nie), is vir Melanchthon die hart van die evangelie. Die eksegetiese metode wat aangewend word, moet dus die sentrale boodskap van die evangelie na vore bring. 'n Metode wat dít nie kan doen nie, is nie geskik vir bybelse eksegesis nie.

Melanchthon het in sy eksegesis die prinsipes van die retoriese gebruik. Volgens hom is Paulus se Romeinebrief 'n samestelling van retoriese eenhede. Op grond hiervan werk hy met die aanname, dat ons hier met 'n groter 'leerrede' te make het. Paulus begin sy brief met 'n inleiding (*exordium*) wat bestaan uit Romeine 1:1-15. Die inleiding berei die leser voor vir die eintlike rede wat hierna volg. Volgens 'n ou gebruik, begin Paulus sy rede met 'n aantal stellings (*propositiones*) in Romeine 1:18-31. Die twee belangrikste stellings is dat (a) alle mense aan die sonde, en daarom aan die dood onderworpe is, en dat hulle hulself nie daarvan kan bevry nie; en (b) dat mense sondevergewing ontvang op grond van die grenslose barmhartigheid van God vanweë Christus, deur die geloof, en nie vanweë hulle goeie werke nie. Romeine 4-5:11 is 'n samevatting en 'n bevestiging (*confirmatio*) van wat tot hier gesê is. Met Romeine 5:12-8:39

57. Nadat Melanchthon hom in 1519 met die Matteüsevangelie bemoei het, het hy hom in 1520 met die Romeinebrief besig gehou. Vyfhonderd studente het hierdie lesings bygewoon. Melanchthon was onwillig om sy aantekeninge te laat publiseer; Luther het egter sonder Melanchthon se medewete, hierdie inligting by 'n drukker in Nürnberg, Johann Stuchs, laat publiseer. Hy het dit ook van 'n voorwoord voorsien. Melanchthon was ontevrede, aangesien hy nog regstellings wou maak. Hy het hom eers weer in 1529-1530 met hierdie brief besig gehou. Hierdie publikasie is egter die basis waarop die latere kommentare en sistematiese handboeke gebou sou word (vgl. inleiding tot Melanchthon [1522] 2020a:68-70).

58. Die tweede weergawe van die *Loci communes* het met 'n nuwe verwerking van sy Romeinebriefkommentaar in 1532 gepaard gegaan. Hierdie weergawe van die kommentaar het Melanchthon meer sistematiese ekskursies aangebied as die vorige uitgawes. Hy het gekonsentreer op die hooftemas van die Reformasie wat tydens die Ryksdag van Augsburg (1530) aan die orde gekom het. Hierdie kommentaar is aan aartsbiskop Albrecht van Mainz, Luther se groot vyand, en later bemiddelaar by die Godsdienstvrede van Nürnberg in Julie 1532, opgedra. Melanchthon het hierdie kommentaar verstaan as 'n baken in 'vredeskeppende waarheidsoeke' (vgl. inleiding tot [1532] 2020b:317-319).

begin Paulus eintlik 'n nuwe rede, alhoewel hy slegs vanuit verskillende perspektiewe die hoofargument verder verduidelik. Volgens Melanchthon volg Paulus die dialektiese tradisie, en analiseer en ondersoek hy die belangrikste *Locī* van die Christelike leer, naamlik sonde, wet en genade. Al drie temas word volgens Melanchthon in die oorkoepelende tema van die regverdiging saamgevat. Paulus kon sy brief, aldus Melanchthon, net hier afgesluit het, maar omdat hy homself teenoor die Jode moes regverdig en verduidelik wat die ware kerk is en wie daaraan deel het, moes hy voortgaan in Hoofstukke 9-11. Ten slotte volg in Hoofstukke 12-15 'n uiteensetting van Christelikesedelike voorskrifte, met 'n groetewoord in die laaste hoofstuk (vgl. Kuroпка 2018:23-25).

Melanchthon konsentreer in sy Romeinebriefkommentaar van 1532 op twee belangrike temas, te wete die vraag na die regverdiging en die vraag na die betekenis van die werke vir die heil van die mens. Hier word slegs op sy hantering van die vraag na die werke gekonsentreer, aangesien die vraag na die regverdiging nog uitvoerige aandag gaan kry. Hy verdeel die vraagstelling in drie groepe: eerstens, die betekenis wat die werke vir die mens se regverdiging het; tweedens, die betekenis wat dit vir geregverdigde mense het; en derdens, die betekenis van die werke vir Christenwees in die wêreld. Hy gee aandag aan hierdie drie temas in die gedeelte oor die regverdiging by Romeine 6 en Romeine 12-15. Oorkoepelend wil Melanchthon twee dinge sê: Geen goeie werk dra by tot iemand se regverdiging nie, maar nogtans is goeie werke 'n bestanddeel van die gelowige se gehoorsaamheid aan God. Melanchthon probeer om hierdie dialektiek met behulp van die onderskeiding tussen persoon en werke te verduidelik. Hy (soos aangehaal deur Kuroпка 2018) sê:

Die persoon en die werke moet onderskei word. Die persoon word deur die vertrouwe op [*God se*] barmhartigheid versoen – sodat daar sekerheid kan wees – dat versoening nie van die voorwaardes van ons waardigheid en deugde afhang nie. Om hierdie rede ontvang ons die regverdiging alleen uit die geloof, dit is, alleen uit vertrouwe op die barmhartigheid, wat om Christus wil belowe word. En 'n mens kan God nie reg dien of aanroep wanneer die persoon twyfel nie [...]. Daarom moet die twyfel eers uit die persoon verdryf word. Dit geskied alleen in vertrouwe op die barmhartigheid. Later, omdat dit ook nodig is om goed te handel, word die werke na goeie waarde geskat, omdat die persoon na waarde geskat word en van twyfel bevry is. En alhoewel die werke onwaardig is – aangesien die natuur van die mens sedelik onvolmaak en ver weg van absolute vervulling van die wet is – word dit nogtans na waarde geskat en tot 'n mate as vervulling van die wet beskou. (p. 26)

Melanchthon se argument kom nie neer op die gedagte dat goeie werke nie gedoen moet word nie. Vanselfsprekend moet mense goeie werke doen – werke wat aan die eise van die wet voldoen – maar die vraag is: wat motiveer mense, en wat stel hulle in staat om dit te doen. Melanchthon, op grond van Paulus, argumenteer dat die grond vir goeie werke die wete is dat die persoon deur God se barmhartigheid aanvaar word, en dat daar nie op sy werke of sy sedelikheid staatgemaak moet word as motivering nie. Die belofte dat ek as persoon waardigheid voor God besit, bevry my van die las om waardigheid

deur my doen en late af te dwing – en dit is die evangelie soos wat ons dit in die Romeinebrief lees.

Een van die belangrike bydraes wat die Melanchthon-navorsing tot ons huidige debatvoering lewer, is die herinnering dat die Christelike geloof nie tot moraliteit verlaag mag word nie. Die vloedgolf Christelik-etiese voorskrifte, wat bloot bestaande staatswetgewing ondersteun of verder wil aktualiseer, is oorbodig en beteken niks vir niemand nie. Melanchthon het in sy Romeinebriefkommentaar daarop gewys dat Paulus se etiek nie uitvoerig genoeg is om maatskaplike gestaltegewing te bevorder nie, daarenteen het die filosofe en wetgewers dit uitvoerig en grondig gedoen. Om hierdie rede steur wetgewers hulle nie aan die gebrekkige etiese voorskrifte van die Skrif nie. Met hierdie argumentvoering breek Melanchthon met die Middeleeuse tradisie, wat die Skrif beskou het as 'n leerboek vir maatskaplike moraliteit. Die Roomse teoloë het die saak van die Christendom verswak, deur die Skrif met die filosofe te laat kompeteer oor 'n saak wat nie die kern van die Skrif raak nie, naamlik die reëls en regulasies vir die openbare orde. Paulus konsentreer nie op die openbare moraal nie, maar op die eksistensiële vraag na die regverdiging en die betekenis van Christus se weldaad vir die mensdom. Hy, soos aangehaal deur Kurovka 2018, betoog soos volg:

Die verskil tussen die apostels en die filosofe is die volgende: Eerstens leer die filosofe nie die evangelie nie. Tweedens leer die filosofe niks oor die eerste tafel van die dekaloo, die ware godsdiens, die kruis, die Goddelike hulp en die gebed nie. Hulle lewer slegs bydraes tot burgerlike wetgewing wat voortspruit uit die tweede tafel [*van die dekaloo*]. (p. 29)

Melanchthon se betoog is dat die kerk hom met sy eie temas moet besig hou, en nie napraters van denkers oor die maatskaplike lewe moet wees nie. Die kerk doen niemand 'n guns om bloot te herhaal wat die filosofe en regsgeleerdes (en sosioloë en sielkundiges) sê nie. Die kerk moet sy eie saak, en nêr sy eie saak stel, hoe vreemd dit ook al vir ander mense mag klink. Baie oortuigingswerk moet dus deur die kerk gedoen word. Om te argumenteer (soos só dikwels in ons samelewing gehoor word) dat dit met dade en nie met woorde gedoen moet word nie, plaas ons natuurlik terug by die oortuigings van die Roomse Kerk van die Middeleeue.

Melanchthon se laaste kommentaar, naamlik sy kommentaar op Kolossense⁵⁹ van 1559, *Enarratio in Epistolam Pauli ad Colossenses*, lewer ook 'n paar belangrike eksegetiese insigte op – insigte wat belangrik behoort te wees vir diegene wat nog in kerklike identiteit en tradisie belangstel. Dit gaan oor die eksegetiese verskille tussen Melanchthon en Calvyn. Melanchthon word voorgedien as die persoon wat die derde gebruik van die wet (*tertius usus legis*) uitgedink en in die teologiese debat ingebring het. Hy het dit egter vir

59. Melanchthon het vier kommentare oor die Kolossensebrief geskryf, naamlik in 1527, 1528, 1534 en 1559. Elke uitgawe het nuwe stof bevat. Dit was dus nie bloot verbeterde uitgawes van die eerste uitgawe nie.

die eerste keer eers in die Kolossensekommentaar van 1534 ter sprake gebring. Calvin wat hierdie gebruik breedvoerig uitgewerk het, moes die gedagte in hierdie kommentaar raakgesien het. Melanchthon, in teenstelling met Calvin, het die ewige wet van God egter nie vermoraliseer nie. Hy was in die eerste plek, in 'n kritiese debat met die antinomiste wat gemeen het dat die wet nie vir Christene geld nie; en tweedens met die 'Hervormingskatolieke', wat gemeen het dat die evangelie deels uit wette bestaan. Hierteenoor het Melanchthon geargumenteer dat Christene wel volgens die wet moet lewe, maar dat die wet nie 'n aspek van die evangelie is nie. Calvin het hierdie derde gebruik van die wet – riglyn vir die Christelike lewe – tot die belangrikste verhef, en verder geargumenteer dat (bekeerde) Christene, en net hulle, die wet ten volle kan gehoorsaam. Hierdie uitleg van die derde gebruik van die wet is grotendeels die rede vir die verval van die Calvinisme in moralisme. Dit verklaar die rigiditeit en morele verwaandheid van sekere Gereformeerde groeperings (vgl. Wengert 2018:33–35).

Die 1559-kommentaar, wat op sy lesings van 1555 en 1556 berus, wyk af van die styl en aanslag van sy vorige kommentare. Hy het veel minder aandag aan taalkundige en retoriese kwessies gegee, en grootliks op teologiese temas in Kolossense gekonsentreer. Sy laaste eksegetiese arbeid getuig van drie kenmerke, wat juis by Calvin ontbreek. Melanchthon was op sy oudag oortuig dat eksegetiese tematies benader moet word – net soos wat 'dogmatiek' eksegeties beoefen moet word. 'n Kommentaar kan dus tematies georden word, terwyl 'n 'dogmatiek' van eksegetiese noukeurigheid moet getuig. Bybelse tekste moet dus binne groter teologiese temas en die hoofgedagtes van die evangelie uitgelê word. Dit is hierdie deurdringing van eksegetiese en teologie wat by Calvin 'n swakheid is. Tweedens lê Melanchthon Kolossense nie teksvers vir teksvers uit nie, maar hy konsentreer eerder op die groter tema wat ter sprake is. Dit is juis Calvin se teks-*vir*-teks-eksegetiese wat die grondslag lê vir die biblisme en fundamentalisme, wat 'n lang skadu oor Afrikaanse teologie gooi. Wanneer 'n teksvers belangriker is as die groter samehang of tema, verloor die kerklike boodskap sy geloofwaardigheid. Derdens het Melanchthon op die vroeë van sy tyd in sy eksegetiese arbeid gereageer. Die Woord van God is nie dooie letters nie, maar 'n lewegewende boek. Die *destyds* van die outeur teenoor die *vandag* van die eksegeet, was nie vir Melanchthon aanvaarbaar nie. Paulus se woorde is die saak van vandag, en vandag kan opgehelder word met behulp van Paulus se teks in die verlede (vgl. Wengert 2017:238–246; 2018:36).

■ 2.2. Eksegetiese, ekumeniese belydenis en nuwighede

Melanchthon was 'n bybelse teoloog en daarom was die hart van sy teologiebeoefening die eksegetiese van die Skrif. Sy eksegetiese arbeid was egter aan die ekumeniese belydenisse gebonde. Eksegetiese binne die breë

raamwerk van die vroeg-kerklike belydenisse, was vir hom vanselfsprekend.⁶⁰ Hierdie oortuiging kom duidelik na vore in die *Voorwoord tot die voorlesing oor die Niceense Geloofsbelydenis* (Melanchthon [1550] 2011h).⁶¹ Die kerk is volgens Melanchthon, die bewaarder van die ware leer – die leer oor die wese en die wil van God soos in Christus geopenbaar.⁶² ‘Die kerk skep daarom geen nuwe leer nie, aangesien [*die leer van*] die kerk voorgestel kan word as die grammatika van die Goddelike Woord’ (Melanchthon [1550] 2011h:45). Die kerk behoort die jeug slegs te leer wat die woorde van die Skrif en die belydenisse beteken. Die kerk dra oor wat ontvang is, en dink nie nuwe leerstellings uit nie.⁶³ Om dit goed te kan doen, maak die kerk van die wetenskappe as hulpmiddel gebruik, sodat daar slim gewerk kan word en die waarheid in eensgesindheid⁶⁴ gedien kan word. In die omgang met die oorspronklike bronne (die Skrif en die belydenisse), is die kennis van die tale

60. Melanchthon ([1559] 2012a:201–205) het in sy persoonlike belydenis, *Antwoord op die Goddelose artikels van die Beierse inkwisisie*, dit nadruklik beklemtoon dat Bybelnavorsing onderhewig is aan die riglyne van die drie belydenisse van die Vroeë Kerk. In die teologie gaan dit uiteindelik oor leerbeslissings. Hierdie beslissings bepaal of iemand binne of buite die kerk is. Om buite die kerk te wees, is nie die gevolg van ’n kerkordelike proses nie, maar die konsekwensie van die eie leerbeslissing.

61. Op aandrang van Melanchthon, het die Teologiese Fakulteit in Wittenberg ’n lesing ingerig wat oor die Niceense Geloofsbelydenis handel het. Caspar Cruciger het met die lesings oor die *Symbolum Nicaenum* in 1546 begin. Ná Cruciger se dood, het Melanchthon die lesings in 1550 oorgeneem, alhoewel sy tekste deur Georg Major voorgelees is. Melanchthon het die lesings oor die Geloofsbelydenis verstaan as die saaklike voortsetting van die *Loci praecipui theologici*, wat aanvanklik op die verklaring van die hoofpunte van die Romeinebrief berus het. Reformatoriese teologie moes vir Melanchthon, in ooreenstemming wees met die leer van die Vroeë Kerk (vgl. inleiding tot Melanchthon [1550] 2011h:43).

62. Ná die mislukking van die godsdiensgesprekke van 1540–1541 in Worms en Regensburg, het die Roomse pous aangedring op ’n ‘pouslike konsilie’ om die teologiese verskille uit te klaar. Die Protestante was nie vir ’n konsilie te vinde nie, en het op ’n sinode aangedring. Op 15 September 1541 het Melanchthon ’n artikel voorgelê vir die promosie-disputasie van Georg Burmann oor die outoriteit van ’n sinode. Volgens Melanchthon ([1541] 2011d) het die kerk die outoriteit om oor Skrifuitleg beslissings te vel. By konflikte oor Skrifverstaan en Skrifuitleg, moet ampsdraers en geleerdes in die teologie byeenkom om leerbeslissings te maak, sodat verdere verwarring en onenigheid gestop kan word. Die finale riglyn vir die beoordeling van eksegetiese verskille is die belydenisse, en veral die Niceense Geloofsbelydenis, aangesien die sinode moet toesien dat die kerk sy katolesiteit behou.

63. Melanchthon het hierdie argument en woordgebruik herhalend geopper. In sy *Voorwoord tot die geskrif van Matthias Flacius Illyricus, ‘De voce et re fidei’* (Melanchthon [1549] 2012c:180), wat aan Thomas Cranmer, die aartsbiskop van Canterbury opgedra is, het hy weereens gesê dat die verkondigers van die Woord die ‘grammatika van die Goddelike Woord’ is, en nêr moet leer wat in die Bybel en die belydenisse geleer word. Hulle het nie die taak om nuwe gedagtes uit te dink en te leer nie. Die bybelse gedagtes van wet en evangelie sowel as die wil van God soos dit tot openbaring kom in die lewe en werk van Jesus Christus, is ’n groot genoeg opgawe.

64. Sedert Luther se dood in 1546 is daar gereeld op sy geboortedag openbare lesings (*Declamationen*) in die kasteelkerk oor sy lewe en werk aangebied. Melanchthon ([1548] 2011c:199–200) beklemtoon in sy voorlesing van 1548, dat Luther daarop aangedring het dat die kerk en fakulteit aan die kerklike belydenis moet vashou. Wanneer dit nie gebeur nie, sal onenigheid in kerk en samelewing losbars, die begeerte om te bid sal verdwyn, met die uiteindelige gevolg dat haat teen die godsdiens gaan ontstaan. Melanchthon verstaan die Reformatoriese terugkeer tot respek vir die Vroeë Kerk se belydenisse as ’n nuwe fase in die kerkgeskiedenis, wat hoop vir die toekoms van die kerk bied (vgl. Melanchthon [1548] 2011c:203–204).

en die filosofie van waarde. Die aanwending van hierdie kennis sal meehelp om die kerklike kategese goed en verantwoordelik te doen, sodat daar by die Skrif en die leer van die Vroeë Kerk gehou sal word (vgl. Melanchthon [1550] 2011h:46–49).

Die kern van Melanchthon ([1553] 2010) se verstaan van teologie, word uitvoerig gevind in die wydingsbrief van sy *Hoofartikels van die Christelike leer* (1553) aan Anna Camerarius.⁶⁵ Aangesien ons hier met 'n belangrike uitspraak te make het, word gedeeltes van sy argumentvoering woordeliks aangebied (Melanchthon [1550] 2011h):

Alle Christelike harte moet daagliks oor die genadige Goddelike openbaring en leer nadink, om [*hierdeur*] die vrese van die Here, geloof, troos, lofprijsing en danksegging, deur [*die bestudering van*] God se Woord en kennis daarvan, op te roep en te vermeerder. Daarbenewens moet die geskrifte van die profete en apostels en die geloofsbelydenisse die bron en fondament van die geloof wees en ten alle tye bly. Daar is egter naas hierdie geskrifte ook talle ander boeke geskryf, wat aanleiding gegee het tot allerhande strydpunte, aangesien die Goddelike spreke en die uitsprake in die geskrifte van die profete en apostels verkeerd uitgelê is. Om hierdie rede moet die opregte leraars die oorspronklike betekenis van die uitsprake van die profete en apostels verklaar en bewaar. Opregte leermeesters dink nie nuwe of eie leerstellings oor God uit nie, maar hou hulle presies aan die één betekenis, soos wat God dit in die redevoerings geopenbaar het van die geskrifte van die profete, apostels en geloofsbelydenisse. Die amp van predikant, wat God vir die openbare byeenkomste ingestel het, en ook vir die skryf [*van teologie*], het die uitsluitlike diens om aan die volk die geskrifte van die profete, apostels en geloofsbelydenisse voor te lees of voor te dra, en om daarmee – soos 'n grammatika – in herinnering te roep wat die letterlike betekenis is; wat met 'God' bedoel word [...] só ook met begrippe soos 'liggaam', 'gees', 'persoon' [*ens.*] [...] Om die regte verstaan van hierdie begrippe te bemeester en te behou, is groot wysheid en Goddelike verligting nodig. Hiertoë kan hierdie kategismus bydra.⁶⁶ (p. 77)

65. Hierdie brief kan gedeeltelik in Mundhenk et al. (2017:139–140) en volledig in Melanchthon ([1553] 2010:77–79) gevind word. Anna Camerarius (geb. Truchsess von Grünsberg) was sedert 1527 getroud aan Melanchthon se beste vriend en professor in Grieks in Leipzig, Joachim Camerarius. So ver bekend was sy die eerste vrou aan wie 'n teologiese handboek opgedra is. Sy was welbelese, en so ook Melanchthon se geesgenoot en vertroueling.

66. Melanchthon ([1550] 2011h) se eie woorde lui soos volg: '*Alle Christliche hertzen sollen teglich die gnädige Göttliche Offenbarung und Lere betrachten, Gottes forcht, glauben, trost, anruffung, dancksagung durch Gottes Wort und erkenntnis zu erwecken und zu stercken. Und sollen der Propheten und Aposteln schriffthen und die Symbola der born und quell und der grund des glaubens sein und bleiben zu allen zeiten. Das aber hernach viel Bücher geschrieben sind, ist ursach, das allerley geszenck fürgefallen ist, darinn die Göttliche Reden und die sprach in den Propheten und Aposteln in frembden verstand geführt sind. Da haben die rechten Lerer den eigentlichen verstand in der Propheten und Aposteln sprach erklaren und erhalten müssen. Denn rechte Lerer tichten nicht neue oder besondere Lere von Gott, sondern bleiben stracks in dem einigen verstand, wie sich Gott durch diese Reden geoffenbart hat, die in der Propheten und Aposteln Schrifthen und in den Symbolis gefasset sind. Und ist das gantze Predigtamt, das Gott geordnet hat in offentlichen versamlungen, auch das schreiben, nicht anders denn der Propheten und Aposteln Schrifthen und die Symbola dem Volck für lesen oder sprechen und dabey eine erinnerung thuen – wie eine Grammatica – was der Sprache warhafftiger verstand sey, was Gott genennet ist [...] was diese namen: Leib, Geist, Perfon [...] etc. bedeuten. Und ist eine hoho, grosse Weißheit und Göttlich Liecht, dieser Namen und der Sprach rechten verstand, empfahen und behalten, und sol dazu der Catechismus dienen.'*

Bogenoemde perspektief is die kern van Melanchthon se teologie. Om hierdie rede word 'n tweede gedeelte wat hiermee verband hou, aangehaal. Dit kom uit die groetwoord aan die leser van die finale weergawe van sy groot leerboek. In hierdie aanhaling word groter klem geplaas op die oortuiging dat daar in die teologie nie met nuwighede gespeel moet word nie. Melanchthon ([1559] 2018) stel dit soos volg:

Ek kom nie na vore met nuwe menings nie en ek voel dat daar geen groter oortreding in die kerk is nie, as om met nuwe menings rond te speel, wat uitgedink moes word, om op hierdie wyse van die geskrifte van die profete en apostels en van die ware getuienis van die kerk van God, af te wyk nie. Ek, egter, volg en bly naby die leer van die Wittenbergse [*teologie*] en met die kerke wat daaraan gebonde bly, wat sonder enige twyfel in ooreenstemming met die algemene kerk van Christus, [*en naamlik*] met al die geleerdes in hierdie kerk. Paulus wil dat daar beslissings oor die leer van die kerk gemaak word, sodat die waarheid onvervals bewaar word en die eendrag nie blindelings in wankeling gebring word nie.⁶⁷ (p. 2, ll. 25–32)

Melanchthon ([1559] 2018:4, ll. 1–30) beklemtoon dit ook weer in sy brief dat daar in die teologie by die leerbeslissings van die kerk gebly moet word, sodat die waarheid van die evangelie gedien en die eenheid in die kerk bewaar kan word. Wie dit nie wil doen nie, doof die lig van die evangelie uit.

Melanchthon het sy mening oor die regte wyse van teologiebeoefening tot en met sy dood verdedig (vgl. [1558] 2011a:90).⁶⁸ Dit is interessant dat Melanchthon ([1539] 2011f) dit selfs in sy *Testament* (1539)⁶⁹ gedoen het. Sy 'testament' was niks anders as 'n geloofsbelydenis nie, en 'n pleidooi aan sy kinders om getrou aan sy teologie en die Evangeliese of Protestantse Kerk te bly. Die vergewing van sondes, die regverdiging deur die geloof en die verwagting van die ewige lewe was vir hom die kern van die bybelse boodskap – en hieraan moes sy kinders vashou. Hy het hulle ook vermaan om nie vir ketterye soos dié van Servet, vatbaar te wees nie. Die Apostoliese en Niceense Geloofsbelydenisse moes naas die Bybel die hoekstene van hulle lewe bly. Hy vermaan die teoloë om die Bybelboeke (veral Romeine) duidelik en sonder verwarring en misverstande uit te lê, sodat die jeug aan die hand van Bybeluitleg goed onderrig kan word. Hy sluit sy 'testament' af deur Luther,

67. In sy eie woorde: '*non gigno novas opiniones nec aliud maius scelus esse in Ecclesia Dei sentio, quam ludere fingendis novis opinionibus et discedere a Prophetica et Apostolica scriptura et consensu vero Ecclesiae Dei. Sequor autem et amplector doctrinam Ecclesiae Wittebergensis et coniunctarum, quae sine ulla dubitatione consensus est Ecclesiae catholicae Christi, in die est, omnium eruditorum in Ecclesia Christi. Vult autem Paulus esse iudicia doctrinae in Ecclesia, ut veritas servetur incorrupta et non temere labefactetur concordia.*'

68. Twee jaar voor sy dood het Melanchthon ([1558] 2011a:90) in sy *Antwoord op die beskuldigings van Staphylus en Avius*, dit weer eens teenoor sy Roomse teenstanders herhaal dat bybelse eksegeese binne die raamwerk van die drie kerklike belydenisse gedoen moet word, aangesien die doelwit van die teologie die behoud en die bevordering van konsensus is.

69. Melanchthon het twee testamente nagelaat, die een opgestel kort voor sy dood en die ander een op 12 November 1539 toe hy baie siek was en vir sy lewe gevrees het. Hy het hierdie testament in die sorg van sy vriend, Caspar Cruciger, gelaat (vgl. inleiding tot Melanchthon [1539] 2011f:27).

keurvors Johann Friedrich van Sakse en sy broer Georg te bedank vir hulle ondersteuning, en hy sien uit na hulle verdere vriendskap in die hemelse lewe.

■ 2.2.1. Die rol van die owerhede

Dit was gedurende die sestiende eeu die owerhede (keurvorste, konings, keisers en hulle amptenare, wat regters of magistrate ingesluit het) se verantwoordelikheid om die regte leer en die welsyn van die kerk te verdedig en te bevorder. Melanchthon het die maghebbers voortdurend aan hierdie verantwoordelikheid herinner.⁷⁰ Koning Hendrik VIII van Engeland is onder andere, deeglik oor hierdie verantwoordelikheid onderrig, onder meer in 'n brief gedateer 26 Maart 1535 (vgl. Melanchthon [1535] 2011g:133-145), wat later as voorwoord tot die 1535-uitgawe van sy *Loci* (vgl. Melanchthon [1535] 2019:15-25) opgeneem is. Sy argument is dat die heerskappy van die staat (of die koningskap) 'n instelling van God is en deur Hom beskerm word, met die verwagting dat die koning (of die staat) weer die belange van die kerk moet beskerm. Dit is ook die regent se verantwoordelikheid om die kerk en so ook die evangelie, met militêre mag teen tiranne te beskerm. Hiervoor sal hulle die hemelse loon ontvang. Die koning het nie net die verantwoordelikheid om die kerk en die ware leer te beskerm nie, maar moet ook die wetenskappe en die kunste bevorder.⁷¹ Die verhoging van die algemene geletterdheidsvlakke is ook die koning se verantwoordelikheid. Deur dit alles te doen, sal die koning tot die hervorming van die kerk bydra.

Melanchthon het teen alle verwagting in hoë agting vir keiser Karel V gehad. Sy agting het met drie sake te make gehad. Eerstens het hy keiser Karel gesien as 'n keiser wat die Christelike godsdiens met alle erns beoefen het. Hy was 'n vroom en opregte Christen wat 'n voorbeeld in godsdienstige ywer en toewyding was. Tweedens het hy die insig gehad om nie aan pous Clemens VII se eis in 1530 toe te gee, om 'n konsilie byeen te roep nie. Hy het ingesien dat die Reformasie nie oor die grondwaarhede van die kerklike leer (die twee-natureleer en die triniteitsleer) gehandel het nie, en daarom nie 'n konsilie benodig het om die leerverskille te besleg nie. Hy het ook ingesien dat die leerverskille deur teologiese debatvoering besleg kan word. Derdens het hy verstaan dat hy, as keiser, die taak het om die wetenskappe te bevorder, aangesien die leer en aansien van die kerk op hierdie wyse bevorder kan word.

70. Dit het Melanchthon uitvoerig in sy leerboeke gedoen (vgl. ([1521] 1997:364-370; [1553] 2010:450-475; [1559] 2020:362-437).

71. Melanchthon ([1524] 2012b:146) het in sy *Kort uiteensetting van die vernuwende kerkleer aan landgraaf Philipp von Hessen*, dieselfde gedagtes geopper. Hy het die landgraaf daarop gewys dat 'n Protestantse vors veronderstel is om volgens die 'Christelike gewete' te regeer; om vrede in die samelewing te verseker; die kerklike leer te beskerm; en om die wetenskappe en kunste te bevorder, sodat die jeug, die 'plantskool vir 'n suksesvolle samelewing', daarby kan baat.

In hierdie opsig het die keiser die regte voorbeeld vir die keurvorste gestel (vgl. Melanchthon [1559] 2011e:256–268).

■ 2.3. Sistematisering van die eksegetiese insigte

Melanchthon was nie net 'n uitstaande eksegeet nie, maar ook 'n gerespekteerde sistematiese denker. Sy kommentare het op sistematiese leerboeke uitgeloop, terwyl sy leerboeke oor die Christelike geloof op eksegetiese arbeid berus het. Wat hier volg, is 'n daarstelling van sy sistematiese denke oor sy eksegetiese ontdekkings. Vervolgens word dus gekonsentreer op die sentrale perspektief van sy Reformatoriese leer, naamlik die onderskeid tussen wet en evangelie.⁷²

■ 2.3.1. Die wet

Volgens Melanchthon kan die evangelie nie sonder die wet (*de lege*) begryp word nie. Die begrip, *wet*, is een van die hoofbegrippe van die Romeinebrief (3:20; 7:7) en sodoende ook van die Christelike godsdiens. Daarom het hy in al die uitgawes van sy leerboeke uitvoerige aandag aan hierdie begrip gegee: 'Die wet dui stellend aan wat goed is en dit verbied wat sleg is vir die lewe' (*'Est autem lex sententia, qua bona tum praecipuntur tum mala prohibentur'*) (Melanchthon [1521] 1997:100, ll. 4). Dat die 'wet' gehoorsaam moet word, is so duidelik soos daglig. Die vraag is egter: Moet alles wat beveel word, gehoorsaam word? Is alles wat as 'wet' aangebied word, die wet van God wat onverkort vir alle mense geld? Laastens, wat baat dit om wette te gehoorsaam, en in wie se belang is dit dat daar wetsgehoorsaamheid is? Dit behoort dus duidelik te wees dat daar nie ongenueanseerd oor 'wet' gepraat kan word nie. Daar moet duidelik gevra word wat onder die begrip *wet* verstaan word, wat deur wetsgehoorsaamheid godsdienstig bereik kan word, en wat wetsgehoorsaamheid sosio-polities tot die goeie funksionering van die samelewing bydra. Talle onnodige en venynige debatte kan vermy word, deur kennis te neem van Melanchthon se presisering van hierdie vraagstellings.

■ 2.3.2. Wat word onder 'wet' verstaan?

Melanchthon ([1521] 1997:100, ll. 5) wys daarop dat 'daar noukeurig onderskei moet word tussen natuur-, Goddelike- en menslike wette' (*'legum aliae naturales sunt, aliae divinae, aliae humanae'*). Indien hierdie drie gestaltes van die wet nie noukeurig onderskei word nie, kan die unieke boodskap van die evangelie verlore gaan. Hy het reeds in die eerste uitgawe van sy *Algemene*

72. Die onderskeid tussen *wet* en *evangelie* was 'n vreemde gedagte vir die Roomse skolastiek. Melanchthon het hierdie beginsel uit Luther en Erasmus se Paulus-eksegese geleer en oorgeneem (vgl. Van Wyk 2019:135–136 vir meer inligting).

temas van die teologie [Loci communes], aangedring op verskillende hanteringsmaniere van die tema: *wet*. Melanchthon ([1521] 1997:110, II. 46) ver wag dat wanneer daar oor die bybelse wette gepraat word, noukeurig tussen moraal-, justisiële- en seremoniële- wette (*aliae morales, aliae iudiciales et aliae ceremoniales*) onderskei moet word. Indien daar nie onderskei word nie, sal die Christelike godsdiens maklik bespotlik gemaak kan word. Die tema oor die wet geniet in Hoofstukke §3 en §7 verdere aandag. In verskillende paragrawe, onder verskillende opskrifte sal in diepte aandag gegee word aan die verskillende gestaltes van die wet. Hopelik sal die behandeling van die tema in verskillende hoofstukke, tot beter begrip bydra.

■ 2.3.3. Die gebruike van die wet

Volgens Melanchthon ([1559] 2018:264, I. 20–266, I. 6) is dit duidelik dat die wet van God absolute gehoorsaamheid verlang, maar dat die mens as gevolg van die sonde (d.i. twyfel aan, wantroue in, disrespek asook gebrekkige liefde vir God) nie aan hierdie verwagting kan voldoen nie (Rom. 7 en 8). Om hierdie rede is die mens, volgens die oordeel van God, nie regverdig⁷³ nie. Die wet en wetsgehoorsaamheid kan daarom nie as die weg tot regverdiging gebruik word nie. Die evangelie van sondevergewing en genade is die weg tot regverdiging voor God. Daarom die vraag: Wat is die nut of die belang van die wet? Hoekom nog aan die wet aandag gee? Volgens Melanchthon ([1559] 2018:266, II. 6) is daar drie verantwoordelikhede (*tria legis officia*) gekoppel aan die wet; of anders gestel, daar is 'n drievoudige gebruik van die wet (*triplicem usum*).

Die *eerste gebruik*, of verantwoordelikheid of nuttigheid van die wet, het met opvoedkunde (*paedagogicus*) en politiek (*politicus*) te make. God wil dat alle mense, ook nie-Christene (1 Tim. 1:9), deur die wet binne grense en perke gehou word. Deur middel van die wet moet die samelewing ordelik en vreedsaam bestaan. Die mensdom moet daarom oor die volgende vier sake onderrig word: Dat dit God se wil is dat sy wet gehoorsaam sal word; dat straf vermy sal word deur gehoorsaamheid; dat die openbare vrede deur wetsgehoorsaamheid bevorder sal word; dat almal op grond van wetsonderrig Christus eventueel sal kan ontdek (vgl. Melanchthon [1559] 2018, 266, I. 7–268, I. 15).

Die *tweede gebruik*, of verantwoordelikheid van die wet, is om mense te onderrig oor sonde en die oordeel van God. As gevolg van die sonde word ons voor God aangekla, en kom ons voor sy oordeel te staan. Sy oordeel is 'n toornige oordeel, en ons kan alleenlik op grond van die versoeningswerk van

73. Om nie 'regverdig te wees nie', beteken minstens die volgende: Om nie aan God se verwagtings te voldoen nie; om nie sy guns deur gebrekkige gehoorsaamheid te wen nie; om nie mens te wees soos God dit verlang nie; en om nie deur God aangeneem te word nie.

Jesus Christus vrygespreek word. Op grond van Romeine 1:18 stel Melanchthon ([1559] 2018:270, ll. 6–8): '[...] dat die hemelse stem in die kerk weerklink deurdadit God se toorn oor die sonde verkondig' (*'Hic testatur coelestem vocem in Ecclesia sonare, quae iram Dei denuntiat adversus hominum peccata'*). Die voordra van die wet in die kerk het daarom die funksie, dat onvolmaakte wetsgehoorsaamheid die toorn van God oproep, en dat hierdie wete gelowiges in die arms van Christus dryf. Politici en regsgeleerdes heg geen waarde aan hierdie funksie nie, aangesien dit oor God en sy reaksie op die sonde gaan.

Die *derde gebruik* of *funksie* van die wet, het met die 'wedergeborenes' (*'renata'*) soos Melanchthon die gelowige Christene noem, te make. Diegene wat deur die geloof geregverdig is, word nie van wetsonderhouding vrygespreek nie. Ten spyte van die belofte van sondevergewing, word daar nogtans van gelowiges verwag om die wet te gehoorsaam. Melanchthon ([1559] 2018) vat dit mooi saam as hy stel:

Ook wanneer ons daarom bevry is van die wet, naamlik van die verdoemenis [*van die wet*], omdat ons geregverdig is deur die geloof in die Seun van God, bly die wet nogtans geld, omdat dit tot die gehoorsaamheid hoort, dat [*ook*] die geregverdigdes gehoorsaamheid aan die wet moet betoon.⁷⁴ (p. 272, ll. 23–26)

■ 2.3.4. Die sedewet en die natuurwet (moraliteit en denke)

Een van die uniekhede van Melanchthon se teologie, is dat daar 'n noue band tussen geloof en rasonale denke bestaan. Geloof is denkende geloof, en Christelike moraal kan nie sonder intellektuele oordeel oortuig nie. Die wyse waarop Melanchthon geloof en rasionaliteit saambind, is om die natuureg (*lege naturae*) in sy teologiese nadenke te inkorporeer. Net soos God lig in mense se oë gegee het, so het Hy ook aan mense die vermoë gegee om dinge te ken en te beoordeel. Mense kan wetenskap beoefen, maar kan ook tussen goeie en slegte handelings onderskei, en weet daarom ook dat God se wet gehoorsaam moet word. Mense bereken, analiseer en beoordeel gedrag op 'n daaglikse basis, maar weens twyfel (*dubitatio*), word God nie altyd vereer en sy gebooe gehoorsaam nie. Die rede hiervoor het met 'menslike trots' (*contumacia*) te make. Die twyfel en die trots is die bewys dat die natuur van die mens beskadig is (weens die sonde). Een van die gevolge van die sondeval is dat mense nie noodwendig geregtigheid ken nie, nie huiwer om ongeregtheid te institutionaliseer nie, omdat God se wil nie geken en gerespekteer word nie, maar om eerder op eie krag en insig te vertrou. Volgens Melanchthon ([1559] 2018:256, l. 11–258, l. 11) beteken dit egter nie dat alles

74. Melanchthon se woorde is: '*Ideo etsi liberati sumus a lege, videlicet a damnatione, quia iusti sumus fide propter filium Dei, tamen quod ad obedientiam attinet, manet lex, videlicet, quia manet ordinatio divina, ut iustificati obediant Deo.*'

verlore is nie. Die Goddelike wet is in die natuurwet (die natuurlike aanvoeling vir reg en geregtigheid) ingeplant. Die mens as beelddraer van God⁷⁵ het ten spyte van die sondeval, tog nie alles verloor wat menswees uitmaak nie. Die mens is nog steeds beelddraer van God, al is hy dit nie meer ten volle nie. Met sy redelike vermoëns kan hy nog steeds vermoed dat daar 'n God moet wees, en kan hy nog steeds morele oordele vel, al ken hy nie in 'n absolute sin die verskil tussen goed en kwaad nie. Die belangrike punt is egter dat die mens, naas gehoorsaamheid aan God se wet, nog steeds sy menslike verstand moet gebruik om so menslik moontlik te handel.

■ 2.3.5. Die evangelie

Melanchthon werk met die hermeneutiese sleutel van die onderskeid tussen wet en evangelie. Nadat sy verstaan van die *wet* daargestel is, word daar nou aandag aan sy verstaan van die *evangelie* gegee.

Melanchthon het in die eerste weergawe van sy *Loci* ([1521] 1997:162-175), epogmakende verklarings van die begrip *evangelie* gemaak. Die volgende aanhaling (Melanchthon [1521] 1997) lui die tema goed in:

Die Skrif, in sy geheel gesien, bestaan uit twee dele; uit die wet en die evangelie. Die wet hou die onde voor oë, [*en*] die evangelie die genade; die wet wys die siekte uit, [*en*] die evangelie die geneesmiddel. Die wet is 'n dienaar van die dood – om die woorde van Paulus te gebruik – die evangelie [*daarenteen dien*] die lewe en vrede. 'Die wet is die krag van die sonde' [1 Kor. 15:56], die evangelie is 'krag tot heil vir elkeen wat glo' [Rom. 1:16].⁷⁶ (p. 158, l. 4-160, l. 4)

Wat egter goed begryp moet word, aangesien daar gereeld misverstande na vore kom, is dat 'wet' nie tot die Ou Testament en 'evangelie' nie tot die Nuwe Testament beperk word nie. In die Ou Testament is daar ook evangelie, terwyl daar in die Nuwe Testament ook wet is.⁷⁷ Die geheim van teologiebeoefening

75. Daar word in §3.1.2. en §7.4.2 verdere aandag aan die mens as beeld van God en die verliese ná die sondeval gegee.

76. Melanchthon beweer: '*Duae in universum scripturae partes sunt, lex et evangelium. Lex peccatum ostendit, evangelium gratiam. Lex morbum indicat, evangelium remedium. Lex mortis ministra est, ut Pauli verbis utamur, evangelium vitae ac pacis: Lex virtus peccati est, 'evangelium virtus salutis omni credenti.'*

77. Melanchthon ([1553] 2010:307-309) het in die Duitse weergawe van sy *Loci*, die *Hoofartikels van die Christelike leer*, 'n kort hoofstuk oor die verskil tussen die Ou en Nuwe Testament, waarin die kern van sy argumentvoering verduidelik word, opgeneem. Hy wys daarop dat die woord *testament* in Hebreeus verbond, belofte of verpligting beteken. Die Ou Testament of die ou verbond bevat ook beloftes, en hierdie beloftes is 'n voorspel tot die beloftes oor die weldade van Jesus Christus. Die wette en die seremonies in die Ou Testament het wel waarde en betekenis op sigself, maar maak nie die kern van die Ou Testament uit nie. Die kern is in die beloftes van die profete te vind. Die kern van die Nuwe Testament daarteenoor, is in die beloftes van sondevergewing en nuwe lewe te vind. Die beloftes van genade is die nuwe verbond, of die nuwe ooreenkoms tussen God en die mens. Die wet en voorskrifte vir die moraal kom ook in die Nuwe Testament voor, maar daar moet voortdurend tussen wet en evangelie onderskei word. Die geregtigheid waarvan die Nuwe Testament getuig, berus nie op die vervulling van moraalvoorskrifte nie, maar op geloof wat deur die Heilige Gees gewek word. Dieselfde gedagtes word gevind in die laaste Latynse weergawe van sy *Loci praecipui theologici*, en wel op 'n omvattender wyse (Melanchthon [1559] 2018:462-498).

is om voortdurend tussen wat wet is en wat evangelie is, te onderskei (vgl. Melanchthon [1521] 1997:160, II. 5–6). Die volgende verklaring ten opsigte van wat Melanchthon ([1521] 1997) onder evangelie verstaan (*quid evangelium*), verdien om aangehaal te word:

Soos wat die wet aandui wat reg is en die sonde ontbloot, so is die evangelie die belofte van die genade of die barmhartigheid van God, en só die vergewing van sondes en die getuienis van God se toewending tot ons. Deur hierdie getuienis moet ons harte, danksy die sekerheid van die goedheid van God, glo dat al ons skuld vergewe is, en moet ons [*onophoudelik*] met opgewektheid God liefhê, loof, [*en*] in God vreugdevol en juigend bestaan [...].⁷⁸ (p. 162, II. 10)

Melanchthon verstaan onder ‘evangelie’ al die beloftes van nuwe lewe. Die eerste belofte, die eerste evangelie (*ea prima promissio est, primum evangelium*), is aan Adam gerig. Hy word ’n nuwe lewe (al is dit oos van Eden) belowe. Die tweede is aan Abraham gerig. Hy ontvang die belofte van ’n groot nageslag en derhalwe van voortbestaan. Die beloftes wat deur die profete bekendgemaak is, word Christologies deur Melanchthon geïnterpreteer. Tekste soos Deuteronomium 18:17, 2 Samuel 7:12 en Esegieël 34:23 word almal as heenwysend na Christus verstaan. Die beloftes van nuwe lewe in Christus het, volgens Melanchthon nie ewe skielik uit die lug geval nie, maar is eeue lank deur die profete voorspel. Ook in die Ou Testament is die evangelie (van Jesus Christus) te vind. Die Ou Testament is nie net wet nie, en handel nie net oor moraliteit nie. Jesus is nie die nuwe Moses nie, en Moses het nie niks met Christus te make nie. Wat uiteindelik belangrik is, is volgens Melanchthon ([1521] 1997) die volgende:

Nogtans is dit nie die eerste en eintlike amp van Christus om wette te maak nie, maar om genade mee te deel. Moses is die wetgewer en regter, Christus is [*egter*] die redder [...]. Die wet verdoem, aangesien dit nou eenmaal nie deur ons [*ten volle*] nagekom kan word nie. Christus gee, ten spyte van die sonde, genade aan hulle wat glo.⁷⁹ (p. 174, II. 46)

Melanchthon ([1521] 1997) het ’n bondige samevatting in 34 stellings gemaak – dit handel oor die verhouding tussen wet en evangelie en bied ’n handige oorsig oor die hele tema. Enkele van hierdie stellings verdien om aangehaal te word:

- I. Die wet is ’n grondstelling (*doctrina*) wat voorskryf wat te doen en te late is.
- II. Die evangelie is die belofte van die genade van God.
- III. Die wet verlang die onmoontlike: die liefde tot God en die naaste.

78. Melanchthon verduidelik: ‘*Sicut lex est, qua recta mandantur, qua peccatum ostenditur, ita evangelium est promissio gratiae seu misericordiae dei adeoque condonatio peccati et testimonium benevolentiae dei erga nos, quo testimonio certi animi nostri de benevolentiae dei credant sibi condonatum omnem culpam et erecti ament, laudent deum, exhilarentur et exultent in deo [...].*’

79. Melanchthon stel: ‘*Tamen non est Christi primum ac proprium officium legem condere, sed gratiam donare. Moses legum lator est et iudex, Christus salvator [...]. Lex damnat, quandoquidem per nos ei satisfieri nequit, Christus gratiam peccati donat credentibus.*’

- IV. Die pogings om die wet met die kragte van die natuur of die vrye wil uit te pers, bring slegs uiterlike werke voor; dit bring egter nie affekte [*emosies, gevoelens of drange*] voor wat die wet verlang nie.
- VI. Daarom is die regverdiging nie 'n werk van die wet nie.
- X. Ons geregtigheid is die geloof waarmee die evangelie geglo word, wat heenwys na Christus [...] deur wie die genade geskenk word.
- XI. Aangesien hierdie geloof alleen regverdig, word ons verdienstes en ons werke glad nie in ag geneem nie, maar die verdienste van Christus alleen (*'sed solorum meritorum Christi'*).
- XII. Hierdie geloof skenk vrede en opgeruimdheid (*'pacificat et exhilarat'*).
- XIII. En [*hierdie geloof*] bring mee dat ons aan God wederliefde skenk weens hierdie groot weldaad [...] só is die liefde tot God 'n vrug van die geloof (*'adeoque amor dei fructus fidei est'*).
- XVI. Die menslike rede vrees God nie en glo ook nie in Hom nie, maar wil niks van Hom weet nie en verag Hom [...]
- XIX. Eers dán wanneer God die menslike hart met die evangelie ophef en troos, deur te wys op Christus, gee die mens erkenning aan God, aangesien hy sy mag en liefde leer ken het.
- XXIV. Deur die wet word slegs aardse dinge, soos die land Kanaän, belowe.
- XXV. Die evangelie is die belofte van die genade (*'Evangelium est promissio gratiae'*), of die vergewing van sondes deur Christus.
- XXXI. Die beloftes van die Ou Testament is heenwysings na die komende Christus, en in soverre beloftes van die genade [...]
- XXXIII. Slegs diegene het egte geloof [...] wat die blik op [...] Christus, as die waarmerk van God se barmhartigheid, rig. (pp. 280, l. 200–286, l. 234)

In die tweede, nuutverwerkte weergawe van sy *Loci* ([1535] 2019:116–126), wys Melanchthon op inligting wat nie algemeen bekend is nie, naamlik dat die woord *evangelie* nie 'n nuutskepping van die Bybelskrywers was nie. Hy wys op Homerus, Aristophanus en Isocrates wat ook die woord gebruik het en met die idee van goeie nuus in verband gebring het. Die apostels het egter 'n eie inhoud aan die woord gekoppel, naamlik dít wat in teenstelling tot die wetsgodsdienst van die Jodedom staan, te wete die beloftes van nuwe lewe en genade wat in die geloof aangeneem moet word.

Die Duitse weergawe van Melanchthon se *Hoofartikels van die Christelike leer* ([1553] 2010:249–258) bevat 'n veel omvattender verduideliking van die begrip *evangelie* en verdien om aangehaal te word, aangesien hierdie bewoording die brug slaan na die regverdigingsleer en die ekklesiologie. Melanchthon ([1553] 2010) formuleer dit soos volg:

Die evangelie is Goddelike prediking, waardeur alle mense, nadat hulle die prediking van God se toorn as gevolg van die sonde gehoor het, en werklik geskrik het vir God se toorn, hierdie allergenadige belofte voorgedra word, dat God aan hulle werklikwaar, om die Heer Christus se ontwil, genadiglik, sonder hulle verdienste, vergewing van die sonde, toerekening van die geregtigheid, die Heilige Gees en die

erflating van die ewige lewe wil skenk, [op voorwaarde dat] die belofte deur die geloof in ontvangs geneem sal word.⁸⁰ (p. 250, ll. 7-13)

Melanchthon ([1553] 2010:250, l. 14-251, l. 30) is van mening dat hierdie prediking van Christus,⁸¹ indien dit reg verstaan en eerbiedig word, die verskil tussen die kerk van God en ander volke aan die lig laat kom. Hierdie troosboodskap is die kern van die kerklike verkondiging, en waar hierdie boodskap nie reg verkondig word nie, is daar nie sprake van kerk nie. Plato, Aristoteles en ander filosowe het uitnemende dinge oor die wet geleer, maar hierdie natuurlike insig het hulle nogtans nie aanleiding gegee om oor vergewing van sondes te skryf nie. Hierdie geregtigheid, die geregtigheid van rasonele insig oor wat goed en wat reg is, is nie die geregtigheid wat Christus as 'n gawe skenk nie. Daarom is die kerk iets anders as wat menslike insigte na vore kan bring.

In die finale uitgawe van sy *Loci*, beantwoord Melanchthon ([1559] 2018:308-318) die vraag hoekom die belofte van die evangelie vir die mens van belang is. Die mens, as rasonele wese, het 'n natuurlike aanvoeling van wat reg en verkeerd is, maar het geen behoefte aan vergewing en nuwe lewe nie. Dat God barmhartig is en die troos van nuwe lewe skenk, weet ons slegs op grond van sy openbaring. God het sy beloftes van vergewing en lewe aan Adam, Moses en die profete bekend gemaak, en só het 'die troos nie in die eerste kerke ontbreek nie' (*'ne deesset consolatio primae illi Ecclesiae'*). Die filosowe (soos Xenophanes en Cicero) het soos Moses, voortreflike dinge oor die wet geleer, maar getwyfel of daar 'n God is, en indien Hy bestaan, of Hy genadig is en gebede aanhoor en verhoor. Die besef dat onvolmaakte wetsgehoorsaamheid sonde is, en dat vergewing van sondes in die mens se beste belang is, ken die filosowe nie - dit kan slegs aan hulle geopenbaar word. Die openbaring of die bekendmaking van God se barmhartigheid danksy Christus, open die oë vir die sonde, God se toorn en sy genade. Wanneer die belofte van die evangelie deur die kerklike verkondiging bekendgemaak word, open dit die oë van diegene wat op grond van hulle eie menslike insig, nie hieraan sou dink nie. Die verkondiging van die evangelie open dus nie net die hart nie, maar ook die verstand vir die bestaan en goedheid van God, en daarom is daar rede genoeg om die evangelie te verkondig.

80. Melanchthon formuleer soos volg: *'Evangelium ist die gottliche predigt, darinn alle menschen, nach dem sie die predigt von gottes zorn wider die sund gehort haben und warhafftiglich erschrecken vor gottes zorn, dise aller gnedigste Verheissung furgetragen wirt, das yhnen gott gewisslich umb des Herrn Christi willen, gnediglich, one yhre verdienst geben wolle vergebung der sunden und zurechnung der gerechtikeit, heiligen geist und erbschafft des ewigen lebens, welche verheissung durch glauben soll empfangen werden.'*

81. Vergelyk De Groot (2011) vir 'n goeie oorsig oor die ontwikkeling van Melanchthon se homiletiek vanaf 'n Middeleeuse sedelike bekeringsprediking, tot by 'n Reformatoriese aard van Christusprediking.

■ 2.4. Oorsig

Hierdie hoofstuk handel oor Melanchthon as bybelse teoloog. Daar is 'n oorsig van sy kommentare gegee. Sy breuk met die Roomse skolastiek is aan die hand van sy Romeinebriefkommentaar (wat verskillende uitgawes beleef het) bespreek. Sy eksegetiese metodes, met klem op die verband tussen eksegeese en kerklike belydenis, geniet aandag. Sy kritiek op 'eksperimentele teologie' sowel as die rol wat die maghebbers (of owerhede) het om die belydenisstand van die kerk te verdedig en te handhaaf, geniet ook aandag. Die derde tema van die hoofstuk handel oor die sistematisering van sy eksegetiese insigte. Dit gaan veral oor die verhouding tussen wet en evangelie. Daar word verklaar wat onder 'wet' verstaan moet word, en wat die funksies van die wet is. Wat Melanchthon onder 'evangelie' verstaan, word 'n paar keer gedefinieer. Die verhouding tussen die sedewet en die natuurwet, of die verhouding tussen maatskaplike moraliteit en Christelike deugdelikheid word ook bespreek. Opmerkings word gemaak oor die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament, asook die verskille tussen Melanchthon en Calvyn oor eksegetiese metodes.

Antropologie

Aan die een kant is Philipp Melanchthon se teologie maklik verstaanbaar, maar aan die ander kant tog baie kompleks. Dit is maklik verstaanbaar aangesien hy nie met opskrifte, woorde en verwarrende sinskonstruksies die pretensie van geleerdheid wou skep nie. Hy was geleerd, en almal weet dit. Sy teologie is kompleks, aangesien dit telkens met elke tema nuut begin en met 'n nuwe invalshoek oor die geheel van die evangelie gedink het. Herhaaldelik begin hy van voor af, en eindig hy weer waar hy vantevore alreeds geëindig het. Die volgorde van hoofstukke in hierdie boek mag ondeurdag voorkom, maar is beslis nie die resultaat van willekeur nie. Om sy antropologie vóór sy Godsleer of sy regverdigingsleer ter sprake te bring, verklap iets van die intellektuele en eksistensiële diepte van sy teologie.

■ 3.1. Wat is die mens?

■ 3.1.1. Die mens as beeld van God

Melanchthon neem die Christelike gebed as invalshoek om oor die mens na te dink.⁸² In sy uitleg van die eerste gebod, argumenteer hy dat die mens geskape is om God te ken, te eer en aan te roep. Wanneer die mens dít doen, kan hy

82. Hier is nie ruimte om aan sy filosofiese antropologie aandag te gee nie. Belangstellendes kan na Bihlmaier (2017) kyk vir 'n goeie oorsig. Holm (2017) bied egter 'n handige oorsig oor sy teologiese antropologie.

daarop aanspraak maak om 'beeldraer van God te wees'. In sy Duitse *Loci* formuleer Melanchthon ([1553] 2010) dit soos volg:

Die engele en mense is in die besonder geskape om die ware God te ken, en dat ons Hom [*in hierdie proses*] gelykvormig sal wees, [*met die implikasie dat ons*] Hom reg sal ken, aanroep, prys en liefhê en weet dat Hy werklik bestaan en lewe, en dat Hy wysheid, geregtigheid, voedsel en alle [*ander*] goeie dinge gee, en [*dat ons*] Hom daarom dankbaar en gehoorsaam sal wees, ensovoorts. (p. 183, ll. 20–24)

Die saak van die 'beeldskap van die mens' is egter 'n gekompliseerde saak. Die hoofstuk oor die vrye wil van die mens in die Duitse *Loci*, brei uit oor wat dit beteken dat die mens beeldraer van God is. Melanchthon ([1553] 2010:139, l. 28–140, l. 11) verduidelik die aangeleentheid soos volg: Dat die mens as beeld van God geskape is, impliseer dat hy die verstandvermoë het om somme te maak en tot allerhande insigte te kom. Die sonde het geen invloed op hierdie vermoë nie. Wat wel ná die sondeval verander het, is die volgende: Die uitsonderlike wysheid waaroor die mens voor die sondeval beskik het, was om God se wet te ken, en om tussen ware deug en ondeug te onderskei. Op grond van hierdie vermoë, was die mens sonder huigelary. Sy hart was vol liefde vir God en daar was geen verlange na die bose nie. Sy wil was ook vry, wat beteken dat sy verstand kon kies om die wet algeheel te gehoorsaam, en so was daar eenstemmigheid tussen sy hart, wil, begeerte en daad. Dit alles was só, tot en met die sondeval.

■ 3.1.2. Die mens met 'n vrye wil in uiterlike dinge⁸³

Een van die groot misverstande aangaande die Reformatoriese teologie, het met die voorstelling van die beeld van God ná die sondeval te make.⁸⁴ Daar is van talle kansels af verkondig dat die mens ná die sondeval tot absoluut niks in staat is nie. Alles wat die mens aanpak, is met die sonde bevlek, en daarom verdoem tot mislukking. Hierdie standpunt het tot 'n baie negatiewe siening van die teologie bygedra. Melanchthon kan help om die misverstande en die oningeligtheid op te helder.

Die vraagstelling oor die menslike vermoë ná die sondeval, is in die sestende eeu gedebatteer onder die tema van die vrye wil van die mens. Melanchthon het talle kere in sy sistematiese geskifte aandag aan hierdie tema gegee (vgl. [1521] 1997:24–46; [1535] 2019:63–69; [1553] 2010:135–159; [1559] 2018:122–148). Hy het ook in sy belydenisskrifte, en wel in Artikel XVIII aan hierdie tema aandag gegee (vgl. Melanchthon [1530] 2014b:112–114; [1531] 2014a:548–552). Hier word nou op sy verduideliking van hierdie saak in sy

83. Vergelyk Vos (2011) vir 'n goed-bereedeneerde uiteensetting van 'n baie komplekse saak. Die historiese ontwikkeling van Melanchthon se denke word verhelderend aangebied.

84. Daar is reeds in §2.3.4. aandag aan hierdie tema gegee, en daar sal ook weer in §7.4.2. enkele opmerkings hieroor gemaak word.

'persoonlike belydenis', *Antwoord op die Goddelose artikels van die Beierse inkwisisie* ([1559] 2012a:220–236),⁸⁵ gekonsentreer. Melanchthon ([1559] 2012a:220) maak in Artikel XXII gebruik van die opskrif⁸⁶ 'óf daar geglo kan word dat die mens 'n vrye wil het?' Dit gaan dus ten diepste hier oor 'n geloofsvraagstuk, en nie oor 'n vraagstuk van die filosofiese antropologie nie. Melanchthon erken uit die staanspoor dat elke mens, ook afvallige mense, in uiterlike aangeleenthede 'n vrye wil het. Mense kan besluit om moord te pleeg, of om dit nie te doen nie. Die in-sonde-gevalle-mens beskik dus oor die vryheid van oordeel en keuse in sake wat met die algemene gang van die lewe te make het. Elke mens het dus die 'geesteskrag' om self besluite te neem – besluite wat goed of sleg kan wees. Mense is dus aanspreeklik vir hulle besluite en dae, en kan daarom deur die staat (of deur God self) beloon of gestraf word. Mense het dus 'n goeie aanvoeling vir reg en geregtigheid, en daarom is dit nodig dat God as regverdige en finale regter sal optree. Menslike besluite en gedrag word egter deur twee dinge beïnvloed, naamlik menslike swakhede en duiwelse invloed. Die menslike verstand kan deur onsinnige gedagtes en waansinnige voorstellings verlei word om oneties op te tree. Hierdie neigings kom van kindsbeen af voor. Die oorsprong van die sonde word teruggevoer na die neigings om God nie te eer en te vertrou nie. Om van God verlos te wees, lei noodwendig tot selfliefde, wat nie ruimte laat vir God se gebod nie. Die 'eiesinnige hart' is wat aanleiding gee tot wangedrag. Die verwronge natuur van die mens kan ook nog met duiwelse neigings soos massamoorde en vernietigingsorgies besmet word. Melanchthon verwerp die 'waansin' van die Stoïsyne en die Manicheïsme, naamlik dat goed en sleg op grond van noodwendigheid gebeur. Wanneer alles op grond van noodwendigheid gebeur, is menslike verantwoordelikheid en sorgvuldigheid nie nodig nie. Binne hierdie filosofie bestaan daar nie so iets soos menslike vryheid nie. God kan egter nie vir alles verantwoordelik gehou word nie: Hy wil nie die sonde hê nie, en is ook nie die oorsprong van die bose nie. Die menslike en duiwelse wil misbruik die vryheid om die sonde te pleeg, maar is onder geen dwang om dit te doen nie. Die mens bly verantwoordelik vir wat verkeerd loop in die lewe, en skuldverplasing kan nie as 'n ontduikingsmeganisme gebruik word

85. Hierdie één geskrif is nie verteenwoordigend van Melanchthon se menings oor hierdie saak nie. Hy het in sy loopbaan verskillende aksente geplaas, wat vanselfsprekend tot verskillende resepsie-tradisies aanleiding gegee het. Vergelyk onder andere Peters (1979:64–73).

86. In die eerste uitgawe van die *Loci*, formuleer Melanchthon ([1521] 1997:24): 'Oor die geesteskragte van die mens, in die besonder die vrye wil / *De hominis viribus adeoque de libero arbitrio*'. In die Duitse weergawe ([1553] 2010:135) onderskei Melanchthon die twee sake deur te stel: 'Oor die menslike kragte [of *vermoëns*] en die vrye wil / *Von menschlichen Kreften und vom freyen Willen*'. In die laaste weergawe van die *Loci* (Melanchthon [1559] 2018:122), is dit duidelik dat die 'vrye wil' eerder met die 'vrye oordeelsvermoë' vertaal moet word: 'Die geesteskragte van die mens óf die vrye oordeelsvermoë / *De humanis viribus seu de libero arbitrio*'. Ook die spelwyse is aangepas. Die verskil in opskrifte is 'n vermaning om noukeurig te lees en om nie te veronderstel wat hy geskryf het nie. Sy laaste, persoonlike verklaring van hierdie tema gee sy finale mening oor hierdie saak.

nie. Die gang van die lewe bly in God se hand, maar Hy gee ons geleentheid om selfstandig te besluit en te handel.

Melanchthon voer ook 'n tweede argument aan, wat niks met algemene uiterlike menslike handelings te make het nie. Dit konsentreer op die teologiese vraagstelling hoe die gelowige, die bekeerde en wedergebore mens – die mens onder die leiding van die Heilige Gees – uit innerlike beweegredes aan die diepste intensie van God se gebod gehoorsaam kan wees. Die fokus val op die dwalings van Pelagius. Pelagius verwerp die leer van die erfsonde en meen dat die Christen op grond van eie vermoëns, sonder die werking van die Heilige Gees, die wet genoegsaam kan gehoorsaam, sodat hy op grond van wetsgehoorsaamheid regverdig verklaar kan word. Melanchthon argumenteer dat die Heilige Gees, op grond van die verkondigde Woord, die Christen bevry tot gehoorsaamheid aan die wet. Die Christen is dus, danksy die werking van die Heilige Gees, vry om goeie en regte dinge te doen. Hierdie werke sal nogtans nooit aan die diepste verwagtings van die geboorte voldoen nie. Twyfel en gebrekkige liefde vir God sal daar altyd wees, en daarom sal die werke nooit volmaak wees nie. Die Woord leer ons egter om te bly bid, en om in die geloof en goeie werke te volhard. Daar moet daagliks in 'sorgsaamheid' gewandel word, sodat 'n 'goeie gewete' opgebou kan word wat die geloof aan die hand kan vat. Volgens Melanchthon ([1559] 2012a) bly die geloofslewe tweekantig:

By diegene wat in die geloof wedergebore is, is daar altyd smarte oor sonde, oor persoonlike en openbare bestraffing, maar aan die ander kant ook vertroostinge, geloof, gebed, vreugde in God, hernude liefde vir God, kinderlike agting vir God en geduld. (p. 228)

Deur gebed, bekering, vernuwing en die voortdurende strewe na méér gehoorsaamheid, vorder Christene met dit wat van hulle verwag word. Aangesien volkome gehoorsaamheid nie moontlik is nie, bly die genade en die vergewing as laaste woorde. Die 'sekerheid van die genade' (Melanchthon [1559] 2012a:230) bly die verskil tussen Evangeliese en Roomse geloof. Die sekerheid van sondevergewing is die impuls om te volhard in die goeie. Die genade begelei dus die wil wat vry is, maar wat nogtans deur God en sy Woord beheer word (vgl. Melanchthon [1559] 2012a:233–236).

■ 3.1.3. Die mens as gemeenskapsweese

Een belangrike aspek van Melanchthon se verstaan van menswees, is dat die mens bestem is om medemens te wees. 'n Individue sonder sosiale bande het nie in sy denkwêreld bestaan nie. Oor die mens as gemeenskapsweese het hy hom dikwels, binne 'n verskeidenheid van debatte en onderwerpe, uitgelaat. Dit is veral sy uitvoerige briefwisseling wat hom uitbeeld as iemand wat oortuig was dat die mens 'vir wedersydse gesprek bedoel is' (Mundhenk 2017:318). 'n Lewe sonder gesprek met sy familie, vriende, kollegas en leiers was vir hom nie moontlik nie.

Melanchthon was lief vir sy eie gesin en familie. Danksy sy ouers, gesinslede en die uitgebreide familie kon hy oorleef en blootstelling kry aan uitstaande skool- en universiteitsonderrig. Die liefde en ondersteuning wat hy as kind, student en dosent van sy naasbestaendes ontvang het, het tot sy positiewe mening oor die huwelik en gesin bygedra. Sy kritiek op die Roomse selibaat en sy verdediging van die huwelik as 'n goeie instelling van God, het nie slegs op teoretiese oorwegings berus nie, maar ook op goeie persoonlike ervarings as mens. Die selibaat was vir hom onaanvaarbaar, en daarom het hy Luther se huwelik met Katharina von Bora heftig verdedig in 'n brief aan Joachim Camerarius op 16 Junie 1525 (vgl. Mundhenk et al. 2017:37-39). Hy was oortuig dat die huwelik as instelling, God se geopenbaarde wil is. Hy self was 37 jaar lank gelukkig getroud met Katharina Krapp jr.

Melanchthon ([1559] 2012a:261-270) het in paragraaf XXVII van sy 'belydenis', *Antwoord op die Goddelose artikels van die Beierse inkwisisie*, 'n merkwaardige stuk oor die huwelik en die rol van die vrou geskryf. Hy wys die inkwisisie daarop dat diegene wat kerkwette maak wat met God se sedewet in stryd is, nie deel van die ware kerk van God kan wees nie. Die gebod, 'jy mag nie egbreuk pleeg nie', hou vir hom talle konsekwensies in. Die selibaat vir kerklike medewerkers, die kloosterwese, prostitusie en ander onkuise gedrag is volgens Melanchthon in stryd met die sesde gebod (vgl. die Lutherse tradisie). Die feit dat gedrag wat met die goeie huwelik in stryd is, veroordeel word, beteken dat die huwelik vir God 'n goeie instelling of samelewingsreëling is. Melanchthon beveg daarom instellings en gedrag wat God se goeie ordereëls ondermyn. Melanchthon ([1559] 2012a:262-264) wys op die verskillende gestaltes van straf wat op die oortreding van hierdie gebod volg (vgl. §4.2.1. vir die detail). Wat hier belangrik is, is sy hoogskatting van morele kuisheid. Aangesien hy aanvaar dat mense nie goed kan lewe wanneer hulle seksuele drange onderdruk word nie, benadruk hy dit egter dat mense in die uitlewing van hulle seksualiteit kuis moet wees. 'n Volgende merkwaardige opmerking van Melanchthon wat verdien om uitgelig te word, handel oor die rol of taak van die vrou in die wêreld. Melanchthon ([1559] 2012a:267-269) verwys na Clemens van Alexandrië, wat berig het dat Tatianus en Julius Cassianus wat hulle vir die afskaffing van die huwelik beywer het, hulle op die '*Egiptiese Evangelie*' beroep het. Dit het beweer dat Jesus in 'n gesprek met Salomé sou gesê het dat die koninkryk sal kom wanneer die 'werk van die vrou tot hê einde sal kom', dit is, wanneer vrouens nie meer geboorte gaan skenk nie. Volgens hierdie woestyn-teoloë kom die koninkryk wanneer die evangelie verkondig en gehoorsaam word. Die verkondiging moet daarom vrouens aanmoedig om nie swanger te raak en kinders te baar nie, sodat die koninkryk kan kom. Melanchthon maak die baanbrekende opmerking, dat 'voortplanting nie die werk van die vrou is nie, maar God se wonderwerk'. Die wonder van God se skepping is dat vrouens geboorte kan skenk; en dit sal voortduur tot by die wederkoms. Met hierdie argument word Melanchthon die eerste reformator wat met 'n lang tradisie breek wat prokreasie aan seksualiteit,

sonde en straf gekoppel het. Prokreasie, en die rol van die vrou daarin, het met God se wonderbaarlike skeppingswil te make – 'n baanbrekende insig vir daardie tyd! Die huwelik is vir Melanchthon ([1559] 2012a:269) 'n 'kerk in die klein'; 'n plek waar daar vreugde, hartlike samesyn en liefde heers – dus 'n ruimte van 'ware godsdiens'.

'n Interessante aspek van Melanchthon se sosiale bewussyn, is sy besef dat die mens aangewese is op goeie buurskap. Sy uitgebreide aandag aan die eerste gebruik van die wet en die natuurwet, dien as onderbou vir sy waardering van hierdie aspek van die lewe. Melanchthon het belangrike bure gehad. Aan die een kant was die Luthers en aan die ander kant van sy groot woning was die universiteit. Die universiteit en sy mense was vir hom uiters belangrik. Hy het die hemel as 'n universiteit voorgestel, en geglo dat die beoefening van die wetenskappe die edelste taak van menswees is. Hy het daarom seker gemaak dat hy studente en dosente as mede-erfgename van die ewigheid behandel. Op grond van Spreuke 27:10, het hy geweet dat goeie bure meer beteken as 'n broer in die verte. In sy *Spreekwoord-versameling* van 1534 kon hyself formuleer: 'n goeie buurman is 'n edele kleinood', en 'selfs die vroomste mens kan nie in vrede lewe nie, as die bose buurman nie van hom hou nie' (Schilling 2013:184). As inwoner van Wittenberg (42 jaar lank), en bewoner van 'n klein woninkie (16 jaar lank) en 'n reuse, luukse woning (26 jaar lank), het hy geweet dat die mense van hierdie stadjie in die plek getree het van sy eie familie, met wie hy eintlik min te make gehad het. Om saam met ander te woon, om 'n tuiste tussen hulle te vind, maak die lewe lewenswaardig (vgl. Rhein 2010:14–26).

Volgens Melanchthon is ware menswees om vir bure en vriende om te gee. Sy talle briewe getuig van bedagsaamheid en meelewendheid. Wat besonders is, is hoe hy Luther se vrou op hoogte gehou het van sy wel en weë – en nie slegs die feit dat hy dit gedoen het nie, maar ook die manier hoe hy haar in sy groet aangespreek het: 'God se genade en alles van die beste, eerbare, deugsame [*me*]vrou Doktor (*Doktorin*)' (Mundhenk et al. 2017:44). Die manier hoe hy Katharina aangespreek het, mag dalk vandag oordrewe klink, maar die vraag is tog of ons respeklose omgang met mense vandag van goeie medemenslikheid en buurskap getuig.

Vriendskap is ook vir Melanchthon belangrik vir menswees, maar nie vriendskap teen elke prys nie. Volgens Melanchthon (in 'n brief op 11 Maart 1556 aan Joachim Camerarius) (Mundhenk et al. 2017:151), behoort mense in sy posisie hulle nie moeg te maak om vriendskappe te smee met diegene wat vyande van die wetenskappe, teologiese navorsing en die Christelike waarheid is nie.

■ 3.1.4. Die ontwikkelde mens

Vir Melanchthon behoort die mens ontwikkel te wees. 'n Ontwikkelde mens (of '*ein gebildeter Mensch*') is minstens iemand met 'n goeie skoolopleiding

asook 'n voortreflike algemene voorgraadse universiteitsopleiding. Hieroor het hy belangrike voordragte gelewer.

□ 3.1.4.1. Skoolopleiding

Melanchthon het hom beywer vir die ontwikkeling van die skoolsisteem in Duitsland. Sy ideale vir skoolonderrig word duidelik in *'n Lofrede oor die nuwe skool*⁸⁷ ([1526] 2011d) uitgespel wat onder sy aanmoediging in Nürnberg gestig is. Volgens Melanchthon kan geen samelewing in vrede ontwikkel wanneer kinders nie waardering vir godsdiens en die wetenskappe geleer word nie. Die ekonomie kan slegs gedy danksy 'n stabiele samelewing, en hiervoor is 'n goeie morele bewussyn en regsplig noodwendig. Die mees basiese pedagogiese ideaal is dus om barbarisme te beveg, aangesien geen samelewing binne 'n kultuur van barbarisme kan oorleef nie. Stede word die beste beskerm deur intellektuele en morele ontwikkeling en nie deur mure nie. Taalontwikkeling gee toegang tot die bronne van die Europese beskawing, en vanuit die bronne (die Bybel asook die Griekse en Latynse literatuur) sal geleer word dat 'n ontwikkelde samelewing sy armes versorg en sy jeug wetenskaplik onderrig. Goeie skoolonderrig, en nie militêre opleiding nie, is die eerste plig van die owerhede, aangesien die gebrek aan kennis van die wetenskappe die toekoms bedreig. Die verskil tussen mens en dier moet geken en verstaan word: Die diere los hulle kleintjies wanneer hulle self kos kan kry. Die mense het egter 'n plig om hulle kinders jare lank aan opleiding bloot te stel. Skole moet dus ontwikkel en in stand gehou word indien daar nie soos diere gelewe wil word nie.

In 1543 het Melanchthon in *'n Voordrag oor die onontbeerlike samehang tussen die skool en die predikantsamp*,⁸⁸ die argument gevoer dat die

87. Op 18 Oktober 1524 besluit die stadsraad van Nürnberg om, op aandrang van Luther, 'n nuwe skool te stig ooreenkomstig die ideale van die Reformasie. In Januarie 1525 besoek Melanchthon en sy Griekse kollega, Joachim Camerarius, die stad om 'n leerplan vir die skool voor te lê. Die bedoeling was om die gaping tussen skool en universiteit te verklein, en daarom is daar getrag na hoë akademiese standaarde. Die leerplan het byvoorbeeld Griekse onderrig ingesluit. Die voormalige klooster, St. Egidien, is as gebou gebruik. Op 22 Mei 1526 is die skool deur Melanchthon met 'n feesrede geopen. Die 26-jarige Camerarius is as eerste rektor en onderwyser in Grieks aangestel. Die voormalige professor in Erfurt en bekende digter, Eobanus Hessus, is as Latynonderwyser, Michael Roring as onderwyser in retoriek en dialektiek en Johannes Schöner as wiskunde-onderwyser aangestel. Die stadsraad en adellikes van die omgewing het beurse beskikbaar gestel vir enige begaafde kind om gratis te studeer. Tussen 1808 en 1816 was die filosoof, G.W.F. Hegel, die rektor van die 'Koninklike Gimnasium' van Nürnberg. Die skool bestaan nog steeds en staan tans as die humanistiese 'Melanchthon Gimnasium' bekend. Dit is vandag nog die skool in Duitsland met die hoogste standaarde in taalonderrig – Grieks ingesluit (vgl. inleiding tot Melanchthon [1526] 2011d:96-97 asook Scheible 2016:54-63 vir verdere inligting).

88. Op 10 Oktober 1543 het die eerste feestelike byeenkoms van gedoktoreerde teologiese studente van die nuwe, hervormde Universiteit van Leipzig plaasgevind. Die afsluitingsrede is deur Melanchthon geskryf en deur die jong dr. Bernhard Ziegler gehou. Ziegler was een van die eerste Protestantse studente wat in Hebreeus gepromoveer het. Melanchthon (vgl. inleiding tot [1543] 2011e:25) het gewys op die belangrikheid dat kerk, skool en universiteit tot voordeel van die hele gemeenskap vernuwe word.

samelewing slegs kan oorleef wanneer die kerk, skool en universiteit toesien dat die hele bevolking behoorlik opgelei en opgevoed word. Melanchthon ([1543] 2011e:25–27) begin sy rede by Aristoteles, wat geargumenteer het dat die goeie funksionering van die samelewing van die ontwikkeling van al die wetenskappe (van die mediese wetenskap tot die landbouwetenskap) afhang. Geen gemeenskap kan slegs bestaan uit soldate nie. Boere, handwerkers en handelaars is ook noodsaaklik. Melanchthon voer die argument verder, en meen dat die mens tot 'n gemeenskap bestem is. Binne die gemeenskap moet daar voortdurend oor God en die menslike deugde nagedink word. Die verering en aanbidding van God, sowel as die ontwikkeling van die skool- en universiteitswese, is noodsaaklik wanneer die samelewing vreedsaam wil ontwikkel. Die verdediging van die regte leer en kultuurontwikkeling, is ewe belangrik vir 'n geordende en ontwikkelende samelewing. Vir Melanchthon ([1543] 2011e:37–38) is gebed ('n gebed tot God om bewaring en ontwikkeling van die samelewing) en die ontwikkeling van die wetenskappe, ewe belangrik. Daarom moet die predikant toesien dat daar in die kerk gereeld gebid word, en dat die kinders en die jeug al die wetenskappe bestudeer. Die kerk, die skool en die universiteit werk dus saam aan die skep van 'n menslike samelewing. Volgens Melanchthon ([1543] 2011e) het die universiteit 'n besondere rol om te vervul:

Die universiteite moet aristokrasieë wees, vergelykbaar met 'n byekor, waar elkeen sy plig doelgerig vervul, waar ons nuttige dinge leer, die verpligtinge op 'n redelike wyse verdeel word, ons mekaar bystaan en bewustelik en selfbeheers die algemene eensgesindheid bewaar. Ons wil seker maak dat ons in 'n Christelike, of minstens in 'n menslike gemeenskap lewe. (p. 39)

Predikante het daarom die plig om die jeug aan te moedig om die voorbeeld van 'n ware universiteit te volg – 'n universiteit waar plig vanselfsprekend is en waar gemeenskaplike belange sonder eersoekery nagejaag word. Predikante het ook die verantwoordelikheid om hierdie deugde alreeds in die skole te leer.

□ 3.1.4.2. Algemene voorgraadse studie

In §1.5.1. is reeds gestel dat Melanchthon se bydrae tot die intellektuele, morele en kulturele ontwikkeling ('*Bildung*') van die mense van Europa buitengewoon groot was. Daar sal ook weer in §9.2.1. aan hierdie tema aandag gegee word. Goeie skoolopleiding moet met uitstaande algemene voorgraadse studie opgevolg word, nie net as voorbereiding op toegespitste studie in teologie, regte en die mediese wetenskap nie, maar ook as die voortsetting van die strewe na uitnemende ontwikkeldheid. Melanchthon ([1518] 2012c) se *Tübingen voordrag oor die vrye kunste*, wat waarskynlik een van sy oudste voordragte⁸⁹

89. Die voordrag word gedateer as Julie 1518, alhoewel daar vermoed word dat hy die voordrag alreeds teen einde 1517 kon gelewer het. Die voordrag is waarskynlik voor dosente en studente in Tübingen gelewer, maar dit word betwyfel of almal alles verstaan het as gevolg van die gekompliseerde Latyn wat hy gebruik het.

is wat behoue gebly het, gee 'n goeie aanduiding van sy akademiese ideale vir die jong universiteitstudente. Melanchthon bepleit die behoud van die klassieke onderrigkanon vir voorgraadse studie. Die kanon bestaan uit twee vlakke van onderrig wat op mekaar volg, naamlik *Trivium* – grammatika, retoriek en dialektiek, en *Quadrivium* – rekenkunde, astronomie, meetkunde en musiek. Melanchthon wys op die herkoms en belangrikheid van al die vakke, maar hy onderstreep twee belangrike temas, naamlik dat die grammatika die moeder van alle wetenskappe is en dat rekenkunde die basis van die filosofie (eintlik al die wetenskappe) is. Die bydrae wat Melanchthon ([1518] 2012c:26–29) tot hierdie debat lewer, het te make met sy aandrang dat geskiedenis en digkuns tot die onderrigkanon gevoeg moet word. Beide vakke lewer belangrike bydraes tot kennis en insig van die mens. Wysgede, prestasies, wreedhede, vreugdes en hartseer van mense word in vertellings en gedigte geskilder – alles kennis en insigte waarsonder die samelewing nie kan ontwikkel nie.

□ 3.1.4.3. Elegante taalvaardigheid

Melanchthon ([1523] 2011c) het vroeg in sy akademiese loopbaan 'n voordrag onder die titel, *Lof aan die elegante taalvaardigheid*,⁹⁰ gelewer, wat 'n groot indruk op die universiteitsgemeenskap gemaak het. Hy poog om sy universiteitsgehoor te oortuig dat die sukses van akademiese kommunikasie op helder, duidelike taalgebruik berus, wat nie tot misverstand aanleiding gee nie. 'n Oorhaastige sameflansing van 'n klomp groot woorde het geen waarde nie. Elke formulering moet deurdink, duidelik en presies wees, en daarvoor is 'n omhaal van woorde nie nodig nie. Skerp-sinnige denke wat nie met akkuraatheid verwoord kan word nie, sal nie die belangstelling gaande maak nie. Die barbarisme gedy in situasies waar wette tot allerhande waninterpretasies aanleiding gee, en debatte oor geregtigheid as gevolg van onduidelike voorstelle, tot groter wrywing aanleiding gee. Volgens Melanchthon moet die gemeenskap die metodes van goeie debatvoering geleer word, wat dan by goeie oordeelsvermoë aansluiting vind. Hierdie kombinasie dui op skrandtheid,

.....
(voetnota 89 volg hier ...)

Melanchthon (vgl. inleiding tot [1518] 2012c:13–14) lewer hier kommentaar op die tradisionele 'sewe vrye kunste' [*septem artes liberales*] van die Fakulteit Geesteswetenskappe [*Artistenfakultät*], verdeel tussen die *Trivium* en die *Quadrivium* (wat beide oorspronklik 'kruistog' beteken het, en 'n studietydperk van drie jaar voorgestel het), en beveel aan dat die onderrigkanon met geskiedenis en digkuns uitgebrei word.

90. Die titel, *Enconium eloquentiae*, sou ook as *Lof aan die elegante welsprekendheid* vertaal kon word. Dit gaan in sy voordrag egter nie net om spreekvaardighede nie, maar ook om skryfvaardighede. Die voordrag in 1523 te Wittenberg, vind in die bloeityd van die Europese humanisme plaas, toe die ontwikkeling van taalvaardigheid as een van die grondbeginsels van die pedagogiek aanvaar is. Daar is veral teruggegryp op die werke van Cicero en Quintilianus. Die argument word gevoer dat vakwetenskappe nie goed beoefen kan word sonder goeie taalvaardighede nie. Goeie taalvermoë is die verskil tussen ontwikkelde humaniteit en barbarisme. Presiesheid in taalgebruik is die voorwaarde vir wetenskaplike arbeid. Sonder taalkundige ontwikkeling is wetenskaplike teologiese arbeid nie moontlik nie. Melanchthon (vgl. inleiding tot [1523] 2011c:68–69) probeer sy gehoor oortuig dat die hennude fokus op die filologiese wetenskap, die genade van God is.

en skrandrheid kan by die antieke retoriek geleer word (vgl. Melanchthon [1523] 2011c:70–82). Melanchthon is oortuig dat goeie redevoering by goeie skryfkuns begin: ‘Die hand is die begin van die wysheid’, volgens ’n ou spreekwoord ([1523] 2011c:83). Wat gesê wil word, moet eers geskryf word, en wie goed kan skryf, kan goed praat, aangesien die oordeelsvermoë deur die skryfkuns verskerp word. Redekuns en skryfkuns is daarom onontbeerlik vir die teologie (en alle ander wetenskappe). Wie hierdie kunste nie wil baasraak nie, is lui en sal belangelose preke en voordragte lewer. Wie nie meesters van die woordkuns wil wees nie, trek die kerk verder in die verderf af. Die herlewing van teologie begin by die belangstelling in die taalwetenskappe (vgl. Melanchthon [1523] 2011c:80–93).

■ 3.2. Wat is ‘sonde’ en ‘erfsonde’?

Soos die meeste ander temas, het Melanchthon se begrip van die sondeleer algaande gegroei en ontwikkel. Die strategie word ook hier gevolg om die ontwikkelingsgang daar te stel. Voordat Melanchthon die graad *Baccalaureus biblicus* op 19 September 1519 verwerf het, het hy begin werk aan eksegetiese verklarings van die Romeinebrief. In sy *Teologiese onderrig oor Paulus se brief aan die Romeine*, het hy sy eerste verduidelikings van die ‘erfsonde’ gegee. Melanchthon ([1519] 2020c:15–16) verduidelik die ‘erfsonde’ vanuit ’n soteriologiese perspektief. Die mens kan nie op grond van sy eie vermoëns ’n posisie van geregtigheid voor God bereik nie. Die rede is dat die erfsonde dit onmoontlik maak. Die erfsonde is die aangebore gloed, drif en aantrekking tot die ongeloof en liefdeloosheid jeens God. Mense versink in die aangename dinge van die lewe, en daarom word die dood en die wet van God gehaat, aangesien dít genot kan demp en beëindig. Hierdie begeerte na aardse genot, kan ons uit eie vermoë nie weerstaan nie. Uit eie aandrang kan ons die begeerlikhede nie weerstaan nie, en daarom het ons onself bo alle dinge lief.

Melanchthon het die gedagte van selfliefde as die kernprobleem van die sonde, ’n paar maande later in sy *Stellings vir die baccalaureusgraad*, weer in die kollig gestel. Hy ([1519] 2011b) het die kern van die saak soos volg saamgevat:

1. Die menslike natuur het sigself lief om sigself ontwil.
2. Dit [*die menslike natuur*] is egter nie daartoe in staat om God ter wille van Homself lief te hê nie.

Óf interpreterend vertaal:

1. Mense het hulle self ter wille van hulle self lief.
2. Mense is nie daartoe in staat om God ter wille van die liefde vir Hom lief te hê nie. (p. 18)

Die jong Melanchthon het daarom besef dat sonde ten diepste oor selfliefde handel, wat God nie bloot ter wille van liefde kan liefhê nie, en Hom daarom

utilisties misbruik. Moralisasie en skuldgevoelens het ook van die begin af buite Melanchthon se begrip van sonde geval.

Melanchthon ([1521] 1997:46, l. 1-98, l. 139) het in die eerste uitgawe van sy *Grondbegrippe van die teologie of teologiese sketse*, uitvoerige aandag aan die sonde gegee; té veel om in een paragraaf weer te gee. Slegs die kernuitsprake sal aandag geniet. Hy begin sy uiteensetting oor die sonde met 'n verwysing na die omstrede en misverstane begrip: *erfsonde*. Melanchthon ([1521] 1997) verduidelik:

Die oorspronklike sonde [*óf die erfsonde*]⁹¹ is 'n aangebore neiging, 'n natuurlike drang en krag, waardeur ons tot die doen van sonde weggetrek word, en wat sedert Adam op al die nakomelinge oorgedra word. Soos die vuur 'n aangebore krag het waardeur dit die hoogtes inskiet [...] só is daar in die mens 'n aangebore krag wat hom laat sondig. Die Skrif beskryf nie hierdie as erfsonde en daardie as daadsonde nie, aangesien die erfsonde ook 'n doenige, verkeerde begeerte is. [*Die Skrif*] noem die daadsonde en die erfsonde eenvoudig sonde [...] Ons wil nie hier 'n onsinnige ranglys van sondes opstel nie. Sonde is 'n verkeerde affek en 'n verkeerde neiging [*of koers*] van die hart om sig teen God se wet te rig.⁹² (pp. 46, l. 3-48, l. 6)

Op die vraag waar die oersonde vandaan kom, is hy duidelik dat dit op Adam se sondeval heenwys. Toe Adam weens onverklaarbare redes hom teen God verset het, moes hy sonder die Gees van God verder lewe. Sonder die hemelse lig het hy begin om net homself (die vleeslike dinge) lief te hê en sodoende die liefde vir die geestelike dinge te versaak. Die affek van die vleeslike mens sonder die Gees van God, kom tot uiting in vyandigheid jeens God. Waar geen oorspronklike geregtigheid is nie, óf waar God se Gees afwesig is, is daar slegs nog vlees, Godloosheid en veragting van die geestelike dinge (vgl. Melanchthon [1521] 1997:50, l. 11-52, l. 11). Die selfliefde is dus die probleem van die sonde, aangesien dit haat teen God en sy gebod aanblaas. Die erfsonde of die oersonde beteken, dat almal só is en só sal wees, en daarom is almal kinders van God se toorn. Aangesien ons van nature kinders van die toorn is, word ons as kinders van die toorn gebore, sonder dat seksualiteit iets daarmee te make het. Daadsondes is ook nie die begin van sondaar-wees nie. Alreeds voordat mense dade pleeg, is almal aan die verganklikheid en die dood onderworpe – die bewys dat ons as sondaars gebore word. Die hergeboorte uit die Gees van God neem die toorn van God oor ons weg (vgl. Melanchthon [1521] 1997:52, l. 12-56, l. 24).

91. Alhoewel daar in die omgangstaal van 'erfsonde' gepraat word, verwys Melanchthon na die 'oorspronklike sonde'. '*Peccatum originale*' kan ook as 'oersonde' of 'grondsonde' vertaal word. Die begrip *erfsonde*, wat met menslike seksuele lus verband hou, is deur Augustinus geskep, terwyl die gedagte van die 'oordrag van die erfsonde deur die geslagsdaad' deur Petrus Lombardus geformuleer is. Melanchthon breek met hierdie tradisie wat die 'erfsonde' as 'n biologiese erfenis beskou (vgl. voetnote 86-94 van Melanchthon [1521] 1997:47-49).

92. Melanchthon se definisie lui soos volg: '*Peccatum originale est nativa propensio et quidam genialis impetus et energia, qua ad peccandum trahimur, propagata ab Adam in omnem posteritatem. Sicut in igni est genuina vis, qua sursum fertur [...] ita est in homine nativa vis ad peccandum. Scriptura non vocat hoc originale, illud actuale peccatum. Est enim et originale peccatum plane actualis quaedam prava cupiditas [...] Nec est, quod hic de illis stultis relationibus in peccato disputemus. Pravus affectus pravusque cordis motus est contra legem dei, peccatum.*'

Een van die twispunte oor die sondeleer handel oor die vraag of mense goeie dinge kan doen, en of alles wat hulle doen slegs sonde is. Melanchthon moet dus ook op hierdie punt noukeurig gelees word. Wanneer Melanchthon oor sonde skryf, skryf hy daarvoor vanuit die perspektief van die mag en werking (*energiaque*) van die erfsonde, aangesien die erfsonde 'n lewendige werklikheid is – eintlik 'n lewendige bol energie (*energia*). Die vrugte van die erfsonde waarin almal deel, is gierigheid, eersug, nydigheid, naywer, vlamme van lus en toorn. Almal beleef neigings tot aanmatiging, aanstellerigheid, skynheilige opgeblasenheid, veragting van God, wantroue in God en Godslastering⁹³ (vgl. Melanchthon [1521] 1997:56, II. 26–27). Sels die vroomste onder die vromes is met sonde beplek. Hy gebruik die deugsame filosowe as voorbeeld. Sokrates is bekend vir sy standvastigheid (*constantia*), Xenokrates vir sy kuisheid (*castitas*) en Zenon vir sy matigheid (*temperantia*), maar wat nie altyd besef word nie, is dat sels hierdie vroom mense se lewe deur die selfliefde (*amor sui*) en selfsug (*philautia*) gekenmerk is. Die sonde beplek die deugde. Melanchthon beweer nie dat mense nie deugsam kan wees nie, maar wel dat die deugde vanuit God se perspektief, nie volmaak is nie. Die sonde neem die mooi van die deugde weg, en keer dit om in 'n lelike ondeug waardeur mense hulleself wil laat verheerlik. Melanchthon ([1521] 1997:60, II. 36) vat dit alles soos volg saam: 'Alle mense is met hulle natuurlike kragte werklik en altyd sondaars en hulle sondig deurentyd' (*'Omnes homines per vires naturae vere semperque peccatores sunt et peccant'*). Die probleem met sonde is dat die natuurlike verstand die sonde, die groot sondes, die dieper sondes nie kan ken nie. Melanchthon ([1521] 1997:86, II. 101) skryf: 'Kenniss van sonde in ons en die haat (teen die sonde) is God se eie werk' (*'Peculiare vero dei opus est peccati in nobis cognitio et odium'*). Sonde word slegs geken deur die werking van die Heilige Gees. Die groot sondes, naamlik godloosheid, ongeloof, domheid, haat en die veragting van God is nie vir die filosofie toeganklik nie. Ons ken dit slegs deur die verligting van die Heilige Gees (Melanchthon [1521] 1997:62, I. 43–64, I. 47). Die 'geestelike mens' leer mettertyd ken wat die 'natuurlike mens' nie ken nie. Op grond van die verkondiging en die werking van die Heilige Gees, ontdek ons dat ons beste bedoelings met eiebelang beplek is. Hiervan kan ons onself nie bevry nie. Ons val telkens weer in dieselfde strik. Om hierdie rede moet ons op die genade en vergewing van Jesus Christus steun. Weer eens ten slotte: Melanchthon beweer nie dat die mens tot niks goeds in staat is nie. Wat hy wel stel, is dat menslike deugsamheid nie volmaak is nie, aangesien dit deur die selfliefde beklad word.

Die vraag is of alles nie eenvoudiger gestel kan word nie. Natuurlik! Die eenvoudigste definisie van sonde (Melanchthon [1521] 1997:73, II. 75) is die volgende: 'Sonde is daardie beweging en daardie drang van die hart, om jou

93. Melanchthon se eie woorde: '*Avaritiam, ambitionem, odium, invidentiam, aemulationem, libidinum flammas, iram quis est, qui non aliquando sentiat? Arrogantiam, fastum, tumorem pharisaicum, contemptum dei, diffidere deo, blasphemiam, principes affectus rari sentiunt.*'

teen die wet te rig' (*'Siquidem peccatum est omnis motus et impulsus animi adversus legem'*). Nog korter, sê Melanchthon ([1521] 1997:92, II. 118): 'Sonde is 'n affek [*'n neiging, drif, drang*] teen die wet van God' (*'Peccatum est affectus contra legem dei'*). Hierdie stelling het hom sy lewe lank besig gehou en hy het telkens daarna teruggekeer.

Melanchthon se stelling oor die oersonde in Artikel II van die CA asook die verduideliking van hierdie artikel in die *Apo/CA* ([1531] 2014a:244-266), is uiteraard van groot belang. Hy ([1530] 2014b) stel die saak soos volg in sy belydenis:

Verder word geleer dat ná die val van Adam, alle mense wat gebore word, in sonde ontvang en gebore word; dit beteken, dat vandat die moeder aan hulle geboorte geskenk het, hulle vol bose lis en neiging is en [*daarom*] openbaar hulle van nature geen ware vrees vir God, geen ware liefde vir God en geen ware geloof in God nie. Alle mense het dieselfde aangebore neiging, en weens hierdie erfsonde, verkeer almal onder die toorn van God, [*totdat hulle*] deur die doop en die Heilige Gees nuut gebore word. Ons verwerp die [*oortuiging van die*] Pelagiane, en ander [*wat dieselfde mening deel*] dat die erfsonde nie as sonde beskou kan word nie, en van mening is dat die mens deur natuurlike kragte vroom kan word [*dit is: voor God regverdig kan wees*], en sodoende die lyding en verdienste van Christus verwerp. (pp. 94-96)

Melanchthon se verstaan van die 'erfsonde' of 'oersonde' breek dus met die Augustynse tradisie. Hy glo dat alle mense gebore word met die neiging om God nie as God te wil ken en lief te hê nie. As gevolg hiervan word Christus en sy weldade gering geag, en word daar geglo dat die mens met sy natuurlike vermoëns goed deur die lewe en die dood kan kom.

In die Duitse weergawe van sy *Hoofartikels van die Christelike leer* ([1553] 2010:160-175), gee Melanchthon 'n uitvoerige verduideliking oor sy verstaan van die 'erfsonde'. Hy ([1553] 2010:160-161) begin met drie kort opmerkings: In die eerste instansie beweer hy dat die leer oor die erfsonde in die Woord, op grond van Moses en Paulus, geopenbaar is. Vir die filosofie (of die wetenskappe in die algemeen) is hierdie 'n vreemde gedagte, en kan hulle selfs daarmee spot. Die 'erfsonde' is dus 'n suiwer teologiese aangeleentheid wat nie noodwendig instemming in ander wetenskappe sal vind nie. In die tweede instansie doen Melanchthon 'n gebed waarin hy vra dat die Vader van Jesus Christus die lesers met geloof en insig sal vervul, sodat hulle die kerklike leer sal aanvaar. In die laaste instansie vra hy dat die bespreking van hierdie leer, die lesers nie van die kernsake van die geloof moet vervreem nie, naamlik dat God met ons is en dat sy wysheid oor ons lewenslot in Christus sigbaar word. Die leer oor die 'erfsonde' is dus een deeltjie van die groter prent van die evangelie. Die verklaring van die sondeleer begin by God se goeie skepping, en eindig by die belofte van die nuwe aarde. Die mens as beeld van God, en Christus as die ware beeld van God, is die raamwerk van die sondeleer. Die straf op die sonde en die genade vir die sondaar, is temas waarsonder die sonde nie bespreek kan word nie (vgl. Melanchthon [1553] 2010:162-165).

Die hangende vraag is nog steeds die volgende: Wat is die 'erfsonde'? Melanchthon ([1553] 2010) verduidelik dit soos volg:

Erfsonde is om in God se ongenade en toorn te verkeer en om verdoem te wees weens die val van Adam en Eva, en weens die jammerlike verlies van die Goddelike teenwoordigheid, Goddelike lig en werkinge in ons, en weens die blindheid vir God en die twyfel aan God, en [weens] ons verkeerde en bose neigings wat teen God [se wil is] en daarom [is die erfsonde] sonde wat [deur God] verdoem word. (p. 166, II. 1-5)

Melanchthon ([1553] 2010:167, II. 2) volg Anselmus wat beweer het dat 'die erfsonde 'n gebrek is aan die eerste heiligheid of geregtigheid' (*'peccatum originale est defectus iustitiae originalis'*). Adam het God met vreugde gewillig gehoorsaam en liefgehad. Met Adam se val is hierdie gewillige gehoorsaamheid aan en liefde vir God verlore. Die vyandskap teen en die bitterheid jeens God gaan terug op Adam se val. Melanchthon ([1553] 2010:167, II. 28) stem saam met Bonaventura, dat die 'erfsonde' eerder 'n gebrek as hoogmoed (*concupiscentia*) is – eerder 'n gebrek aan vertrouwe in en liefde vir God, as hoogmoed teenoor God. Die liefdeloosheid jeens God is die diepste rede vir die liefdeloosheid jeens die medemens. Hierdie 'oersonde' kom telkens weer en weer na vore onder elke geslag. Dit word nie deur die seksuele daad⁹⁴ aan kinders oorgedra nie, maar elke geslag kinders openbaar (onbegryplik) dieselfde houding en gedrag (vgl. Gen. 8; Ps. 51:7; Jer. 17; Rom. 5:12, 7 en 8; Ef. 2:3; 1 Joh. 3:4).

Die laaste vraag wat nog beantwoord moet word, is wat sonde dan is. Sonde is dit wat teenstrydig is met God se wet – die eerste asook die tweede tafel (vgl. 1 Joh. 3:4). Sonde is dus 'n gebrek aan liefde vir God en die naaste. Melanchthon ([1553] 2010:173-175) is nie begaan oor die morele detail van sonde nie, aangesien hy eerder klem lê op die feit dat die sondaar onder die toorn van God verkeer (1 Joh. 3:36). Wat oor sonde gesê moet word, moet in samehang met die weldade van Christus gesê word. Wat verkondig moet word en waarvoor gebid moet word, is die vergewing van sondes. Sondelysies figureer nie in Melanchthon se denke nie.⁹⁵

94. Slegs een keer verwys Melanchthon na die 'saad van die man'. In die laaste uitgawe van die *Loci* ([1559] 2018:158, II. 13-18) sê Melanchthon: 'Die oersonde is die afwesigheid van die oerstandsgeregtigheid; dit beteken, dat in elke gebore kind, weens die manlike saad [*ex virili semine*], daar 'n verlies aan lig in die gemoed is, asook die verwerping van die wil van God [...]'.
.....

95. In sy *Reformatoriese ontwerp vir die aardsbiskop van Keulen* ([1543] 2011a:52-55) tien jaar tevore, het Melanchthon by die verduideliking van die begrippe *erfsonde* en *sonde* dieselfde strategie gevolg. Hier verwys hy na die 'erfsonde' as die 'gebrek aan erfgeregtigheid' en dat geloof, bekering en wedergeboorte nodig is om in God se liefde in Christus te deel. Die vergewing en die regverdigmaking is deel van die debat oor die sonde, en nie 'n lys van morele oortredings nie. In die laaste uitgawe van sy *Loci* (Melanchthon [1559] 2018:156, II. 28) gebruik hy die begrip *oerstandsgeregtigheid* (*'iustitiae originalis'*). Om die begrip *erfsonde* met die 'verlies aan oerstandsgeregtigheid' te vervang, kan talle verwarrings uit die weg geruim word. Hierdie argumente het hom egter nie verhinder om 'n sub-hoofstuk aan daadsondes te wy nie, maar wel sonder 'n moralistiese aanslag (vgl. Melanchthon [1559] 2018:180, I. 30-192, I. 20).

Melanchthon ([1559] 2018:150–192) het in die laaste weergawe van sy *Belangrikste temas van die teologie*, grootliks herhaal wat hy reeds in die verlede geskryf het. Hier sal egter slegs op sy belangrikste uitsprake asook nuwe insigte en formulerings gekonsentreer word. 'n Gesprek oor die sonde is slegs sinvol, wanneer daar besef word dat hierdie 'n uitsluitlik teologiese tema is. Oor sonde word daar slegs in die kerk gepraat, aangesien dit die enigste plek is waar die Woord, waarin vertel word dat sonde skuld voor God is en dat Hy met sy toorn daarop reageer, ter sprake kom. Aangesien die sonde God se toorn laat opwel, is '[...] dit 'n baie groter euwel as wat die menslike rede ooit sal kan glo' ('[...] *et docet longe maius malum esse peccatum, quam putat humana ratio*') (Melanchthon [1559] 2018:150, II. 12–13). Melanchthon ([1559] 2018) redeneer, sonde gaan nie net oor uiterlike handeling wat met die geboorte van God in stryd is nie, maar:

[Sonde] kla die wortels en die vrugte van die innerlike duisternis van die gemoed aan, [sowel as] die twyfel oor die wil van God, die wegdraai van die menslike wil van God af en die hoogmoedigheid teenoor die wet van God. Dit kla ook die gebrek aan kennis en die geringskatting van Christus aan.⁹⁶ (p. 150, II. 15–18)

Sonde gaan vir Melanchthon nie oor die gebreke in moraliteit volgens publieke oordeel nie, maar eerder oor die geringskatting van die weldade van Christus, wat daarop dui dat sonde nie as 'n verkeerde neiging volgens God se oordeel verstaan word nie. Die euwel van die sonde word slegs begryp wanneer die verkondiging en die Heilige Gees mense oortuig om in die arms van Christus in te vlug vir redding. Daar is dus 'n groot verskil tussen sonde en gebrekkige moraliteit. Die verskil is dat die kerklike sondeleer nie net op verkeerde daede volgens publieke oordeel, konsentreer nie, maar daarop wys dat die verkeerde daad met 'n innerlike gebrek aan die goeie en 'n neiging tot die kwade, verband hou. Die volgende woorde vat Melanchthon ([1559] 2018) se oortuiging saam:

Die sonde is 'n gebrek of 'n neiging of 'n daad, wat in teenspraak tot God se wet verkeer, wat God beledig, wat deur God veroordeel word en [ons] skuldig aan God se ewige toorn en ewige straf maak, behalwe wanneer vergewing hierop volg. In hierdie definisie is gebrek en neiging die wyses wat met die oersonde ooreenstem. Die daad omvat alle innerlike en uiterlike daadsondes.⁹⁷ (p. 154, II. 11–16)

Samevattend: Melanchthon argumenteer op grond van 1 Johannes 3:4 dat sonde 'n oortreding van die wet is. Die belangrike is egter, dat hy sonde nie tot daede wat die wet oortree, beperk nie, maar dat dit ook met die donker kant

96. Melanchthon se eie woorde: '[...] *sed arguit radicem et fructus, interiorem caliginem mentis, dubitationes de voluntate Dei, aversionem voluntatis humanae a Deo et contumaciam cordis contra Legem Dei. Arguit et ignorationem et contemptum filii Dei.*'

97. Melanchthon stel: '*Peccatum est defectus vel inclinatio vel actio pugnans cum Lege Dei, offendens Deum, damnata a Deo et faciens reos aeternae irae et aeternarum poenarum, nisi sit facta remissio. In hac definitione genera sunt defectus et inclinatio, quae congruunt ad malum originis. Actio comprehendit omnia actualia interiora et exteriora.*'

van menswees,⁹⁸ 'n gebrek, en 'n verkeerde geneigdheid te make het. Melanchthon wys ook daarop dat die menslike rede ook weet dat wetsoortreding 'sonde' is. Die rede, die wetenskap, weet egter nie dat dit met die toorn van God te make het nie. Sonde wat skuld is en deur God verdoem word, is nie algemene kennis nie. Dít moet deur die kerk, op grond van die Skrif, geleer word. Om dus te beweer dat sonde oortreding van die wet is, is nie genoeg nie. Daar moet ook gesê word dat dit deur God vervloek word (vgl. Melanchthon [1559] 2018:154, l. 17-156, l. 24).

■ 3.3. Lyding, troos en hanteringsmeganismes

Melanchthon het deeglik oor die probleem van lyding nagedink. Hy leef eeue voordat die term *teodiseeprobleem* (danksy Leibniz in 1710) in gebruik gekom het. Op sy manier het hy nie alleenlik die vraag gestel van wat die oorsprong van lyding is nie, maar ook die vraag van hoe die lewe, ten spyte van die lyding, hanteer moet word. Sy besinning oor lyding, die kruis en troos was in elk geval die eerste sistematiese besinning deur 'n reformator.

■ 3.3.1. Waarom lyding?

Melanchthon het in die finale Latynse weergawe van sy *Belangrikste teologiese temas* ([1559] 2020a:244-294) deeglike aandag aan die probleem van lyding gegee, wel wetende dat nie die filosofiese en ook nie die teologiese tradisies ooit met bevredigende antwoorde na vore kon kom nie. Onder 'lyding' verstaan Melanchthon ([1559] 2020a:244, ll. 32-36) 'n reeks verskynsels en vrae wat daarmee verband hou, byvoorbeeld die vraag waar die dood en siekte vandaan kom: 'waar kom die verwarrings en veranderinge in state vandaan, die rampe, die peste en die honger wat volke uitwis, ensovoorts?' (*'unde in imperiis tantae confusiones, mutationes, ruinae, pestilentiae, fame necati populi, et cetera'*). Melanchthon dink antropologies oor natuurrampe en sosiale rampe na, aangesien hy geglo het dat hierdie rampe deur die menslike drang na mag en besit veroorsaak word. Hy het egter wyer as die antwoorde van die teologiese tradisie nagedink oor die oorsake van genoemde verskynsels. Die filosofe soek die oorsaak in die materie. Aristoteles praat van die 'roofsug in die materie' (*'privazione in materia'*). Hiermee bedoel hy dat daar 'n konstante ontstaan en vernietiging van lewenselemente is. Die aanhoudende opkoms van nuwe lewensvorme – die woord *'appetitio'* wat hy gebruik, beteken die begeerte om aan die lewe te kom ten koste van ander lewe – en die verdwyning van ou lewensvorme is die aard van die werklikheid (vgl. Melanchthon [1559] 2020a:246, ll. 4-10). Ander filosofe wat die astrologie aanhang, beweer weer

98. In antwoord op die vraag waar die oersonde te vinde is, beweer Melanchthon ([1559] 2018:168, ll. 5-10) 'dat daar in die siel, in die gevoel, in die gemoed van die mens 'n verduistering voorkom wat die wil van God wegstoot en tot 'n ongeordende selfliefde / *amor nostri inordinatus* [...] aanleiding gee.'

dat die noodlot op aarde van die posisie van die sterre afhang, en dat menslike aktiwiteite niks hiermee te make het nie (vgl. Melanchthon [1559] 2020a:246, II. 11–25). Filosofe kan wel in sekere gevalle oorsaak en gevolg in menslike handelinge identifiseer, maar vir die onbedoelde konsekwensies van handelinge, het hulle geen verklaring nie (vgl. Melanchthon [1559] 2020a:246, II. 26–27). Melanchthon meen dat die teologie die lyding beter as die filosofie verstaan en verklaar, en dat die heil en troos wat aangebied word, van beter waarde as die filosofiese insigte is. Vir die dood en siekte is daar volgens Melanchthon ([1559] 2020a:248, II. 6–30) die verklaring van die oersonde. Die konsekwensies van die opstand teen en verwerping van God, is die dood (Ps. 90:7–10; Rom. 5:12) en dit is die menslike begeerlikheid, eersugtigheid en misgunning (*cupiditatibus, ambitione et invidentia*) wat tot die verwoesting van lewe in verskillende gestaltes lei. Agter die menslike begeerlikheid, staan ook nog die duiwel as aanhitser (*incitator Diabolus*). Die duiwel is 'n vyandige gees wat die haat teen God in die swakheid van die menslike natuur uitbuit (*'spiritus inimicu Deo et odio Dei saeviens in imbecillem naturam hominum'*), en mense só tot groter verskrikings as wat normaalweg voorkom, verlei (vgl. Melanchthon [1559] 2020a:250, II. 1–8). 'n Veel moeiliker saak is die lyding, wat deur die toorn van God (*ira Dei*) veroorsaak word. Die straf van God op menslike sonde kan tot erge menslike lyding aanleiding gee. Die erge lyding is nie die grootste probleem nie, maar die vraag hoekom die kerk harder as die heidendom getref word. Hoekom word die dienaars van God deur booswigte en despote verniel en vermoor, soos Abel, Jesaja, Jeremia en Johannes die Doper? Die lyding van die regverdiges laat mense daaraan twyfel of God hoegenaamd vir Hom 'n kerk uitgekies het, en of Hy hoegenaamd na gelowiges se gebede luister? Melanchthon ([1559] 2020a:252, I. 6–262, I. 16) noem 10 argumente wat oorweeg moet word, wanneer dit kom by die vraag of menslike lyding met God se straf verbind moet word? Met ander woorde: een reglynige antwoord of lyding met God se straf verbind kan word, is nie moontlik nie. Verskillende gestaltes van lyding moet verskillend beredeneer word:

1. Alle verwoesting, lyding en die dood is oorkoepelend die gevolg van die oersonde, wat deur Adam en Eva begaan is (Rom. 8:10). Vanuit hierdie perspektief beskou, is daar altyd 'n samehang tussen lyding en God se straf.
2. Die lyding van die kerk is só ekstreem, aangesien God sy toorn oor die sonde die beste kan laat blyk aan diegene wat voorgee om die naaste aan Hom te wees. Die sonde, die ongeloof en wantroue in God, roep God se toorn na vore, en dit behoort verstaanbaar te wees dat sy uitverkorenes wat in ongeloof verval, die ergste deurloop (vgl. 1 Pet. 4:17; Jer. 30:11).
3. Aangesien die duiwel se woede teen die kerk van Christus gerig is, veroorsaak hy groot lyding weens die verwarring en konflik wat hy binne die kerk veroorsaak (vgl. Gen. 3:15; 2 Sam. 22; Matt. 12:44; 1 Pet. 5:8).
4. Dikwels is lyding straf vir spesifieke sondes. Die straf het ook dikwels die bedoeling om mense tot inkeer te dwing (vgl. 2 Sam. 11:2–22; Jer. 22:8).

Die straf van God kan ook gepas wees, gemeet aan die graad van die oortreding (vgl. Wys 11:16). Dit kan egter ook somtyds geweldige konsekwensies vir ander of die nageslag hê. Selfs ganse volke kan ly aan die gevolge van die oortreding van 'n voorgeslag (vgl. Miga 7:9; Ps. 89:33-35; Jes. 64:4-9).

5. Sommige mense soos Jesaja, Jeremia en Johannes die Doper het ter wille van die algemeenheid van die sonde gely. Naas Christus, het ook hulle onder die sonde van ander gely. Die lyding van Christene in die algemeen, kan ook aan die sondes van ander toegeskryf word (vgl. Matt. 16:24; Joh. 5:14; 1 Kor. 11:32; Tim. 3:12).
6. Die aanvegting van lyding kan ook 'n heenwysing na die ewige lewe wees. Die marteling en dood van Johannes die Doper en Paulus is heenwysings na hulle komende deelname aan die ewige lewe. Petrus (1 Pet. 4:17) opper dieselfde tipe argument.
7. In die lyding word ons aan Christus gelyk. Volgens Romeine 8:29 het Christus ons sonde op Hom geneem. Net soos Hy moes sterf weens die sonde, moet ons 'sondige liggame' ook eers sterf as gevolg van die sonde. Die ou mens word wel gekruisig, maar 'n nuwe mens sal saam met Christus opgewek word.
8. Dit lyk of talle sondes en booshede ongestraf bly. Christus het egter vir alle sondes, ook vir dié wat in duisternis verhul bly, gesterf. Geen sonde bly dus ongestraf nie, aangesien Christus vir alle sondes gesterf het (vgl. 2 Kor. 4:16; Heb. 12:6).
9. Die heilige martelare is nie gehoorsaam weens roemsug of tydelike voordeel nie, maar verduur lyding en die dood uit dankbaarheid vir Christus se daad (vgl. Ps. 44:18).
10. Die lyding van die kerk mag na swakheid lyk, maar is inderwaarheid 'n teken van krag, aangesien die swakheid van die kerk deur die mag en krag van Christus gedra word (vgl. Ps. 20:8; 2 Kor. 4:7). Die lyding van die kerk en van individuele Christene is dus vir Melanchthon 'n gekompliseerde aangeleentheid, wat nie met één reglynige argument beredeneer kan word nie.

'n Veelkantige argument word benodig om die nodige perspektief op hierdie saak te kry. Melanchthon is egter oortuig dat die teologiese antwoorde op die problematiek van lyding beter is as die filosofiese antwoorde.

■ 3.3.2. Filosofiese en Christelike troos

Melanchthon ([1559] 2020a:262, II. 3-16) se bemoeienis met die probleem van lyding is nie deur abstrak-intellektuele oorwegings gevoed nie, maar het met die konkrete lyding van die kerk in sy eie tyd te make. Hy wou dus die lyding van die kerk (spesifiek die Evangeliese Kerk) verstaan, maar binne die breë konteks van God se toorn. Iets soos die latere 'teodiseeprobleem' soos wat dit onder andere by Leibniz, Spinoza en Kant na vore gekom het, was dus nie sy vraagstelling nie.

Volgens Melanchthon ([1559] 2020a:262, l. 17–266, l. 8) kan die filosofie nie help om die vraag na menslike en kerklike lyding te beantwoord nie. Dit ken nie die ware oorsprong van lyding nie, en kan ook nie ‘werksame heilsmiddele’ (*‘efficacia remedia’*) aanbied wat ware troos bied nie. Die filosofie konsentreer slegs op die verval van die materie en laat die menslike sonde buite rekening. Al weet die filosofe van slegte begeerlikhede, ken hulle egter nie die gebrek aan ware Godskennis en -vertroue nie, wat eintlik die kern van die sonde is. Die heilsmiddel wat hulle vir lyding voorstel, is om dit geduldig te verdra, aangesien niks daaraan kan verander nie. Hulle bied niks aan om die lyding te versag of om mense daarvan te verlos nie. Hulle beveel slegs aan dat mense daarvan moet probeer wegvlug. Die beste argument wat hulle kan opper, is dat dit beter is om nie gebore te wees nie. Melanchthon argumenteer egter dat die geloof in die lewende en teenwoordige God ’n beter alternatief bied. Geloof in God, die Vader van Jesus Christus, bied troos en hoop – dit wat die filosofie nie kan bied nie. Jesus Christus is die ‘getuie en pand van God se barmhartigheid vir ons’ (*‘testis et pignus suae misericordiae erga nos’*), en daarom verkondig die kerk bevryding uit die ellende.

Melanchthon ([1559] 2020a:266, l. 9–282, l. 28) opper vyf leerstellings van die Christelike troos wat nie deur die filosofe geken word nie:

1. Alle mense, en veral die kerk, moet daaraan vashou dat niks per toeval gebeur nie, maar met God se medewete. Alles word binne God se plan toegelaat, wat beteken dat daar aan die duiwel en die boosheid van mense grense en perke gestel word. Die feit dat niks per toeval gebeur nie, impliseer dat niemand se geboorte ’n toevalligheid is nie, en dat die menslike lot God na aan die hart lê (vgl. Ps. 33:15 en 94:9; Jes. 45; Matt. 10:29–31; Hand. 17:28).
2. Geen lyding word beleef sonder dat daar ook iets goeds daaragter lê nie. God het altyd ’n goeie motief vir lydingervarings. Selfs sy straf kan met goeie rede uitgedeel word. Met straf word nooit vernietiging bedoel nie, maar altyd bekering en redding (vgl. Eseg. 33:11; 1 Kor. 11:32; Op. 3:19).
3. Christelike troos word toegespits op die versagting van straf, die teenwoordigheid van God en bevryding. Hierdie aspekte van die Christelike troos is vir die filosofie totaal vreemd. Dat God mense in nood bystaan, dat Hy die leed verminder en die pyn versag, is nie rasioneel voorstelbaar nie (vgl. Nah. 1:17; Jo. 2:13; Ps. 147:3; Matt. 5:3).
4. Die Christelike troos vind uiting in dankbaarheid, hoopvolheid en gebed. Die basis van alles is egter die feit dat God teenwoordig is, en met besorgdheid na gebede luister – selfs in ons grootste benoudheid (vgl. Ps. 9:11 en ’n 50:15; Luk. 18:1; Fil. 4:6).
5. Aangesien God nie straf om te vernietig nie, maar tot bekering oproep en omdat ons God se goeie wil selfs in lyding kan raaksien, kan ons glo dat ons deur God se geregtigheid deur die lewe gedra word (vgl. Mig. 7:8–9; 1 Pet. 5:5–6).

Volgens Melanchthon ([1559] 2020a:286, l. 4–294, l. 23) het die verskil tussen filosofiese en teologiese hoop met die verskil in geduld (*patientia*) te make.

Volgens die filosofie is geduld die uitdaging om deurlopend die verstand te vertrou sodat lyding so ver moontlik gedemp kan word, en met die verwagting dat daar enduit volgens die deugde gehandel sal word. Die Christelike geduld verdra die lewensprobleme, aangesien 'n mens nie uit God se hande wil val nie, en volgens sy geboorte wil bly handel. Die verskil in geduld het ten diepste met toevalligheid al dan nie, te make. Die keuse is, óf Sokrates, óf Paulus se siening: om te lewe asof God nie bestaan nie, óf om te lewe omdat God bestaan. Wie sonder God wil lewe, gaan wraak soek; wie met God lewe, laat die wraak aan God oor. Wie wraak soek, kan nie werklik geduldig lewe nie, maar wie nie wraak soek nie, sal ware geduld vind.

■ 3.3.3. Siekte, gebed en die mediese wetenskap

Melanchthon het 'n tweeledige benadering tot siekte. Aan die een kant glo hy dat God self genesing kan skenk, en aan die ander kant het hy op die mediese wetenskap vertrou. 'n Goeie voorbeeld is sy brief van 27 Februarie 1537 aan Martin Luther, wat in Gotha by die dood omgedraai het. Melanchthon (Mundhenk et al. 2017:69–72) begin sy brief met die volgende woorde: 'Ek dank God, die Vader van barmhartigheid, en ons Heer Jesus Christus ons Middelaar, wat vir ons intree en meegevoel het met ons swakheid, dat Hy begin het om jou ernstige en gevaarlike siekte te genees.' Hy gaan voort deur Luther van die hele kerk se voorbidding te verseker, en verduidelik dat dit die rede is 'hoekom hy midde uit die dood in die lewe teruggevoer is'. Hy sluit die brief af met 'n dankgebed dat die Here aan hom 'n slim en betroubare dokter gegee het. Hy bid dat die Here hierdie dokter verder sal seën in sy werk. Melanchthon erken in 'n brief van 08 Julie 1540 aan sy gemeentepredikant, Johannes Bugenhagen (Mundhenk et al. 2017:79–80), dat Luther, danksy sy gebede en pastorale sorg aan sy vrou en kinders, 'uit die dood in die lewe teruggekeer het'. By hom is daar geen twyfel dat gebedsverhoring die rede vir Luther se wonderbaarlike genesing ná ernstige siekte was nie.

■ 3.3.4. Lyding onder skuldgevoelens

In die veertigerjare van die sestiende eeu het Melanchthon onder skuldgevoelens gely. Hy het op 'n stadium in 'n diep depressie verval, en het selfs selfdood oorweeg. Daar was veral twee gebeure waar hy verantwoordelik gevoel het vir dit wat verkeerd geloop het, naamlik die dubbele huwelik van landgraaf Philipp von Hessen asook die ongelukkige huwelik van sy dogter, Anna. Philipp von Hessen was 'n magtige en invloedryke aristokraat wat die Reformasie ten volle ondersteun het. Hy was met Christina von Sachsen getroud op grond van die ooreenkomste tussen die twee adellike families. Vir sestien jaar was hy vasgevang in 'n ongelukkige huwelik. Hy raak toe verlief op 'n sewentienjarige hofdame, Margarete von der Sale (niks vreemds vir daardie tyd nie). Hy was nie tevrede met slegs 'n buite-egtelike verhouding nie en dring aan op 'n huwelik.

Hy vra Luther en Melanchthon se leiding in hierdie dilemma. Beide beveel in 1539 aan dat hy in die geheim met haar moet trou. Volgens hulle oordeel was daar ruimte vir bigamie; hoofsaaklik op grond van Ou-Testamentiese voorbeelde. In Maart 1540 laat Philipp hom in die eg verbind in Rotenburg aan die Fulda. Melanchthon en Bucer tree ook as getuies op. Bigamie was egter volgens die ryksreg met die dood strafbaar. Sy enigste redding was 'n kompromis met die keiser. Hy boet egter mag en geld in vir sy gespaarde lewe. Op hierdie wyse is die Smalkaldiese Bond militêr verswak, en kon die keiser in 1546 oorlog teen die Protestante verklaar. Die skande van bigamie het intussen onder die Protestantse lidmate rugbaar geword en hulle kom in opstand. Melanchthon besef dat hy die Evangeliese saak groot skade berokken het – moreel, militêr en finansiêl. Melanchthon kon homself nie vir sy swak morele oordeel vergewe nie. In Junie 1540 moes hy 'n sinode in Hagenau bywoon. Hy raak in Weimar siek weens skuldgevoelens, verval in depressie en poog om sy eie lewe te neem. Paul Eber, Justus Jonas en later Luther, snel hom te hulp. Melanchthon sowel as Luther het later getuig dat gebed en 'n wonderwerk hom, soos Lasarus, uit die kake van die dood gered het. Hierdie gebeure het Melanchthon weereens laat besef dat sy doel op aarde gebed, verheerliking van God en die bevordering van die wetenskappe is (vgl. Jung 2010b:93–95).

Melanchthon het ook toegelaat dat sy lieflingskind, Anna, op veertienjarige ouderdom met Georg Sabinus in die huwelik tree. Sabinus was sy student, digter en latere rektor van die Universiteit van Keulen. Hierdie huwelik was egter 'n groot mislukking wat baie lyding vir Anna en haar ouers veroorsaak het. Sabinus het geld verkwis en het geen erg aan die kerklike lewe gehad nie en was ook ontrou aan Anna. Melanchthon het geweldig onder skuldgevoelens gely en in 'n diep depressie verval. Hy skryf op 24 Junie 1544 aan Veit Dietrich in Nürnberg: 'die ongelukkigheid van my dogter, en erger, die grusaamheid van my skoonseun, [*het*] wonde veroorsaak wat nie deur menslike hulp genees kan word nie' (Mundhenk et al. 2017:93). Anna sterf op 24-jarige ouderdom in Februarie 1547 ná die geboorte van haar sesde kind. Melanchthon het later erken dat hy die lyding slegs kon dra danksy voortdurende gebed. Hy het hom letterlik uit die depressie gebid. In sy gebede het hy God nooit verwyt nie, maar Hom gedank vir die bystand en die uiteindelijke verlossing danksy die dood van die kind (Jung 2010a:118–119; 2010b:96–98).

■ 3.3.5. Die bese en die euwel van towenaars

Talle mense ly onder die angs en vrees vir die bese. Hierdie angs en vrees is nie 'n probleem wat slegs in vorige eeue voorgekom het nie. In talle nuwe gestaltes leef die vrees vandag nog voort – ook onder mense wat tegniese-wetenskaplik geskool is. Die Christelike geloof het 'n belang by hierdie aangeleentheid, aangesien Jesus Christus juis gekom het om die duivel te

vernietig (1 Joh. 3:8). Een van die verleenthede van die kerk is, dat eksorsiste daarop aanspraak maak dat hulle namens Christus duiwels kan uitdryf. Melanchthon is ook met hierdie probleem gekonfronteer. Hy het ernstig gewaarsku teen towenaars en valse wonderdoeners, aangesien hulle baie lyding oor mense bring. Volgens hom behoort ampsdraers en lidmate towery en valse genesings te kan identifiseer. Om dít te kan doen, moet mense die Skrif sowel as die wetenskappe ken. Egte teologie en kennis van die wetenskappe bewaar teen towenaars, leuenagtige genesers en sogenaamde redders van die wêreld – só het hy in 'n brief aan Andreas Hûgel op 12 Januarie 1548 geskryf (vgl. Mundhenk et al. 2017:118–120).

■ 3.3.6. Lyding van die leermeester

Melanchthon, die groot leermeester van die volk, het soos talle onderwysers en dosente 'n unieke gestalte van lyding ervaar, naamlik die lyding onder onwillige skoliere en studente om, veral, goeie Latyn aan te leer en hulle ondankbare ouers. Oor hierdie vreemde onaangenaamheid, het hy in 1533 'n 'artikel' geskryf wat wyd gepubliseer is. Melanchthon ([1533] 2012b) beweer dat onderwysers en dosente mense is wat erge onreg ly, aangesien hulle met die luiheid van leerders gekonfronteer word. Dat hierdie gestalte van lyding hoegenaamd voorkom, is vir Melanchthon, die opvoedkundige, baie vreemd. Hy staan verstom oor die feit dat kinders en hulle ouers geen belangstelling (in enige iets) toon nie. Die universeel-geleerde kan nie begryp dat die mense van sy volk tevrede is om soos narre te lewe nie. Melanchthon ([1533] 2012b:121) vermoed dat die kernprobleem 'n gebrek aan skaamte is. Mense skaam hulle nie oor hulle gebrek aan kennis en belesenheid nie. Om dom deur die lewe te gaan, is vir hulle geen skande nie. 'n Verdere besorgdheid van Melanchthon ([1533] 2012b:123) is, dat kinders en ouers nie waarde aan sedelike opvoeding heg nie, en daarom nie by godsdiensoonderrig (of kategese) betrokke wil wees nie. Dit is dikwels die opvoeders wat onder die swak, sedelike gedrag van die leerders ly, en dít maak sy 'hart swaar'. Weens die morele verval in die samelewing, is godsdiensoonderrig in skole vir Melanchthon baie belangrik. Melanchthon ([1533] 2012b:124–125) het ook 'n derde bekommernis oor die traagheid van leerlinge en studente, naamlik dat niksdoenery mense aanhits tot booshede. Jongmense wat nie besig is om doelgerig iets te leer nie, is geneig om hulle tot misdadige gedrag te laat verlei. Melanchthon ([1533] 2012b:125–128) sluit sy geskiffie af met 'n pleidooi, dat onderwysers beter salarisse betaal moet word, aangesien gewone handarbeiders baie méér as hulle verdien. Hy verwag ook dat leerlinge en hulle ouers groter respek en erkenning aan die opvoeders moet gee. Hy besef dat dít alleen sal gebeur wanneer die bevolking hulleself uit traagheid, veragting van die wetenskappe en plesiersug gaan bevry; en dít sal gebeur wanneer mense weer uit dankbaarheid met pligsbesef lewe en werk.

■ 3.3.7. Lyding onder die skoonmoeder

Melanchthon was naas 'n groot geleerde ook 'n gewone mens wat onder die gewone menslike probleme gely het. Hierdie gedeelte oor lyding, kan tong in die kies afgesluit word met die lyding wat Philipp onder die heerskappy van sy skoonmoeder ervaar het. Melanchthon het aanvanklik geen begeerte gehad om te trou nie; hy wou sy lewe aan die akademie wy. Martin Luther het egter besef dat hy 'n vrou in sy lewe nodig gaan hê, en reël dat hy op 26 November 1520 met Katharina Krapp in die huwelik bevestig word. Melanchthon, sowel as sy skoonmoeder met dieselfde name as sy eggenote, het aanvanklik niks van die gedagte gehou nie. Katharina Krapp senior was 'n welgestelde vrou uit die adelstand. Haar man, Johannes Krapp, het reeds in 1515 gesterf, en sy word die matriarg van 'n familie van vier broers en twee susters. Vir 28 van die 37 jaar van Philipp se huwelik, sou sy skoonmoeder sy lewe probeer beheer. Sy sterf op 02 Mei 1548 as 80-jarige vrou. Aangesien Philipp as 'n halwe weeskind in Wittenberg aangekom het, het sy skoonmoeder gevoel dat hy niks tot die familie se welstand bydra nie – totdat hy op 23-jarige ouderdom die eerste keer as rektor opgetree het en later die hoogsbetaalde dosent in die hele Duitsland geword het. Katharina senior het haar oral op die voorgrond geplaas deur amptenare te manipuleer en om te koop – tot groot verleentheid van haar skoonseun. Sy het oral ingemeng en wou haar wil op almal afdwing. Die verhouding het deur die jare verbeter, aangesien Katharina senior talle kinders en kleinkinders aan die dood afgestaan het, en op Philipp gesteun het vir troos. Die ryk, snobistiese vrou moes deur doodsmarte leer dat die trooswoorde van 'n nederige Bybelgeleerde meer waarde het as geld en besittings. Danksy Melanchthon se invloed op sy hardvoggige en eersugtige skoonmoeder, is sy op haar begrafnis geloof as 'n weldoener wat baie geld in die opvoeding van arm kinders belê het (vgl. Rhein 2010:14–24).

■ 3.4. Armoede

Melanchthon het 'n diep meegevoel vir arm mense, veral arm studente gehad. Hy het uit sy eie sak talle behoeftige studente finansieel gehelp. Daar word berig dat hy as 'n arm man ten spyte van sy groot salaris gesterf het, aangesien hy al sy geld aan die armes uitgedeel het (vgl. Jung 2010b:64–66; Rhein 1998:32). Hy het ook effektiewe fondswerwing vir arm studente gedoen. So skryf hy byvoorbeeld op 21 September 1550 'n brief aan die stadsraad van Altenburg (Mundhenk et al. 2017:125), dat hulle studentebeurse vir die kinders van die stad moet instel. Hy sê dat 'die God van die weeskinders' eis dat die stadsbestuur soos ware regente van die armes moet optree, en beurse vir die weeskinders beskikbaar stel.

Melanchthon het vir ongeveer 35 jaar op Sondagoggende (wanneer hy in Wittenberg was) tussen 06:00 en 07:00 in Latyn vir die buitelandse

studente, wat nie die Duitse eredienste kon volg nie, ‘Bybelstudies’ in die vorm van taalkundige- en eksegetiese kommentaar aangebied. Hierdie ‘Sondagvoorlesings’ is deur studente versamel en dit later onder andere, as die *‘Postilla Melanthoniana’*, gepubliseer. Op 24 Februarie 1556 hou hy ’n voorlesing oor Jesus se versoekings in die woestyn (Matt. 4:1-11), die voorgeskrewe teks vir die eerste Lydensondag, Sondag *Invokavit*. Sy verklaring van die eerste versoeking (om klippe in brood te verander), help met die begrip van sy verstaan en hantering van armoede. Volgens Melancthon ([1556] 2020b:69-73) koggel die ‘duiwel’ Jesus en sy volgelingen (die kerk). Die ‘brood’ waarvan gepraat word, is ’n metafoor vir ‘geld en rykdom’. Die ‘duiwel’ is dus sarkasties, aangesien hy weet dat dit in die Christelike godsdiens nooit om geld, wat vir luukse etes en drank kan betaal, gaan nie. Predikante is nie veronderstel om groot salarisse te verdien nie, en talle (minstens hulle wat moet vlug) het geen vaste woning nie en lewe in totale armoede. Ten spyte van die feit dat die kerk nie ’n geldmaakbesigheid is nie, en dat die volgelingen van Jesus nie luukse lewe nie, wys Jesus die ‘duiwel’ daarop dat die lewe nie net oor brood, met ander woorde oor geld en rykdom, kan gaan nie. Melancthon ([1556] 2020b) verduidelik Jesus se argument deur middel van die volgende sillogisme:

Brood alleen hou iemand [...] aan die lewe nie.
 (Óf anders gestel): Wat iemand aan die lewe hou, is nie brood alleen nie.
 Indien ek nie ook aan die Woord van God sou vashou nie, sou ek nêr oor brood beskik – en só kan ’n mens nou ook nie lewe nie. (p. 71)

Melancthon ([1556] 2020b) draai die sillogisme om, en dan lui dit soos volg:

Wie aan die Woord van God vashou, bly aan die lewe.
 Ek hou aan die Woord vas;
 daarom sal ek aan die lewe bly, ook wanneer al die omstandighede téén my is. (p. 71)

Melancthon sluit sy lesing af deur die buitelandse studente, van wie talle aan vervolging in hulle tuislande blootgestel was te troos met die versekering, dat die Here hulle ouers en tuisgemeentes sal bewaar en beskerm, en aan hulle maniere sal skenk om tog, teen alle verwagting is, finansieel te oorleef. Melancthon se diepe geloof dat die Here nie toelaat dat die Protestantse gemeentes ten gronde gaan nie, kry in die hoofstuk oor die kerk verdere aandag.

■ 3.5. Oorsig

Hierdie hoofstuk handel oor die teologiese antropologie. Die groot vraag is die volgende: Wat is die mens? Melancthon beantwoord hierdie vraag deur te verduidelik: dat die mens die beeldraer van God is; dat die vrye wil in uiterlike dinge ná die sondeval nie verlore is nie; dat die mens ’n gemeenskapswese is; en dat daar na menslike ontwikkeling gestrewe moet word. Ontwikkelde mense ontvang goeie skoolopleiding en ook goeie

algemene voorgraadse opleiding. Een van die belangrike doelwitte van opleiding is, om toe te sien dat mense elegante taalvaardigheid ontwikkel. Die tweede groot vraagstuk handel oor sonde en erfsonde. Die derde tema gaan oor die verskillende gestaltes van lyding, en antwoorde wat die teologie op die vraagstuk van lyding bied. Die hoofstuk word afgesluit met 'n besinning oor menslike armoede.

Eskatologie

Siekte, ouderdom en die dood is temas waarvoor elke teoloog moet nadink, aangesien dit deel van die grondvrae van die lewe is. Elke mens word met verganklikheid en sterflikheid gekonfronteer en word uitgedaag om daarvoor na te dink, en om hierdie werklikhede vanuit bepaalde grondoortuigings tegemoet te tree. Philipp Melanchthon se lewe was 'n lewe van konfrontasie met die dood. As elfjarige kind sterf sy pa en oupa. Sy seun, Georg, sterf op driejarige leeftyd en sy dogter, Anna, se dood dompel hom in 'n staat van depressie. Hy beleef drie uitbrake van die pes en sien duisende mense sterf. Al hierdie eksistensiële belewenisse sit agter sy eksegetiese en sistematiese geskrifte, en al lewe ons 500 jaar ná hierdie man, kan sy teologie nog steeds vir mense vandag van waarde wees.

■ 4.1. Die dood

■ 4.1.1. Die sonde en die dood

In §3.2. is uitvoerige aandag aan die begrippe *sonde* en *erfsonde* gegee. Een tema wat nog nie genoegsaam hanteer is nie, is die verhouding tussen sonde en die dood. Melanchthon ([1521] 1997:318–320) het in die eerste uitgawe van sy *Loci communes* begin om, op grond van sy voorlopige navorsing oor die Romeinebrief en die teologiese tradisie, te verduidelik hoe hierdie twee sake saam bedink moet word. Hy doen dit deur tussen 'doodsondes'

How to cite: Van Wyk, I.W.C., 2022, 'Eskatologie', in *Philipp Melanchthon: Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie*, HTS Religion & Society Series, Vol. 12, pp. 71–91, AOSIS Books, Cape Town. <https://doi.org/10.4102/aosis.2022.BK327.04>

[*peccato mortali*] en ‘daaglikse sondes’ [*peccato quotidiano*] te onderskei. ’n ‘Doodsonde [*mortale peccatum*] is elke werk wat die mens doen, wat nie uit geloof in Christus gedoen word nie. Hierdie is die slegte vrugte van ’n ongesonde boom; Paulus noem dit ‘die vlees’. Die affekte⁹⁹ van die vlees loop uit op die dood (Rom. 8:6–7), aangesien dit ten diepste neerkom op ‘vyandskap teen God’ [*adversus deum*]; gevolglik kan ‘die vleeslike mens God nie behaag nie’ [*qui in carne sunt, deo placere non possunt*] (Rom. 8:8). Onder ‘vlees’ verstaan Paulus die mens in sy totaliteit, wat liggaam, gees, verstandsvermoë en wil insluit. Melanchthon ([1521] 1997:318, II. 94) konsentreer egter op die ‘hoogste krag’ [*suprema vis*] van die mens, naamlik sy ‘rede’ [*ratio*], aangesien dit die setel van die ‘ignorering en veragting’ [*ignoratio et contemptus*] teenoor God is, waaruit die verkeerde handelings en optredes spruit. Melanchthon ([1521] 1997:320, II. 95) stel dieselfde saak ook anders. Hy beweer dat diegene wat doodsondes pleeg, nie oor die Gees van God beskik nie. Diegene wat danksy die Heilige Gees in Jesus Christus glo, se daad is nie tot die dood verdoem nie, aangesien die persoon wat glo nie aan die dood uitgelewer is nie. In sy Romeinebriefkommentare het Melanchthon deegliker aan Paulus se argumente aandag gegee. Op grond van Romeine 5:12 argumenteer Melanchthon ([1522] 2020a:128–132), dat die erfsonde die ‘aangebore neiging van die menslike natuur is om te sondig’. Op grond hiervan is die menslike geslag ‘kinders van die toorn [*of bestem vir die oordeel en die dood*]’ (Ef. 2:3). Hy beweer ook dat die oersonde ten diepste die mens se selfliefde is, wat nie alleenlik aanleiding gee tot veragting van die medemens nie, maar ook tot hoogmoed teenoor God. In die selfliefde lê die kiem van die dood, en daarom beweer Paulus (1 Kor. 15:22) dat alle nakomelinge van Adam uiteindelik sterf. Mense is aan die dood uitgelewer, totdat die nuwe lewe wat die nuwe Adam as genade aanbied, aanvaar word. Adam is die ‘profetiese voorbeeld vir Christus’, maar Christus bied iets totaal anders. Adam is die rede vir die sonde; Christus is die rede vir redding uit die doodsbestaan (Rom. 5:14). Die ‘dood as straf’, is deur Christus as ‘heilmiddel vir die erfsonde’ gemaak. Op grond van Romeine 5:17 word besef dat die wet kennis van God se toorn na vore roep, maar op grond van die kennis van Christus se dood, is daar nou kennis van God se barmhartigheid. In die lig van Romeine 7:7, argumenteer Melanchthon ([1522] 2020a:144–151) dat kennis van die sonde slegs moontlik is op grond van die kennis van die wet. Slegs op grond van die eerste tafel van die wet weet ons dat sonde daarop neerkom, om God nie bo

99. Onder ‘affek’ [*affectus*] verstaan Melanchthon dinge soos hartstog, emosie, gevoel en drif. Hy sluit aan by ’n lang tradisie wat grootliks na Petrus Lombardus terugverwys. Vir Melanchthon is die mens ’n speelbal van die affekte. Slegs die ‘geestelike affekte’ [*spirituales affectus*] kan die mens uit die slawerny van die ‘natuurlike affekte’ [*naturales affectus*] bevry. Volgens die Christelike leer word die mens deur die Heilige Gees van die natuurlike affekte bevry. Een affek moet dus deur ’n ander affek oorwin word [*affectus affectu vincitur*]. Die mens is ’n slagoffer van sy affekte, maar deur God se Gees, bevry God ons van ’n doodsbestaan danksy sy barmhartigheid. God se liefde bevry ons van ’n lewenshouding wat uiteindelik slegs die dood oplewer (vgl. voetnota 83 van Pöhlmann in Melanchthon [1521] 1997:44–45).

alle dinge lief te hê nie – en dit is genoeg rede om God se toorn op te roep (Rom. 7:8). Volgens Paulus (Rom. 7:9) is die ‘vleeslike mens’ nie eers bewus van die sonde, en by implikasie van God nie. Eers wanneer die wet ernstig opgeneem word, word die mens van sonde en die bestaan van God bewus, en hierdie bewussyn kan mense in Christus se arms in dryf. Die eerste gewaarwording van die wet is egter, dat dit ‘die werktuig van die dood’ is (2 Kor. 3:7. 9). Wanneer dit goed besef word, word ’n ontvanklikheid vir die evangelie, die boodskap van nuwe lewe, geskep (Joh 5). Die wet as sodanig is egter nie sonde nie; dit ontbloot net die sonde, wat die rede vir die dood is (1 Kor. 15:56). Melanchthon ([1522] 2020a:159–164) sluit sy eksegetiese besinning oor die verband tussen sonde en dood af, deur ’n paar belangrike opmerkings oor die mens as ‘vleeslike wese’ te maak. Op grond van Romeine 8:6, argumenteer hy dat Paulus ’n ‘retoriese wending’ in sy brief maak. Tot hier is geargumenteer dat die mens ‘vleeslik-gesind’ is – met ander woorde, dat die mens ’n vyand van God is en met die dood daarvoor moet betaal. Teenoor die Sofiste (die Roomse teoloë) beweer Melanchthon dat die hele menslike wese ‘vleeslik’ is, en nie net die begeerlikheid nie. Die hele mens wil nie van God weet nie en is daarom in geheel sterflik. Die ‘geestelike mens’, die mens wat in die greep van die Heilige Gees is, is egter op die nuwe lewe in Christus gerig. Die kernboodskap van die Romeinebrief gaan dus oor wet, sonde en genade, en die verkondiging moet op die vermaning en die troos konsentreer (Rom. 8:12–13). Wie in die sonde (die opstand teen God) verhard, sal sterwe, maar wie volgens die Gees (die oortuigingswerk van die Heilige Gees) lewe, sal nooit sterwe nie en bly God se kind.

■ 4.1.2. Siekte en alleenheid as voorlopers tot die dood

Ernstige siekte soos die pes, is as ’n doodsvonnis in die sestiende eeu beleef. Daar was min hoop op herstel na infeksie. Ook ander siektes soos erge griep- en koorsaanvalle is dikwels as die begin van die sterfproses beskou. As ’n baie siek man, skryf Melanchthon op 08 Julie 1540 uit Eisenach, byvoorbeeld ’n brief aan Johannes Bugenhagen dat, indien God sy gebede vir genesing sou aanhoor, hy ‘met God se hulp uit die dood in die lewe sou terugkeer’ (Mundhenk et al. 2017:79). Melanchthon self het dus nie groot verwagtings van die mediese wetenskap van sy tyd gehad nie, en gebed alleen was die enigste bron van redding.

Melanchthon se ‘oudag’ was ’n tydperk van harde arbeid. Na iets soos ‘aftrede’ of ‘pensioen’ het hy nie gesmag nie. Hy het letterlik gewerk totdat hy op die sterfbed beland het. Nie dat hy dit ooit anders wou gehad het nie. Hy het selfs die hemel voorgestel as ’n universiteit waar al die wetenskappe beoefen sal word. Sy oudag was egter ook ’n fase van rou en verlange. Sy vrou, Katharina, met wie hy 37 jaar getroud was, het op 10 Oktober 1557 op

60-jarige ouderdom in alleenheid in Wittenberg gesterf. Hy het as wewenaar baie swaar gekry. Soos aangehaal deur Rhein (1998:51), het hy baie na haar verlang, aangesien sy die hart van die familie was. Sy het die kinders en kleinkinders geleer bid en met skoolwerk gehelp. Sy het gesorg vir kos op die tafel en het sy sekretaris gehelp om sy studeerkamer ordelik te hou en die dokumente wat deur die nag opgestel is, te liasseer. Sy het siekes verpleeg en arm kinders en studente geklee. Sy het haar adellike, snobistiese moeder oorreed om familiefondse vir armsorg en beurse aan te wend. Sonder haar het Melanchthon, die akademikus, voortgewerk; maar Melanchthon, die familieman en weldoener, het weggekwyn. Met haar afsterwe, het 'n deel van sy lewe ook gesterf. 'n Mens kan vermoed dat die wewenaar, Philipp, meer dikwels siek geword het en dat dit sy dood verhaas het.

■ 4.1.3. Teologie en gebed as voorbereiding op die dood

Jakob Heerbrand het in sy *Herdenkingsrede oor Melanchthon* (15 Mei 1560 in Tübingen) daaraan herinner dat Plato van mening was, dat filosofie ten diepste 'n intellektuele voorbereiding op die dood is. In die lig hiervan, het hy weer gemeen dat Melanchthon se teologie ook niks anders is nie, as 'n intellektuele voorbereiding op die dood (vgl. Weng [1560] 2011:39). Wat Melanchthon dus oor die dood en die ewige lewe te sê gehad het, moet ook in al die ander hoofstukke van die boek nagelees word.

Melanchthon het in 'n tyd gelewe waar die sterftesyfer (veral onder kinders) besonder hoog was. Die lewensverwagting van mans was ongeveer 60 jaar en dié van vroue ongeveer 50 jaar. Om te treur oor die afsterwe van geliefdes en om saam met ander te treur oor hulle verliese, was 'n belangrike godsdienstige aktiwiteit. Die wyse waarop teoloë lidmate geleer het om mense in rou te troos, was 'n belangrike aspek van hulle skryfwerk. Melanchthon se troosbriewe asook sy teologiese arbeid, is 'n belangrike inligtingsbron rakende hierdie aspek van die Christelike lewe. In sy troosbrief aan Justus Jonas, wie se vrou in Desember 1542 gesterf het, skryf hy dat die nadenke oor God mense in die rouproses help. Volgens Melanchthon (Mundhenk et al. 2017) lê die antwoord op die waarom-vraag daarin dat:

[O]ns God in ons smarte en bekommernisse sal dien, net soos sy Seun [*Hom aan die kruis*] gedien het. Onthou tog die woorde van die Psalmis [*Psalm 37:7*] om God gehoorsaam te bly en tot Hom te bid [...] Ek bid dat die ewige God, die Vader van ons verlosser Jesus Christus, jou deur die Heilige Gees sal troos. Vir my is dit altyd troosryk om te weet dat ons menslike bestaan nie deur toeval beheer word nie. God, en nie onself nie, het ons geskape. Daarom lê beide ons lewe en ons dood Hom na aan die hart. (pp. 86-87)

Melanchthon se 63ste lewensjaar was een van ontbering en doodsbenuoudheid (*annus climactericus*) vir hom. Sy eie dood op 19 April 1560 is egter deur die

skryf van verskeie gebede voorafgegaan. As die 'leermeester van Duitsland' wou hy tot op die einde mense oor die Christelike gebed onderrig. Op 08 April 1560 het hy nog 'n lang, onvoltooide loflied oor Christus in gebedsvorm vir studente geformuleer. Met sy laaste kragte wou hy (vgl. die teks by Jung 2010), nog 'n laaste keer studente leer om lof aan Christus in gebed te bring:

Seun van die ewige Oorsprong, Jesus Christus,
 uit die eerbiedwaardige hart van die Vader bring U
 as Gestuurde die bekoorlike vreugdevolle boodskap.
 Aan ons, as gelowiges, toon U met oortuigingskrag
 die bestaan van geregverdig-wees en die lewe sonder einde.
 Deur U bloed het U ons van sonde verlos,
 U verhoor ons, U maak en hou ons regverdig,
 en heel sigbaar vertoon U aan die Vader al die gelowiges.
 Onderrig ons harte, altyd, O Christus!
 Giet in ons borste, as voorskot van die genade,
 die Heilige Gees uit, die ware offer,
 wat ware gebed wek en tot uitingbring!
 Laat ons deel van U kudde vir altyd bly,
 en altyd met vrolike harte sing, en U ewige Vader loof [...]. (p. 141)

Op 11 en 12 April (Groen Donderdag en Goeie Vrydag) lewer hy sy laaste Latynse evangelie-uitleg vir die buitelandse studente om 06:00 oor Johannes 17, en doen hy voorbidding vir sy familie, dat hulle by die ware leer sal bly en in die gebed sal volhard. Op 12 en 13 April skryf hy 'n uitleg van die Paasfees, en sluit dit af met 'n lang dankgebed oor Christus en die verlossing. Op Sondag 14 April wou hy weer 'n Sondagvoorlesing hanteer, maar sy familie verhinder hom. Op 14 April het die ernstige siek Melanchthon sy laaste drie briewe geskryf wat ook elkeen 'n gebed bevat het. Hy het die omstanders by sy bed aan Erasmus se laaste gebed herinner, wat gevra het dat, indien hy verder sou lewe, hy sy lewe steeds aan die onderrig van die jeug sou kon wy. Melanchthon sou dieselfde graag wou doen; dus geen pensioen nie, maar verder werk as dosent!

Op 18 April skryf hy sy laaste testament, wat hy egter nie kon voltooi nie. Hy het egter in 'n helder oomblik lank en hardop gebid, terwyl sy vriende vir hom uit die Bybel voorgelees het. Op sy laaste dag het hy, ten aanhore van die omstanders, 'n lang gebed gebid wat hoofsaaklik oor die wonder van die ewige lewe handel het. Vir Melanchthon se tydgenote was die laaste dag van lewe 'n dag van aanvegting (*dies tribulationis*), aangesien die mens dan eensaam en arm (*unicus et pauper*) voor God staan; maar vir hom was hierdie dag egter 'n dag van vreugde, aangesien hy die Here kon aanskou. Melanchthon het die hemelse bestaan voorgestel as 'n bestaan in gebed - nie gebed om nood en lyding te deurstaan nie, maar 'n lofprijsende en dankende gebed vir die verlossing van die aardse ellendes. Hy het die ewigheid ook voorgestel as 'n 'hemelse akademie' - 'n bestaan dus van akademie-beoefening in gebed (vgl. Jung 2010:142-145; Scheible 2016:318-322).

Melanchthon het in 'n tyd geleef waar daar geweldige vrees vir die dood was. Die vrees is, onder andere uit die angswekkende voorstellings van die eindoordeel en die hel gevoed. Melanchthon (soos Luther) se Reformatoriese teologie was doelbewuste pogings om die angs uit die dood en die lewe ná die dood te haal. Melanchthon (Mundhenk et al. 2017) het vier dae voor sy dood, op 15 April 1560, 'n klomp redes neergeskryf waarom 'n mens nie die dood moet vrees nie, en wat 'n mens van die ewige lewe moet verwag:

Jy sal van die sonde loskom.

Jy sal van al die moeite en stryd van 'n teoloog bevry word.

Jy sal in die lig gaan staan.

Jy sal God sien.

Jy sal God se Seun aanskou.

Jy sal al die geheimenisse begryp wat jy nie tydens jou aardse bestaan kon deurgrond nie soos byvoorbeeld, waarom ons só is soos wat ons nou eenmaal is, en hoe die twee nature van Christus inmeekaarpas. (pp. 165-166)

Die Protestant (of die Evangeliese gelowige) het dus geen rede om die dood te vrees nie. Die sterfdag is die dag van bevryding, en die dood lui 'n bestaan van vryheid in. 'Vryheid' het vir Melanchthon vryheid van teologiese stryd en die wonder van Godsaanskoue beteken.

Melanchthon is op 21 April 1560 langs Luther in die Kasteelkerk begrawe. Op sy grafsteen staan die volgende woorde: 'Op hierdie plek is die liggaam van die heilige man Philipp Melanchthon begrawe, nadat hy 63 jaar, twee maande en twee dae lank gelewe het.'¹⁰⁰ In 1892 is die graf geopen en gerestoureer (Jung 2010:144).

■ 4.1.4. Christelike vertroosting

Melanchthon skryf op 27 Julie 1554 'n brief aan Johannes Weber en sy vrou. Hy stel hulle in kennis dat hulle seun deur 'n onbekende rower by die stadspoort van Wittenberg vermoor is, en dat hy, die rektor, en inwoners van Wittenberg hom op 24 Julie langs Melanchthon se seun, Georg, begrawe het. Melanchthon (Mundhenk et al. 2017) troos¹⁰¹ hulle dan met die volgende woorde:

Ek weet dat die verlies van kinders, vir ouers só 'n mate van hartseer veroorsaak dat dit met die troos van mense nie versag kan word nie. Daarom bid ek die Seun van God, wat vir ons gekruisig is en opgewek is, dat Hy u en u vrou in u leed sal versterk en u met sy Heilige Gees sal vertroos; ja, God belowe om die bedroefdes by te staan wanneer hulle Hom aanroep [...] Ons moet egter die algemene swakheid van die menslike natuur aanvaar, en ons moet God se Seun bid om die woede van

100. Die Latynse inskripsie (vgl. Scheible 2016:321) lui: '*Philippi Melancthonis s[ancti] v[iri] corpus h[oc] l[oco] s[itu]m e[st], qui an[no] Christi mdx xiii. Cal[endas] Maii in hac urbe m[ortem] o[bit], c[um] v[ixisset] ann[os] LXIII, m[enses] II, d[ies] ii.*'

101. Melanchthon kan ook as die teoloog van troos beskryf word. In Hoofstuk §3 is daar reeds uitvoerig oor sy verstaan van troos gehandel. Sy gedagtes oor troos word daarom nie hier herhaal nie.

die duiwel in toom te hou en om sy kerk – en so ook ons – te bewaar aangesien Hy gesê het: ‘niemand sal my skape uit my hand ruk nie [Joh. 10:28]’. (p. 144)

Melanchthon het ook besef dat die mens die verganklikheid en dood nie net deur vertroosting kan hanteer nie. Ná die rouproses en trooswoorde, moet die bedroefde mens weer aan die werk kom. In sy geval was werk teologiese studie en onderrig. In ’n brief aan Georg Fabricius skryf hy op 27 Oktober 1554, dat hy met groot hartseer terugdink aan sy pa, Georg, se afsterwe 47 jaar gelede (toe hy maar 11 jaar oud was). Hy dink terug aan sy kindertrane, maar ook aan al sy trane die afgelope aantal jare weens die ellendige toestand van die kerk. Dan bid hy egter ‘dat die Seun van God alle eerbare teologiese studies en goeie onderrig sal bewaar en bevorder’ (Mundhenk et al. 2017:148), aangesien dít die enigste manier is hoe hy as mens die dood betekenisvol kan hanteer.

■ 4.2. Loon en straf

■ 4.2.1. Aardse straf en beloning

Melanchthon het ’n lang worsteling gehad met die verband al dan nie, tussen immoraliteit en God se straf. Anders as Luther, het hy (minstens in sy jonger jare) nie altyd ’n direkte band tussen sedeloosheid en God se oordeel gesien nie. ’n Historiese oorsig oor sy uitsprake, sal die veelhoekigheid van Melanchthon se uitsprake in hierdie verband aantoon.

In sy 1528-voordrag *Oor die verowering en plundering van Rome*, het Melanchthon ([1528] 2011b),¹⁰² in teenstelling met Luther wat die plundering van Rome op 06 Mei 1527 as God se straf oor die pousdom beskou het, dit eerder as ’n ramp vir die Europese beskawing gesien. Rome is vir Melanchthon die ‘vaderstad’ van die wetenskappe en kultuurontwikkeling. Die verwoesting van die biblioteke en kultuurskatte was vir Melanchthon ’n weersinsekkende daad. Die plundering is deur keiserlike troepe wat in opstand was teen hulle bevelvoerders, en loslopende kriminele bendes uitgevoer. Die gebrek aan militêre dissipline was die groot probleem. Rebellerende soldate is nie net die vyande van die Romeinse ryk nie, maar ook van die ganse menslike beskawing. Die wettelose gierigheid van soldate, wat nie onder bevel wil staan nie en Christelike simbole en heilige plekke bespot en vernietig, verdien die doodstraf. Die vernietiging van biblioteke is volgens Melanchthon net so erg as die skending van kerke. Belangrike boeke het net soveel waarde as uitsonderlike

102. Hierdie voordrag is in Maart 1528 deur Wilhelm Reiffenstein in Jena, tydens ’n magister-promosiegeleentheid voorgedra. Die Latynse teks is in 1531 in Wittenberg gedruk. Rome is op 06 Mei 1527 deur loslopende troepe van die keiser en plunderbendes beset en erg beskadig. Pous Clemens VII is vir maande gevange gehou. Luther het hierdie gebeure as God se oordeel oor die pousdom beskryf. Enkele humaniste het dit as die einde van die goue era beskou. Melanchthon, daarenteen, ween oor die plundering en verwoesting van die biblioteke en kultuurskatte. Rome was vir hom die vaderstad van die Europese kultuur en geleerdheid, en daarom het hy anders as Luther oor hierdie gebeure geoordeel (vgl. inleiding tot Melanchthon [1528] 2011b:227).

kuns, aangesien die belangrikste boeke en kuns van die Christendom vir die hemel bestem is. Geen staat kan sonder kennis en kuns oorleef nie. Die vernietiging van biblioteke en kunsskatte is die begin van barbarisme, en lui die verval van die Christelike godsdiens in. Ten slotte herinner Melanchthon daaraan dat die ou Germaanse keisers soos Karel I en Otto I, die plundering van stede deur wettelose en roofsgugtige soldate nie geduld het nie. Hy verwag van Karel V om dieselfde te doen. Die vernietigers van biblioteke en kultuurskatte verdien die doodstraf deur die keiser, die linkerhand van God op aarde. In die lig hiervan, is dit onvanpas om die plundering van Rome as God se straf te beskou.

Melanchthon het wel ook die ellende en lyding wat deur politieke konflik ontstaan, verstaan as God se straf en toorn oor die sonde. Hy was egter versigtig om God nie wreedaardig voor te stel nie. Hy het daarom die barmhartigheid van God in sy straffende oordeel belig. Aangesien God vir hom nie 'n wraaksugtige monster was nie, het hy ook die barmhartigheid van God beklemtoon – barmhartigheid wat merkbaar raak in die verwesenliking van opvoedkundige ideale. In 'n brief aan Paul Eber op 14 Maart 1547, stel Melanchthon dat hy (Mundhenk et al. 2017:113) bid (vgl. Hab 3) dat:

God in sy toorn aan sy barmhartigheid sal dink om só die private en openbare smarte [*wat die straf meebring*] te versag [...] sodat, soos wat Reuchlin en Pico della Mirandola in my drome hoop, uit ons Universiteit, talle nuwe skole tot stand sal kan kom. (v. 2)

Op 27 Mei 1556 het Melanchthon ([1556] 2011a) 'n voordrag oor die verowering van Konstantinopel¹⁰³ laat lewer, waarin hy die verband tussen immoraliteit en God se straf beredeneer. Die verowering van Konstantinopel het soos die val van talle ander stede in die verlede (soos Kartago en Rome), met menslike wandade en Goddelike straf te make. Die vrees vir die Turke is geregverdig, maar daar moet ook begryp word dat hulle 'n instrument van straf in God se hand is. Om die wrede moorddadigheid van die Turke vry te spring, moet daar aan die moraliteit van 'n stad en volk gewerk word. Volgens Melanchthon ([1556] 2011a:292) is die 'beste verdedigers van die vaderland die kerk en die regte leer, die wet van God en die staatswette, die edele familielewe en 'n goeie samelewingsorde'. Melanchthon win hierdie insig nie net uit die Bybel nie, maar ook uit die geskrifte van die Griekse geskiedskrywer, Chalkondyles. Die Turkse ryk was volgens Melanchthon, die laaste aardse ryk wat God gebruik het om volke wat uit die Christelike geloof gebore is, te straf vir gebrekkige moraliteit, bygeloof en kettery. Volgens Melanchthon ([1556]

103. Die voordrag waarin die verowering van Konstantinopel op 29 Mei 1453 gedenk word, is deur sy leerling Georg Maior voorgedra tydens die promosie van Paul Dumerich uit Hamburg. Die voordrag is dadelik in Duits vertaal en gepubliseer. Die voordrag is in die styl van 'n 'bekeringspreek' teen die agtergrond van die opkomende gevaar van die Islam, wat vir hom 'n teken was van die einde van die wêreldgeskiedenis. Die verwoesting van Athene deur die Turke soos beskryf deur die Griekse geskiedskrywer, Laonikos Chalkondyles, word in sy argument betrek (vgl. inleiding tot Melanchthon [1556] 2011a:289).

2011a) is die volgende nodig om God se straf aan die hand van die Turke vry te spring:

Die kettery moet beveg word, die sedes moet verbeter en die verstand moet fokus op die regte leer en die regte aanroeping van God – en daarom moet daar gebid word dat God ons sal lei, ons kerk sal bewaar, en die straf sal versag. God self moet daarom aanbid word; sy wil moet geken word sodat die kerk nie [*kan dink om*] deur menslike raad en hulp bewaar te word nie, sodat die duiwel en die werktuie van die duiwel ver weg gehou kan word. Die kerk bevind hom altyd as 'n klein kuddetjie onder duiwelse magte, Goddelose ryke en aanvalle van wolwe, en het geen ander verweer as die Seun van God, ons Here, Jesus Christus, wat vir ons gekruisig is en opgestaan het wat sê: 'niemand sal my skape uit my hand ruk nie [*Joh 10:28*]' (p. 299)

In een van sy laaste geskrifte, *Antwoord op die Goddelose artikels van die Beierse inkwisisie*, het Melanchthon ([1559] 2012a:261–265), in sy besinning oor die sesde gebod (oor die huwelik en kuisheid – vgl. ook §3.1.3.), tog weer onomwonde gestel dat daar 'n direkte verband tussen menslike immoraliteit en Goddelike straf bestaan. Hy wys onder andere op die straf van Sodom (Gen 19), die straf van Benjamin nadat hy 'n vrou verkrag het (Rig 19, 20), en Dawid se vlug na sy owerspel. In hierdie gevalle is die straf ook nog op die nageslag oorgedra. Hy wys ook daarop dat ganse volke vernietig is as gevolg van die wandade van die voorgeslagte. Dit is veral verkragters en hulle nageslagte wat hard gestraf word vir hierdie weersinwekkende dade. Melanchthon het daarom nie weggekram om God se aardse straf op menslike wandade aan die dag te bring nie. Hy was egter versigtig genoeg, om nie voortdurend nêr hierdie een perspektief te belig nie.

■ 4.2.2. Goeie werke – beloning – straf

Een van die temas van die eskatologie, konsentreer op die finale oordeel of die eindoordeel. Gewoonlik word hierdie tema bespreek binne die raamwerk van beloning vir goeie werke, of straf weens die gebrek aan goeie werke. Hierdie tema was een van die sentrale twispunte in die Reformatoriese stryd. Die saak van 'goeie werke' geniet deurgaans aandag in die boek, maar veral in §2.3.1. en §6.1.5. Hier word op die klassieke vraagstuk van die verband tussen goeie werke, beloning en straf gekonsentreer. Die later uitgawes van Melanchthon se leerboek word nader getrek vir die daarstelling van sy oortuigings.

In die Duitse weergawe van sy *Loci*, het Melanchthon in die bespreking van die tema *goeie werke*, een paragraaf aan die onderwerp gewy wat hier onder bespreking is. As antwoord op die vraag waarom mense goeie werke moet doen, antwoord hy met die volgende tweeledige argument: Eerstens stel Melanchthon ([1553] 2010:294, ll. 6–15) dat mense moet beseft dat 'goeie werke', of 'die aanvang van gehoorsaamheid' nie die vergewing van sondes verdien nie, en nog minder dat dit die vervulling van die wet is nie. Dit is dus nie 'dade van geregtigheid' nie en kan nie tot die ontvangs van die saligheid bydra nie.

Die loon van 'goeie werke' kan dus nooit die ewige lewe wees nie. Tweedens argumenteer Melanchthon ([1553] 2010:294, l. 28–295, l. 9) dat goeie werke nogtans gedoen moet word, aangesien God mense met verstandsvermoëns geskape het sodat hulle kan begryp, dat dit vir hulle noodsaaklik is om God se wet te gehoorsaam. 'God se ewige wil is dat alle denkende mense Hom sal gehoorsaam', en hierdie gehoorsaamheid kan 'die begin van goeie werke' genoem word – wat voor God niks verdien nie. Aangesien 'goeie werke' onvolmaak is, moet mense hulle tot God in Christus bekeer sodat die Heilige Gees hulle gewillig en begerig sal maak, om al groter gehoorsaamheid te openbaar – sonder dat hulle die redding daardeur sal verdien, aangesien redding, genade en nie verdienste is nie. Die doelbewuste ongehoorsaamheid van denkende mense, beland uiteindelik onder die ewige oordeel van God. Hierdie berekende sondes wat doelbewus teen die gewete in gedoen word, is 'doodsondes', wat beteken dat denkende mense hulle self van God, as die bron van die lewe, afsny (Melanchthon [1553] 2010:297, l. 15–301, l. 5). By Melanchthon is daar dus geen sprake van 'n liefdelose God wat mensvernietigend is nie. Die mens, die denkende mens, is die oorsaak van sy eie ondergang.

Melanchthon [1559] 2018:404–416) het in die laaste uitgawe van die *Loci praecipui theologici*, die verband tussen menslike handelings en God se oordeel, vanuit 'n paar ander perspektiewe benader. Volgens hom is daar talle redes hoekom mense goeie werke moet verrig: Dit is noodwendig; dit gee aan die mens waardigheid; en dit word uiteindelik beloon. Hierdie filosofiese gedagtes moet by die teologiese gedagtes van geloofsghehoorsaamheid en die vermyding van straf, gevoeg word. Volgens Melanchthon ([1559] 2018:406, ll. 1–24) word goeie werke gedoen as 'noodwendigheid om die geloof te bewaar' [*necessitas retinendae fidei est*]. Wanneer sondes teen die gewete gedoen word, word die Heilige Gees verdryf, en só verval die geloof (1 Tim. 5:8). Tweedens doen Christene ([1559] 2018:406, ll. 20–31) goeie werke 'as noodwendigheid om straf te vermy' [*necessitas vitandi poenas debebat*]. Melanchthon beskou die meeste terugslae van die lewe, as God se straf op sonde. Hy verwerp die gedagte dat rampe en ellendes ten diepste 'toeval is' [*accidere existiment*], aangesien mense handel en God daarop reageer (Ps. 38). Die bewuswording van God se straf is nie heenwysings na God se ewige straf nie, maar 'n blik op die oordeel wat finaal gaan kom. Melanchthon ([1559] 2018) argumenteer:

Aangesien alle teenswoordige verganklik is, dui die teenswoordige straf nie op die ewige toorn van God nie, maar is getuigenis van die komende gerig. God herinner ons dat 'n ander gerig nog kom, wat nie oor tydelike en verganklike dinge sal handel nie, maar oor die ewige dinge. Hierdie gerig moet altyd voor oë wees; aan hierdie gerig moet ons voortdurend dink, wanneer ons vandag straf waarneem.¹⁰⁴ (p. 406, ll. 26–31)

104. Melanchthon argumenteer: *'Immo cum praesentia omnia sint momentanea, praesentes poenae non respondent irae Dei aeternae, sed sunt testimonia iudicii venturi. Deus nos commonefacit restare iudicium aliud, in quo non de momentaneis et pereuntibus rebus agetur, sed de aeternis. Hoc iudicium semper in conspectu esse debet, de hoc iudicio nos ipsos admoneamus, quoties praesentes poenas videmus.'*

Melanchthon verwerp die ‘lawwe spitsvindigheid’ [*frigida cavillatio*], dat goeie daade uit vrees vir die eindoordeel gedoen moet word. Goeie en regte daade word op grond van respek vir God gedoen, en nie uit vrees vir straf nie. Nogtans moet sy straf in die lewe erken word, aangesien God die gang van die lewe nie aan toeval oorlaat nie. Die respek vir God ontwikkel op grond van die aanhoor van die evangelie en die ontdekking dat God vir Hom ’n ewige kerk uitkies, aangesien Hy nie wil sien dat almal tot niet gaan nie. Uit respek vir die uitkiesende liefde van God, word sy wil gehoorsaam, en dít is die begin van goeie werke. Melanchthon noem ‘goeie werke’ die ‘waardigheid van roepingsbesef’ [*dignitas vocationis*], en dít verduidelik Melanchthon ([1559] 2018) soos volg:

Jy moet weet dat jou bestudering van die wetenskappe en die beskeidenheid van lewenswandel werklik ’n groot saak is en tot die heerlikheid van die [*Christelike*] roeping en die bevordering van ander se belange bydra. Daarom verwag God dit; laat Hy dit toe, en soos gesê, lei en ondersteun God jou hierin. Daarom moet jy die pligte wat aan jou opgedra is, met groot ywer doen.¹⁰⁵ (p. 410, ll. 4–8)

Vir Melanchthon is dit noodwendig en vanselfsprekend dat Christene ‘goeie werke’ sal doen – nie uit vrees vir straf nie, maar in besinning oor die waarneembare straf wat na die finale oordeel heenwys. Die finale oordeel hou geen verskrikking vir gelowiges in nie, aangesien hulle reeds deel is van die ewige, uitverkore kerk. Daarom, as mense besit hulle waardigheid, en waardige mense doen hulle plig teenoor ander mense en bevorder só die gehalte van die samelewing.

■ 4.2.3. Die sterre voorspel straf en lyding

Melanchthon is ’n unieke en komplekse fenomeen. Hy was nie net die groot en invloedryke kerkhervormer nie, maar ook die universele geleerde wat toegesien het dat al die bekende wetenskappe van sy tyd uitgebou en bevorder word. Sy gelyktydige geloof in God en bewondering van die wetenskappe, laat sy verstaan van die werklikheid vir die hedendaagse mens soms vreemd lyk. Sy ineenskakeling van astrologie en astronomie en bybelse geloof is binne die Reformatoriese tradisie, ’n vreemde aanbod. Om die weë van God uit die sterre af te lees, mag Reformatoriese vreemd voorkom, maar dit was en is nie totaal onbekend in die verlede (vgl. Matt 2) sowel as in die hede nie.

Melanchthon ([1535] 2012b) se *Voorlesing oor die waardevolheid van die astrologie*,¹⁰⁶ bied goeie inligting oor sy verstaan van die verband tussen teologie en die ‘sterrekunde’. Melanchthon (soos ook ander geleerdes van sy

105. Melanchthon verduidelik die waardigheid van die Christelike roeping soos volg: ‘*Scias hoc tuum studium literarum et modestiam vitae vere rem magnam esse et ad vocationis gloriam et aliorum necessitatem pertinere. Ideo eam Deus postulat, approbat, ut dictum est, gubernat, adiuvat. Quare studiosius officia tui loci facias.*’

106. Astrologie en astronomie was in die sestiende eeu nog nie terminologies of saaklik onderskei nie. Beide ‘vakgebiede’ het te make gehad met die matematiese modellering van die uitspansel, asook die invloed wat

tyd) het nie 'n duidelike onderskeid tussen astrologie en astronomie gemaak nie. Melanchthon ([1535] 2012b:103) wys op die Griekse retoriek, wat geleer het dat wetenskaplikes nie slegs waarhede oor hulle vakgebiede kan aanbied nie, maar ook moet aandui wat die waarde van hierdie kennis vir mense en die samelewing is. Blote kennis van sterre het min waarde; daar móét 'n aanduiding wees watter waarde hierdie kennis vir die mensdom het.¹⁰⁷ Op die voetspoor van hierdie verstaan van wetenskap, kon Melanchthon teologie en astrologie aan mekaar koppel. Die voorwaarde was natuurlik dat uitsprake oor die sterre op wetenskaplike navorsing berus. Vae vermoedens, spekulاسie en fantasieë was vir Melanchthon van geen waarde nie. As 'n nugterdenkende mens het hy egter ook geweet dat die astrologie (soos die mediese wetenskap), nie al te gou op 'sekerhede' en 'feite' kan aanspraak maak nie. Die afleidings wat oor die verloop van die geskiedenis gemaak kan word, moet dus ook versigtig en voorlopig gedoen word. Melanchthon het besef dat toekomsvoorspellings 'n gevaarlike speletjie is. Astrologie wat bygeloof aanwakker, moet verswyg word, maar dit beteken nie dat hierdie vakgebied waardeloos is nie. Melanchthon het reeds geweet dat daar 'n verband tussen sterrekonstellasies, seisoene en weerpatrone bestaan, maar hy en die geleerdes van die sestiende eeu het te min geweet om met sekerheid sekere verskynsels te verklaar. Voortgesette navorsing¹⁰⁸ was dus vir Melanchthon ([1535] 2012b:104-107) noodsaaklik, aangesien die landbouwetenskap daarby kon baat, en dus ook die samelewing as geheel. Nie net die landbougemeenskap moes hulle op stormvloed voorberei nie, maar ook elke dorp en stad. Vir Melanchthon die teoloog, bly die volgende vraag dan ook nog onbeantwoord: Hoekom stuur God vloede oor gebiede? Is dit straf vir immoraliteit, wetteloosheid en ongeregtigheid? Hy was van mening dat daar enkele gevalle in die geskiedenis is, waar met redelike sekerheid gesê kan word dat daar 'n kousale samehang tussen die stand van die sterre, menslike moraliteit en God se reaksie daarop bestaan. Hy het hierdie argument egter nie te ver gevoer nie, waarskynlik

(voetnota 106 volg hier)

die stand van die sterre op die menslike samelewings gehad het. Met die bestudering van die sterre, is daar gehoop dat God 'n skrefie sal open op die onbekende toekoms, veral as onheil in aantog was. Só kan God geleentheid bied op bekering, aangesien immoraliteit, katastrofes en straf as 'n eenheid bedink is. Die stand van die sterre het menslike handeling en besluite nie gedetermineer nie. Waar Luther die astrologie verag het, het Melanchthon op voortgaande bestudering, as deel van die bevordering van die natuurwetenskappe, aangedring. Die voordrag is in 1535 deur die wiskundige en astronoom Jakob Milich, tydens 'n magister-promosiegeleentheid voorgedra. Resente navorsing kon bevestig dat hierdie voordrag wel deur Melanchthon (vgl. inleiding tot [1535] 2012b:101-102), en nie deur Milich geskryf is nie.

107. Reeds sedert die vyftiende eeu is daar tussen 'natuurlike astrologie' [*astrologia naturalis*] en 'wysgewende astrologie' [*astrologia divinatoria*] onderskei. Melanchthon sluit by hierdie tradisie aan, en meen dat die astrologie aanduidings van God se wil en handelings moet gee (vgl. Jung 2010:136).

108. Melanchthon se huiwering en onsekerheid oor die astrologie en astronomie kan gesien word in sy huiwering om Kopernikus se nuwe wêreldbeeld te ondersteun. Luther het dit verwerp, maar talle geleerdes (insluitend Melanchthon se studente) in Wittenberg, het hom gesteun. Die wiskundige, Georg Joachim Rheticus, het in 1542 Kopernikus se werke in Nürnberg laat druk (vgl. Jung 2010:135).

omdat hy die aanvoeling gehad het dat hierdie 'n gevaarlike terrein is (vgl. Bihlmaier 2017:475-477; Jung 2010:135-139).

In 'n brief aan Johannes Bretschneider in 1553, stel Melanchthon (Mundhenk et al. 2017:136-138) dit byvoorbeeld wel dat die sterre toekomstige gebeurtenisse, wat deur God bewerk word, kan voorspel. Sterre kan tekens van God se sorg of oordeel wees. Indien dit na God se komende straf heenwys, kan dit die geleentheid vir die afskaling van boosheid bied, en só kan die straf versag word. God laat boosheid nie ongestraf nie, maar sy toorn is nie 'n onveranderbare fatum nie. Die Turkse opmars in Europa was skrikwekkend vir Melanchthon. Hy het geglo dat die Turkse invalle en wreedhede, met God se oordeel oor die morele en godsdienstige verval in Europa, te make het. Selfs die voortbestaan van die kerk word hierdeur bedreig. Tóg het hy vas geglo dat bekering en hervorming die straf sal verlig, sodat die kerk nie algeheel sal ondergaan nie, maar dat 'n minderheid, 'n oorblyfsel, die kerk sal laat voortbestaan.

■ 4.3. Wat word uiteindelik verwag?

Utopiese aardse verwagtings is 'n gereelde verskynsel onder die mensdom. Melanchthon was ook met sulke verwagtings gekonfronteer. Die verwagting dat die Messiaanse koninkryk, as 'n aardse ryk van mag en beheer, aan die einde van die tye aan bewind sal kom, was lewendig onder die Jode en Anabaptiste van die sestiende eeu. Melanchthon het die geestelike ryk van Christus teenoor hierdie belangegroepe verdedig.

■ 4.3.1. Die geestelike ryk van Christus

In die tweede weergawe van sy *Algemene teologiese temas*, het Melanchthon ([1535] 2019:262-268) aandag aan die koninkryk van Christus begin skenk. Hy maak dit aan die begin van hierdie hoofstuk duidelik, dat Christus se ryk 'n 'geestelike ryk' is – 'n ryk van sondevergewing, die Heilige Gees en die ewige lewe, aangesien dit 'n ryk is wat op die weldade van Christus gebou is. Aardse utopiese verwagtings het niks met die ryk van Christus te make nie, aangesien dit nie met aardse mag verband hou nie, maar met geloof, gebed en geduld. Melanchthon se argument berus op Jesaja 11, Jeremia 31, Johannes 17, Romeine 8, 2 Timoteus 3 en 1 Johannes 3. Melanchthon se tweede argument handel oor die feit, dat die maatskaplike bestel en die kerklike samelewing deur onvolmaakthede belas word. Booswigte en moreel-bedenklike mense kom in beide samelewingsverbande voor. Geen suiweringsprosesse kan hierdie werklikheid verander nie. Predikante moet egter toesien dat mense, wat ooglopend antichristelik dink en lewe, 'n distansie teenoor die gemeentes handhaaf. Die volgende argument onderstreep egter, dat die geestelike ryk van Christus wel in hierdie aardse bedeling begin. Geloof en leiding deur die Heilige Gees, is die begin van die nuwe lewe in Christus. Só ook die lewe onder

die kruis – die lyding, vervolging en swaarkry van die kerk tel ook onder die aanwysers van die ryk van Christus. Waar daar troos is, dáár het Christus se koninkryk reeds begin.

Melanchthon ([1553] 2010:393–398) het in die Duitse weergawe van sy leerboek, grootliks herhaal wat hy vantevore betoog het. Hy het egter op 'n kategismusagtige wyse tientalle Skrifbewyse aangehaal, en ter ondersteuning van sy standpunt verduidelik. Die kern van sy argument is dat die ryk van Christus, nie 'n 'uiterlike ryk' is nie, maar 'n geestelike ryk. Dit is 'geestelik', aangesien die vertrekpunt die Here is, wat opgevaar het na die hemel en aan die regterhand van sy Vader sit. Hierdie verhoogde Here stort sy Gees oor mense uit, sodat hulle sy Woord kan glo, tot Hom sal bid en in kennis oor sy versoeningswerk sal toeneem. Die ryk van Christus is niks anders nie as sy kerk die plek waar mense vervolgd word en hy sy volgelinge beskerm en vertroos. Dit het niks te make met aardse mag, wat die bese met wapens uit die wêreld probeer dryf nie. In die ryk van Christus is daar geduld met die onvolmaaktheid en die bese, en is daar nie 'n veglustigheid om die bese te identifiseer en te elimineer nie. Die enigste stryd, is die stryd teen die eie ongeloof en sonde.

In die laaste uitgawe van die *Loci praecipui theologici*, het Melanchthon ([1559] 2020b:212–222) sy, nou reeds bekende, standpunte herhaal. Hy het egter uitgebrei oor die vervolging van die kerk, en die troos dat Christus sy kerk teen die bese bewaar. Hy waarsku dat diegene wat aardse ryke met die evangelie wil oprig, die eintlike sake van die evangelie agterweë laat. Gelowiges moet hulle beywer vir maatskaplike verbetering, groter geregtigheid en intellektuele ontwikkeling, maar sonder om die hoofsaak van die geloof te verwaarloos. Hy beklemtoon dit egter, dat die ryk van Christus begin waar mense in geloof die evangelie aanvaar, gereeld bid en onder leiding van die Heilige Gees, teen die eie sondige natuur stry. Die ryk van Christus is ook nie 'n politieke toestand, wat handelend gerealiseer moet word nie, aangesien dit gereed is vir diegene wat troosvol in die geloof sterwe.

Ten slotte, die volgende algemene opmerking oor Melanchthon se eskatologie: Hy was 'n 'gematigde apokaliptikus' (Jung 2017:442) wat geglo het aan die spoedige wederkoms van Christus. Hy was egter geen chillas nie, aangesien hy nie die aankoms van Christus op 'n spesifieke datum¹⁰⁹ verwag het nie. In plaas van die berekening van die wederkoms, het Melanchthon mense aangemoedig om eerder in 'n vreugdevolle gebedstemming te verenig (Scheible 2016:318). Nogtans het hy in die Turkse gevaar 'n teken van die nabye eindtyd gesien. Hy gebruik wel die profeet Daniël (en veral hfst. §7) om

109. Melanchthon het die dwaasheid van die berekening van datums persoonlik beleef. Michael Stifel, 'n studentemaat van Luther, predikant van Lochau en wiskundige, het bereken dat die wederkoms op 19 Oktober 1533 om 08:00 sou plaasvind. Die verleentheid van die mistating het Melanchthon gekeer om soortgelyke voorspellings te maak (Scheible 2016:318).

die breë trekke van die wêreldgeskiedenis bloot te lê, sonder om vrees vir die naderende einde aan te blaas (vgl. Melanchthon [1556] 2011a:297–299).

■ 4.3.2. Laat U koninkryk kom!

Om met sekerheid te weet hoe Melanchthon die ryk van Christus verstaan het, kan daar na sy uitleg van die tweede bede van die Onse Vader-gebed gekyk word. Melanchthon (1535] 2019:292) se aanvanklike uitleg van hierdie bede, lui soos volg: '[...]regeer ons deur u Heilige Gees sodat ons u Woord sal glo. Rig u koninkryk in ons op, sodat ons erfgename van u koninkryk kan word.' Die 'koninkryk' het dus niks met aardse omstandighede en toestande te make nie, maar met die evangelie en hóé ons deur die evangelie regeer word, en watter konsekwensie dit vir ons sterflike bestaan inhou. In die 1553-Duitse uitgawe van sy *Hoofartikels van die Christelike leer*, herhaal hy dieselfde gedagte. Die klein veranderings wat hy aangebring het, is insiggewend. Melanchthon ([1553] 2010:426, II. 15) bewoord die tweede bede as '*Zukome dein Reich*' wat '*Zu uns komme* (Lat. *adveniat*) *dein Reich*' beteken en wat as 'Laat u ryk na ons toe kom' vertaal kan word. Melanchthon ([1553] 2010) lê die bede soos volg uit:

Verlig en regeer ons deur u Heilige Gees, sodat ons u Woord werklik sal glo. Begin u ryk in ons, sodat ons erfgename kan word van die ewige lewe en ryk. (p. 426, II. 16–18)

In die laaste Latynse uitgawe van sy *Loci* in 1559, het Melanchthon twee nuwe perspektiewe na vore gebring. Eerstens, het hy ([1559] 2010:340, II. 15) die bewoording van die bede na 'laat u heerskappy kom' [*adveniat regnum tuum*] verander. Nadat hy ([1559] 2010:340, II. 16–17) die bekende argument oor die Woord en die Heilige Gees herhaal, voeg hy 'n gedeelte by oor Christus se heerskappy en die vernietiging van die heerskappy van die duiwel – die duiwel wat die mens verlei om die eerste en ook ander gebooie te oortree. Melanchthon ([1559] 2010) verwoord dit soos volg:

[L]aat u heerskappy in ons begin, sodat ons erfgename van u ryk kan word, en U die heerskappy van die duiwel kan vernietig wat vreesaanjaend woed onder mense en hulle aanhoudend aanhits tot 'n Epikurusagtige veragting van God, of 'n verering van afgodsbeelde, waansinnige moorde, losbandighede, leuens en ander mallighede. Bewaar ons van hierdie booshede, ewige Vader van onse Here Jesus Christus, en lei ons deur u Heilige Gees, aangesien U belowe het: 'Ek sal my Gees oor julle uitstort'.¹¹⁰ (p. 340, II. 17–23)

Dit is belangrik om daarop te let dat Melanchthon die 'ryk van die duiwel' nie as iets buite die menslike sonde om sien nie. Die 'duiwel' is nie 'n selfstandige

110. Melanchthon formuleer soos volg: '[...] *inchoa in nobis regnum tuum, ut fiamus haeredes regni tui et destruas regnum Diaboli horribiliter grassantis in genere humano et passim homines impellentis ad Epicureum Dei contemptum aut colenda idola, scelerata homicidia, libidines, mendacia et alios furores. Adversus haec mala defende nos, aeternae Patris Domini nostri Jesu Christi, et rege nos Spiritu sancto tuo, sicut dixisti: "Effundam de Spiritu meo"* [Hand. 2:17].'

persoon nie, maar 'n metafoor vir die mens se opstand teen en geringskating van God, wat deur die Heilige Gees wat die menslike hart en verstand verlig, beveg word.

■ 4.3.3. Die opstanding en die ewige lewe

Melanchthon het in die eerste uitgawe van sy *Locī* (1521) nie aan die opstanding en ewige lewe aandag gegee nie. Volgens Jung (2017:441) is dit nie heeltemal vreemd nie, aangesien Melanchthon oortuig was dat daar min oor die skepping, die Triniteit en dus ook die eskatologie gesê kan word, wat van noemenswaardige betekenis is. Hy is egter gedwing om in 1530 in Artikel XVII van die CA uitsprake oor die eskatologie te maak, in reaksie op die optrede van die wederdoper, Augustin Bader, wat 'n Joodse Messianisme aangehang het. Artikel XVII (Melanchthon [1530] 2014b:112-113) is 'n herhaling van die eskatologiese uitsprake van die *Apostoliese Geloofsbelydenis*, aangevul deur uitsprake oor die ewige vreugde van die gelowiges en die ewige straf van die ongelowiges.¹¹¹ Aangesien die Roomse teoloë met Melanchthon saamgestem het, was daar geen rede om in die *Apo/CA* ([1531] 2014a) verder aan hierdie tema aandag te gee nie.

Melanchthon het in die eerste verwerkte weergawe van die *Locī*, in die dertigerjare van die sestiende eeu, meer aandag aan die 'eskatologie' gegee. Hy ([1535] 2019:268-273) beskou die artikel oor die opstanding en ewige lewe as een van die sentrale artikels van die Christelike geloof. Hy verwys na bekende Nuwe-Testamentiese Skrifgedeeltes soos Matteus 25, Johannes 5 en 6 en 1 Korintiërs 15 om sy oortuiging te staaf. Dit is interessant dat hy eerder aan 'n reeks Ou-Testamentiese tekste soos Genesis 4 en 15; Numeri 23, Job 19, Psalms 16, 22, 34, 49 en 116; Jesaja 24, 25, 35, 65 en 66; Esegieël 37; Daniël 12 en Hosea 13 aandag gee. Sy fokus op Ou-Testamentiese tekste vertel 'n verhaal oor sy Skrifbeskouing. Die Bybel was vir hom die boek van die kerk in die laat-Middeleeue. Selfs die boodskap oor die opstanding en die ewige lewe, was al in die Ou Testament ter sprake. Sy beklemtoning van die belofte-karakter van die Ou Testament, staan veral uit. Allegoriese heenwysings na Christus was vir Melanchthon ook geen problematiese aangeleentheid nie. In hierdie boek word daar nie kritiese debat gevoer nie. Elke leser moet self oordeel of Melanchthon nie dalk tog ook 'n geldige hermeneutiese aanslag het nie. Die hermeneutiek het die laaste 500 jaar vanselfsprekend baie gevorder, maar die vraag of Melanchthon in alles totaal verkeerd was, moet gevra word. Het die Ou Testament werklik niks met Christus te maak nie?

111. Volgens Artikel XVII van die CA word almal by die wederkoms van Christus geoordeel. 'Die uitverkorenes en die regverdiges (*piis et electis*) word die ewige lewe en ewige vreugde gegee (*dabit vitam aeternam et perpetua gaudia*), maar die goddelose mense en die duiwel egter, word tot die hel en die ewige straf verdoem (*impios autem homines ac diabolos condemnabit, ut sine fine crucientur*).'

Melanchthon het sy pas genoemde strategie in die derde weergawe van sy *Loci* voortgesit. In die Duitse weergawe van sy leerboek (Melanchthon [1553] 2010:399–405), herhaal hy dat die profetiese beloftes oor ’n nuwe, ewige lewe deeglike aandag moet verdien. Wat in Christus gebeur het, is voorspel en verwag; dit was nie ’n onverwagse, toevallige gebeurtenis nie. God is die God van lewe, en sy beloftes van nuwe lewe strek oor geslagte en eeue. Dit is ondenkbaar dat die Vader van Jesus Christus nie aan sy beloftes getrou sal bly nie. Melanchthon ([1553] 2010:400, II. 1–13) beklemtoon ook die vreugdekarakter van die ewige lewe; dit is ’n lewe sonder sonde, die dood en die bose. Verder wys hy daarop dat die kerk die ruimte van troos is – die ruimte waar gelowiges bewaar en op die vreugde van die nuwe lewe voorberei word.

Melanchthon het in die laaste uitgawe van sy *Loci* ook ’n nuwe perspektief by sy bestaande argumente gevoeg. Hy ([1559] 2020b:224, II. 1–21) wys op die belangrikheid van die 40 dae ná Jesus se opwekking. Hierdie 40 dae het die dissipelkring van die werklikheid en waarheid van die opwekking oortuig, en in hierdie dae is op die openbare verkondiging van God se daad besluit. Die feit dat talle mense buite die dissipelkring om vir 40 dae lank oor hulle ontmoetings met die lewende Heer kon gesprek voer, is waarskynlik Melanchthon se ‘historiese argument’, wat hy gevoel het nodig mag wees. Hy wys op die uniekheid van hierdie historiese gebeure, aangesien só iets nog nooit weer onder die mense voorgekom het nie. Binne die kerk kan daar nie ’n verskil van mening oor die opstandingsbelydenis geskied nie. Wie hiervan verskil, plaas hulleself buite die kerk.

Ter wille van ’n oorsig, word samevattend na Melanchthon ([1559] 2020b:222, I. 25–234, I. 18) se finale gedagtes oor die tema onder bespreking gekyk soos hy dit in die laaste uitgawe van sy *Loci* gestel het. Hy was oortuig dat daar op grond van die Skrif, die volgende oor die ‘opstanding van die ontslapenes’ (*de resurrectione mortuorum*) en die ewige lewe geglo kan word: Ná die opstanding van die dooies, volg die eindoordeel wat vir die gelowiges of die God-verbonde mense (*pii*) die lewe, en vir die ongelowiges of die God-lose mense (*impii*) die dood, inhou. Die gelowiges ontvang die ‘ewige heerlikheid’ (*gloria aeterna*), ’n ‘wêreld van lig’ (*nova lux*) en ‘volkome’ (*perfecta*) wysheid en geregtigheid (*sapientia et iustitia*) waar daar geen sonde en dood meer sal wees nie. Die gelowiges sal verder ’n ‘ewigdurende vreugde’ (*perpetua laetitia*) en ‘volledige kennis van God’ (*perfecta agnitio Dei*) geniet. Die ewige lewe sal soos ’n ‘ewigdurende feesdag wees’ (*perpetuus festus dies*), waar mense God ‘voortdurend aanbid’ (*perpetua adoratio*). Hierdie lewe sal nie ’n ‘geestelike bestaan’ wees nie, maar ’n bestaan van ‘herskape’ (*renovata*) liggame. Die uitsig op hierdie perfekte, hemelse bestaan bring mee, dat die ‘onaangenaamhede van die huidige lewe’ (*aerumnae huius vitae*) makliker verduur kan word (vgl. ook Jung 2017:442).

■ 4.3.4. Voorstellings van die ewige lewe

Melanchthon het talle voorstellings van, of metafore oor die ewige lewe of die hemelse heerlijkheid geformuleer. In sy troosbrief aan Justus Jonas in Halle op 27 Desember 1542, stel hy dat sy oorlede vrou (Katharina Falck) nou alreeds 'in gesprek is met Eva, Sara, Rebekka en Maria. In hierdie gemeenskap sal jy haar weer sien en in jou arms kan hou' (Mundhenk et al. 2017:86–87). Die gedagte van 'hemelse omarming' was vir Melanchthon 'n belangrike gedagte, aangesien die dood vir hom 'n gebeurtenis is wat in 'menslike omarming' voltrek moet word. In 'n brief aan sy skoonseun, Georg Sabinus, skryf Melanchthon (Mundhenk et al. 2017:114–115) op 06 April 1547, dat hy 'groot berou het dat sy dogter nie met ouerlike omarming kon sterf nie', aangesien hulle nie by haar sterfbed teenwoordig kon wees nie. Hy en sy vrou word egter getroos met die hoop dat sy nou die aangename teenwoordigheid van God en sy Seun, ons Here Jesus Christus beleef, aan wie hy haar met soveel tranes aanbeveel het; en hy hoop om spoedig dáár, sy arms om haar te kan slaan. Melanchthon se kleinseun, Albert, is ook in 1547, kort ná sy geboorte oorlede. Later, op 07 Januarie 1552, skryf Melanchthon (Mundhenk et al. 2017:130) aan sy skoonseun, Georg Sabinus, dat geen wêreldse wysheid in hierdie smart troos kan bied nie. Die enigste troos is dat Albert, op grond van sy doop, 'deel van die gemeenskap van die hemelse kerk is, waar hy deur ander in die arms gehou word'.

In sy eerste *Testament*, het Melanchthon ([1539] 2011d:31) geargumenteer dat dit vir hom onvoorstelbaar is dat die dood sy aardse verbintenisse sal beëindig. Hy het geglo dat familiebande en werksverbintenisse ná die dood behoue sal bly. Hy was oortuig dat hy in 'die hemelse lewe' sy vriendskap met sy broer, Georg, en kollegas, Joachim Camerarius, Franz Buchar, Johannes Bugenhagen, Augustin Schurff, Paul Eber en Veit Dietrich, sal voortsit. Hy het dus 'n gemeenskapsgeoriënteerde voorstelling van die ewige lewe gehad.

Volgens Jakob Heerbrand (Weng [1560] 2011:38) is Melanchthon ná sy afsterwe, deel van die 'hemelse universiteit'. Hierdie uitdrukking het hy by Melanchthon self geleer. In 'n brief aan Veit Dietrich op 3 Desember 1548 (Mundhenk et al. 1917:124) skryf hy dat hulle vriend, Caspar Crugicer, wat op 16 November gesterf het, 'nou deel is van die hemelse akademie'. Melanchthon het op sy sterfbed aan die omstanders gesê dat hy by sy afsterwe in 'die hemelse akademie' opgeneem sal word, waar hy met sy onderrigtaak en navorsingsbedrywighede kan voortgaan (Scheible 2016:318).

Melanchthon het laat in sy lewe besef dat die verlanse na die goeie verlede en die uitsien na 'n nuwe bedeling, met die eskatologiese verwagting ineengevleg is. Die ou aarde en die nuwe hemel vorm saam 'n voorstelling van die ewige lewe. In 'n brief van 01 Januarie 1560 aan sy Heidelbergse kollega, Nikolaus Cisner, skryf hy aan sy kindervriend oor die verlanse na die berge van

Heidelberg en die verwagting van die nuwe universiteit in die hemel. Hy (soos aangehaal deur Rhein 2010) skryf:

Ek gee toe dat ek na sowel my ou tuiste [*Bretten naby Heidelberg*] as my broer [*Georg*] verlang. Dikwels dink ek met verlange aan julle berge en kastele, wat deur keiser Valentianus gebou is, daar teen die oewers van die Neckar-rivier en op die heuweltoppe, en ek brand van begeerte om met jou en die ander geleerdes gesprek te voer in 'n regte en goeie gesindheid. My verlange word aangewakker deur die woede van my vyande, van wie ek ver weg wil vlug. (p. 27)

Melanchthon sien die 'hemelse akademie' dus as 'n plek waar die mens van sonde en die kleinlike twiste van die lewe verlos sal wees. In die aangesig van God en sy Seun, sal die diepste lewens- en teologiese vrae beantwoord word. Navorsing om te deurdink en te verklaar, sal nie meer nodig wees nie, aangesien alles aan ons volledig geopenbaar sal word.

Een van Melanchthon se ander voorstellings van die ewige lewe, berus op Jesus se uitspraak aan die kruis, toe hy aan die een misdadiger gesê het (vgl. Lukas 23:43): 'Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.' Melanchthon ([1560] 2011c:161) verduidelik dat die woord *paradys* metafories op 'n toestand betrekking het waarin geregtigheid, wysheid en lewe sonder die dood heers. Dít was die toestand wat voor die sondeval in die paradys geheers het. Jesus belowe die misdadiger dat hy saam met Hom in 'n toestand van ewige geregtigheid en lewe sal deel, waar hy die goedheid en ewige aanwesigheid van God sal ervaar. Midde in die dood (aan die kruis), breek die ewige lewe vir hierdie man alreeds aan – net soos wat dit vir Jesus self aanbreek.

Die hemel was vir Melanchthon egter nie 'n blote projeksie nie. Al het hy die hemel in terme van konkrete aardse realiteite voorgestel, was sy diepste verlange nogtans om by God te wees. In sy Duitse *Locí* het Melanchthon ([1553] 2010:405, II. 1–2) vertroostend gesê: 'Om by God te wees, beteken lewe in 'n nuwe, Goddelike ewige lewe.'

■ 4.3.5. Die heiliges in die hemel en die vaevuur

Melanchthon se uitsprake oor die gestorwe heiliges in die hemel, bied 'n perspektief op sy voorstelling van die lewe ná die dood, wat nie elders gevind word nie. In sy uitvoerige *Antwoord op die Goddelose artikel van die Beierse inkwisisie* (Melanchthon [1559] 2012a:249–256), verwerp hy die gedagte dat die heilige martelare in gebed vereer en aangeroep moet word. Op grond van die eerste gebod handhaaf hy die oortuiging dat slegs God aanbid mag word, en dat voorsiening slegs van Hom en sy Seun afgesmeek mag word. Dat die heiliges versoek word om te voorsien, en gesmeek word om voorbidding by die Vader te doen, ondergrawe die Goddelikheid van Christus. Die middelaarskap van Jesus Christus word verduister wanneer die heiliges gesmeek word om mense van siektes te genees, en om hulle van aardse

middele te voorsien (vgl. Joh. 16; 1 Tim. 2 & Hebr. 7). Só 'n gebed is volgens Melanchthon ten diepste sonde, aangesien dit die eer van Christus aantast. Ten spyte van hierdie kritiek, glo Melanchthon dat die heilige martelare en kerkvaders nou alreeds om Christus se troon vergader is, en dus alreeds in die ewige lewe deel. Volgens Melanchthon lewe die heiliges reeds in die nuwe bedeling, en hulle sou teoreties aanbid kon word. Die heiliges 'rus' of 'wag' nie vir die wederkoms en eindoordeel nie, aangesien hulle reeds in die hemel opgeneem is. 'Voorvaderaanbidding' is volgens Melanchthon Godslasterlik, en behoort hard gestraf te word. Daarnaas moet die mense geleer word om God deur Christus, in gebed te nader met hulle sorg en vrese. In Melanchthon se denkwêreld was die probleem nie die geloof in die voortbestaan van die voorvaders nie, maar die verkeerde verstaan van gebed.

Melanchthon ([1559] 2012a:256–261) se kritiek op die Roomse leer oor die vaevuur, bied ook 'n perspektief op sy verstaan en voorstelling van die lewe ná die dood. Sy kritiek teen hierdie leer berus in die eerste instansie op 'n gebrek aan Skrifbewyse. Tweedens, gaan dit oor die Christelike misbruik van die offergedagte; en derdens, om 'n verkeerde verstaan van heil en verdoemenis. Melanchthon beroep hom op Matteus 25, wat stel dat sommiges gered word terwyl ander verlore gaan. Die Roomse gedagte dat daar vir die gestorwenes gebid kan word, en dat daar namens hulle offers gebring kan word, is vir hom sonder enige bybelse begroning. Die punt wat egter hier gemaak word, is dat Melanchthon nie kritiek uitspreek teen die moontlikheid dat dié wat gesterf het, elders kan voortlewe nie. Hierdie tipe kritiek was nie deel van Melanchthon (of ander reformatore) se verwysingsraamwerk nie. Die teoretiese moontlikheid van 'n 'voortbestaan van gestorwenes' in ander ruimtes, was vir Melanchthon en sy tydgenote nie problematies nie.

■ 4.3.6. Redding alleen danksy Jesus Christus

In Melanchthon ([1543] 2011f; [1542] 2011e) se denke was daar nie ruimte vir iets soos die 'alversoening' of 'redding vir almal nie'. Hy was 'n radikaal Christologiese denker, en diegene (insluitend Jode en Mohammedane) wat Jesus Christus nie as verlosser wou aanvaar nie, moes met die 'ewige verdoemenis' rekening hou. Teenoor uitsprake soos hierdie, staan Melanchthon se oortuiging egter dat talle voortrefflike figure uit die Ou Testament soos Dawid en die profete, deel is van die ewige kerk van God (vgl. Melanchthon [1553] 2010:399–405). Melanchthon is dus 'n teoloog met teenstrydige uitsprake. Hierdie teenstrydighede is egter in die Skrif self ingebed, en Melanchthon as 'n Skrifgetroue teoloog, het nie geskroom om aan teenstrydighede aandag te gee nie.

■ 4.4. Oorsig

In hierdie hoofstuk word Melanchthon se eskatologie voorgestel. Die eerste tema wat onder die loep kom, is die dood. Paragrafe word afgestaan aan die

verband tussen sonde en die dood, siekte en ouderdom as voorlopers tot die dood, teologie en gebed as voorbereiding op die dood, en die motief van Christelike vertroosting. Die tweede tema handel oor loon en straf. Melanchthon se oortuiging dat immoraliteit op aarde sigbaar gestraf word, kry eerstens aandag. Dan volg die klassieke vraagstelling oor die verband tussen goeie werke, straf en beloning. Melanchthon het 'n lewende belangstelling in die astrologie en die astronomie gehad, en om daardie rede word na sy verstaan van aardse gebeure in die lig van die sterrekunde gekyk. Die derde tema gaan oor die vraag na wat uiteindelik verwag kan word. Die geestelike ryk van Christus geniet aandag, en daarmee saam 'n uitleg van die bede *laat u koninkryk kom*. Vervolgens geniet die opstanding en die ewige lewe aandag. Sy eie voorstellings van die ewige lewe, sowel as sy kritiek op die Roomse leer aangaande die vaevuur, word belig. Die hoofstuk word met sy Christologiese verstaan van die heil afgesluit.

Hoofstuk 5

God

Vir Melanchthon was God 'n lewende en teenwoordige werklikheid. Alhoewel hy omring was deur talle mense wat nie die kerklike voorstelling en begrip van God gerespekteer het nie, was 'n lewe sonder geloof in die drie-enige God nie vir hom voorstelbaar nie. Hierdie hoofstuk is dus van kardinale belang in die poging om 'n greep op sy teologie te kry.

■ 5.1. Kennis en aanbidding van God

Melanchthon het nie in die eerste uitgawe van die *Loci communes* (1521) 'n aparte hoofstuk oor God gehad nie. Wat hy oor die drie-enige God moes sê, kon in groot gedeeltes van die boek ingevleg word. In die 1535-uitgawe (wat 'n verwerking is van die 1533-uitgawe) van die *Algemene teologiese temas (Loci communes theologici)*, het hy wel kortliks in 'n aparte hoofstuk aan hierdie tema aandag gegee. Melanchthon ([1535] 2019:33–55) het 'n paar kern-argumente uitgelig, waarby hy vir die res van sy loopbaan gebly het. Hy sou in die latere uitgawes van sy leerboek hierdie argumente net breedvoeriger bespreek en verduidelik. Melanchthon ([1535] 2019:33–35) het vanuit die staanspoor duidelikheid in sy gemoed gehad, dat daar Christologiese en trinitariese oor God gepraat moet word.¹¹² 'n Teks soos Johannes 14:8 was vir

112. Melanchthon het baie wyer oor die Godsbegrip geskryf soos onder andere God as skepper, maar hiervoor is daar nie in hierdie boek genoeg ruimte nie (vgl. Link 2017 vir 'n goeie oorsig).

hom rigtinggewend. Tweedens, moet daar oor God vanuit die perspektief van die eerste gebod; en derdens, binne die aanspreekvorm van die Onse Vadergebed, gepraat word. In die vierde instansie het hy besef, dat die gesprek oor God binne die groter raamwerk van die filosofie gedoen moet word. Kennisname van die filosofiese argumente (dat daar na alle waarskynlikheid 'n skepper is en dat Hy beloon en bestraf) is belangrik, maar hierdie rasonale kennis is nie genoeg vir 'n troosvolle lewe nie. Die sekerheid dat God gebede verhoor, barmhartigheid betoon en teenwoordig is, maak eers die nadenke oor God sinvol. In die vyfde instansie gee hy toe, dat spore van God wel in die natuur te vinde is, maar vir volledige kennis van God, is die openbaring in Christus nodig.¹¹³ Die God waarvan Melanchthon dus praat, is die drie-enige God, die één en enigste ware God wat nie in die filosofie of ander godsdienste geken word nie, maar in die geloof deur Christus aanbid moet word.

'n Goeie weergawe van Melanchthon se Godsleer, word in die Duitse weergawe van sy *Hoofartikels van die Christelike leer* (1553) gevind.¹¹⁴ Die kategismusagtige styl van die boek neem niks van die akademiese kwaliteit van die boek weg nie. Daarom word 'n aantal argumente vir hierdie hoofstuk, uit hierdie publikasie geneem, aangesien 'n mens in hierdie boek die groot doelwit van sy teologie ontdek, naamlik 'troos' (*'consolatio finis theologiae'*) (Melanchthon [1553] 2010:13), wat een van die belangrike redes is waarom daar in God geglo word.

Melanchthon ([1553] 2010:86) begin die vraagstelling oor God in hierdie publikasie nie met die vraag: 'Hoe ken ons God?' nie, maar met die vraag: 'Hoekom sou ons ernstig tot God kon bid?' Die antwoord is soos volg: Ernstige gebed tot God is slegs moontlik wanneer God in en deur Jesus Christus geken word. Wie God wil sien (die wens van die natuurlike mens), moet na Jesus Christus kyk (Joh. 14:9), aangesien God in Christus te siene is. Wat in Christus te siene is, is God se beloftes van genade, barmhartigheid en vergewing. Wat só gesien word, is méér as wat die natuurlike rede kan sien en verstaan. Die menslike rede weet van 'n Goddelike wese wat geskape het, goeie mense beloon en slegte mense straf, maar tot hierdie wese kan nie troosvol gebid word nie (vgl. Melanchthon [1553] 2010:88-91). Sokrates, Xenophanus, Plato, Aristoteles, Cicero en Cato weet niks van die uitnodiging om deur Christus tot

113. Melanchthon ([1553] 1989:28-32) het ook in sy anatomie-handboek aan die verskil tussen wetenskaplike - en teologiese kennis aandag gegee, met die klem op die verskillende tipes sekerheid waarmee gewerk word.

114. Melanchthon het meermale in kort, opsommende of samevattende briewe en voordragte sy Godsbegrip verduidelik. Hy het onder andere in een van sy laaste voordragte, op 16 Februarie 1559, oor die *Ontmoeting tussen die keiser en die pous in Bologna* in 1530, hom oor die Christelike Godsbegrip uitgelaat. Hy het nog van die veronderstelling uitgegaan dat alle mense en gemeenskappe in die bestaan van God glo. Slegs sekere filosofiese skole soos die Stoïsyne, betwyfel die bestaan van God, en glo dat alles per toeval gebeur. Vir hom as Christen, staan dit egter bo alle twyfel vas dat God, die Vader van Jesus Christus, vir Hom 'n gemeente vergader en tot in ewigheid versorg en bewaar. Tot hierdie God kan en moet in sekerheid gebid word, aangesien Hy die lewende, horende en antwoordende God is (vgl. Melanchthon [1559] 2011g:255-256).

God te bid nie, asook die beloftes wat daarmee gepaard gaan nie.¹¹⁵ Trouens, die menslike rede sien die onreg van die lewe raak, naamlik dat daar nie volgens geregtigheid beloon en gestraf word nie, en daarom word aan die bestaan van God getwyfel. Danksy die openbaring in Christus, kan daar egter met sekerheid oor God gedink word. Melanchthon ([1553] 2010:91) wys verder daarop dat die ware God totaal anders is as die waarneembare dinge. God is 'n 'geestelike wese' (Joh. 4:24), en geen waarneembare ding is 'n afbeelding van God nie. Slegs in Jesus Christus vind ons 'n ware afbeelding van God, en slegs die Heilige Gees, sal ons hiervan oortuig. Volgens Melanchthon ([1553] 2010:93) kan daar op geen ander manier sinvol oor God gepraat word, as binne die raamwerk van die Goddelike drie-eenheid nie.

In die laaste uitgawe (1559) van sy *Belangrikste teologiese temas (Loca praecipua theologica)*, het Melanchthon 'n nuwe voorwoord geskryf, wat op die kennisteoretiese problematiek rakende kennis oor God fokus. Hierdie voorwoord is seker vandag nog meer aktueel as 460 jaar gelede. Die huidige diskoerse onder Afrikaanssprekendes oor 'ateïsme' en 'ongeloof', kan aan noukeurigheid wen deur aan Melanchthon aandag te skenk. Melanchthon ([1559] 2018:10–16) verduidelik dat daar 'n grondige verskil tussen filosofiese kennis (in hfst. 9 word verduidelik dat dit om 'wetenskaplike kennis' in die algemeen gaan) en teologiese kennis bestaan. Die verskil in kennis, het primêr met die verskil in metodiek te make. Volgens Melanchthon is die mens geskape om getalle en verskynsels (*numeros et ordinem*) te ken, en om die geheimenisse en samehang wat daaruit voortspruit, al beter en beter deur studie te leer ken. Vooruitgang en doelwitte (*progressiones et metae*) in kennis, is kenmerkend van hierdie metode. Hierdie filosofiese of wetenskaplike metode verskil drasties van die teologiese metode. Die filosofiese metode berus op waarneming en bewysvoering, terwyl daar in die leer van die kerk (vgl. Melanchthon ([1559] 2018):

[S]legs na [*skriftelike*] inligting gesoek word; nie [*volgens*] daardie bewysvoerende metode nie. Die leer van die kerk put nie uit verklarings nie, maar uit woorde, wat God aan die mensdom in betroubare en duidelike getuïenisse weergegee het, waarin Hy, danksy sy ondeurgrondelike goedheid, Homself en sy wil geopenbaar het.¹¹⁶ (p. 10, ll. 14–18)

Melanchthon ([1559] 2018:10, ll. 19–33) wys verder daarop dat mense sekerheid (*Gewissheit; certa*) wil hê. In die filosofie (of wetenskap) berus sekerheid op algemene ervaring en bewysvoering, terwyl sekerheid in die teologie op God se openbaring berus. Elke rasoneliese wese weet dat twee plus twee gelyk aan

115. Melanchthon (vgl. [1522] 2011f:21) het al in sy vroegste geskryfte op hierdie argument klem gelê. Vir argumente oor Plato, kyk na Melanchthon ([1538] 2011h:159–160).

116. Melanchthon argumenteer: '*Hic in doctrina Ecclesiae tantum ordo quaeritur, non illa methodus demonstrativa. Nam haec doctrina Ecclesiae non ex demonstrationibus sumitur, sed ex dictis, quae Deus certis et illustribus testimoniis tradidit generi humano, per quae immensa bonitate se et suam voluntatem patefecit.*'

vier is. In die geloof berus sekerheid en waarheid op die beloftes van God, wat in die geloofsbelydenisse saamgevat is. In die wiskunde word op rasionele insig staatgemaak, maar in die teologie, word op die waarmakende werk van die Heilige Gees staatgemaak. In die wetenskappe word menslike twyfel in sekerheid omskep deur aanhoudende navorsing en bewysvoering. In die teologie egter, kan twyfel net deur die aanhoudende verkondiging en werk van die Heilige Gees oorkom word. Om in die teologie met filosofiese onsekerheid te werk, is nie gepas nie. Teologie berus op geloof en vertroue in die beloftes van die Woord van God, en werk dus metodies en nie met twyfel, wat deur bewysvoering oorkom moet word nie. Twyfel is die metode van die filosofie, terwyl sekerheid die metode van die teologie is – en hiervoor moet daar wedersydse respek wees (vgl. Melanchthon [1559] 2018:12, l. 17-14, l. 7). Die taak van die teoloog is die uitlegging van die sekerhede waarmee die kerk werk, naamlik die heilige Skrif en die kerklike belydenisse, en nie om allerlei nuwighede uit te dink en te versprei nie (vgl. Melanchthon [1559] 2018:14, l. 8-16, l. 21). Daar word meermale na hierdie gedagte in die boek verwys, aangesien dit een van Melanchthon se sentrale teologiese argumente is.

Melanchthon ([1559] 2018:16, l. 25-18, l. 18) begin in die laaste weergawe van sy *Locī*, net soos hy in die Duitse weergawe van 1553 gemaak het, met 'n argument oor gebed. Hierdie keer gaan die argument oor die mens as skepsel van God. Melanchthon ([1559] 2018:16, ll. 26-27) beweer: 'Die rede hoekom die mens geskape is en eventueel verlos sal word, is dat hy 'n afbeelding en tempel van God is en God moet vier' (*'Ideo conditum est genus humanum ac deinceps ideo redemptum est, ut sit imago et templum Dei Deum celebrans'*). God wil dus nie net geken word nie, maar sy bestaan moet ook in aanroeping en lofprijsing gevier word (Ps. 118:17; 149:1). Alhoewel die mens daartoe geroep is om God te leer ken, en om Hom aan te roep, veroorsaak die swaarkry en lyding in die lewe dat daar oor die bestaan van God getwyfel word. Die filosofiese kennis van God (dat Hy skep, beloon en bestraf) is nie genoegsaam om die mens uit die twyfel te bevry nie. Die een filosoof, Perikles, beweer dat die Pes blote toeval is, terwyl 'n ander een, Sophokles se koning Oedipus, beweer dat dit God se straf is, maar hy weet ongelukkig niks van vergewing en barmhartigheid nie. Die enigste manier waarop die duister in die menslike gees oorkom kan word, is deur vertroue op die genade en barmhartigheid van dié God wat Homself in sy Woord aan ons openbaar. Die evangelie van Jesus Christus is die enigste hoop om die twyfel oor God op te klaar. Danksy Christus, leer ons nie net iets oor die bestaan van God nie, maar ook en veral wat sy wil behels. Wie God se wil in Christus leer ken, sal God met vrymoedigheid in gebed wil aanroep (vgl. Melanchthon [1559] 2018:22, l. 14-24, l. 8). Melanchthon verduidelik ten slotte, dat die eienskappe van God, naamlik sy almag en dat hy alwetend, alomteenwoordig, vry, ewig, regverdig en goed is, ook net vanuit 'n Christologiese perspektief sin maak. Verder moet hierdie eienskappe van God belig word vanuit 'n trinitariese perspektief. Dus, net vanuit die raamwerk van

die twee-natureleer en die triniteitsleer, kan die ware God geken en aanbid word (vgl. Melanchthon [1559] 2018:24, l. 9–30, l. 3).

Aangesien kennis van God en gebed¹¹⁷ tot God in Melanchthon se teologie onlosmaaklik saamhang, is dit gepas om hierdie gedeelte met een van sy gebede af te sluit. Dit sal alles wat tot hier bespreek is, saamvat en vooruitgryp op dit wat nog kom. Die gebed¹¹⁸ kom uit sy Duitse *Hoofartikels van die Christelike leer* (Melanchthon [1553] 2010):

O almagtige, wyse, ware, regverdige en genadige God, ewige en enigste Vader van ons heiland, Jesus Christus; U wat saam met u enig-gebore Seun en die Heilige Gees hemel en aarde, engele en mense en alle ander dinge geskape het en gesê het: So waar as wat ek lewe, ek wil nie dat die sondaar sterwe nie, maar dat hy bekeer word en lewe sal hê! Ek bid U van harte: Erbarm U oor my en vergewe my al my sondes en wees my ewig genadig, om u Seun Jesus Christus se ontwil, wat U uit onuitspreeklike goedheid en wysheid tot verlosser en middelaar gemaak het, en verlig my siel en hart, maak my heilig en regeer my met u Heilige Gees en bewaar u kerk binne hierdie volk en aardse bedeling, sodat ons u groot genade vir ewig in regte dankbaarheid mag prys. Amen. (p. 101, ll. 6–18)

■ 5.2. Kennis en aanbidding deur Christus

■ 5.2.1. Die ontwikkeling van Melanchthon se Christologie

Melanchthon se Christologie het deur die jare algaande ontwikkel.¹¹⁹ Daar bestaan dus nie net één, omvattende sistematiese samevatting van sy Christologie nie. Die reformator uit Bretten het die Christologie nooit as 'n aparte, geslote leerstuk behandel nie. Sy Christologie het uit sy eksegetiese arbeid (hoofsaaklik aan die Romeinebrief) en sy strydgesprekke oor die nagmaal en triniteitsleer (Stössel 2017:377) ontstaan en ontwikkel. In teenstelling met die Skolastiek, is sy Christologie nie 'n spekulatiewe nie, maar 'n praktiese dissipline. Dit is ten diepste 'n pastorale leerstuk wat vertrous, en rede tot gebed gee – trouens, dit is niks anders nie as 'n 'gestalte van gebed'

117. Dit was met gebede dat Melanchthon (vgl. byvoorbeeld [1543] 2011k) mense in verdrukking (in die huidige Hongarye en Roemenië) kon vertrous en bemoedig.

118. Aangesien die aanhaling nie 'n belangrike teologiese uitspraak is nie, word die Duitse grondteks nie in 'n voetnota herhaal nie. Die Afrikaanse vertaling in hierdie publikasie is ook nie oral 'n getroue, direkte vertaling van die oorspronklike laat-Middeleeuse Duitse teks nie. Die bedoeling is om die teks in verstaanbare, idiomatiese Afrikaans te vertaal, maar om tog so ver moontlik by die oorspronklike te bly, ten spyte van die gebrek aan behoorlike spelreëls in daardie tyd.

119. Melanchthon ([1519] 2011b:18) se eerste Christologiese uitspraak word in die 24 stellings vir die Baccalaureusgraad gevind. Daar het hy oor die regverdighedsleer gedisputeer en in stelling nege gesê: 'Gevolglik is die geregtigheid 'n weldaad van Christus.' Daar sal in Hoofstuk 6 meermale na die uitdrukking, 'weldaad van Christus', teruggekeer word.

(vgl. Stössel 2017:382–384). Wat in die Duitse navorsing¹²⁰ geringgeskat word, is sy voortdurende werk aan die temas van die liturgiese kalender wat in sy Sondagvooriesings en postille-versamelings opgeneem is (vgl. Melanchthon [1544] 2020a). Melanchthon se Christologie is van besondere historiese belang, aangesien dit 'n duidelike breuk met die Roomse skolastiek ingelui het. Melanchthon het die Christologie van 'n spekulatiewe na 'n praktiese dissipline verander – hiermee word bedoel dat Melanchthon se Christologie 'n selfstandige teologies-pastorale inslag vertoon. Sy Christologie het eksistensiële betekenis vir mense se geloof en lewe van elke dag (vgl. Stössel 2017:377–378).

Melanchthon se sistematiese leerboeke is drie maal in verskillende weergawes (*aetates*) verwerk. Terwyl die laaste weergawe van sy *Loci* (1559) drie keer omvattender is as die eerste weergawe (1521), is die eerste weergawe, in terme van Reformatoriese waarde, veel belangriker. Aangesien die 1521-uitgawe die teologiese landskap van die sestiende eeu verander het, word hier deeglike aandag aan die Christologiese inhoud gegee. Melanchthon ([1521] 1997:12) het in sy wydingsbrief aan die tydelike rektor, Tilemann Plettener, verduidelik dat die bedoeling van sy *Grondbegrippe van die teologie (Loci communes)* is om aan die jeug te verduidelik waaroor die hoofpunte van die Skrif gaan. Hierdie hoofpunte kan in Paulus se Romeinebrief gevind word. Ten diepste gaan die hoofgedagtes van die Skrif oor wie en wat Jesus Christus vir ons is. Die vraag na Jesus Christus, kry Melanchthon nie in die skolastieke handboeke¹²¹ beantwoord nie, en daarom moet daar na die bron van die Christendom (*ad fontes*), naamlik die kanonieke boek (*scriptura canonica*) of Bybel teruggekeer word. Melanchthon se verandering in die metode van teologiebeoefening, het ingrypende gevolge vir die kerk en teologie gehad. Die volgende woorde van Melanchthon ([1521] 1997:18, II. 6) vat die kern van sy teologiese ideaal saam: 'Die geheimenisse van die Godheid moet eerder aanbid as nagevors word' (*'Mysteria divinitatis rectius adoraverimus quam vestigaverimus'*). Diepgaande bybelse navorsing (grammatikale analises, eksegetiese, hermeneutiek en nadenke binne die grense van die belydenisse) sal die teologie, volgens Melanchthon, van sinnelose spekulasie bevry, en teoloë bring tot waar hulle hoort, en dít is op hulle knieë in gebed. Melanchthon het

120. Vanselfsprekend is die Duitse navorsing oor Melanchthon se Christologie deeglik en omvattend. Wat in hierdie hoofstuk nie voldoende aandag kry nie, is die 'meritum-motief'. Die formule '*meritum Christi*', of die 'verdienste van Christus', word 173 keer in slegs die *Apo/CA* gebruik (Stössel 2017:384). Op ander plekke in die boek, duik die formule egter gereeld op. Ratschow (1982:61–62) wys weer op die offer-motief wat baie aandag in Melanchthon se werke geniet, maar ook nie in hierdie hoofstuk die nodige aandag geniet nie.

121. Melanchthon ([1521] 1997:12, II. 4) beskuldig die skolastiek dat hulle 'in plaas van die leer oor Christus, Aristoteliese spitsvondighede aanbied' (*'[...] qui nobis pro Christi doctrina Aristotelicas argutias prodidere'*). Dit is veral twee teoloë wat vir kritiek uitgesonder word: Johannes Damascenus en sy volgelingen word beskuldig dat hulle té veel filosofeer en nie teologies besin nie; en Petrus Lombardus word gekritiseer dat hy die menings van ander kompilleer en nie met die hooftemas van die Skrif self werk nie. In die lig hiervan, is 'n nuwe benadering tot die teologie nodig (vgl. Melanchthon [1521] 1997:18, II. 2).

daarom van die begin van sy akademiese werksaamhede af, die noue band tussen Christologie en gebed beklemtoon. Melanchthon het in die eerste weergawe van sy *Locj*, ook 'n stelling geformuleer wat sy Christologie vir die res van sy loopbaan sou begelei. Die belangrikheid van hierdie stelling verdien om volledig aangehaal te word. Melanchthon ([1521] 1997) stel:

Wie die hoofemas [*van die Skrif*] nie ken nie, naamlik die mag van die sonde, die wet en die genade, kan ek kwalik 'n Christen noem. Dit is op grond van [*hierdie temas*] dat Christus werklik geken word. Dit kom dus daarop neer dat om Christus te ken, beteken om sy weldade te ken; [*die implikasie hiervan is dat die volgende leer nie geldig is nie*], en dit is die [*blote*] leer [*of inligting*] oor Christus se nature, en die aard en wyse van sy menswording. Wanneer daar nie ook gestel word tot wase nut Christus die menslike vlees aangeneem het, of aan die kruis geslaan is nie; wat is die nut om hierdie verhale te ken?¹²² (p. 22, ll. 12-14)

Melanchthon se Christologie is een vir die gemeentepredikant en die gewone lidmaat. Die eksistensiële betekenis van die lewe en werk van Christus word verduidelik, sodat almal wat deur die Heilige Gees van die geopenbaarde evangelie se waarheidsgehalte oortuig word, God deur Christus in die Gees sal aanbid. Die eksistensiële waarde van die Christologie moet egter nie tot die gevoelswaarde van mense beperk word nie, aangesien sy Christologie ten diepste op die aktualisering van die klassieke twee-natureleer neerkom.

■ 5.2.2. Christologie binne die raamwerk van die Christelike leer

Melanchthon het die klassieke twee-natureleer aanvaar en verdedig. 'n Christologie buite die raamwerk van die belydenis om, was vir Melanchthon ondenkbaar. Hierdie verkorte weergawe van Artikel III van die CA ([1530] 2014b), gee 'n goeie idee van sy verstaan van hierdie leerstuk:

Dit word geleer dat God die Seun mens geword het, gebore uit Maria die rein jongvrou [*of maagd*], en dat die twee nature, die Goddelike en menslike, in één persoon, dus onskeibaar verenig is in Christus, wat ware God en ware mens is, wat werklik gebore is, gely en gekruisig is, gesterf het en begrawe is, sodat Hy die offer geword het, nie alleen vir die erfsonde nie, maar ook vir alle ander sondes, en God se toorn versoen het. Dieselfde Christus het neergedaal na die hel [...] en dat Hy almal wat só aan Hom glo, deur die Heilige Gees heilig, reinig, versterk en vertroos, en aan hulle ook lewe en allerlei gawes en goeie dinge uitdeel en hulle teen die duivel en die sonde beskut en beskerm [...] Dieselfde Christus sal weer openlik kom [...] volgens die Apostoliese Geloofsbelydenis. En alle ketterye wat met hierdie artikel in stryd is, sal verdoem word. (pp. 96, l. 9-98, l. 2)

122. Melanchthon stel: *'Reliquos vero locos, peccati vim, legem, gratiam, qui ignorarit, non video quomodo christianum vocem. Nam ex his proprie Christus cognoscitur, siquidem hoc est Christum cognoscere beneficia eius cognoscere, non, quod isti docent, eius naturas, modos incarnationis contueri. Ni scias, in quem usum carnem induerit et cruci affusus sit Christus, quid proderit eius historiam novisse?'*

Melanchthon het dus die kerklike leer pastoraal uitgelê en toegepas. 'n Abstrakte dogmatiese uitspraak het volgens hom, nie die saak van Christus gedien nie. Die leerstelling of 'dogma' moes vir hom vertroostend wees, en die gelowige tot blymoedigheid aanvuur. Ter illustrasie word hier na sy brief, gedateer 10 Januarie 1546, aan Hieronymus Baumgartner verwys (Mundhenk et al. 2017):

Op hierdie feesdae tydens die Kersseisoen, dink ek voortdurend na oor die wonderlike verbond wat God, deur die vereniging van die Goddelike met die menslike natuur in sy Seun, met die menslike geslag gesluit het. Met hierdie getuienis bewys Hy op die mees duidelike wyse, dat Hy werklik ons menslike bestaan aangeneem het en dat Hy daadwerklik 'God met ons is', wat die woord Immanuel beteken. Ek hoop van harte dat God, op grond van hierdie verbond, ook vir jou sal bewaar en aan jou 'n goeie en gelukkige jaar sal skenk. (pp. 105-106)

Melanchthon het die kerklike leer oor Jesus Christus nie net in handboeke en geloofsbelydnisse verdedig en verduidelik nie, maar ook in gebede. Hy was oortuig dat die misterie van die twee nature van Jesus Christus met groter effektiwiteit deur gebede geleer kan word, as deur teologiese argumentasie. 'n Goeie voorbeeld van 'n leermatige Christologiese gebed word gevind in die *Kerkorde van Mecklenburg* (1552) soos opgeneem in Jung (2010):

O Here Jesus Christus, almagtige Seun van God en die ewebeeld van die ewige Vader, God en mens!

U het vir ons sonde aan die kruis gesterf en weer uit die dood opgestaan en leef en regeer tot in ewigheid. U is tot middelaar en versoener gemaak en U het gesê (Matt. 11:28): 'Kom hier na My toe, almal wat moeg en belas is, Ek sal aan julle nuwe krag gee.'

Ek bid U, vergeef my genadiglik my sonde, bid vir my, arme sondaar, maak my regverdig en heilig en regeer my deur u Heilige Gees tot in die ewige lewe. Versamel ook vir U in hierdie land 'n ewige kerk, skenk aan ons 'n goeie regering, beskerm ons teen die duiwel soos in Genesis 3:15 geskryf is: 'Die kind van die vrou sal die kop van die slang vertrap.' En U, Here Jesus Christus, almagtige Seun van God het gesê (Joh. 10:28): 'niemand sal my skape uit my hand ruk nie.' (p. 20)

'n Gebed soos hierdie, bevat al die elemente van die twee-natureleer, maar omskep dit in 'n troosgewende gebed. Pastorale individualisme is dit ook nie, aangesien die kerk en die samelewingsnood ook op hierdie leerstuk betrek word.

■ 5.2.3. Die liturgiese kalender as raamwerk van die Christologie

Melanchthon se Christologie het nie net uit debatte oor sistematiese temas soos gebed en die nagmaal ontwikkel nie, maar ook uit sy weeklikse behandeling van die voorgeskrewe tekste wat met die liturgiese kalender verband hou. Hy het op Sondagoggende vir die buitelandse studente 'n uur lank in Latyn, taalkundige en eksegetiese lesings aangebied oor die teks wat op 'n spesifieke Sondag in die prediking aandag sou geniet. Hierdie

Sondagvooriesings het later uitgeloop op die *'Postilla Melanthoniana'*, wat 'n belangrike deel van sy wetenskaplike oeuvre uitmaak. Melanchthon ([1544] 2020a) se lesing¹²³ oor die wyse manne uit die Ooste (Matt. 2:1-12) wat vir die Epifaniefees (6 Januarie) uitgewerk is, is 'n leersame teks. Melanchthon ([1544] 2020a:16-17) se inleidende opmerkings oor die betekenis van die woord *epifanie*, gee 'n aanduiding van die groot verskille tussen die reformator en die Roomse tradisie. Volgens die Roomse tradisie, is die Epifaniefees die 'fees van die towenaars' (*'Magier'*) soos daar na die 'wyse' manne verwys is. Volgens Melanchthon, beteken die woord *epifanie* verskyning of onthulling. Hy is oortuig dat die Vroeë Kerk nie aan die verskyning van die ster van Bethlehem gedink het nie, maar aan die onthulling van Jesus se Goddelikheid tydens sy doop. Sy taalkundige en historiese kennis van die kerklike liturgie, laat hom Christologies oor Epifanie nadink, en daarom heg hy geen waarde aan die legende¹²⁴ oor die sterrekundiges uit die Ooste nie. Christus is die lig vir die wêreld, en nie die wonder van die sterre nie. Melanchthon ([1544] 2020a:17-30) lewer interessante kommentaar op die 'sterrekundiges' (of 'towenaars' soos die woord ook vertaal kan word), hulle name, hulle plekke van herkoms, die ster wat hulle gevolg het en hulle geskenke. Die ruimte ontbreek egter om hieraan aandag te gee. Van belang is sy teologiese opmerkings: Eerstens, God het die geboorte van sy Seun nie net aan 'n paar Jode bekendgemaak nie, maar ook aan die heidene, soos verteenwoordig deur die drie sterrekykers. Tweedens, Jesus is as mens in Bethlehem as 'n nakomeling van Dawid gebore, maar sy geboorte as Messias is al vir eeue lank deur die profete voorspel. Die Epifaniefees moet daarom vanuit die perspektief van die twee-natureleer verstaan word. Derdens, Christus versamel vir Hom 'n kerk, nie net uit die wetsgehoorsame Jode nie, maar ook uit al die nasies van die wêreld. Geen kultiese voorskrif kan en mag in die pad van nie-Jode staan om deel van die kerk te word nie. In die kerk gaan dit nie primêr om wetsgehoorsaamheid nie, maar om die barmhartigheid van God, wat in die geloof aanvaar moet word. Vierdens, die kerk van Christus word nie net op sekere plekke en onder groot heersers gevind nie, maar ook in onbekende plekkies, waar niemand beroemd is nie. Net soos die sterrekykers vir Maria en haar kind finansiële gesorg het, sorg die Here vir sy kerk in onbekende en arm gemeenskappe (vgl. Melanchthon [1544] 2020a:30-40).

123. Hierdie is waarskynlik 'n verwerkte versameling lesings wat Christoph Pezel tussen 1549-1560 uitgesoek en georden het. Die teks is 'n klassieke voorbeeld van die Sondagvooriesings. Dit bestaan uit taalkundige, eksegetiese, historiese en interdisiplinêre opmerkings wat met die 'wyse manne' verband hou. Melanchthon (vgl. inleiding tot [1544] 2020a:15-16) stel in hierdie lesing sy geweldige belesenheid ten toon, deur onder andere te verwys na die astrologie, historiese gebeure, die problematiek van relikwieë en die Kabbalistiese geskrifte.

124. In die Roomse Kerk is die legende, dat die beendere van die sterrekundiges in die domkerk van Keulen in bewaring gehou word, van groot belang vir die Epifaniefees en die pelgrimstogte na die stad. Melanchthon se kritiek raak 'n enorme groot finansiële bedryf.

Melanchthon het waarskynlik jaarliks in sy Sondagoggendvoorlesings voor die buitelandse studente, aandag gegee aan een van die voorgeskrewe tekste wat verband hou met die lyding van Jesus Christus, wat op Goeie Vrydag in die prediking aandag moes geniet. Sy versameling voordragte oor Jesaja 53¹²⁵ geniet aandag. Melanchthon ([1560] 2011i:133) wys aan die begin van sy lesing(s) daarop, dat Jesaja 53 van die begin af 'n belangrike teks vir die kerk was. Vir Melanchthon is dit ondenkbaar dat Jesaja 53 nie Christologies verstaan kan word nie. Sy argument is dat, sedert Abel, God te kenne gegee het dat Hy aan die mensdom 'n offer wil skenk tot redding en op grond van die offer, vir Hom 'n kerk wil uitkies. Sy argument fokus daarom nie op 'n moontlike Joodse verstaanskonteks van Jesaja 53 nie, maar wat God se wil nog altyd was, en in hierdie Skrifgedeelte herbevestig word. Die tweede inleidende opmerking wat hy (Melanchthon [1560] 2011j:134-140) maak, is dat daar altyd oor Christus se lyding nagedink moet word, maar dit moet veral op Goeie Vrydag gebeur. Die geordende liturgiese kalender help om jaarliks, op 'n spesifieke tyd, oor die kruisdood na te dink. Hierdie nadenke moet op drie vlakke geskied: 'n pedagogiese, 'n spirituele en 'n eksemplariese vlak. Op die pedagogiese vlak moet daar na die profetiese voorspellings van Jesus se lyding (soos Sag. 12:10 en Dan. 9:26) gekyk word – en wel soos dit in die breë kategetiese leer ingebed word. Op die spirituele vlak, moet 'n teks soos Jesaja 53 binne die konteks van menslike sonde en God se toorn en barmhartigheid verduidelik word. Op die eksemplariese vlak, moet daar verduidelik word dat kerkmense met die lydende Christus moet identifiseer – sy heerskappy en aansien moenie nagestreef word nie, maar daar moet in sy lyding gedeel word. Die lyding van Christus moet die kerk saambind, en nie sy heerlikheid nie. In sy eksegetiese notas oor Jesaja 53, stel Melanchthon ([1560] 2011i:140-146) agt riglyne op vir die verstaan van die teks:

1. Dit moet binne die konteks van die voorspellings van die lydende Christus uitgelê word.
2. Die feit dat Christus ons smarte op Hom geneem het, moet belig word.
3. Sy daad van genade moet aandag geniet – 'die feit dat Christus ons welkom maak by God', of sy daad van ons regverdigerklaring.
4. Die universele perspektief op die sonde.
5. Die universele perspektief op die genade.
6. Die priesterlike werk van Christus.
7. Die feit dat die gekruisigde opgewek is.
8. Die straf vir diegene wat hulle nie tot Christus wil bekeer nie.

125. Die '*Postilla*' oor Jesaja 53 wat hier gebruik word, is nie uit die hand van Melanchthon self nie, maar is deur die jare versamel en laat druk deur sy student, Christoph Pezel. Melanchthon se bedoeling met hierdie Sondagvoorlesings was, om die buitelandse studente aan die liturgiese kalender en die tekste wat vir 'n bepaalde feesdag voorgeskryf is, bloot te stel. Hy wou die tekste binne die raamwerk van die kerklike leer verduidelik, met die bedoeling om die studente se kennis van God en die begeerte om tot God te bid, te versterk. Hierdie 'Bybelstudies' is nie net van belang vir sy Christologie nie, maar ook vir die verstaan van sy eksegetiese metode (vgl. inleiding tot Melanchthon [1560] 2011i:132).

Melanchthon lê die profetiese tekste dus Christologies uit, en hy lê die Christologie binne die groot kontoere van die kerklike leer uit.

Melanchthon se Christologie het dus 'n pastorale aanslag, maar dit bly binne die klassieke twee-natureleer ingebed. Christologie word by Melanchthon nie tot 'n 'Jesulogie' verlaag nie, en bly verder ook binne die klassieke triniteitsleer ingebed (vgl. ook Ratschow 1982:55–56 vir dieselfde mening).¹²⁶

■ 5.3. Die drie-enige God

Melanchthon was oortuig dat Christelike denke oor God ook deur die klassieke triniteitsleer tot woorde gebring moet word.¹²⁷ In Artikel I van die CA¹²⁸ het hy (Melanchthon [1530] 2014b) die verdediging van hierdie leer soos volg verwoord:

Eerstens leer¹²⁹ ons en hou ons [*die Protestantse afgevaardigdes*] eendragtig vas aan die besluit van die Konsilie van Nicea, wat stel dat daar één Goddelike wese bestaan, wat God genoem word en werklikwaar God is; nogtans is daar drie persone in hierdie één Goddelike wese, wat al drie almagtig en ewig is [*en genoem word*] God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Al drie is die één Goddelike wese, ewig, uit een stuk, met onmeetlike mag, wysheid en goedheid; sonder einde, een skepper en onderhouer van alle dinge, sigbaar en onsigbaar. Die woord persoon word nie verstaan as 'n stuk en ook nie as 'n eienskap in [*slegs*] een [*persoon*] nie, maar [*elke persoon*] bestaan selfstandig, soos die [*kerk*]vaders se bedoeling was met die gebruik van hierdie woord. Hiernaas word alle ketterye verwerp wat met hierdie artikel in stryd is, soos die Manicheïsme wat aan twee gode glo, 'n goeie en 'n bose God, en [...] Arianus, die Mohammedane en die Jode [...] wat net in één Goddelike persoon glo [...]. (pp. 92, l. 25–94, l. 15)

Aangesien die Roomse teoloë nie met Melanchthon se formulering verskil het nie, en daar geen debat op die Ryksdag oor die triniteitsleer gevoer is nie, het Melanchthon ([1531] 2014a) nie in die Apo/CA verdere aandag aan hierdie saak

126. Melanchthon het teenoor almal, ook buitelanders, sy posisie verdedig dat die twee klassieke kerklike leerstellings die fondament van die kerklike kategese en teologie moet wees. Sy *Brief aan Matthias Ramser* ([1543] 2011e:281) is 'n goeie voorbeeld.

127. Melanchthon het in die eerste uitgawe van sy *Loci* nie aan die leer oor die drie-eenheid aandag gegee nie. Dit skep die indruk dat hy eers later trinitaries begin dink het. Grosse (2008) wys egter daarop dat Melanchthon nie later in sy lewe tot die drie-eenheidsleer 'bekeer' is nie. Sy verstaan van die regverdigingsleer en die Christelike gebed (die twee sentrale temas van sy teologie) is trinitaries van aard. Hy het dus van 1521 af trinitaries oor teologiese temas nagedink.

128. Die vertaling berus op die Duitse weergawe wat in die nuwe kritiese uitgawe van die Lutherse Belydenisskrifte deur Irene Dingel opgeneem is. Hierdie teks is die naaste aan die weergawe wat deur Christiaan Beyer aan die keiser voorgelees is. Die Duitse teks verskil hier en daar van die Latynse teks, wat ook in hierdie bundel opgeneem is.

129. Alhoewel die triniteitsleer en die twee-natureleer binne die Protestantisme as die enigste 'dogmas' erken word, verwys Melanchthon nie in die Duitse of in die Latynse teks na 'n 'dogma' nie, maar slegs na die 'leer van die kerk wat ooreenstem met die konsensus van Nicea'. Die hoofopskrif van die CA lui daarom ook 'Die artikels van die Christelike leer / of geloofsleer / *Artickel Christlicher lahr / Articuli fidei praecipui*' (vgl. Melanchthon [1530] 2014b:92–93).

gegee nie. Hy het egter wel vir die res van sy loopbaan as apologete vir die klassieke triniteitsleer opgetree. As voorbeeld kan na sy latere geskrif ([1543] 2011a:39–42), *Uit die Reformatoriese ontwerp vir die aardsbiskop van Keulen*, verwys word. Soos op ander plekke, argumenteer Melanchthon ook hier dat die hele saak oor die triniteitsleer ten diepste oor twee sake gaan: eerstens, dat God geken word op grond van sy openbaring in Jesus Christus; en tweedens, dat dit alleenlik sinvol is om tot Hom te bid wanneer Hy verstaan word as Vader, Seun en Heilige Gees – as één wese, maar in drie onderskeie persone. Dit gaan dus nie oor ‘abstrakte dogmas wat deur mense uitgedink is nie’, maar oor die moontlikheid om God te ken en om tot Hom te bid.

In sy vroeë sistematiese geskrifte het Melanchthon ook hoofsaaklik op slegs twee sake gekonsentreer, naamlik in die eerste plek, die oortuiging dat daar slegs één God is; en tweedens, dat hierdie één God uit drie persone bestaan. In die eerste plek beskryf Melanchthon God aan die hand van die klassieke eienskappe, naamlik ewigheid, almag, wysheid, goedheid, regverdigheid en barmhartigheid. Die eienskappe is geen byvoegsels tot God se wese nie, aangesien hierdie eienskappe sy wese uitmaak. Hierdie God wat aan sy eienskappe geken word, is één God. Hy beroep hom deurgaans minstens op die volgende teksverse: Deuteronomium 6, Jesaja 44 en 45, 1 Korintiërs 8 en Efesiërs 4. Teen die agtergrond van hierdie beklemtoning, loer die Manicheïsme wat twee gode verdedig het, naamlik ’n goeie en ’n slegte God (wat vir die bose verantwoordelik gemaak word). In die tweede plek glo Christene volgens die klassieke belydenisse aan één Goddelike wese wat drie persone is. Die vraag is egter die volgende: Wat word onder ‘persoon’ verstaan? Melanchthon ([1535] 2019:37–39) wys daarop dat die teologiese betekenis van die woord *persoon* van die filosofiese betekenis verskil. In die filosofie (en letterkunde) beteken ‘persoon’ soms ’n karaktereienskap, en ander kere weer ’n rol wat iemand vervul. In die teologie beteken ‘persoon’ ’n ondeelbare, selfstandige en intelligente wese. Op die voetspoor van Gregorius van Nazianz argumenteer hy, dat die Latynse vaders die Griekse woord *hypostasis* as ‘persoon’ vertaal het, aangesien daar nie ’n ander woord beskikbaar was nie. Die argument is dat daar drie persone in die één Godheid is, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees, wat van ewig af saam net één God is. Al drie persone is God, alhoewel dit drie aparte, selfstandige persone is. Melanchthon hou saam met die Christelike kerk vas aan hierdie misterie, aangesien hierdie misterie op die bybelse getuienisse berus, en aangesien die verwerping van hierdie misterie tot twee ketterye lei, naamlik die triteïsme en die modalisme. Die drie persone is nie drie afsonderlike gode nie, en God vermom hom nie in drie verskillende gestaltes nie.

Melanchthon het geglo dat die misterie¹³⁰ van die drie-enige God nie rasioneel verklaar moet word nie, maar eerder in gebed vereer en genader

130. Melanchthon gebruik die woord *misterie* (*mysterium*) om aan te dui dat die drie-enige God nie rasioneel verklaarbaar is nie, maar dit beteken nie dat God nie kenbaar is nie. Melanchthon argumenteer dat God algaande wel deur Christus geken kan word, en daarom kan tot Hom gebid word (vgl. Grosse 2008:271–273).

moet word. Hy het moeite gedoen om trinitariese gebede vir Sondag Trinitatis te formuleer. Een voorbeeld word uit die *Kerkorde van Zweibrücke* (1557) geneem soos in Jung (2010) genoteer:

Almagtige God, ewige Vader van ons heiland Jesus Christus. U het saam met u Seun en die Heilige Gees, alles geskape.

Ons dank U dat U Uself genadiglik aan u kerk geopenbaar het. Ons dank U, dat U, ewige Vader, u ewige Seun, u Goddelike, almagtige ewebeeld en Woord, van die begin af na u volk gestuur het, om u wonderbaarlike raadsbesluit oor ons verlossing uit te basuin en te laat verkondig, en om deur die stem van die evangelie vir U 'n ewige kerk te versamel.

In hierdie kerk is U, saam met u Seun, met u Goddelike mag teenwoordig, en gee U die Heilige Gees om die harte tot regte gebed en tot regte gehoorsaamheid te beweeg, sodat ons u woning word en U tot in ewigheid deur ons uitgestraal word, en U aan ons u wysheid en geregtigheid, lewe en vreugde skenk.

Ons bid U ook met hartlike verlange: Skenk aan ons die regte kennis aangaande U, en geloof in U en u ewige Seun en die Heilige Gees. Deur die Heilige Gees het u Seun gesê (Matt. 11:27): 'niemand ken die Vader as slegs die Seun nie wat die Vader aan ons openbaar'. Stuur saam met u Seun die Heilige Gees in ons harte, en versamel en bewaar ons vir die ewige kerk. Versterk ons in die regte geloof teen al die liste van die duiwel [...] ontbrand in ons deur die Heilige Gees, vurige gebede en gehoorsaamheid soos wat dit U mag behaag, sodat ons U in hierdie lewe en ook daarna, al die tyd met helder insig en met vrolike dankbaarheid sal prys, om die Heer, Christus se ontwil. Amen. (pp. 88-89)

■ 5.3.1. Die geval Servet

Melanchthon het hom lank met die geval Servet besig gehou. Reeds op 15 Maart 1533 skryf hy in 'n brief aan Joachim Camerarius, dat hy Servet se geskifte met aandag bestudeer, en dat hy oortuig is dat Servet doelbewus Tertullianus verkeerd aanhaal en interpreteer. Tertullianus het beslis nie Jesus Christus, die Woord, as persoon ontken nie – en by implikasie Christus as die tweede persoon van die drie-eenheid verwerp nie (Mundhenk et al. 2017:59–60). In Januarie 1539 skryf Melanchthon 'n *brief aan die Evangeliese Christene in Venesië*,¹³¹ waarin hy onder andere, die dwaalleer van Michael Servet blootlê. Melanchthon ([1539] 2011d:244–247) wys daarop dat hy reeds in sy *Loci* van 1535 kritiek teen Servet uitgespreek het, maar bevestig dit weer eens sodat Christene in Italië geen onduidelikheid oor die Protestantse standpunt moet hê nie. Sy kritiek kom kortliks neer op Servet se herhaling van een van die oudste leerdwalinge, naamlik sy verwerping van die twee-natureleer, sy

131. Min mense weet dat daar in Italië groepies mense was wat belangstelling in die Reformasie getoon het. Dit is bekend dat die Italiaanse teoloog, Michele Bracetto, by Melanchthon in Wittenberg op besoek was. Dit kan wees dat hulle later gereeld met mekaar gekorrespondeer het, en dat hierdie brief deel van hulle korrespondensie was. Die brief is in 1539 as 'n akademiese voordrag gepubliseer. Hierdie brief is waarskynlik ook aan onbekende Italianers – waarskynlik mense in regeerposisies – gerig om hulle oor die redes vir die Reformasie en sy standpunte oor leeraangeleenthede soos die triniteitsleer in te lig. Melanchthon konsentreer op Servet se publikasie, *Oor die dwalinge van die triniteitsleer [De Trinitate erroribus]* (Hagenau 1531; vgl. inleiding tot [1539] 2011d:240).

verkeerde uitleg van Tertullianis en sy minagting van die bybelse getuienisse oor die Drie-eenheid. Op 14 Oktober 1554 skryf Melanchthon vir Calvyn 'n brief, waarin hy Calvyn se oordeel oor Servet se leer en die beslissing van die magistraat (regter) ondersteun.¹³² Ter wille van die historiese feite, word Melanchthon (Mundhenk et al. 2017) se presiese woorde hier aangebied:

Geagte heer en liewe broeder! Ek het jou boek [*Defensio orthodoxae fidei de sacra trinitate / Verdediging van die regte leer oor die heilige drie-eenheid*, Genève 1554] gelees, waarin jy op 'n helder wyse die verskriklike belediging van God deur Servet weerlê het, en ek dank die Seun van God dat Hy jou in hierdie stryd gelei het. Die kerk is aan jou vandag en in die toekoms dank verskuldig. Met jou oordeel stem ek algeheel saam. Ek bevestig ook dat jou magistraat [*regter*] reg geoordeel het dat hierdie Godslasteraar, ná die korrekte hofproses, tereggestel moet word. (p. 146)

Calvyn het dus die goedkeuring van die leidinggewende Protestantse teoloog afgewag, voordat hy aansoek gedoen dat die regsproses teen Servet afgehandel moet word. Volgens die geldende Romeinse reg van daardie tyd, het Melanchthon en uiteindelik Calvyn, geen ander keuse gehad as om die owerhede te versoek om Servet tereg te stel nie. Binne ons huidige kultuurklimaat, is só iets ondenkbaar. In die sestiende eeu was dit die noodwendigheid.

■ 5.4. Die Christelike begrip van God

Melanchthon het die Godsbegrip Christologiese verstaan en dit trinitaries uitgelê. Hy het hierdie aanslag ook in sy uitleg van die eerste gebod en die eerste bedede van die Here se gebed gevolg.

■ 5.4.1. Die eerste gebod

Melanchthon begin sy lang, intensiewe bemoeienis met die eerste gebod in die 1535-weergawe van sy *Locí*. Hy beredeneer die saak op hierdie stadium vanuit die perspektief van die diskoers oor goeie werke (vgl. §7.2.1., §7.3.1., §7.4.1. vir 'n verdere beredenering). Melanchthon ([1535] 2019:87-92) meen dat die eerste gebod onderrig oor die 'hoogste en belangrikste werk' is wat perfekte gehoorsaamheid aan, vertrouwe in, en liefde vir God verwag. Die uitleg van die gebod konsentreer op twee sake, naamlik hoe God geken moet word, en hoe Hy aanbid moet word. Om God reg te vereer en aan te roep, moet daar gewet word wie Hy is. In die kerk berus die kennis oor God op die berigte oor die bevryding uit Egipte, asook die lewe en werk van Jesus Christus. Aangesien

132. Melanchthon ([1557] 2011c:102) was tussen 28 Augustus en 06 Desember 1557 in Worms vir die laaste godsdiensgesprek, wat deur keiser Ferdinand aangeraai is. Melanchthon het met moeite 'n konsensusdokument vir hierdie gesprek saamgestel. Die teoloë uit Jena het op 'n veroordeling van Calvyn se menings oor die uitverkiesing aangedring, terwyl Johannes Brenz weer gekeer het dat 'n veroordeling van Osiander opgeneem word. Wat wel opgeneem is, is die veroordeling van Servet se kritiek op die triniteitsleer, en die verdediging van die oordeel dat die staat die plig het om hom tereg te stel.

gehoorsaamheid aan hierdie God die belangrikste werk is wat van die mens verwag word, moet dadelik toegegee word dat dit onmoontlik is om God absoluut te gehoorsaam en lief te hê. Die uitleg, verstaan en uitlewing van die eerste gebod is daarom afhanklik van die genadeverkondiging. Sonder die genade van Christus, is die voorhou van die eerste gebod nie sinvol nie. Goeie werke vanuit die perspektief van die eerste gebod, is nie 'n absolute menslike moontlikheid nie, aangesien ons God nie absoluut vertrou en liefhet nie. 'Sonde' is ten diepste oortreding van die eerste gebod. Slegs wanneer daar sekerheid kom oor die vergewing van die sonde teen die eerste gebod, kan daar, met behulp van die Heilige Gees, gepoog word om gehoorsaamheid aan God te betoon – dit is, om God waarlik te vertrou, lief te hê en om Hom in oorgawe aan te roep.

Melanchthon bou in 1553, in die Duitse weergawe van sy *Loci*, voort op sy insigte van die 1535-weergawe. In hierdie weergawe ([1553] 2010:179-186) beredeneer hy die uitleg van die eerste gebod teen die agtergrond van die veelvuldige menings oor God in die filosofie en ander godsdienste. Sy doelwit is om die uniekheid van die Joods-Christelike Godsbegrip na vore te bring, en huiwer nie om na die afgodsdienste van ander godsdienste te verwys nie. Melanchthon werk verder sterk met die dialektiek van die toorn en die barmhartigheid van God. Sonde (ongehoorsaamheid aan die eerste gebod) wek God se toorn op, wat angs en vrees veroorsaak. Danksy Christus, het Christene nie met God se toorn te make nie, maar met sy barmhartigheid. Melanchthon ([1553] 2010) stel dit treffend:

Aldus, is die Seun van God die vervulling van die wet, soos wat Paulus dit stel. Hy het vir ons die straf gedra en is die versoener. Om sy ontwil het ons vergewing van sondes. Daarbenewens bewerk Hy in ons harte troos, vreugde aan God en ewige lewe. Hierdie troos en vreugde is die beginpunt van gehoorsaamheid [*aan die eerste gebod*] in ons.¹³³ (p. 181, ll. 25-29)

Soos hierbo gestel, is gehoorsaamheid aan die eerste gebod die grootste en belangrikste goeie werk. Die beginpunt van hierdie goeie werk is dus om die enigste, ware God te leer ken – soos wat Hy hom in Christus geopenbaar het. Die volgende stap in die doen van hierdie goeie werk, is om die verband tussen God as die verlosser (uit Egipte), die beloftes van die profete, en die teenwoordigheid van die Messias te herken en te erken. Die vreugde en troos aan die barmhartigheid van God, maak gehoorsaamheid verder moontlik. Geloof in die beloftes van 'n nuwe lewe sonder lyding, en die geduld van God se goedheid en die nederigheid in lewenshouding, maak gehoorsaamheid verder moontlik (vgl. Melanchthon [1553] 2010:181, l. 30-183, l. 13).

133. Melanchthon argumenteer oor die beginpunt van gehoorsaamheid aan die eerste gebod soos volg: '*Also ist der Son gottes die erfüllung des gesetzes, wie Paulus spricht. Ehr hatt fur uns die straff getragen und ist der versuner. Umb seinen willen haben wir vergebung der sunden. Dazu wirkt ehr in unsern hertzen trost, freud an gott und ewiges leben. Diser trost und dise freud ist der anfang des gehoorsams in uns.*'

Melanchthon ([1553] 2010:184–186) het nege verskillende grade van oortredings teen die eerste gebod opgestel. Die eerste en ergste graad is, om te beweer dat God nie bestaan nie, dat Hy nie 'n regverdige regter is nie, dat Hy nie oor mense begaan is nie en dat Hy 'n gevangene is van die natuurwette en niks kan bewerk nie (tipies die argumente van die filosowe soos Epikurus en die Stoïsyne). Volgens Melanchthon is hierdie argumente irrasioneel en word soms deur die duiwel aangeblaas. Die tweede graad van oortreding is, om die God van die Bybel met ander gode en die voorvaders gelyk te stel. Gebede tot Maria val ook in hierdie kategorie. Ook in hierdie geval, mag die duiwel die aansporingswerk doen. Die derde graad het met toordery (*magica*) te make. As 'n kind van sy tyd, dink Melanchthon hier aan die vennootskap tussen booswillige hekse en die duiwel. Bygeloof ten opsigte van wonderbaarlike genesings deur die towenaars en hekse, val ook in hierdie kategorie. Die vierde graad het te make met die geloof in gode, anders as die Vader van Jesus Christus. Melanchthon noem byvoorbeeld die twee gode van die Manicheïsme (die slegte skepper en die goeie verlosser), asook die 'god van die Mohammedane'. Die vyfde graad het te make met 'n lewe, 'so asof God nie bestaan nie' (*'etsi Deus non daretur'*). Die sesde graad het te make met vertwyfeling. Die vrees vir God se toorn en die oortuiging dat Hy jou nie genadig is nie, dui op die gebrek aan vertroue in dié God, wat ons deur Christus ken. Die sewende graad het te make met die geloof en vertroue in die lewe van die monnikedom. Die geringskating van Christus se versoeningswerk is 'n oortreding van die eerste gebod. Die agste graad handel oor die vertroue in die eie voortreflikheid, mag en slimghede. Die negende¹³⁴ graad het te make met ongeduld met God te midde van lyding, wat op wantroue jeens God uitloop.

Melanchthon het in die laaste uitgawe van sy *Loci* ([1559] 2018:204, l. 29–220, l. 23) 'n lang verklaring gegee van die betekenis van die eerste gebod, en van die sonde teen hierdie gebod. Hier word slegs op die nuwe uitsprake wat ekstra beklemtoning benodig, gefokus. Vir Melanchthon hang kennis en aanbidding van God saam. Om God te aanbid, moet daar sekere kennis oor God bestaan. Vir hom is dit nodig om te weet dat God net in Christus volledig geken kan word. Net danksy Jesus Christus, weet ons dat die Skeppergod ook die onderhouer en dié Een is wat gebede verhoor. 'Kennis oor God' is vir Melanchthon ten diepste, kennis oor die evangelie – die boodskap van genade, sondevergewing en nuwe lewe, danksy die kruis en opwekking van Christus. Dit is hierdie kennis wat die begeerte en vrymoedigheid van gebed aanwakker, en só ook gehoorsaamheid aan die eerste gebod. Gehoorsaamheid aan die eerste gebod is slegs moontlik, op grond van geloof

134. In die finale uitgawe van sy *Loci* het hy 'n verdere twee grade bygevoeg, naamlik hoogmoed teenoor God op grond van eie bewondering, kennis en mag, asook ongeduld met die straf en oordeel van God, aangesien daar geglo word dat God nêt moet beloon (vgl. Melanchthon [1559] 2018:218, l. 1–220, l. 14).

in Christus en 'n hartsverandering, wat deur die Heilige Gees bewerk word. Gehoorsaamheid aan die eerste gebod, is daarom slegs moontlik binne die ruimte van die kerk (waar die evangelie verkondig en die Heilige Gees werk). Hierdie 'moontlikheid' bly egter altyd onvolmaak, weens die sondige natuur van die mens. Binne die ruimte van die kerk word daar egter altyd op God se barmhartigheid gewys, en daarom kan die stryd om gehoorsaamheid voortduur. Hierdie troos is 'n kragtige motivering vir gebed en gehoorsaamheid.

Een argument in die finale uitgawe van sy *Loci praecipui theologici* [*Die belangrikste teologiese temas*], verdien spesiale vermelding. Die algemene vermoede (onder Afrikaanssprekendes) is dat die groot meerderheid mense in Europa tydens die laat-Middeleeue, gelowige Christene was. Dit is egter ver van die waarheid af. Die volgende stukkie polemieëk bevestig hierdie stelling. Melanchthon ([1559] 2018) betoog:

Volgens die Epikureërs en die academici [*blykbaar skeptici*] verwerp, of betwyfel hulle die gedagte dat daar 'n God bestaan wat Hom oor die mens se belange bekommer, en of die Woord wat die kerk het, deur God gegee is. Maar oral [*in die wêreld*] is die grootste gedeelte van die mensdom geneig om die gedagte van die bestaan van God uit hulle gemoed te weer, hulle aan die twyfel oor te gee en om [*hierdie twyfel*] in hulle gemoed te verstewig. Groot duisternis volg daarom op die val van die eerste ouers, en die boosheid van die mensdom bevestig later hierdie duisternis en [*so*] help dit die duiwel.¹³⁵ (p. 214, ll. 22–29; outeursvertaling)

Net soos in die laat-Middeleeue in Europa, is die massas in Suidelike Afrika ook nie praktiserende Christene nie. Om vol te hou met die drome van 'n 'Christelike volk' en 'n bevolking wat 80% Christelik is, skep illusies wat vir niemand goed is nie. Groter realisme en eerlikheid is in almal se belang.

■ 5.4.2. Onse Vader wat in die hemel is

In die omwerking van die *Loci communes* in die *Loci communes theologici* (*Die algemene teologiese temas*) van 1535, het Melanchthon begin om as deel van 'n hoofstuk oor gebed, 'n kort verklaring van die 'Onse Vader'-gebed aan te bied. Oor die eerste bede (onse Vader wat in die hemel is) het hy ([1535] 2019:291) slegs die volgende kort verklaring gegee: '*That is, You who are truly present everywhere, You who hear and care for us, etc.*' Aan hierdie drie kernuitsprake, naamlik God se teenwoordigheid, die feit dat Hy luister en die sekerheid dat hy sorg, sou hy sy lewe lank vashou en dit al meer omvattend uitwerk.

135. Hierdie vertaling wyk ietwat van Melanchthon se oorspronklike formulering af ter wille van verstaanbare, idiomatiese Afrikaans: '*Primus est Epicureorum et Academicorum, qui negant aut dubitant, an sit Deus, an curret humana, an hoc verbum, quod habet Ecclesia, sit traditum a Deo. Talis est autem maxima multitudo hominum ubique, quae prorsus ex animo delevit omnem assensionem de Deo, indulget dubitationi et eam confirmat. Magnae igitur tenebrae secutae sunt lapsus primorum parentum, et has tenebras postea confirmat malitia hominum et adiuvat Diabolus.*'

In sy groot Duitse kategismus, *Hoofartikels van die Christelike leer*, van 1553, herhaal hy hierdie kort, maar veelseggende verklaring van die eerste bede. Hier formuleer Melanchthon ([1553] 2010:426, II. 2-4) dit soos volg: 'Dit beteken: Liewe [*of ewige*] Vader, U wat werklik ná aan u kerk en kinders is, U kyk [*sorgend*] op hulle af en verhoor hulle gebede.'¹³⁶ Wat verskil van die eerste formulering, is die innigheid waarmee hy na God verwys. Die persoonlike, liefdevolle Vader wat naby sy kerk te vinde is, sorg vir lidmate en verhoor hulle gebede. Hierdie Godsbeeld verskil algeheel van die Godsbeeld van die filosowe en die ander godsdienste.

In die laaste uitgawe van sy leerboek, het Melanchthon ([1559] 2020:338, I. 17-340, I. 4) 'n verduideliking by sy verklaring gevoeg. Die verklaring self, lui ook ietwat anders. Melanchthon ([1559] 2020:338, II. 18-19) stel: 'Dit beteken: U wat orals is, oraloor sorg dra en verhoor, U is die almagtige skepper van alle dinge'.¹³⁷ Hy verduidelik dat hierdie stelling op Joh. 14 en 16 berus. God is vir hom die God wat Homself in Christus geopenbaar het en Hy wil hê dat ons Hom deur sy Seun in gebed sal nader. Danksy Christus het God ons liewe Vader geword, maar wat nog steeds ook die ewige almagtige Skepper en Voorsiener is. Hierdie Godsbegrip is uniek, en word nie deur die filosowe en ander godsdienste gedeel nie.

■ 5.4.3. Religieuse toleransie?

Melanchthon was 'n oortuigde Christen wat getrou aan die bybelse uitsprake oor God, sowel as die leerbeslissings van die Vroeë Kerk was. 'n Mens soek daarom tevergeefs na impulse vir iets soos 'religieuse toleransie' teenoor die Islam, by hom. Die Islam soos hy dit leer ken het uit die Turkse imperialisme en gepaardgaande menslike brutaliteit, het hom verhinder om toleransie teenoor hierdie godsdienste te openbaar (Plathow 2011:183-188). Nogtans moet daar versigtig oor Melanchthon en sy houding teenoor ander godsdienste geoordeel word. As 'n groot geleerde, was sy uitsprake méér genuanseerd as wat verwag word. 'n Algemene oorsig en 'n toespitsing op een belangrike voorwoord kan laasgenoemde stelling bevestig.

Melanchthon het min waardering vir die Turke, of die 'Mohammedane' soos wat hy soms na hulle verwys het, gehad. Die 'Turca' was vir hom 'woeste gewelddenaars' ('*vastator*'). Hy noem hulle dikwels die 'Turkse rowerbendes' ('*Turci latrones*'). Genealogies verbind hy hulle met Abraham se vrou, Sara, en die nageslag van Hagar (Gen. 16:21). Hy beskou hulle as 'n volk wat met brutale geweld en onbeskryflike wreedheid ander volke wil onderwerp. Hy en diegene

136. Melanchthon se oorspronklike woorde: '*Das ist: Lieber [in sekere manuskripte Ewiger] Vater, der du warhafftig nahe bey deiner Kirchen und bey deinen Kindern bist, uff sie sihest und ir Gebet erhörest.*'

137. Melanchthon verklaar: '*Id est, qui ades ubique, ubique respicis et exaudis, omnipotens conditor rerum.*'

rondom hom, het daarom in geweldige vrees vir die Turke gelewe. Alhoewel hy erken dat hulle in 'n Skeppergod glo, is hierdie god nie die Vader van Jesus Christus nie. Hulle verwerp die twee-natureleer en ontken daarom dat Jesus die Seun van God is. Versoening op grond van die kruis is vir hulle onsinnig, en poligamie is vir hulle geen probleem nie. Hy erken dat hulle 'n natuurlike aanvoeling vir sedelikheid het, maar kan nie werklik tussen goed en kwaad onderskei nie. Hy erken egter dat die Arabiese filosofie wel van waarde is vir die kuns, astronomie en mediese wetenskap (vgl. §9.2.3.). Die feit dat die Turke onderlinge toleransie openbaar, is lofwaardig, maar dit is ver van die Christelike oortuiging van liefde vir die vyand af (vgl. Plathow 2011:188-189, 2017:207-208).

Dit is nodig om duideliker uit te spel waarom Melanchthon so 'n geweldige negatiewe beeld van die Turke (of die Islam) gehad het. Die eerste rede is dat die Turke 'n militêre gevaar vir die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie ingehou het. Ten spyte van die feit dat die Turke in die algemene natuurreg deel, en dat daar wel van gewete en redelikheid by hulle sprake is, val hulle egter buite die riglyne van die dekaloo. Hulle misken die eerste en derde gebod met die verwerping van Christus en die Heilige Gees se Godheid; hulle verdediging van poligamie ondergrawe die sesde gebod; en hulle gewelddadigheid is nie met die vyfde gebod versoenbaar nie. Volgens Melanchthon, met sy sosiale instellings van *ecclesia*, *oeconomia* en *politia*, bevind die Turke hulleself uiteindelik buite die natuurreg, en kon hy die vorsteoorlog teen hulle steun en aanmoedig (vgl. Plathow 2017:209-210). Die tweede rede het met Melanchthon se apokaliptiese verstaan van die geskiedenis te make. Melanchthon het op grond van die profeet, Daniël, die geskiedenis in drie fases verdeel. Volgens hom dui Dan. 7:8 na die Turkse gevaar. Die Osmaanse ryk sou volgens hom die laaste groot bedreiging vir die kerk wees, en daarom moes die Turke beveg word (vgl. Plathow 2017:210). Die derde rede het met sy verantwoordelikebesef te make, om die waarheid van die Christelike godsdiens te beskerm. Die twee oudkerklike leerbeslissings, naamlik die twee-natureleer en die triniteitsleer, die leer oor die regverdiging deur die geloof en die vier eksklusiwiteitspartikels, is vir Melanchthon teenstrydig met die Islam. Vir die waarheid van die evangelie, of die suiwer leer oor die evangelie (*pura doctrina evangelii*), maak hy nie verskoning nie. Hierdie waarheid (*veritas*) is nie voorlopig nie, en kan nie sinkretisties met die Islam vermeng word nie. Hy verdedig die leer oor die evangelie en die kerk wat hierdie evangelie moet verkondig. Oor hierdie standpunt was Melanchthon onwrikbaar, maar dit het hom nie verhoed om as geleerde waardering vir die Turkse geleerdheid te hê nie. By Melanchthon word geleer om kerklike leer en algemene menslike geleerdheid te onderskei. Wie dit nie wil doen nie, skaad ander se menslikheid (vgl. Plathow 2017:210-212). Melanchthon self het egter nie 'n beroep op aggressie teen die Turke gedoen nie. Hy het 'n matige houding van toleransie gehad. Sy 'toleransie' het egter nie op 'n grenslose goedpraterij

van verskille uitgeloop nie, maar het die verskille en andersheid geduld – al was dit met weersin (Plathow 2011:190–191).

Melanchthon se *Voorwoord tot die Koranuitgawe van Bibliander* ([1542] 2011j),¹³⁸ is 'n betroubare geskrif om sy afsydige houding jeens die Turke (of die Islam) na te lees. In hierdie 'waarskuwingswoord' (*'praemunitio'*) stel hy dit duidelik dat net die kerk met die ware godsdiens besig is. Die 'waansin van Mohammed' (Melanchthon [1542] 2011j:272–273) is iets waarmee geleerde en ontwikkelde mense hulle nie kan bemoei nie. Hulle weet niks van sonde, van Christus en sy weldade, en regte gebed af nie. Hulle roofsugtigheid en poligamie vind hy afskuwelik. Die wreedheid waarmee hulle oorlog maak, is kenmerkend van kinders van die duiwel. Op grond van sy verstaan van die boek Daniël, stel hy dat die Islam die laaste groot bedreiging vir die Christendom is. Hy sien die Turke egter as 'n instrument in die hand van die toornige God, en roep almal op tot bekering en gebede om verlossing uit 'die pes van die Mohammedane', maar verseker almal ook dat die Here 'sy klein kerkie' tot met die wederkoms sal bewaar (Melanchthon [1542] 2011j:274–275). Ten spyte van alles, het Melanchthon as universeelgeleerde tog die voorwoord tot 'n uitgawe van die Koran geskryf. As intellektueel was hy tog tolerant jeens ander oortuigings. Hy het as Christelike apologete nogtans persvryheid en meningsvryheid gehandhaaf en bevorder (vgl. §9.3. vir die voortsetting van die argumentvoering).

■ 5.5. Oorsig

Hierdie hoofstuk handel oor Melanchthon se verstaan van God. Hy spits sy beredenering toe op twee grondvraagstukke, naamlik die vraag na God se kenbaarheid, en die vraag of daar met goeie redes tot God gebid kan word. Hy meen dat die Christelike Godsbegrip van die Godsbegrip van die filosowe en die ander godsdienste (veral die Islam) verskil. God, die Vader van Jesus Christus, is kenbaar op grond van sy selfopenbaring in die beloftes van die Ou Testament en in die gekruisigde Christus. Die sekerheid van die geloofskennis is vir hom 'n belangrike saak. Die feit dat gelowiges onder die leiding van die Heilige Gees en deur Christus tot God kan bid, maak die Christelike geloof uniek. Aangesien God net deur Jesus Christus reg geken kan word, word 'n hele paragraaf aan sy Christologie gewy. Sy binding aan die twee-natureleer

138. Die opmars van die Turke deur die Balkan tot by Wene in 1529, het 'n debat oor die Islam uitgelok. In 1543 is talle publikasies oor hierdie onderwerp in Parys, Nürnberg en Basel gepubliseer. In Basel wou die drukker, Oporinus, die versamelde werke van Theodor Bibliander publiseer. Hy was 'n bekende geleerde binne Hebreeuse en humanistiese kringe en die opvolger van Zwingli as professor in Ou Testament en Grieks. Sy versamelde werke het, onder andere, 'n Middeleeuse-vertaling van die Koran deur Robert Ketton, bevat. Die Raad van die stad het egter die druk van die Koran verbied. Danksy die ingrepe van Luther, kon die drukwerk voortgaan. Melanchthon is versoek om 'n voorwoord (*praefatio*) te skryf, maar lewer eintlik 'n waarskuwingswoord aan die leser (*praemunitio*) oor die dwalings van die Islam. Nogtans was dit 'n oorwinning vir akademiese en persvryheid (vgl. inleiding tot Melanchthon [1542] 2011j:271).

geniet deurgaans aandag. Melanchthon se Christologie word ook daargestel aan die hand van die liturgiese kalender wat hy noukeurig gevolg het. God is vir Melanchthon die drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Sy begrip van die triniteitsleer word met hulp van sy gebede verduidelik. Sy aandeel in die veroordeling van Michael Servet geniet ook aandag. Die Christelike begrip van God word verduidelik, deur die eerste gebod en die eerste bede van die Onse Vader-gebed te beklemtoon. Die hoofstuk word met 'n besinning oor Melanchthon se begrip van toleransie teenoor ander godsdienste afgesluit. Sy bydrae tot persvryheid en openlike debat, word belig sonder om sy Christosentriese teologie onder verdenking te bring.

Regverdiging en uitverkiesing

Oor die bybelse begrippe *die geregtigheid van God* en *die regverdiging deur die geloof*, word daar selde in ons tyd geskryf en gepraat. In die beginjare van die Reformasie, was dit egter een van die sentrale temas wat onder bespreking was. Melanchthon ([1530] 2020c:244) sê in die *Samestelling van die redevoering van Paulus se brief aan die Romeine*, 'die ganse Christelike leer draai om hierdie hoofbegrip, [*naamlik*] hoe ons voor God regverdig word of wat Christelike geregtigheid is'. Vir die meeste Afrikaanssprekendes is hierdie taalgebruik en denke totaal vreemd. Geen enkele eietydse kategeese-handleiding het 'n afdeling wat oor die regverdiging deur die geloof, handel nie. Saam met hulle predikante, weet jong lidmate waarskynlik nie waaroor die sentrale begrip van die Nuwe Testament handel nie. Enige persoon wat op een of ander wyse in die Reformatoriese tradisie wil staan, moet egter weet waar die hoofklem val, en wat die konsekwensies vir die res van die teologie is. Melanchthon se uitleg van die uitverkiesingsleer word hier doelbewus saam met die regverdigingsleer behandel. Met hierdie aanslag, word die omstrede Calvinistiese hantering van die uitverkiesingsleer hier onder 'n nuwe lig geplaas, in die vertroue dat daar met groter omsigtigheid met hierdie bybelse begrip omgegaan sal word.

How to cite: Van Wyk, I.W.C., 2022, 'Regverdiging en uitverkiesing', in *Philipp Melanchthon: Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie*, HTS Religion & Society Series, Vol. 12, pp. 115–138, AOSIS Books, Cape Town. <https://doi.org/10.4102/aosis.2022.BK327.06>

■ 6.1. Die genade van die regverdiging deur die geloof

Melanchthon se uitleg van die regverdigingsleer, is verskeie kere in die geskiedenis onder verdenking geplaas. In sy eie leeftyd was daar al ortodokse Lutherane, wat hom beskuldig het dat hy van Luther afgewyk het. Dit was veral geleerdes van die Universiteit van Jena, wat Melanchthon onder verdenking geplaas het. Die Melanchthon-navorsing as sodanig, is vroeg in die twintigste eeu 'n groot nekslag toegedien, toe die teoloog, Karl Holl (1932:128), wat vir die 'Luther-Renaissance' verantwoordelik was, beweer het 'dat Melanchthon die Lutherse regverdigingsleer verderf het'. Hierdie negatiewe resepsie het tot in die tagtigerjare van die twintigste eeu voortgeduur. Die befaamde Lutherse teoloog, Albrecht Peters (1984:89), het hom beskuldig dat weens sy toenemende klem op die werking van die Heilige Gees, hy die vertroue van Christus se vreemde geregtigheid agterweë gelaat het. Hy beskuldig hom verder dat, weens sy trinitariese denke, hy feitlik geen ruimte vir die twee-natureleer gelaat het nie. Laastens beskuldig hy Melanchthon ook, dat sy antropologiese aanslag die weg gebaan het vir die verval van die teologie in die Moderne. Ander navorsers het egter nie Peters se oordeel aanvaar nie. Wolf-Dieter Hauschild (1999:316) het in sy omvangryke leerboek oor die dogmen-geskiedenis, na Melanchthon verwys as die teoloog wat verantwoordelik is vir die sistematiesing van die Lutherse teologie. Robert Kolb (2017:361) het onlangs beweer dat Melanchthon en Luther hier en daar verskillende woorde gebruik het, maar dat hulle wesenlik een en dieselfde leer verkondig het. Dit is ook belangrik om te meld dat, volgens Willem van 't Spijker (2011), Melanchthon se regverdigingsleer ekumenies van aard was. Martin Bucer en Johannes Calvyn het Melanchthon in sy uitsprake en die meeste van sy formulerings ondersteun. In hierdie boek is daar nie ruimte vir debatte wat oor 500 jaar strek nie. Hier word op die primêre bronne gekonsentreer, met die vraag of dit wat hierin ontdek word, met die Skrif in ooreenstemming is.

■ 6.1.1. Die vertrekpunt: Twee gestaltes van geregtigheid

Melanchthon het 'n jaar na sy aankoms in Wittenberg begin om as 'n privaat dosent lesings oor die Romeinebrief aan te bied. In Julie 1519, nog voordat hy oor die graad *Baccalaureus biblicus* beskik het, het Melanchthon ([1519] 2020f:19–22) in sy *Teologiese onderrig oor die brief van Paulus aan die Romeine*, die Pauliniese gedagte van regverdiging deur die geloof alleen, vanuit die perspektief van die onderskeid tussen heidense en Christelike geregtigheid, verduidelik. Onder 'heidense geregtigheid' verstaan Paulus volgens Melanchthon, die strewe om deur wetsonderhouding regverdig geag te word. Die 'uiterlike na-aping van goeie gedrag', word egter deur 'neigings

tot morele gemak', of deur 'n 'verslawende vrees' aangedryf; dus vreugdelose deugdelikheid. Verder is selfliefde die wortel van alle boosheid, en voortdurend in hierdie morele strewes voorhande. 'n Bedenklike selfvertroue is dus die las waarmee gelewe moet word. Die Christelike geregtigheid daarenteen, word deur 'n 'vrywillige gees om die goeie te doen' gekenmerk – selfs indien daar geen wet sou wees nie. Die selfvertroue om die goeie te wil doen, kom nie uit die Christenmens self na vore nie. Hierdie selfvertroue is 'n geskenk wat ontstaan, danksy Christus se vergewing en barmhartigheid. Die verskil tussen werksgeregtigheid en geloofsgeregtigheid word uiteindelik by die dood waargeneem. Die beste werke bewaar nie teen die dood nie; die geloof in Christus se genade, skenk egter nuwe lewe. Die Joodse werksgeregtigheid verander ook niks aan die sonde en die boosheid nie; die geloofsgeregtigheid skenk egter vryheid van die las van 'n mislukte menswees – en dít maak goeie werke aanhoudend moontlik.

Melanchthon het in 1522 'n 'vlugskrif'¹³⁹ geskryf, *Die onderskeid tussen wêreldlike en Christelike geregtigheid*, wat verder kan help om 'n begrip te vorm waaroor dit hier gaan. Melanchthon ([1522] 2011d) verduidelik dat 'menslike geregtigheid' op die goeie en redelike saamleef binne 'n gemeenskap neerkom. Menslike redelikheid het met menslike oordele te make, en niks met die mens se posisie voor God nie. Trouens, menslike redelikheid wil ook nie aan God se oordeel onderwerp word nie, en niemand steur hulle daaraan of die hel warm is of nie, aangesien mense in die algemeen oortuig is dat menslike boosheid ongestraf gelaat word. Aan die ander kant, kan die menslike verstand nie begryp dat God sondes vergewe nie, en daarom vriendelik en barmhartig is nie. Die God van die filosowe sien nie en hoor nie, en straf en beloon daarom nie regverdig nie. Die God van die Bybel, daarenteen, hoor, sien, beloon en straf volgens sy liefde. Hierdie God word nie op grond van menslike insig geken nie, maar danksy die verkondiging en die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees wek geloof in die weldade van Christus, en skep só 'n vreugdevolle vertroue in God – 'n totaal ander tipe 'geregtigheid'. Hierdie 'geregtigheid' verskil totaal van 'wêreldlike geregtigheid', wat bitter min met 'God' te make het, aangesien dit ten diepste met moraal te make het. Hierdie 'uiterlike geregtigheid' soos Melanchthon dit ook noem, het met gebooie, wette en regulasies te make, en dit word veral herken in die opvoeding van die gemeenskap. Goeie, beskaafde menswees kom op 'uiterlike geregtigheid' neer, maar dit het niks met 'innerlike geregtigheid', of die 'geregtigheid van God', te make nie. Anders gestel: Goeie gemeenskapsmoraal hou die beskawing in stand, maar dit is nog nie geloof nie.

139. Melanchthon se onderskeiding van die twee tipes geregtigheid was onderliggend aan die 'tweeregimenteleer', wat in die laat-Middeleeue goed bekend was. Daar is tussen twee regimente van God onderskei: Die een waardeur God sy skepping in stand hou, en die ander een waardeur Hy die mensdom verlos. In 1522 publiseer Melanchthon (vgl. inleiding tot [1522] 2011d:20) in Hagenau, Strassburg en Zwickau 'n vlugskrif van vier bladsye waarin hy hierdie onderskeid treffend en aktueel (ook vir vandag) verduidelik.

Twee jaar later het Melanchthon in sy *Kort uiteensetting van die vernuwende kerkleer vir die landgraaf van Hessen*, 'n verdere poging aangewend om die verskil tussen die twee tipes geregtigheid te verduidelik. Melanchthon ([1524] 2012b:137-143) wys op Lukas 24:47, waar Jesus aan die dissipels opdrag gee om die boodskap van bekering en sondevergewing aan die nasies te gaan verkondig. 'Ware geregtigheid' kom neer op geloof in die barmhartigheid van God in Jesus Christus – geloof wat deur die Heilige Gees, op grond van die verkondiging gewek word. Die besef van sonde, die gewetensnood, die vrese vir die Here en die dankbare aanvaarding van vergewing, is alles die werk van die Heilige Gees en het feitlik niks met menslike rasionaliteit te make nie. Die geloofsinsig wat op die dialektiese verhouding tussen God se oordeel en sy barmhartigheid berus, lei tot die regte insig oor die ware God. Die besef dat God Hom waarlik oor ons bekommer en ons genadig is, laat die vrugte van die Gees (Gal 5:22-26) in ons tot wasdom kom. Die morele houding van die gelowige spruit dus uit die oortuiging voort dat God lewe en in ons lewens ingryp. Die regte kennis van God is dus die bron van goeie morele vrugte (vgl. Melanchthon [1524] 2012b:137-140). Wat die 'menslike geregtigheid' betref, het Melanchthon 'n standpunt wat nie maklik deur Christelike en sekulêre moraliste verstaan kan word nie. Hy wys daarop dat die Christelike geloof en moraliteit nie elke mens se saak is nie. Almal in die samelewing is nie gelowige Christene nie, en daarom kan die samelewing ook nie deur die Christelike moraal beheer word nie. 'Menslike geregtigheid' bestaan uit 'n mengelmoes van morele impulse. Die Romeinse reg, die Joods-Christelike wette en morele riglyne asook die filosofiese begrip van maatskaplike belang, vorm saam 'n konsensus van wat 'n gemeenskap 'menslike geregtigheid' kan noem. Dit is hoofsaaklik die staat se verantwoordelikheid om onderrig oor hierdie 'menslike geregtigheid', of die konsensus oor wat maatskaplike moraliteit genoem kan word, te verskaf. Hierdie 'politieke geregtigheid' is nie die geregtigheid van die evangelie nie. Dit het slegs hier en daar iets met Christelike moraal te make. Om hierdie rede distansieer Melanchthon hom van die 'Aristoteliese teoloë', aangesien die strewe na goeie burgerskap nie die genade van vergewing en die belofte van nuwe lewe verdien nie. Die strewe na 'politieke geregtigheid' is hoogstens die strewe om menslike rasionaliteit te verbeter. Gesonde en nugtere menslike oordeel oor wat goed is vir die samelewing, is nog nie geloof nie – of anders gestel, 'die huigelaar van die rede' het met 'geloofsgeregtigheid' niks te make nie (vgl. Melanchthon [1524] 2012b:140-143).

Ses jaar later, in 1530, publiseer Melanchthon 'n lang 'hoofstuk' oor die *Samestelling van Paulus se argumentvoering in die brief aan die Romeine*, as deel van sy uiteindelijke Romeinebriefkommentaar. In die inleidende gedeelte van hierdie 'hoofstuk', maak Melanchthon ([1530] 2020c:242-245) weer 'n paar opmerkings oor die verskil tussen burgerlike en geloofsgeregtigheid. Burgerlike of politieke geregtigheid, het met menslike denkvermoëns te make. Hierdie denke en handelings wat poog om 'n vreedsame en regverdige

samelewing te skep, het niks met die verering van en vertrouwe in God te make nie. Die geregtigheid wat met God te make het, is die geloofsgeregtigheid wat vertrou dat God ons om Christus se ontwil barmhartig is, deurdat Hy ons sondes vergewe. Wie die genade van Christus aanneem en deur die Heilige Gees vernuwe word, lewer wel werke wat tot die goeie funksionering van die samelewing bydra, sonder dat daar gehoop word om die koninkryk van Christus op aarde waar te maak, en om op hierdie wyse as mense van geregtigheid gereken te word. Geloofsgeregtigheid het dus baie min met die Aristoteliese politieke geregtigheid te make, aangesien die sentrale vraagstelling nie oor die goeie funksionering van die burgerlike samelewing handel nie, maar oor die vraag hoe ons voor die aangesig van God, as sondaarmense staan.

■ 6.1.2. Die invalshoek: Die genade

Vir Melanchthon is die invalshoek tot die regverdigingsleer die genade (*de gratia*) en nie die wet nie. Vroeg in sy loopbaan skryf hy ([1521] 1997):

Soos wat die wet kennis van die sonde moontlik maak, so is die evangelie die belofte van die genade en die geregtigheid. Aangesien daar in die plek van die woord evangelie, die woorde genade en geregtigheid gebruik kan word, [...] kan die betekenis van die evangelie op hierdie wyse vollediger verstaan word.¹⁴⁰ (p. 200, II. 1)

Wat Melanchthon duidelik wil stel, is dat die evangelie, die sentrale boodskap van die Skrif, op genade en geregtigheid neerkom. Anders gestel: Die belofte van genade wat geregtigheid voor God skep, is die evangelie. Melanchthon se argumentasie is teen die Skolastiek gerig wat genade tot die sielsvermoë van die mens verskraal het – met ander woorde, tot die menslike vermoë om liefdesdiens te verrig, wat erkenning by God kan verdien. Melanchthon daarenteen, argumenteer dat die genade deur die Heilige Gees aan die mens geskenk word, en dat dit in die geloof aangeneem moet word. Die genade is nie die impuls vir die aktivering van menslike potensiaal om goed te doen nie. Dit dui eerder op die aanvaarding van die persoon wat in die liefde misluk. Volgens die heilige Skrif is genade ‘die guns in God waarmee Hy die heiliges in liefde omarm’ (*‘estque gratia seu favor in deo, quo complexus est sanctos’*) (Melanchthon [1521] 1997:202, II. 5). Genade is volgens Melanchthon ([1521] 1997:202, II. 6–7), niks anders nie as ‘God se toenadering tot ons [...], waarmee Hy Hom oor ons ontferm’. Dit het dus niks met inherente menslike kwaliteite

140. Die oorspronklike Latyn is verwarrend, en daarom 'n interpreterende vertaling: *‘Sicut lex peccati cognitio est, ita evangelium promissio gratiae et iustitiae. Proinde quia de verbo gratiae et iustitiae, nempe de evangelio dictum est, hic subiiciendae sunt gratiae et iustificationis formulae. Nam ita evangelii ratio plenius cognosci poterit.’*

te make nie, maar wys heen na God se liefde vir ons. Die genade word egter van 'n gawe vergesel. Melanchthon ([1521] 1997) formuleer dit uitstekend:

Die gawe [*van die genade*] is die Heilige Gees wat in die harte van diegene uitgegië word waarvoor God Hom ontferm. Die vrug van die Heilige Gees is geloof, hoop, liefde en die oorblywende [*Christelike*] deugde. (p. 204, II. 10)

Genade is dus niks anders nie as die vergewing of die verplasing van die sonde in die vergetelheid (*nisi condonatio seu remissio peccati*). Die gawe van die genade is die Heilige Gees, wat die harte reinig en vernuwe. Die evangelie is dus die belofte van genade, sowel as die belofte van die gawe van die genade wat allerlei goeie vrugte oplewer (vgl. Melanchthon [1521] 1997:204, II. 11-12). Melanchthon ([1553] 2010:270) is later deur Andreas Osiander (moedswillig) valslik beskuldig, dat sy verstaan van geloofsgeregtigheid mense demp om goeie werke te doen. Melanchthon het hierdie aanklag verwerp, en duidelik gestel dat die regte verstaan van geloofsgeregtigheid, en danksy die vernuwende werking van die Heilige Gees, die gelowige wel voortdurend en aanhoudend in die diens van die liefde sal volhard. Wat nie mag gebeur nie (soos Osiander argumenteer), is dat die vrug van die Gees as nuwe argument gebruik word om die gedagte van regverdiging op grond van goeie werke, te bevorder (vgl. ook Melanchthon [1535] 2019:126-138; [1559] 2018:348-374 vir dieselfde gedagtes oor die begrip *genade*).

■ 6.1.3. Regverdiging deur die geloof: Wat is dit?

Aangesien Paulus se argument oor die regverdiging deur die geloof die sentrale tema van die evangelie is, en aangesien hierdie motief vir mense vandag moeilik toeganklik is, word hier by Melanchthon se vroeë *Romeinebrief-verklarings* begin, waar Paulus se uitspraak op 'n maklik verstaanbare wyse verduidelik word. In Melanchthon ([1530] 2020c:252-254) se lesing oor die *Samestelling van die argumentvoering in Paulus se brief aan die Romeine*, is daar 'n insiggewende gedeelte oor Romeine 3:21 as die hoofgedagte van die brief. Die uitspraak 'dat die geregtigheid van God sonder die wet geopenbaar word', beteken dat Christus nie as 'n nuwe wetgewer gekom het nie, en dat ons nie deur die navolging van sy vermeende nuwe wet geregtigheid kan verwerf nie. Hy het gekom sodat ons deur genade en sonder verdienste van ons werke, deur die geloof geregtig kan word. Christus, volgens Paulus, is geen wetgewer nie, maar wel die verlosser. Die wet kom van Moses af; van Christus ontvang ons die vergewing van sondes en die Heilige Gees. In die lig hiervan stel Melanchthon ([1530] 2020c):

Geregtigheid voor God, is die geloof dat ons sonder ons verdienste weens Christus, geregtigheid en vergewing van sondes geskenk word. Hierdie is die wesensbepaling van die Christelike geregtigheid. Ons noem dit uit leergronde só, terwyl ons weet dat Paulus daarna as God se geregtigheid (1:17) verwys [...] menslike roem (3:27) is dus in hierdie denke uitgesluit. (p. 254)

In sy *Bewysvoering van Paulus se brief aan die Romeine*, maak Melanchthon ([1532] 2020b:320–334) verdere belangrike opmerkings oor die tema *regverdiging*. Eers stel hy dit weer duidelik, wanneer die regverdigingstema ter sprake kom, kom die sentrale temas van die Skrif, naamlik sonde, sondevergewing, barmhartigheid danksy Christus, geloof, die vrug van die Heilige Gees, ensovoorts ook ter sprake. In hierdie tema word die onderskeid tussen wet en evangelie, teologie en filosofie ontdek. Die verskil tussen die Evangeliese leer en die Roomse leer word ook met hierdie tema op die spits gedryf. Die sentrale verskil is dat die Protestantisme wat op Christus alleen vertrou vir regverdiging voor God se gerig, die sekerheid van 'n getroosde gewete ervaar. Die Roomse leer wat vertrou dat mense se goeie werke hulle aanvaarbaar vir God sal maak, sal altyd met 'n twyfelende gewete moet saamleef. Die vertroue in God se genade staan dus teenoor die vertroue op menslike deugsaamheid. Geloof in die barmhartige God, staan dus teenoor die strewe na morele uitnemendheid in burgerlike aangeleenthede. Die uiteinde is dat die Evangeliese weg sekerheid oor die Godsvraag bied, terwyl die Roomse weg onsekerheid oor God en sy goedheid veroorsaak. In die Evangeliese weg kan daar met sekerheid oor God, Christus, vergewing en die ewige lewe gepraat word, terwyl die Roomse weg met onsekerhede besaai is. Vir Melanchthon ([1532] 2020b) gaan die Reformatoriese stryd om die hoofsaak van die Skrif, wat hy soos volg saamvat:

Die stryd draai veel eerder oor die belangrikste aangeleentheid [*van die teologie*]: Ons stry oor die vergewing van sondes, oor die troos van die gewete, oor die ware godsdiens en oor die ware aanroeping van God. Sonder hierdie Pauliniese leer [...] is daar geen sprake van egte Godsdiens [...] en ware gebed tot God nie [...] Dit gaan nie daaroor óf ons noodwendig goeie werke moet doen nie [...] dit gaan om ander dinge, naamlik hoe ons gewetens sekerheid kan kry dat ons sondes ons vergewe word, óf God vir ons 'n saak van belang is, óf ons deur God aangeneem sal word, en verder óf God vereer en aangeroep moet word. Wanneer die gewete twyfel of ons God geval, óf ons deur Hom aangeneem word, dan sal ons ook twyfel of God ons verhoor, en óf ons goeie deugde [...] Hom hoegenaamd behaag. (p. 324)

Melanchthon argumenteer dat, wanneer die leer oor die sondevergewing verwaarloos word, daar oor God getwyfel word – dan wonder mense of God liefde of haat is. Melanchthon is oortuig dat Paulus die twyfel uit die godsdiens wou haal, aangesien voortslepende twyfel die dood van die godsdiens inhou. Melanchthon se stryd is teen die gedagte dat die funksie van godsdiens op voortreflike burgerskap toegespits moet word. Wanneer dit gebeur, verdwyn die erns met God, en twyfel mense of daar verder gebid moet word. Die kentering tree in waar die sondeleer weer ernstig geneem word, en die barmhartigheid van God in Christus herontdek word. Melanchthon ([1532] 2020b:328) herhaal Luther se vraag, naamlik 'of daar 'n genadige God bestaan'. Soos Luther, glo hy dat hierdie vraag met behulp van die gedagte van die 'regverdiging deur die geloof alleen', beantwoord kan word. Om geregverdig te word, beteken 'om aangeneem te word', of

‘om regverdig verklaar te word’ – nie op grond van nuwe, beter deugdelikheid nie, maar omdat God ons, danksy Christus, as sy kinders wil aanneem. ‘Om aangeneem te wees’ het met die afwesigheid van voorwaardes soos morele prestasies te make. Dit gaan slegs oor die vertrouwe in die belofte van genade. ‘Geloof’ is daarom vir Melanchthon vertrouwe in God se barmhartigheid, en kan nie op blote kennisname van die verhaal van Jesus neerkom nie. ‘Geloof’ is verder die instemming tot die wyse waarop God sy barmhartigheid in Christus met ons wil deel. ‘Geloof’ vertrou die werk van die Heilige Gees om die evangelie in ons harte te bevestig. Die ‘leer oor die regverdiging’ ([1532] 2020b:331) kom vir Melanchthon op drie dinge neer: eerstens, die vergewing van sondes; tweedens, die regverdiging; en derdens, die geskenk van die ewige lewe ongeag die stand van ons menslike waardigheid. Melanchthon ([1532] 2020b:332–334) sluit sy betoog af met ’n kort ekskursie oor die belangrikheid van die ‘eksklusiwiteitspartikel’ (*Exklusivpartikel*). Die woord *alleen* is om die volgende redes nie by die regverdigsleer weglaatbaar nie:

1. Hierdie leer is nie begaan oor die vraag óf God sondes vergewe nie, maar handel oor die sekerheid dat Hy dit voorbehoudloos vergewe vir diegene wat aan die weldade van sy Seun glo.
2. Hierdie partikel skep die onderskeid tussen wet en evangelie, en is daarom die eintlike leerstuk van die evangelie.
3. ‘Geloof alleen’ is die rede vir die afwesigheid van twyfel in die godsdiens. Nét geloof, en nie nog iets anders nie, is ’n waarborg vir ‘aangenome-wees’.
4. Die eksklusiwiteitspartikel gee uiteindelik sekerheid oor die ewige lewe. Wie geregverdig is, wie aangeneem is, sal die ewige lewe beërwe. Niks verder is nodig buiten die geloof en vertrouwe in die weldade van Christus nie.

Melanchthon het tot aan die einde van sy lewe aan die uitleg van die regverdigsleer van sy jonger jare getrou gebly. In wat hy as sy persoonlike belydenis beskou het, naamlik die *Antwoord op die Goddelose artikels van die Beierse inkwisisie* (Melanchthon [1559] 2012a:236–240), het hy vir oulaas weer dit wat van wesenlike belang vir die kerk is, onderstreep. Hy wys daarop dat die Roomse sowel as Charismatiese teoloë een groot interpretasiefout begaan, deur die geloof as voorbereiding op die ontvangs van geregtigheid te beskou. Volgens hulle is geloof die impuls of motivering om van nuuts af goeie werke te doen (of om ’n verskil te maak) met die hoop dat hierdie werke ons voor God aanvaarbaar sal maak. Met hierdie ondergraving van die eksklusiwiteitspartikel, word daar ’n nuwe fase van onsekerheid en twyfel geskep – wat uiteindelik op die verwerping van God uitloop, aangesien Hy nie eenduidig as die God van barmhartigheid uitgebeeld kan word nie. In wanhoop stel hy dat, indien Paulus dan nie kan oortuig nie, laat Daniël 9:18 dit dan doen: ‘Want nie op grond van ons regverdige dade lê ons ons smeekbede voor U nie, maar op grond van u oorvloedige barmhartigheid.’

'n Beter samevatting van Melanchthon se verstaan van die regverdigingsleer, kan nie gevind word as die formulering van Artikel IV van die CA nie. Daar ([1530] 2014b) stel hy:

[D]at ons nie deur ons werke of die gevoel van tevredenheid [*met ons werke*] vergewing kan verdien nie. Ons word ook nie weens ons werke in 'n posisie van geregtigheid voor God geplaas nie, maar ons ontvang vergewing van sondes en word voor God in [*'n staat van*] geregtigheid geplaas om Christus se ontwil, uit genade, deur die geloof, sodat ons in sekerheid troos kan ervaar op grond van die belofte van Christus, en kan glo dat ons beslis vergewing van sondes geskenk sal word en dat God ons genadig sal wees, en dat ons as geregverdigde [*mense*] gereken sal word, en dat ons die ewige lewe om Christus se ontwil sal ontvang, wat ons deur sy dood met God versoen het en vir die sonde genoegsaam [*betaal*] het, Romeine 3:21-26, 4:16-25. (p. 98)

■ 6.1.4. Botsing met Andreas Osiander

Melanchthon het talle kere geargumenteer dat 'n ware teoloog nie met nuwighede vorendag moet kom nie, maar by die leerkonsensus van die kerk moet bly. Een van die persone wat Melanchthon in gedagte gehad het met die maak van hierdie stelling, was Andreas Osiander.¹⁴¹ Osiander het die begrip *essensiële geregtigheid* gebruik om die leer oor die regverdiging deur geloof alleen opnuut te leer, met die hoop dat dit groter byval by die massas sal vind. Volgens Osiander word die mens nie deur die geloof in die bloed van Christus geregverdig nie, maar danksy Christus se gehoorsaamheid aan God. Christus se wetsgehoorsaamheid, wat ook in ons ingegiet word, is die rede vir ons aanvaarding deur God. Christus is dus die volmaakte gehoorsame aan die wet, en danksy ons geloof in Hom, stel die Heilige Gees ons in staat om Hom in die doen van die goeie na te doen. Geloof is dus 'n nuwe impuls om goeie werke te doen, en hierdie goeie werke is vir God genoeg rede om ons as regverdig te beskou. In 1554 het Melanchthon saam met 'n groep teoloë tydens die *Konvent van Naumburg* verdere aandag aan Osiander se leer gegee.¹⁴² Hulle verwerp sy leer (Melanchthon [1554] 2011e:92-94) om die volgende redes: Hy

141. Andreas Osiander (1496-1552) was reformator in Nürnberg en sedert 1549 professor in Königsberg. In 1550 raak hy in 'n heftige stryd met Melanchthon betrokke. Hy argumenteer dat die mens op grond van 'ingegiete geregtigheid' regverdig word, en skep in hierdie verband die term *essensiële geregtigheid* ('*iustitia essentialis*'). Ten spyte van sy konflik met Melanchthon, was Osiander 'n belangrike figuur. Hy het in 1522 'n nuwe, verbeterde uitgawe van die Latynse Bybel gepubliseer; hy was 'n kampvegter vir die beskerming van Joodse geskryfte en erfenis; en hy het in 1543, Nikolaus Kopernikus se hoofwerk *Oor die beweging van die hemelliggame*, met 'n voorwoord nuut uitgegee waarin hy openbare debat oor die tema aangemoedig het (vgl. Müller 2014).

142. Ná Luther se dood, het die Smalkaldiese Oorlog van 1546 uitgebreek, waartydens die Protestantse vorste tot oorgawe gedwing is. Op die Ryksdag van Augsburg (1548), is die Protestante gedwing om hulle winste gedeeltelik prys te gee (bekend as *die Augsburgse Interim*). Nadat keurvors Moritz van Sakse na die Protestantisme oorgestap het, is daar op grond van die *Verdrag van Passau* (1552) nuwe toegewings gemaak. Die Protestantse teoloë het, onder leiding van Melanchthon, op 28 Mei 1554 op die Konvent van Naumburg, standpunt ingeneem teen afwykende leerstellings (van Schwenckfelds en Osiander) binne die Protestantisme, en die rigting vir gemeentelike werksaamhede aangedui (vgl. inleiding tot Melanchthon [1554] 2011e:89).

onderskei nie tussen die persone van Christus en die Heilige Gees nie; hy onderskei nie tussen die teenwoordigheid van God in Christus en die ander heiliges nie; hy meen verkeerdelik dat geloofsgehoorsaamheid 'n bron van redding is; werke van geregtigheid wat deur navolging van Jesus aangevuur word, kan nog steeds nie die rede vir regverdig-verklaring wees nie; die Christelike godsdiens word weereens 'n trooslose en 'n vreugdelose godsdiens, aangesien die onsekerheid oor die heil weer met 'n ompad teruggekeer het. In sy *Belydenis* van 1557¹⁴³ het Melanchthon in eenvoudige taal sy verstaan van die regverdiging saamgevat, en hom tegelyk weereens van Osiander afgegrens. Melanchthon ([1557] 2011b:103-106) het op die lang uiteensetting van die regverdigingsleer in Artikel IV van die *Apo/CA* (vgl. [1531] 2014a:267-392) gewys, waarin daar duidelik oor die gedagte van die regverdiging deur geloof alleen en deur genade alleen ooreengekom is. Hierdie leer laat geen ruimte dat die goeie werke van die gelowige, die basis van redding kan vorm nie.

■ 6.1.5. Regverdiging en goeie werke

Die onderskeid tussen en die samehang van geloof en werke bly 'n tema waaroor daar moeilik konsensus bereik word. Die hedendaagse kerklike en publieke aandrag, dat 'daar 'n verskil in mense se lewens gemaak moet word', is 'n eietydse gestalte van regverdiging deur die werke. Daar word geglo dat 'wie 'n verskil kan maak', aan hulle eie lewens bestaansreg gee, beter kan voel oor hulle eie lewe, aansien in die gemeenskap kan verwerf, meehelp om die koninkryk handelend waar te maak en om selfs God teenwoordig te maak. Dit is daarom belangrik om die Reformatoriese verstaan van hierdie onderwerp duidelik daar te stel. Soos met ander temas, word daar op die ontwikkelingsgang van Melanchthon se denke gekonsentreer.

Melanchthon ([1521] 1997:362-364) het in die eerste uitgawe van sy *Loci* 'n paragraaf oor die liefde (*de caritate*) opgeneem, waarin hy die onderskeid tussen geloof en werke verduidelik. Volgens die Fariseërs en die filosowe word die mens deur deugde en goeie werke (soos naasteliefde) geregverdig. Volgens die Nuwe Testament word mense deur die geloof in die weldade van Christus geregverdig, aangesien goeie werke nooit in die aangesig van God

143. Keiser Ferdinand se oproep tot 'n godsdiensgesprek in Worms 1557, was die laaste poging om die leerverskille uit die weg te ruim. Melanchthon was tussen 28 Augustus en 6 Desember in Heidelberg en Worms vir die gesprekke met Petrus Canisius ('n Jesuïet). Daar was geen kans op sukses nie. Melanchthon het ter voorbereiding vir hierdie gesprek 'n konsensusdokument, namens die Protestante, opgestel. Uit Jena is daar geëis dat Melanchthon Calvyn se nagmaalsleer moes verwerp. Hy wou dit nie doen nie, aangesien hy nie verdere onnodige spanning wou veroorsaak nie. Daar is ook verwerp dat die regverdigingsleer van Andreas Osiander verwerp moes word. Johannes Brenz het dit voortdurend probeer keer, maar Melanchthon was oortuig van die verkeerdheid van Osiander se leer (vgl. inleiding tot Melanchthon [1557] 2011b:100). In 1558 het die gedagte ontstaan dat die leerverskille op 'n Protestantse sinode uitgeklaar kon word. Melanchthon wys op 4 Maart in 'n *Getuigskrif aan keurvors August van Sakse*, dat 'n sinode die twis met Osiander (en ander dwaalleraars) net sal versterk, en dat voortgaande teologiese debatvoering 'n beter opsie is (vgl. Melanchthon [1558] 2011f).

volmaak kan wees nie en daarom as sonde beskou moet word (*'conatus nostros nihil nisi peccatum esse'*) (vgl. Melanchthon [1521] 1997:362, II. 2). Gelowiges glo daarom dat hulle, op grond van God se barmhartigheid (*misericordia Dei*), geregverdig word. Diegene wat hierdie genade aanvaar, kan nie anders as om vir God lief te wees nie. 'Liefde tot God is 'n vrug van die geloof' (*'amorem dei esse fructum fidei'*) (Melanchthon [1521] 1997:364, II. 3). Uit die liefde vir God, groei die liefde tot die naaste – 'n liefde soortgelyk aan die liefde wat jy vir jouself het; selfs ook liefde vir die vyand, sonder om die huisgenote van die geloof te verwaarloos (vgl. Lev 19:18; Mark 12:31; Rom 12:14; Gal 6:10; 1 Tim 5:8).

Melanchthon ([1522] 2020a:117-122) het in sy eerste uitgawe van *Aantekeninge oor die Romeinebrief*, 'n ekskursie oor regverdiging en goeie werke aan hoofstuk 4:15 gekoppel. Volgens die filosowe kan die mens die lewe ooreenkomstig die geregtigheid gestalte gee. Dit is moontlik, aangesien die menslike rede instem dat die tweede tafel van die wet die ideale riglyn vir die lewe is. Om 'n toestand van geregtigheid te bereik, moet die wet en die voorskrifte van die wet bloot gehoorsaam en gevolg word. Die Jode voer presies dieselfde argument aan, aangesien hulle ook glo dat die blote gehoorsaamheid aan wette en voorskrifte die mens in 'n aanvaarbare posisie voor God plaas. Die Christelike opvatting is egter, dat die menslike natuur só verdorwe is dat die wet slegs die skade aan die menslike aard uitlig, en riglyne vir 'n menslike bestaan aandui. Die hart van die mens moet egter deur die Heilige Gees verander word, sodat die mens volhardend liefde tot God en die naaste kan betoon¹⁴⁴ sonder dat dit 'n nuwe basis vir regverdiging word. Die filosowe beweer dat die wet mense tot deugsaamheid begelei; Paulus beweer weer dat die wet God se toorn en die mens se benoude gewete ontbloot. Die wet en die gehoorsaamheid aan die wet kan daarom nie die weg na regverdiging baan nie – die genade in Jesus Christus is die poort na regverdiging.

In Artikel XX van die CA ([1530] 2014b:1116-127) en die *Apo/CA* ([1531] 2014a:554-560) het Melanchthon die wanopvatting weerlê dat die Protestante nie goeie werke wil doen nie. Hy herhaal sy bekende standpunt, dat goeie werke nie die rede is waarom God mense regverdig verklaar nie. Regverdiging geskied deur geloof in die belofte van die barmhartige Vader dat Hy sondes vergewe. Regverdiging is 'n gawe van God, wat in dankbaarheid aangeneem moet word. Wanneer die mens hoop om God met sy werke te beïndruk, sal die gewete nooit tot rus en vrede kom nie. Die kerklike leer word deur mense verwerp wat

144. Melanchthon verdedig die 'forensiese regverdigingsleer'. Dit beteken dat die regverdiging 'n woordgebeure is. Wie in Christus glo, word as aangenome persoon (*acceptus*) gereken (*reputaris*) of verklaar (*pronuntieris*) om die Seun van God se ontwil, wat vir die sonde geoffer is (Melanchthon [1535] 2019:126-138). 'Forensies' het dus geen regsbetekenis nie; dit gaan nie oor 'n skynhofsak nie, maar gaan oor die skeppende Woord van God wat 'n nuwe werklikheid skep. Die persoon wat reg verklaar word, is reg; 'n nuwe werklikheid is geskep, en hierdie nuwe wese sal outomaties goeie werke doen. Die belofte van regverdig-verklaring is dus 'n skeppende krag met etiese gevolge (vgl. Hauschild 1999:320-322; Kolb 2017:352).

wêrelds argumenteer dat die mens, op grond van wetsonderhouding en redelike denke, by God aanvaarding kan vind. Wat nie besef word nie, is dat God toornig raak oor die onvolmaaktheid van die wetsgehoorsaamheid. Eers wanneer God se toorn besef word, ontstaan daar ware geloof wat die belofte van sondevergewing omarm. Hierdie geloof word deur die Heilige Gees gewek, en is nie 'n menslike prestasie nie; dit is met ander woorde, 'n vrug van die Heilige Gees. Die Heilige Gees wek egter ook ander vrugte, naamlik die vrugte om in geloof goeie werke te doen. Hierdie vrugte kan egter nooit die plek van Christus se genade oorneem nie, maar is sterk genoeg om die duiwel te weerstaan. Werke wat slegs op die rede steun, en nie deur die Heilige Gees ondersteun wil word nie, is nie sterk genoeg om die duiwel te weerstaan nie – met ander woorde dit kan nie volhoubaar tot eer van God gedoen word nie. Vir Christene is goeie werke dus 'n vanselfsprekendheid. Wie nie goeie werke doen nie, glo nie; goeie werke dra egter nie tot ons redding by nie. Wie reg glo, sal noodwendig God en die naaste liefhê. Wie nie liefhet nie, glo nie reg nie.

Die formele belydenisgeskrifte was nie voldoende om almal van Melanchthon se standpunt te oortuig nie. Hiervoor was uitgebreide briefwisselings ook nodig. Op 12 Mei 1531 skryf Melanchthon (Mundhenk et al. 2017:52–54) byvoorbeeld in 'n brief aan Johannes Brenz, dat liefdesdiens nie tot regverdiging voor God kan lei nie.¹⁴⁵ Die argument dat die gelowige die Heilige Gees as geskenk ontvang en daarom in staat is om die liefdesgebod te gehoorsaam sodat die daade van liefde tot regverdiging lei, is 'n verkeerde argument. 'n Mens word slegs deur die geloof geregverdig, en die liefdesdiens van die Geesvervulde gelowige kan nie as 'n nuwe rede vir regverdiging aangebied word nie. Die geloof in Christus is die enigste grond vir regverdiging (om deur God aangeneem te word en om vrede te vind), en dít moet begryp word. Indien regverdiging na menslike liefde teruggevoer kan word, sal ons terugkeer na die argument dat 'n mens deur werke geregverdig kan word. Melanchthon (Mundhenk et al. 2017) stel daarom die volgende argument op skrif:

Die geloof regverdig, nie aangesien dit 'n nuwe werk van die Heilige Gees in ons is nie, maar aangesien dit Christus begryp, en ons om sy ontwil deur God aangeneem word; [ons word] nie op grond van die gawe van die Heilige Gees in ons [geregverdig] nie. (p. 54)

In 1532, een jaar ná die *Apo/CA*, publiseer Melanchthon as deel van sy Romeinebriefkommentaar, *Die bewysvoering van Paulus se brief aan die Romeine*. In hierdie kommentaar het Melanchthon ([1532] 2020b:334–347) 'n lang gedeelte oor die goeie werke uitgewerk, waarin hy 'n paar nuwe gedagtes geopper het. Hy argumenteer dat goeie werke en deugde wel verdienstelik is,

145. Melanchthon het blykbaar in 1531 'n disputasie-geskrif onder die titel, *Openbare argumentvoering hoekom ons deur die geloof, en nie deur die liefde geregverdig word nie* (*Disputatio, quare fide iustificemur, non dilectione*), opgestel, wat hy ook aan Brenz gestuur het (vgl. Mundhenk et al. 2017:54, voetnoot 111).

op voorwaarde dat die persoon reeds by God byval gevind het. Iemand soos Gaius Julius Caesar het wel voortreflike dinge gedoen, maar hy as persoon het God nie geval nie, aangesien sy werke nie volmaak was nie. Die werke is daarom nie die bron van redding nie, maar die persoon kan op grond van die genade wel gered word. Die persoon wat die genade aanneem, word verlos van twyfel, en die persoon wat nie twyfel oor die toekoms nie, kan vandag goeie en verdienstelike dinge doen. Die volgende nuwe gedagte wentel om die tipe goeie werk wat die Roomse teoloë onder debat stel. Hulle verstaan goeie werke as werke van politieke of maatskaplike belang. Volgens Melanchthon ([1532] 2020b:336) is hierdie verstaan van goeie werke té skraal. Christene doen eers goed wanneer hulle God, en daarom ook die naaste, liefhet. Werke van hierdie aard, kan slegs uit die Heilige Gees gebore word. Elkeen kan burgerlike goed-doenery beoefen, maar slegs die Christen kan, met hulp van die Heilige Gees, ware liefde ter wille van ware liefde beoefen. Melanchthon ([1532] 2020b:337-338) takel ook die vraagstuk van die beloning van wetsgehoorsaamheid of goeie werke. Wetsgehoorsaamheid kan nooit redding of versoening as beloning oplewer nie, aangesien dit nooit volmaak kan wees nie. Gehoorsaamheid aan die wet moet egter op die versoening volg - nie as 'n nuwe rede vir versoening nie, maar as 'n teken dat die persoon alreeds op grond van die barmhartigheid, versoen is. Die beloning van goeie werke kan hoogstens die dankbaarheid wees, dat daar gedoen word wat God verwag. Die ewige lewe is nie die beloning van goeie werke nie, maar goeie werke moet die ewige lewe waardig wees. Melanchthon ([1532] 2020b:338-347) konsentreer ten slotte op die bybelse aandrag om liefde te beoefen (vgl. 1 Kor 13:2, 13; Jak 2:24). Dit is vir hom geen kwessie dat Christene wel liefde moet beoefen nie. Dit is 'n vanselfsprekendheid dat diegene wat regverdig verklaar is danksy die geloof in Jesus Christus, die liefde sal beoefen. Diegene wat nie meer twyfel oor hulle redding nie, is vry om te doen wat van hulle verwag word. Die liefde moet net nie 'n nuwe aandrag op regverdiging word nie. Die liefde kan nie die rede vir sondevergewing word nie; dit kan ook nie in die plek van die geloof kom staan nie - liefde kan dus nie die geloof vervang nie. Daar is dus volgens Melanchthon, 'die geregtigheid van die geloof' en die 'geregtigheid van die wet'. Die twee hang saam, maar moet onderskei word: die een kan die ander een nie vervang nie, maar die een vul die ander een ook nie aan nie. Melanchthon ([1532] 2020b) vat alles stellenderwys saam:

Die [*Roomse*] opponent beweer:
Werke teen God se wet is sonde.
Daarom is goeie werke geregtigheid.

Hulle behoort egter te stel:
Geregtigheid is gehoorsaamheid aan die ganse wet.
Goeie werke is gehoorsaamheid aan die ganse wet.
Daarom regverdig goeie werke. (p. 343)

Volgens Melanchthon kan die mens nie volkome aan die wet gehoorsaam wees nie, aangesien die menslike natuur geneig is om die wet teen te staan. Die evangelie leer egter dat geregtigheid ons toegereken word, aangesien God se barmhartigheid aan ons geskenk word, nie op grond van die waardigheid van ons deugde nie, maar op grond van die geloof wat deur die Heilige Gees gewek word in die beloftes van die vergewing van sondes. Hierdie godsdienstige benadering skep sekerheid en verdryf die twyfel, en daarom moet die leer van die Skolastiek beveg word (vgl. Melanchthon [1532] 2020b:344–347).

Ek sluit af met 'n interessante opmerking wat Melanchthon ([1543] 2011a:73) 11 jaar later in sy *Reformatoriese ontwerp vir die aardsbiskop van Keulen* gemaak het: Hy argumenteer dat die goeie werke van gewone mense 'n 'hoë gestalte van godsdiens is' wanneer dit in die geloof gedoen word. Hy noem die voorbeeld van 'n huisvrou wat, nadat sy haar kind gebad en aangetrek het, hom leer om te bid voordat hy gaan slaap. Wanneer dit in geloof in Jesus Christus gedoen word, is dit geen geringheid nie, maar voortreflike godsdiens. Die moeder sal slegs hiermee volhard wanneer sy weet dat sy reeds deur Christus aangeneem is en nie poog om Hom hiermee te beïndruk nie.

■ 6.2. Regverdiging, geloof en die Heilige Gees

Uit die voorafgaande gedeeltes is dit duidelik dat Melanchthon 'n noue verband tussen geloof, regverdiging en die werk van die Heilige Gees gesien het. Oor regverdiging en geloof is daar al genoeg geskryf en dit verdien nie verdere aandag nie. Wat wel nog verdere aandag verdien, is sy uitsprake oor die Heilige Gees. Melanchthon se teologie in die geheel kan nie daargestel word sonder sy talle verwysings na die Heilige Gees nie. Dit sal nie onvanpas wees om Melanchthon se teologie as 'n teologie van die Heilige Gees te beskryf nie. Om hierdie rede is 'n paragraaf oor sy verstaan van die Heilige Gees nodig.

■ 6.2.1. Die Heilige Gees

In paragraaf 5.3. is daar alreeds daarop gewys dat Melanchthon se verstaan en uitleg van die Heilige Gees slegs binne die konteks van die triniteitsleer moontlik is. In hierdie paragraaf kan daar dus slegs op Melanchthon se uitleg van die persoon van die Heilige Gees gefokus word.

Melanchthon beklemtoon die feit dat die Heilige Gees 'n persoon is wat van die Vader en die Seun onderskei moet word. As begroning verwys hy ([1553] 2010:109, II. 1–24) na Christus se doop in die Jordaan, en die doop van bekeerlinge en kinders in die kerk (Matt 3:16; 28:19; Joh 1:33; Hand 2). In beide gevalle is dit duidelik dat daar na die Heilige Gees as 'n aparte persoon van die Drie-eenheid verwys word. Die oortuiging dat die Heilige Gees as 'n aparte

persoon verstaan moet word, word verder begrond met Jesus se belofte aan die dissipels, dat die Vader 'n ander trooster na hulle sal stuur ná sy hemelvaart (Joh 15:26). Die 'trooster' kan tog sekerlik net die ander persoon van die Drie-eenheid wees! Die woord *trooster* beteken méér as 'n vriend wat in hartseertye bemoedig, aangesien die Gees in ons harte woon, nuwe lig in ons lewens bring, kennis van God bevorder, vertrouwe in God wek en geduld bevorder (vgl. Rom 8:9-11; 1 Kor 3:16; Gal 5:22; Ef 2:22; 2 Tim 1:14). Die Heilige Gees as die derde persoon van die Drie-eenheid, wek en versterk dus geloof, help gelowiges in gebed (Luk 11:10-13) en omskep doodsheid in lewe (vgl. die Niceense Geloofsbelydenis).

Volgens Melanchthon ([1559] 2018:68, II. 23-27) is dit nodig om die persoonskarakter van die Heilige Gees te beklemtoon, aangesien die Heilige Gees maklik met 'n ander gees verwar mag word. Die woord *gees* beteken in die algemeen 'n kragtige beweging, of die krag wat iets in beweging kan plaas. Dit kan ook wind of die lewenskrag van 'n mens beteken. Dit kan laastens ook op die toestand van menswees dui, wat die resultaat van goeie of slegte besluitneming is. Alhoewel hierdie taalgebruik in die profetiese literatuur voorkom, dui hierdie woord meestal op 'n selfstandige persoon, onderskeie van die Vader en die Seun.

Melanchthon ([1553] 2010:111, I. 26-112, I. 26; [1559] 2018:74, I. 3-76, I. 11) beklemtoon ook die feit dat die Heilige Gees nie eers met Christus se werksaamhede aan die werk gekom het nie. In die Nuwe Testament (Tit 3:7; 1 Pet 1:11) word aangetoon dat die Heilige Gees alreeds in en deur die profete werksaam was. Die Gees waarvan die profete Jesaja (Jes 59:21), Sagaria (Sag 7:12) en Joël (Joël 3:1) praat wat in hulle werksaam was, is geen ander Gees as die Heilige Gees nie. Die Gees wat Moses en die volk deur die woestyn gelei het, was niemand anders as die Heilige Gees nie (Jes 63). Aangesien die Heilige Gees die derde persoon van die Drie-eenheid is, is die Heilige Gees ook ewig en almagtig, net soos die ander twee persone van die Goddelike Drie-eenheid. Dit is in ooreenstemming met die geloofsbelydenisse van die kerk en die geloofwaardige kerkvaders soos Irenaeus, Eusebius en Tertullianus (vgl. Melanchthon [1553] 2010:114-117; [1559] 2018:78, I. 24-82, I. 11).

Vir Melanchthon staan alle teologiese argumente in die skadu van die Christelike gebed. In gebede word dit wat werklik gewees en geglo word, tot uiting gebring. In gebede word daar daagliks oor die wese van God, die openbaring, die weldade van Christus en die beloftes van God nagedink. Gebede is die aanduiding dat die Christelike godsdiens in talle opsigte van die Jodedom en ander godsdienste verskil, en volgens Melanchthon se oordeel, van groter waarde is. 'n Verkorte weergawe van sy gebed in die laaste weergawe van sy *Locī* (Melanchthon [1559] 2018) gee 'n aanduiding van die inrigting van sy gebede, en hoe hy oor die Heilige Gees gebid het:

Almagtige, ewige en lewende God, ewige Vader van onse Here Jesus Christus, U wat U in onmeetbare barmhartigheid geopenbaar het, [...] en wat u Heilige Gees op die apostels uitgestort het, [...] help my en laat my hart en siel deur u Heilige Gees ontbrand sodat ek U werklik sal ken, aanroep, vertrou, dank gee en gehoorsaam wees; lei en red u kerk, soos wat U belowe het [...] Laat u evangelie helder skyn, en lei en versterk ons harte met u Heilige Gees, sodat ons nie in die onsinnighede van die Epikureërs of die Charismatiese beweging verval nie; lei die goeie voornemens van die kerke en bewaar die state wat aan die kerk gasreg skenk. (pp. 82, l. 19–84, l. 6)

■ 6.2.2. Melanchthon en die Charismatiese groepering

Melanchthon het geen waardering, respek of genade vir die ‘wederdopers’, ‘separatiste’ en ‘spiritualiste’ (soos hy destyds die ‘Charismatiese beweging’ genoem het) gehad nie.¹⁴⁶ Hy het aanvanklik, gelyklopend met die regsbeginnels van daardie tyd, nie geskroom om te eis dat die doodstraf aan hierdie mense opgelê word nie. Hy het egter sy mening oor die straf wat hulle verdien, en hoe hulle beveg moet word, tog deur die jare ietwat aangepas.¹⁴⁷

Die redes waarom Melanchthon weersin in die ‘Charismatiese beweging’ gehad het, verdien groter aandag. Melanchthon het alreeds in Maart 1535 in sy

146. Melanchthon se weersin in hierdie groepering kan goed begryp word in die lig van die volgende gebeure: Op 21 November 1535 is 11 mans en vyf vroue by Kleineutersdorf in hegtenis geneem en aangekla van ‘wederdopery’. Hulle is onder andere in die gevangenis by Jena aangehou. Op 1 en 6 Desember het Melanchthon en sy kollega, Caspar Crüger, die mense verhoor op aanklagte dat hulle nie die erfsonde aanvaar nie en daarom die kinderdoop verwerp, die owerhede nie erken nie, ‘n tipe ‘kommunisme’ bevorder, en die huwelik met buitelanders van hulle eie groepering afkeur. Hulle is skuldig bevind, op 25 Januarie 1536 erg gemartel en op 26 Januarie onthoof. Melanchthon was oortuig dat die doodstraf hierdie groepering gepas is. Hulle was primêr vernietigers van die goeie orde. Die doodstraf is opgelê, aangesien die ryksreg soos deur die keiserlike edik van 23 April 1529 te Speyer vasgestel, dit verwag het. Melanchthon het die regsvoorskrif op daardie stadium nie bevrage teken nie, aangesien hy in hierdie mense nuwe Manicheërs, Arianiste en kinderverwaarlosers gesien het. Die enigste Protestant wat die doodstraf vir hierdie groepering bevrage teken het, was keurvors Philipp von Hessen in 1530 (vgl. Scheible 2016:101–104). Melanchthon se ongeduld en genadeloosheid jeens die ‘*doperse Radikalen*’ word vandag skerp gekritiseer. Sy optrede teenoor hierdie mense laat die twyfel ontstaan of hy werklik ‘n ‘brugbouer’ kon gewees het (vgl. Vos 2011:115). Die realiteite van die sestiende eeu maak ‘n ewewigtige oordeel moeilik. Geen mens transendeer al sy lewensrealiteite nie. Agterna sou ons ‘n sagter houding verwag, maar Melanchthon self het anders geoordeel.

147. Melanchthon het sy mening oor hoe hierdie groepering gestraf moes word, wel met verloop van tyd versag, maar hy het geweier om direk met hulle dialoog te voer, aangesien hy hulle as ‘n ‘duiwelse sekte’ beskou het. In 1557 het hy geoordeel dat hierdie beweging se geloofsoortuigings alleen nie genoeg rede is vir die doodstraf nie. Aangesien hulle egter opstandig teenoor die staat was, moes die staat hard teen hulle optree. Hy het hierdie beweging nie net as ‘kettere’ beskou nie, maar as ‘n gevaar vir die samelewingsorde. Weens hulle ekstreme individualisme het hulle die kerk as instelling, die kerklike ampte en orde verwerp. Op grond van ‘n eklektiese hantering van die Skrif het hulle die staat as instelling verwerp en so ook die hele regsorde. Die Protestantisme het Melanchthon in sy negatiewe oordele gevolg, aangesien die CA in 6 artikels kritiek op hierdie beweging bevat: Artikel 5 oor die amp; Artikel 8 oor die werking van die sakramente by onwaardige mense; Artikel 9 oor die kinderdoop; Artikel 12 oor die bewering dat bekeerlinge weer die Heilige Gees kan verloor; Artikel 16 oor die dwaling oor die staat en Artikel 17 oor die verwerping van die hel en die verkondiging van ‘n ryk van gelowiges vóór die wederkoms (vgl. Wolgast 2017).

Voorwoord tot die Loci met 'n wydingsrede aan koning Hendrik VIII ([1535] 2011i:140-141), heftige kritiek teen die 'wederdopers' uitgespreek. Sy kritiek hou verband met die feit dat hierdie mense nie van enige wetenskap gebruik wil maak nie. Om hierdie rede praat hulle ongeordend en sonder enige metode. Hulle slaan geen ag op enige teologiese tradisie nie, en hulle uitsprake hou geen verband met enige ander dissipline nie. Hulle gehoor bestaan uit die gepeupel wat die wetenskappe verag en hulle daarvoor verheug wanneer 'n wetenskap aan aansien verloor. Hulle gebrek aan intellektuele ontwikkeling verswak hulle oordeelsvermoë en dra tot die verswakking van die moraal van die samelewing by. Wanneer hulle gehore groter word, word hulle meer luidrugtig, swaai die hande en sorg vir die daling in die vlak van debatvoering.

Melanchthon ([1556] 2020e:73-79) het in sy Sondagvoorlesing van 24 Februarie 1556 (die eerste Sondag van die Lydenstyd, Sondag *Invokavit*) 'n insiggewende verklaring van die tweede versoeking in Matteus 4:1-11 gegee. Hy verduidelik dat die 'duiwel' se uitdaging aan Jesus om van 'n hoë gebou af te spring, die versoeking daarstel om 'n nuttelose en absurde wonderwerk te verrig. Hy beweer dat Jesus uitgedaag word om uit blote eersug 'n belaglike wonderwerk te verrig. Hierdie tipe wonderwerke lok bewondering by mense uit, maar Jesus weier om so-iets te doen, aangesien Hy aan groter wonderwerke gekoppel wil wees, naamlik sondevergewing, genade en die nuwe lewe – dit wat verwag en belowe is. Melanchthon vergelyk hierdie uitdagende versoeking met nuwe, opspraakwekkende leerstellings en wyses van kerkwees wat die 'ketterse wederdopers' ten toon stel. Die menslike drang om nuwe, opspraakwekkende dinge te doen en te leer omdat nuuskierige mense dit sal bewonder, is volgens Melanchthon een van die swakhede van die mensdom, wat deur die Charismatiese beweging uitgebuit word. Diegene wat van die eenvoudige, geopenbaarde leer afwyk, is mense wat indruk wil maak deur onsinnige nuwighede. Melanchthon sou beweer dat hulle wat meen dat daar aanhoudend nuut gedink, geleer en gedoen moet word in die kerk, eersugtige mense is wat nie die wonder van Jesus Christus kan begryp nie.

Tydens die *Konvent van Naumburg* (1554) het Melanchthon en sy kollegas die 'teologie' van Caspar Schwenckfeld krities bekyk. Volgens hierdie 'Charismatiese teoloog' openbaar God Hom ook buite die evangelie van Jesus Christus om. Kennis van God het nie die evangelie nodig nie, aldus Schwenckfeld. God praat direk met mense (deur middel van drome en visioene), en daarom is die verkondiging van die evangelie en geloof daarin nie nodig nie. Hierdie gedagtes druis direk teen die Reformatoriese oortuigings in, en moet daarom verwerp word. Hierdie godsdienstige groepering se manier van teologiebeoefening was eweneens onaanvaarbaar. 'n Willekeurige aaneenryging van los teksverse sonder 'n oorsigtelike en samevattende Christelike leer, maak predikante oorbodig, en dra uiteindelik by tot die vernietiging van die kerk (vgl. Melanchthon [1554] 2011e:91-92).

Melanchthon ([1557] 2011b:102–103) het hom drie jaar later in sy *Belydenis* weer krities oor die teologie van Schwenckfeld uitgelaat. Hy verwerp weereens die gedagte dat die Bybel in sy kontekste en samehang, nie vir die godsdiensbeoefening van belang is nie. Die geringskating van Jesus Christus is eweneens uiters problematies. Geloof is volgens Melanchthon nie wonder-geloof wat niks met die evangelie te make het nie. Geloof is juis geloof in die beloftes van die evangelie. Schwenckfeld se verwerping van die kerklike amp en sy oortuiging dat die gelowige wel die wet ten volle kan gehoorsaam, is Bybels onaanvaarbaar. Aangesien Schwenckfeld die twee leerbeslissings (of dogmas) van die kerk en die leer oor die regverdiging deur die geloof verwerp, kan sy stem nie as 'n outentieke Protestantse stem geld nie.

In 'n brief aan Abdias Praetorius op 27 Mei 1560 beskryf Melanchthon (Mundhenk et al. 2017:161) die '*Spiritualisten*' of die '*Männer des Geistes*' ['die Charismatiese predikers' of 'die manne van die Gees'] as afskuwelike en fanatiese mense, met wie 'n mens nie moet assosieer nie. Hy wys daarop dat hulle aanspraak, om sonder die Woord spreekbuis van die Gees te wees, op dwaling neerkom. Protestante (of Evangeliese Christene) is 'leermeesters van die letters' wat daarop vertrou dat God self die verkondiging van die evangelie vrugte sal laat voortbring (1 Kor 3:6–7).

■ 6.3. Estetiese geloofslewe¹⁴⁸

In die Wittenbergse Reformasie het musiek 'n ereplek beklee. Dit is bekend dat Luther musiek as die grootste gawe van die Heilige Gees beskryf het. Vir hom was die musiekwetenskap, naas die teologie, die belangrikste wetenskap (vgl. Van Wyk 2019:158–163 vir al die verwysings). Dit is egter nie só bekend dat Melanchthon ook 'n groot waardering vir musiek gehad het nie, en dat ook hy 'n belangrike rol in die bevordering van musiek (veral in die gestalte van gemeentesang) en die musiekwetenskap gespeel het. Een rede is dat Melanchthon nie 'n spesiale plek in die musiekgeskiedenis gegee is nie. Selfs nie eers die biografieë oor Melanchthon het aan hierdie aspek van sy lewe aandag gegee nie. Stefan Rhein (2011) se voordrag oor *Melanchthon en die musiek* voor die Luther-Gesellschaft in die jubileumsjaar 2010, is 'n belangrike bydrae tot die Melanchthon-navorsing in hierdie verband. Melanchthon se liefde vir musiek, veral kerklike koorwerke, kan uit die biografiese vertellings oor sy laaste dae nagelees word. Daar word vertel dat Melanchthon in die nag van 13 April 1560, ses dae voor sy dood, gedroom het dat hy weer as lid van sy skoolkoor in Pforzheim, die lied 'ek verlang om die Paaslam te eet', gebaseer op Lukas se passie-geskiedenis, sing. Toe die omstanders by sy sterfbed die lied vir hom gesing het, kon hy die woorde en die melodie in detail na vore

148. Melanchthon het die Christelike estetika nie net deur die musiekwetenskap bevorder nie, maar ook deur sy retoriek-handboeke (*Elementa rhetorices*, 3de uitgawe, 1531). Hy staan bekend as die Duitse Quintilianus. Tot en met 1600 was hierdie 'n skoolhandboek wat 100 keer herdruk is (vgl. Knappe 2010:68).

roep. Op sy sterfbed het hy dus, naas bybelse tekste en gebede, na kerkliedere gegryp vir hoop en vertroosting (vgl. Rhein 2011:118-119). Melanchthon se liefde vir die musiekwetenskap is in 'n *Lofrede oor Philipp (Encomion Philippi)* deur sy leerling, Edo Hildersen in 1580 opgeteken. Hierdie lofrede bestaan uit 598 verse met die vakgebiede wat Melanchthon bevorder het, en waarin hyself lesings aangebied het. Tussen wiskunde en fisiese wetenskappe kom die musiekwetenskap voor met die opmerking, dat musiek tydens Philipp se lewe in Wittenberg 'n bloeitydperk beleef het. Hy het nie net kerksang bevorder nie, maar ook instrumentele musiek (vgl. Rhein 2011:119). Die beste bronne vir navorsing oor Melanchthon se bydrae tot musiek, is sy voorwoorde tot Psalm- en gesangeboeke. Twee voorwoorde vir psalmboeke wat deur Georg Rhau gedruk is, verdien vermelding: eerstens, die voorwoord van 29 September 1551 vir 'n Psalmberyming (*Psalmodia*), is in 1553 deur Johannes Reusch gedruk. Dit handel oor die rus wat angsvallige mense by God kan vind; en tweedens, die voorwoord van 01 Januarie 1550 vir 'n Psalmberyming deur Lucas Lossius, wat handel oor die harmonie van God se barmhartigheid wat musiek in die gees van die mens skep, omdat musiek die wetenskap van harmonie is. Daar is ook twee voorwoorde tot gesangeboeke wat vermelding verdien: eerstens, die een van 25 Desember 1544 wat handel oor die innerlike rus, en die begeerte wat kerkmusiek in die gemoed van die jeug skep om oor God na te dink. Volgens Melanchthon is die stand van musikale geletterdheid in die kerk die maatstaf vir die algemene toestand van die kerk. Die jeug wat kennis van en waardering vir die kerklied het, sal daartoe geneig wees om God in liefde te aanbid. Tweedens, in 'n voorwoord tot 'n gesangeboek sonder 'n datum, het Melanchthon op die getalle-harmonie in die musiek gewys, en geargumenteer dat die harmonie van die erediens oorspoel in die politieke lewe (vgl. Rhein 2011:119-121). Rhein (2011:121-122) haal ook 'n lang *Lofgedig oor die musiek (Encomion Musicae)*, datum onbekend) aan, waarin Melanchthon die werkingskrag van die kerkmusiek loof. Hy wys daarop dat die musiek God se groot gawe aan die mensdom is; dat dit mense wat treur opbeur; dat dit weer moed vir die lewe gee; en dat dit die geloof in God versterk. Van die 600 Latynse en 60 Griekse gedigte van Melanchthon, is uiteindelik 10 getoonset en in Duitse gesangeboeke opgeneem. Twee daarvan word nog steeds by huweliksbevestigings gebruik. Die mees geliefde gesang wat behoue gebly het (Rhein 2011:123-124), is 'n aandgesang, op grond van Lukas 24:29: 'Binnekort is die nag hier, bly daarom by ons, Christus, sorg daarvoor dat u lig nooit onder ons uitgedoof word nie' (*'Vespera iam venit, nobiscum Christe maneto, Extingui lucem nec patiare tuam'*). Die belangrikheid van Melanchthon se bydrae tot die musiek lê daarin, dat hy kerk en skool kon oortuig dat musiekopvoeding van die uiterste belang is. In die kerk word waardering vir God en sy geordende skepping ontwikkel, en in die skool word die belangrikheid van die estetika gekweek. Sonder kerkmusiek is die lewe sonder orde, en gelaai met aggressie. Melanchthon en sy kollegas in Wittenberg het gedoen wat hulle gepreek het. Op 22 Mei 1539 het hy byvoorbeeld vir Luther, Justus

Jonas en Johannes Cruciger uitgedaag vir 'n sang-marathon volgens die alfabet, ten aanhore van die gemeenskap (vgl. Rhein 2011:125-127).

'n Verdere rede vir die gebrek aan literatuur oor hierdie tema, het te make met Melanchthon se moeilik-verstaanbare Latynse tekste oor die musiek, wat tot onlangs nog nie in vertalings beskikbaar was nie. Die artikel van Christopher Spehr in 2012 oor Melanchthon se oudste voorrede tot 'n Protestantse of Evangeliese gesangeboek,¹⁴⁹ is 'n welkome toevoeging tot die poel van toeganklike Melanchthon-bronne. Georg Rhau het in 1538 'n gesangeboek onder die titel *Selectae harmoniae quatuor vocum de passione domini* [*'n Seleksie van vokaal-harmonieë oor die lyding van die Here*] uitgegee, waarvoor Melanchthon 'n passende voorwoord geskryf het. Die liedere (in Latyn) het oor die lyding van Jesus handel, en is veral tydens die Lydenstyd gesing. Die ontstaan van hierdie gesangeboek is nie vreemd nie, aangesien die lyding en kruis van Christus die hart van die Wittenbergse Reformasie was. Melanchthon (in Spehr 2012:5-7) het vyf punte oor kerkmusiek gemaak:

1. Musiek is 'n gawe van God wat veral in die erediens aangewend moet word. Lidmate leer ken en onthou die evangelie van die gekruisigde Heer die beste deur harmonieuse kerksang. Kerkmusiek is die 'hartslag van die siel'. Deur die musiek, dring die openbaring tot in die hart en die geheue van die mens. Die orde van musiek is die instrument van die Gees tot die ontdekking van God en sy barmhartigheid.
2. Musiek open die menslike hart, verstand en emosie vir die heilige dinge van God, naamlik die daade en weldade van Christus. Deur musiek word die evangelie verkondig, die mens intellektueel ontwikkel en die sedelikheid bevorder.
3. Liedere oor die lyding van Christus is sentraal tot die kerklike liturgie. Die lyding en kruis van Christus open insigte oor die sonde en God se toorn en barmhartigheid. Indien daar nie oor die offer van Christus gesing word nie, sal die kern van die evangelie nie ontdek word nie.
4. Gesange tydens die Lydenstyd vervul 'n belangrike pedagogiese rol. Die verhale oor Christus se lyding wat gesing word, herinner die gemeente waaroor kerkwees handel, en wek dankbaarheid in die harte.
5. Die harmonieë van Georg Rhau sal nie net tot vertroosting van mense gebruik kan word nie, maar ook tot onderrig van die jeug oor die sentrale leerstuk van die geloof.

149. Spehr (2012) se artikel bestaan uit inleidende en agtergrondsinligting, sowel as 'n Duitse vertaling van die voorwoord van hierdie gesangeboek. Hierdie voorwoord is in 1543 deur Johannes Bugenhagen verbeter en uitgebrei. Daar moet aanvaar word dat hierdie spesifieke gesangeboek (vir vier-stemmige vokaalmusiek) deur die Stads Gemeente in Wittenberg, waar Bugenhagen predikant was, gebruik is (vgl. Spehr 2012:3).

■ 6.4. Uitverkiesing

Dit mag vir Melanchthon-spesialiste vreemd wees dat die uitverkiesingsleer saam met die regverdigingsleer in een hoofstuk behandel word. Die volgende redes kan aangevoer word: eerstens, binne die Lutherse tradisie val die klem op die regverdigingsleer, terwyl die uitverkiesingsleer of die predestinasieleer¹⁵⁰ min aandag geniet. In die Calvinistiese tradisie het die predestinasieleer op sekere stadiums weer onverwagse belangstelling geniet, terwyl die regverdigingsleer uit die oog verdwyn het. Dit is belangrik om aan die hand van Melanchthon te wys dat die uitverkiesingsleer nie 'n leerstuk op sy eie kan vorm nie, en met die regverdigingsleer saamhang. Tweedens, die uitverkiesingsleer is in Suid-Afrika vir nasionalistiese en wêreldbeskoulike oriëntering verkeerd gebruik en selfs misbruik, tot groot skade vir die Afrikaanssprekende kerke. Melanchthon se hantering van die uitverkiesingsleer kan help om nie dieselfde foute te herhaal nie.

■ 6.4.1. Melanchthon se standpunt

Melanchthon het nie in die eerste uitgawe van sy *Hoofbegrippe van die teologie* (1521), of in die CA (1530) aan die uitverkiesingsleer aandag gegee nie. Eers nadat hy met Calvyn¹⁵¹ (in die laat-dertigerjare) in debat moes tree, het hy begin om hierdie leerstuk in sy leerboeke op te neem. Melanchthon se standpunt is uiteindelik goed uiteengesit in die Duitse weergawe van sy *Hoofartikels van die Christelike leer* ([1553] 2010:302–306) asook die laaste weergawe van sy *Belangrikste temas van die teologie* ([1559] 2020d:194–212). Melanchthon se invalshoek tot hierdie problematiek is (minstens vir ortodokse Calviniste) vreemd, maar tog insiggewend. Sy inleiding tot hierdie vraagstuk ontbloot die pastorale karakter van sy teologie, en gee ook 'n aanduiding van sy hoofargumente in hierdie saak. 'n Langer aanhaling uit sy Duitse leerboek, kan help om 'n kernagtige samevatting van sy predestinasieleer te kry. Melanchthon ([1553] 2010) argumenteer soos volg:

150. Die vermoede kan maklik ontstaan dat die uitverkiesings- en predestinasieleer oor verskillende onderwerpe handel. Dit is nie die geval nie, aangesien daar slegs van verskillende woordgebruike sprake is. Melanchthon ([1553] 2010:302) self het eers in die Duitse weergawe van sy *Hoofartikels van die Christelike leer*, die opskrif: 'Oor die ewige uitverkiesing en verwerping' ('*Von der ewigen Auserwehlung und Verwerffung*'), gebruik, terwyl hy ([1559] 2020d:194) 'n paar jaar later in die laaste Latynse weergawe van sy *Loci praecipui theologici*, die opskrif 'Die vooruitbestemming' ('*De praedestinatione*') gebruik het. Taalkundig lyk dit na twee verskillende temas, maar dit handel egter oor dieselfde onderwerp. Dat daar later in die teologiese geskiedenis ander klemtone en invalshoeke ontwikkel is, word nie betwyfel nie.

151. Melanchthon was oortuig dat die predestinasieleer nie 'n sentrale vraagstuk is nie. Hy het Calvyn probeer oortuig om sy tyd beter te spandeer (vir 'n daarstelling van Calvyn se predestinasieleer, vgl. Van Wyk 2018). Die raaisel om die getal uitverkorenes kan nie met menslike gedagtes uitgepluis word nie. Mense moet ook nie met die onsekerhede van die predestinasieleer gekonfronteer word nie, maar eerder met die sekerhede van die regverdigingsleer (vgl. Jung 2017:439–441).

Wanneer menslike oë sonder God se Woord en sonder geloof na die ellende van die menslike bestaan op aarde¹⁵² kyk en dan waarneem dat alle mense met talle gebreke en tekortkominge moet lewe, en dat allerhande rampe oor booswillige en eerlike mense kom, gaan die menslike rede in verwarring en vra, óf 'n gedeelte van die mensdom God op 'n besondere wyse geval, en óf God 'n kerk het ensovoorts. Teenoor hierdie algemene aanvegtinge, kan ons getroos wees en dit ook aanskou dat God van die begin af 'n ander [*perspektief*] geopenbaar het: [*dit sluit in*] allerlei wonderwerke tot ons voordeel en tot versterking van ons geloof. Wanneer ons harte ook daarby God se Woord vas glo kan ons ook in sekerheid weet dat God vir Hom 'n ewige kerk vanuit die menslike geslag in hierdie lewe deur die evangelie versamel [...] Dit is van hoogste belang om te weet dat God, om sy Seun Jesus Christus se ontwil, uit groot barmhartigheid, vir Hom 'n ewige kerk versamel [...] Hy het sy beloftes deur die loop van die geskiedenis geopenbaar en dit in die hele wêreld laat verkondig. Mense is nog altyd as God se kinders aangeneem wanneer hulle die beloftes met regte geloof aangeneem het. Wie egter nie wou glo nie, en nog steeds nie wil glo nie, is verdoem [*of word verwerp*] soos wat Johannes 3:18 stel. (p. 302, II. 1–24)

Op grond van hierdie inleidende paragraaf, is dit al duidelik wat Melanchthon ([1553] 2010:302, I. 25–306, I. 34) se standpunt is. Die feit dat alle mense nie gered word nie en dat daar nie sprake van 'n 'alversoening' kan wees nie, het met die sonde en die gebrek aan bekering tot God in Christus te make (vgl. Deut 18:19; Hos 13:9; Joh 3:18). Hierteenoor staan die sekerheid dat almal wat God se barmhartigheid in Christus in die geloof aanvaar, uitverkies is tot die ewige kerk. Elkeen wat die evangelie hoor en dit in die geloof aanvaar, word gered en is daarom uitverkies (vgl. Gen 3:15; Ps 2:11; Joh 16:8; Rom 4:16; Op 14:13). Uitverkiesing berus dus nie op wetsgehoorsaamheid (in watter gestalte ook al) nie, maar slegs op geloof in Jesus Christus. Sy verduideliking in die laaste uitgawe van sy *Loci* (Melanchthon [1559] 2020d:196, I. 21–198, I. 15) kan hier help. Die vraag na die rede vir die uitverkiesing (*de caussa electionis*) (kyk ook Van Wyk 2017:10), sal altyd op die spits gedryf word: Hoekom Abel en nie Kain nie, hoekom Jakob en nie Esau nie? Dikwels word die antwoord gegee volgens menslike maatstawwe. Menslike waardigheid en meriete word as rede aangebied. Dit kan Melanchthon nie aanvaar nie. Hy beveel aan dat daar aan drie teologiese beginsels (*hypotheses*) vasgehou word wanneer hierdie vraag beantwoord word: Eerstens, by die uitverkiesing moet daar geoordeel word op grond van die evangelie en nie op grond van die wet nie. Menslike waardigheid (*nostram dignitatem*) of onwaardigheid speel hier geen rol nie. Tweedens, die mense wat gered word (*electus*), word ter wille van Christus (*propter Christum*) gekies. Buite Christus om kan daar nie oor die uitverkiesing gepraat word nie. Derdens, moet ons na geen ander rede (veral morele redes) vir ons uitverkiesing soek nie. Dit behoort dus duidelik te wees dat predestinasie

152. In die laaste Latynse uitgawe van sy *Loci* konsentreer Melanchthon ([1559] 2020d:194, I. 11–196, I. 7) op die tragiese gevolge van oorloë wat families en volke ontwortel en oor die aarde verstrooi. Binne die konteks van vernietiging en verganklikheid, is die behoud van die kerk die groot wonderwerk. Uitverkiesing tot behoud te midde van chaos en verval, is Melanchthon se invalshoek tot hierdie vraagstuk.

of uitverkiesing, inhoudelik met die leer oor die regverdiging ooreenstem. Ook die predestinasie het soos die regverdiging één enkele basis, naamlik die barmhartigheid van God wat nie wil sien dat 'n enkele persoon verlore gaan nie (vgl. Rom 9:15, 10:14). 'n Ander belangrike perspektief wat Melanchthon ([1553] 2010:304, ll. 11-31) deeglik onderstreep, is dat God alle mense wil red of vir sy kerk wil uitkies (*promissionem esse universalem*). Die universele gerigtheid van die evangelie staan bo alles vas, en daar is geen sprake dat net sekere mense uitverkies word nie (vgl. Joh 6:40; Rom 2:11; Ef 6:9, 1 Tim 2:4). Geen groep of volk alleen kan op uitverkiesing roem nie. Die laaste belangrike argument van Melanchthon ([1553] 2010:306, ll. 1-31) is, dat mense wat nie uitgekies wil wees nie, nie uitgekies word nie. Hy verwys na Chrysostomus wat gesê het dat God mense kies, maar dat Hy slegs diegene kies wat gekies wil word. Wie God se barmhartigheid in Christus van die hand wys, moet dus nie kla dat hulle nie uitgekies is nie. Mense moet die gevolge dra van hulle eie besluite. Dit is belangrik om daarop te wys dat die fokus van Melanchthon se predestinasieleer nie op diegene val wat verlore mag gaan nie. Die wonder van die bestaan van die kerk, is sy fokus, en nie die vraag hoeveel en waarom mense verlore gaan nie (vgl. Melanchthon [1559] 2020d:194, l. 13-198, l. 3). Melanchthon ([1559] 2020d:206, l. 7-208, l. 2) sluit sy betoog af deur drie troosryke gedagtes te opper oor die predestinasie of uitverkiesing: In die eerste plek, diegene wat uitverkies is, is deel van die gemeenskap van die geroepenes (*coetu vocatorum*). Diegene wat die evangelie hoor en glo, is die uitverkorenes – met ander woorde, hulle wat deel is van die sigbare kerk, is uitverkore. Nêrens anders kan uitverkorenes aangetref word nie. Tweedens, diegene wat gehoor gee aan die oproep van die evangelie, is uitverkies. Diegene wat gehoorsaam is aan die oproep van die evangelie, kan seker wees dat hulle uitverkies is; en derdens, God is teenwoordig in die sigbare kerk en staan al die lidmate by. Hierdie teenwoordigheid van God wat gesien kan word aan die bemoeienis met die evangelie, bied sekerheid oor die uitverkiesing. Die hele gedagte van die uitverkiesing staan dus in die teken van troos en hoop. Die hele mensdom is nie bestem om verlore te gaan nie. In Christus kies God vir Hom 'n kerk, wat vir die ewige lewe bestem is. In dankbaarheid kan gelowige lidmate vertrou dat hulle deel van hierdie skare van uitverkorenes is (vgl. ook Van Wyk 2017).

■ 6.4.2. Uitverkiesing en vertroue in die geskiedenis

Melanchthon se argumente oor die uitverkiesing, sowel as sy argumente oor Christus se bewaring van sy kerk (vgl. §8.6.) bied belangrike perspektiewe op die vraag na die moontlike vertroue in die geskiedenis. Mense is en word in Suid-Afrika maklik mislei om hulle vertroue in die geskiedenis te stel. Daar word maklik geglo dat die toekoms 'n veilige hawe vir bepaalde belangegroepe sal wees. Op grond van bepaalde gebeure in die verlede, word aangeneem dat die toekoms herhalende seënryke aardse belewenisse vir bepaalde groepe

inhou. Daarom word vertrou in die geskiedenis gestel, en nie in die handelings van God nie. Melanchthon leer dat die geskiedenis as gevolg van die sonde nie die bron van hoop kan wees nie. Te midde van bedreiging, verval en verwoesting, triomfeer die barmhartigheid van God – en hieraan kan vasgehou word as bron van hoop. Die uitverkiesing en bewaring van sy kerk is die rede waarom mense hulle vertrou in Jesus Christus kan stel. Die geskiedenis as sodanig bied min waarop vertrou kan word (vgl. Melanchthon se argumente oor die tydperke in die wêreldgeskiedenis, wat almal in die tekens van verval staan [1548] 2011c; [1556] 2011g; [1528] 2011h; [1543] 2011j; asook die oorsig by Schneider 2017).

■ 6.5. Oorsig

Die regverdigingsleer is volgens Melanchthon die sentrale leerstuk van die teologie. Daar word dus breedvoerig aan hierdie tema aandag gegee. Die twee gestaltes van geregtigheid word as die vertrekpunt eerste aan die orde gestel. Die onderwerp van die genade word as invalshoek gebruik, aangesien die geskil met die Roomse skolastiek uitgespel moet word. Die belangrike vraag is egter die volgende: Wat is Melanchthon se eie standpunt? Melanchthon se standpunt is ook deur binne-Protestantse geskille gevorm. Die geskil met Andreas Osiander kry aandag. Die tema word met die bespreking van die verband tussen geloof en werke afgesluit. Die uniekheid van Melanchthon se teologie is dat hy, meer as ander reformatore, aan die Heilige Gees aandag gegee het. Sy verstaan van die persoon van die Heilige Gees geniet aandag. Sy geskille met die Charismatiese beweging van sy tyd, is volgende aan die beurt. Dit word opgevolg deur sy verstaan van 'n estetiese geloofslewe, as 'n vrug van die Heilige Gees. Die leer oor die uitverkiesing of die predestinasie geniet ook in hierdie hoofstuk aandag, aangesien daar nie iets anders as die inhoude van die regverdiging geleer kan word nie. Die hoofstuk word afgesluit met die waarskuwing, dat daar nie met vertrou in die verloop van die geskiedenis gelewe moet word nie.

Die Christelike lewe

Melanchthon ontdek die sin van die lewe in die kennis van God, en afgelei daaruit, die bevordering van die menslike samelewing. Vir Melanchthon mond die teologie uit in verantwoordelikheid vir die medemens. Teologie moet oorspoel na pogings om die lewe goeie gestalte te gee (*studia abeunt in mores*) (Scheible 2016:311). Wilhelm Dilthey was daarom reg om Melanchthon as die ‘etikus van die Reformasie’ te beskryf (Frank 2017:457). Melanchthon was ’n Christelike teoloog. Sy etiese denke dra dus dieselfde kenmerke as sy teologiese denke. Sy etiek berus, net soos sy geloofsleer, op geloof, die werk van die Heilige Gees, rasionaliteit en gebed. Christelike moraal word dus herken aan die werking van die Heilige Gees in die werke van die gelowige, die eenheid van handeling, denke, die sedewet en die natuurwet, asook ’n lewenshouding van gebed.

■ 7.1. Christelike etiek en moraliteit

Etiek en moraal is twee verskillende sake. Moraliteit is die aanwesige gedragspatrone binne ’n bepaalde gemeenskap (soos die kerk of stad), terwyl etiek die kritiese besinning oor die moraal en die deugde is. Melanchthon het nie hierdie terminologie geken nie, maar gedoen wat die latere terminologie beskryf. Hy het krities oor die voorhande ‘Christelike moraal’ besin, en hy het beskryf wat goeie Christelike moraal en deugde veronderstel is om te wees.

How to cite: Van Wyk, I.W.C., 2022, ‘Die Christelike lewe’, in *Philipp Melanchthon: Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie*, HTS Religion & Society Series, Vol. 12, pp. 139-163, AOSIS Books, Cape Town. <https://doi.org/10.4102/aosis.2022.BK327.07>

■ 7.1.1. Gees en letter

Melanchthon het sedert die eerste uitgawe van die tweede fase van sy sistematiese leerboek, bekend as *Die algemene teologiese temas* ([1535] 2019:176-178), 'n nuwe hoofstuk onder die opskrif, 'die Gees en die letter', opgeneem. Alhoewel hierdie hoofstuk met die onderskeid en samehang tussen Ou- en Nuwe Testament verband hou, dien dit ook as inleidende gedagtes oor die Christelike moraal en etiek. Melanchthon neem 2 Korintiërs 3, wat handel oor die letter van die wet wat doodmaak en die Gees van Christus wat lewend maak, as vertrekpunt. Die nuwe verbond of die evangelie van Jesus Christus, is 'n lewendgewende krag in teenstelling tot die ou verbond of die wetsgodsdien, wat op doodsheid uitloop. Dit is belangrik om Melanchthon noukeurig te volg in sy argumentasie. Die 'wet' is die 'letter' wat gevolg word wanneer daar met goeie bedoelings gehandel word volgens die eise van die wet, *sonder die werking van die Heilige Gees* – dit is, sonder ware respek vir God en geloof in Jesus Christus. Die 'wet' op sigself bring niks lewends na vore nie. Dit mag wel dissipline skep, maar as veroordelingsinstansie demp dit die gewete, aangesien daar geen sprake van vergewing en die belofte van nuwe lewe is nie. Die 'evangelie' kan ook 'n dooie wet word wanneer dit nie werklik in die geloof omarm word en niks lewends na vore laat kom nie. Die evangelie wat aan die werking van die Heilige Gees gekoppel is, bring egter lewe na vore, nou en in die toekoms. Melanchthon verwerp Origenes se allegoriese interpretasie van die wet, aangesien die wet ook in 'n allegoriese omsetting sonder die Heilige Gees, steeds nie nuwe lewe wek nie. Wette en reëls as sodanig, het vir Melanchthon min waarde. Die Heilige Gees moet die wil en begeerte skep om, ter wille van lewe en nie ter wille van doodsheid nie, wette te gehoorsaam. Melanchthon se argument is soos volg: wette kan dissipline afdwing, maar gedissiplineerdheid of die gehoorsaamheid aan mag, dra niks by tot ons regverdiging voor God nie. In sy Duitse *Hoofartikels van die Christelike leer* (Melanchthon [1553] 2010:316), het hy 'n verbasend kort gedeelte oor hierdie tema. Hy herhaal wat hy in 1535 geskryf het, behalwe om daarop te wys dat Christelike wetsgehoorsaamheid 'n vreugde is, aangesien die Heilige Gees deur die evangelie 'n lewenshouding van vreugde skep. Christelike wetsgehoorsaamheid is daarom nie 'n las nie, aangesien God se goeie wil daarin gesien word. In die laaste uitgawe (1559) van sy *Belangrikste onderwerpe van die teologie*, voeg hy 'n verdere perspektief by dit wat alreeds geopper is. Melanchthon ([1559] 2020b:235-244) argumenteer dat 'n geordende lewenswyse onder leiding van die Heilige Gees, die begin van die ewige lewe is wat deur lig, wysheid, geregtigheid en volhoubare lewe (*vitam perpetuam*) gekenmerk word. Dit mag klink asof Melanchthon tog ewe skielik baie waarde aan menslike moraliteit toeken. Dit is wel korrek, maar dit moenie verkeerd verstaan word nie. Nog steeds verdien die werke nie beloning nie, aangesien dit nog steeds slegs die vrug van die geloof is. Die kennismaking met die barmhartigheid van God en die vertroosting van die evangelie, laat gelowiges met vreugde en vryheid God se wil gehoorsaam, wat vir hulle die begin van die

ewige lewe is (*sunt inchoatio vitae aeternae*) – let wel, nie die ewige lewe as sodanig self is nie! Met hierdie argumente wil Melanchthon beklemtoon dat die Christelike moraal en etiek uniek is – uniek omdat dit in die werk van die Heilige Gees ingebed is en nie net op rasonale oordele steun nie.

■ 7.2. Christelike moraal as wetsgehoorsaamheid

As die etikus van die Reformasie, het Melanchthon uit 'n groot verskeidenheid bronne getap. Die belangrikste bron is die sedewet soos wat dit in die heilige Skrif gevind word. As voorbeelde van sy verstaan van die wet, word daar op sy uitleg van die eerste, die vyfde¹⁵³ en die sewende gebooie (vgl. die Lutherse telling) gefokus.

■ 7.2.1. Die eerste gebod

Die eerste gebod is die vertrekpunt, middelpunt en eindpunt van die teologiese etiek. Sonder hierdie gebod kan daar nie sprake van 'n teologiese etiek wees nie. 'n Kort weergawe van Melanchthon se uitleg van hierdie gebod is dus noodsaaklik (vgl. 5.4.1. waar daar ook reeds aan die eerste gebod aandag gegee is).

Volgens Melanchthon ([1559] 2018:204, II. 16–23) is die voorwaarde vir aanhoudende liefde tot die naaste, gehoorsaamheid aan die eerste gebod. Gehoorsaamheid aan God, die Vader van Jesus Christus, is die fondament, terwyl eer aan God die doelwit van die etiek is. Kennis van God is nodig ten einde Hom te gehoorsaam en te vereer. Die ware diens aan God (om Hom en die naaste lief te hê), berus op die ware kennis van God. God se selfopenbarings en die getuienisse aangaande Hom moet dus geken word, ten einde aan die tweede tafel van die wet gehoorsaam te kan wees. Vir Melanchthon beteken dit dat God in Jesus Christus geken en aanbid moet word, sodat die daede van gehoorsaamheid daaruit kan voortvloei. Wetsgehoorsaamheid sal nie 'n diep begeerte wees voordat die evangelie nie ontdek word nie. Die barmhartige God wat sondes vergewe en nuwe lewe skenk, is die rede waarom gelowiges wetsgehoorsaam lewe. Die kern van die wet is liefde, en liefde is die vrug van geloof (vgl. Melanchthon [1559] 2018:206, I. 15–210, I. 34). Daar moet egter onthou word dat gehoorsaamheid aan die eerste gebod, naamlik die vaste vertrouwe in en hoop op die God van genade en sorg, die eerste 'werk' of 'daad' van die Christen is. Om in God te glo en om op Hom te hoop, is die belangrikste 'daad', die 'eintlike daad' van die gelowige (*Haec fides et spes sunt opera primi praecepti*) (Melanchthon [1559] 2018:214, II, 8–9).

153. Die gebod 'jy mag nie doodslaan nie' (Eks 20:13) word in die Calvinistiese tradisie hanteer as die sesde gebod, terwyl Melanchthon op die voetspoor van Luther en die Rooms-Katolieke tradisie dit as die vyfde gebod hanteer. Die sewende gebod 'jy mag nie steel nie', is vir Melanchthon die sewende gebod, terwyl dit in die *Heidelbergse Kategismus*, die agtste gebod is.

■ 7.2.2. Jy mag nie moord pleeg nie

Volgens Melanchthon ([1559] 2018:242, II. 29–31) het hierdie gebod nie net met ‘uiterlike gewelddadigheid en private wraak te make nie, maar ook met misgunning, haat, nyd en die persoonlike begeerte na wraak in die gemoed.¹⁵⁴ Op grond van Matteus 5:21 stel Melanchthon ([1559] 2018:244, II), dat die mens alle ander mense die volgende verskuldig is:

[G]oedheid, medelye, ywer om te ondersteun, opregtheid, teenstand teen die misgunning, gemoedelikheid, geduld, toegewendheid en om iemand met goeie redes iets van regswaarde na te laat, sodat die persoon tot inkeer kan kom en die regte weg kan inslaan.¹⁵⁵ (pp. 1–4)

Weens die gebrek aan ’n goed-funksionerende regstaat in daardie tyd, beklemtoon Melanchthon die wenslikheid dat mense nie die reg in eie hande moet neem om wraak te neem nie. Hy wys uitvoerig daarop dat die wraak God toekom, en dat God van die staat as instelling gebruik maak om onreg en boosheid te straf. Persoonlike wraak en groepsteregstellings moet gestaak word, aangesien só ’n ‘hofsisteem’ op die oortreding van God se gebod neerkom, en dat dit nie by ontwikkelde mense pas nie. Hy waarsku egter ook dat die staat en sy amptenare die grense van hulle mag moet besef. Selfs die reg op ’n regverdige oorlog (*legitima bella*), is aan hulle oorgedra. Die staat het volgens Melanchthon die reg om onmenslike grusaamhede met geweld te stuit; maar dan sê hy ([1559] 2018:244, II. 20–21) die volgende: ‘Maar soos die oorlog die hoogste graad van politieke mag is, so kleef die grootste misbruik ook daaraan vas, en daarom kom regverdige en legitieme oorloë selde voor.’¹⁵⁶ Die hoogste reg kan dus maklik in die grootste ongeregtigheid ontaard. Die owerhede moet dus seker maak dat ’n oorlog op God se wraak teen onreg neerkom, en nie uit menslike gierigheid of ondeurdagte woede voortspruit nie.

■ 7.2.3. Jy mag nie steel nie

Melanchthon ([1559] 2018:248, II. 10–29) meen dat die sewende gebod bedoel is om enkelinge te help om hulle besittings en eiendom te behou. Iets soos ’n besittingslose samelewing was vir hom nie denkbaar nie. Om hierdie rede het hy die kloosterwese, as ’n poging tot ’n bestaan sonder besittings, verwerp. Volgens Melanchthon is daar in ’n besittingslose gemeenskap ook geen wedersydse verpligtings teenoor mekaar nie, en dat die etiek gevolglik

154. Melanchthon stel dat: ‘... *externas corporum iniurias et privatam vindictam externam, sed etiam in animis malevolentiam, odia, inventiam, privatam cupiditatem vindictae.*’

155. In Melanchthon se eie woorde: ‘... *benevolentiam, misericordiam, zelum, candorem oppositum malevolentiae, mansuetudinem, patientiam, aequitatem, qua remittit aliquid de summon iure propter probabiles causas, videlicet ut sanabiles revocentur in viam.*’

156. Melanchthon noem dat: ‘*Sed ut summus gradus est potestatis politicae bellum, ita in maximo abusu est, ac rarissima sunt iusta ac legitima bella.*’

oorbodig raak. Melanchthon herinner aan Deuteronomium 25:15, wat waarsku dat daar ook weer gesteel sal word van diegene wat steel. Die gebod wil nie net dreig nie, maar wil ook gierigheid, luiheid en verspilling beveg. Dit wil ook geregtigheid in ooreenkomste, vrygewigheid, hardwerkendheid en spaarsamigheid bevorder.

■ 7.3. Bekering, skuldbelydenis en navolging (*Die Buße*)

Melanchthon het drie vlakke van dekaloo-verklarings. Hy verklaar dit as die kern van die 'sedewet', as die riglyn vir die Christelike lewe, en as deel van die 'natuurwet'. In hierdie afdeling word die drie gekose gebooie in terme van die Christelike bekering, skuldbelydenis en navolging verklaar. Die Duitse woordgebruik, '*die Buße*', en die Latynse terminologie, '*de poenitentia*', mag die onsekerheid opklaar. Met die uitleg van die dekaloo onder hierdie opskrif, behoort dit duidelik te wees dat Melanchthon die 'derde gebruik van die wet' in gedagte het (vgl. §2.3.3.).

■ 7.3.1. Die eerste gebod

Volgens Melanchthon is 'n lewe van bekering, 'n lewe van gehoorsaamheid aan die tien gebooie. Vir die Christen is die heel belangrikste gebod die eerste gebod. Bedink vanuit die perspektief van bekering, skuldbelydenis en navolging, lê Melanchthon ([1559] 2020b:154, l. 25-156, l. 14) die eerste gebod op die volgende wyse uit: Die mens wat tot bekering kom en in verbondenheid met God wil lewe, behoort op die regte wyse oor God na te dink en in sekerheid te glo dat daar net één, ware God is wat die skepper en die toekomstige regter is, en wat Hom in sy Seun, volgens die Woord, geopenbaar het. Daar moet uit respek vir sy toorn oor die sonde versigtig gelewe word, en Hom in dankbaarheid in die naam van sy Seun aanroep en vereer. Die mens moet deur die grootsheid van sy barmhartigheid oorweldig word, deur die weldade van sy Seun begeester wees, en in dankbaarheid in die teenwoordigheid van die Heilige Gees blymoedig lewe. Die werklikheid is egter dat Christene God nie genoegsaam respekteer en oor Hom nadink nie, dat hulle twyfel of hulle gebede verhoor word, dat hulle sy beloftes minag, en dat hulle dikwels valse gode soos voorvaders aanroep. Die regte Christelike lewenswyse begin dus met die regte gehoorsaamheid aan die eerste gebod.

■ 7.3.2. Jy mag nie moord pleeg nie

Melanchthon ([1559] 2020b:158, ll. 15-29) toon op 'n insiggewende en steeds relevante wyse aan, dat ook Christene van nature geneig is om die vyfde gebod te oortree. Die mens laat dit toe om opgesweep te word en om uit begeerte of wraak moord te pleeg. Naywer, jaloesie en die

hoogmoedige neersien op andere dien ook as motivering om te wil moor. Wantroue en verdagmaking is die dryfveer vir haatgevoelens, wat mense motiveer om moord te pleeg. Bkering en 'n Christelike lewe kom daarom op die volgende neer: Om jaloesie, afguns en haat innerlik te beveg; om nie booswillige uitsprake oor ander te maak nie; en om hulle nie in die openbaar te verneder nie, aangesien hierdie gedrag die kiemselle van moordneigings is.

■ 7.3.3. Jy mag nie steel nie

Melanchthon ([1559] 2020b:160, II. 5-12) se uitleg van die sewende gebod (die agtste volgens die Gereformeerde indeling) is eweneens aktueel binne die leefwêreld van Afrikaanssprekendes. Volgens Melanchthon sluit 'diefstal' die volgende gedrag in: Om die onderhoud wat van ouers en die staat ontvang word, te verkwis; om arm mense te bedrieg; nie ooreenkomste te eerbiedig nie; nie skuld te betaal nie; die prys van kos oneerlik te verhoog; om goed wat nie aan jou behoort nie, te vat; om nie arbeid te verrig waarvoor geld wel ontvang word nie; en om geleende goed te beskadig. Hierdie dinge is Christene nie veronderstel om te doen nie.

■ 7.4. Die redelikheid van wetsgehoorsaamheid (die natuurwet)

Veral die tweede tafel van die dekaloo is vir Melanchthon van belang vir die openbare lewe. Die tweede tafel bevat wetsvoorskrifte waartoe denkende mense kan instem. Melanchthon betoog egter ook dat Christene denkend met die etiek moet omgaan. Blindelinge navolging van moraalvoorskrifte, sonder kritiese nadenke oor die praktiese gestaltegewing van 'n voorskrif, kan onverantwoordelik en selfs dom wees. Daarom bepleit Melanchthon 'n noue band tussen moraal en kritiese denke (vgl. weer §2.3.4.).

■ 7.4.1. Die eerste gebod

Daar is reeds in Hoofstuk §2 verduidelik dat Melanchthon van mening is dat die mens as beeldraer van God, ná die sondeval die vermoë behou het om rationally te besef dat daar tog 'n God moet wees wat skepper en regter is. Hierdie kennis is egter onvoldoende om God werklik te ken en te aanbid soos Hy dit verlang, daarom moet die evangelie van Jesus Christus verkondig word, aangesien die Seun van God die weg na die Vader is. Natuurlike kennis lewer dus 'n minimale bydrae tot die eerste gebod. Die gebooie van die tweede tafel van die dekaloo kan egter wel deur die natuurreg verduidelik word (vgl. Melanchthon [1559] 2018:254, I. 1-258, I. 10).

■ 7.4.2. Jy mag nie moord pleeg nie

Melanchthon ([1559] 2018:260, II. 1–28) se verduideliking van die vyfde gebod vanuit die perspektief van die natuurreg, kom daarop neer dat ongeregverdigde geweld verbied word. Die onskendbaarheid van die menslike lewe kan nie gewaarborg word wanneer mense toegelaat word om te moor nie. Volgens die menslike rede (*ratio* – verstand, insig, begripsvermoë), moet hierdie ongeregtigheid nie net op grond van nuttigheidswaarde vermy word nie, maar ook op grond van die mens se aangebore sin vir geregtigheid. Die gedagte van geregtigheid impliseer dat alle onskuldige lewe beskerm moet word, en dat hulle wat hulle skuldig maak aan die skending van ander se reg, deur die owerhede ingeperk en uit die samelewing verwyder moet word. Hierdie begrip van en insig in ‘geregtigheid’, is deur God aan die mens geskenk (net soos die begrip vir getalle geskenk is), en elke redelike mens moet erkenning hieraan gee. Hierdie gebod was van die begin van die skepping af deel van die mens se sedelike bewussyn, en is nie eers deur Moses aan die mensdom geleer nie. Adam en Eva het geweet dat wat Kain gedoen het, onaanvaarbaar was. Die hele gedagte van hierdie gebod het volgens Melanchthon, ten diepste te maak met die gedagte dat die mens na die beeld van God geskape is. Melanchthon ([1559] 2018) beweer:

Aangesien die mens na die beeld van God geskape is, kan hy God ken, aanroep, vier en as regverdig beskou. God wil [*daarom*] nie sien dat sy vereerder en priester beseer word nie, maar dat hy verdedig en ondersteun word, sodat God [*aanhoudend*] vereer en aangeroep kan word. En God self is die een wat wraak uitoefen vir die skending van sy beeld; vir die belediging van sy vereerder en priester. So voeg God telkens weer [*nuwe*] betekenisvolle insigte tot die natuurwet toe, sodat dit nie weens die verdorwenheid van die menslike hart uitgedelg word nie.¹⁵⁷ (p. 260, II. 23–28)

■ 7.4.3. Jy mag nie steel nie

Melanchthon ([1559] 2018:262, II. 5–22) se verklaring van die sewende gebod vanuit ’n naturregtelike perspektief, kan insiggewend wees in ’n land met groot verskille in terme van opleiding, besit en finansiële vermoë. Volgens Melanchthon behoort elke redelike mens in te sien dat hierdie wet onverkort in die samelewing behoort te geld. Hy ([1559] 2018) beweer:

Die rede [*like mens*] sien in dat die onderskeid in besitverhoudinge met die natuur van die mens in ooreenstemming is en dat die aangeleenthede [*rakende botsings van belange*] deur ooreenkomste uitgeklaar moet word sodat mense hulle deur

157. Melanchthon se oorspronklike bewoording is: ‘*Ad imaginem Dei quippe factus est homo, id est, ut Deum intelligat, invocet, celebret, sit iustus. Hunc suum cultorem et sacerdotem Deus non vult violari, sed potius defendi et adiuvari, ut Deum colat et invocet. Estque Deus ipse vindex violatae imagines, violatae cultoris et sacerdotis. Ita subinde Deus illustra testimonia addidit legibus naturae, ne in hac caligine humani cordis extinguerentur.*’

wedersydse verpligtinge kan laat saambind en geregtigheid [*bevorder*] kan word, en weldadigheid beoefen kan word.¹⁵⁸ (p. 262, II. 5–8)

Die aanvaarding van die verskille tussen mense, bring dus talle verpligtings na vore. In die nakoming van plig, mag mense egter nie uitsluitlik op eie belang en nuttigheid fokus nie, maar ook op die welstand van die groter geheel. Om hierdie rede moet verdrae en ooreenkomste gerespekteer word en niemand moet hierin bedrieg word nie, sodat mense hulle eie besittings kan beskerm en mense mekaar wedersydse kan help. Alles kom vir Melanchthon neer op 'regsgelykheid' (*'aequalitate'*). Mense sal noodwendig in terme van besittings verskil, maar in terme van die reg mag daar geen benadeling wees nie. Gelykheid van beskerming deur die reg, is die motivering vir ongelykes om mekaar te versorg en te dien (vgl. Melanchthon [1559] 2018:262, II. 19–22).

■ 7.5. Christelike moraal en die reg

Die kerk en die teologie moet 'n skynende lig in die wêreld wees. Anders gestel: Die kerk en die teologie het 'n humaniseringstaak in die wêreld. Daar moet gepoog word om positiewe invloed op mense uit te oefen, sodat die wêreld van anargie gered kan word. Anargie skep onmenslike omstandighede, wat die samelewing sal verhoed om vreedsaam te wees en om menslik teenoor mekaar op te tree. Die taak van die kerk is nie om die Here te help om sy koninkryk op aarde te vestig nie, maar om die reg te beskerm, sodat groter geregtigheid daaruit kan voortvloei.¹⁵⁹ Dit is om hierdie rede dat Melanchthon die staat as regsorde in sy voordragte en geskifte beskerm het, en die bestudering van die reg aangemoedig het. Die goeie dinge wat Christene veronderstel is om te doen, sal alleenlik dán goeie maatskaplike resultate oplewer wanneer die reg almal teen onreg beskerm. Christelike moraliteit en etiek moet daarom eerder 'n bondgenoot van die reg wees, en die flankerendheid met politieke utopieë staak. Dit was in elk geval Melanchthon se oortuiging. Die ondermyning van die regsorde deur die Suid-Afrikaanse magshebbers, kan alle ideale vir 'n méér regverdigde samelewing in die niet laat verdwyn. Om hierdie rede is Melanchthon só belangrik vir die Christelike etiek.

■ 7.5.1. Staatsgehoorsaamheid as die wil van God?

Die anti-apartheidstryd en die hedendaagse stryd teen staatskorrupsie in Suid-Afrika het veroorsaak dat daar 'n negatiewe beeld van die staat in die

158. Aangesien hierdie vertaling baie interpreterend van aard is, word die oorspronklike bewoording ook aangebied: *'Videt ratio distinctionem dominiorum convenire huic naturae hominum et res per contractus communicandas esse, ut mutuis officiis homines inter se devinciantur et exerceant iustitiam et beneficentiam.'*

159. Melanchthon se etiese en politieke geskifte word as die mees suksesvolle uit sy ganse oeuvre beskou. In die sestiende eeu het sy kommentare op Aristoteles, 79 herdrukke belewe. Van hierdie geskifte was tot in die agtiende eeu voorgeskrewe werke (Frank 2017:458).

teologie ontwikkel het. Melanchthon kan ons help om weer 'n positiewe beeld van die staat te ontwikkel, aangesien hy die debat oor die staat nie op die misbruik van mag en staatsfondse toespits nie, maar op die onontbeerlikheid van reg en geregtigheid.¹⁶⁰ Melanchthon volg Aristoteles wat 'praktiese filosofie' in 'politiek' en 'ekonomie' laat uitmond (met die reg as fondament), aangesien dít die terreine is waar goed en sleg konkreet uitgepluis moet word (Frank 2017:457). Sy *Voordrag oor die waardigheid van staatswette* (Melanchthon [1538] 2012e) is 'n belangrike bydrae tot hierdie debat. Melanchthon begin sy voordrag deur te argumenteer dat al die Ou-Testamentiese wette nie instrumente vir die funksionering van die staat kan wees nie, aangesien die apostelskonvent (Hand 15) alreeds hierdie oordeel gevel het. Kultiese en sekere staatswette van oud-Israël is nie bruikbaar in ander staatskonstellasies nie. Die gedagte van 'n teokrasie is vir Melanchthon nie 'n sinvolle moontlikheid nie; die natuurlike gawes wat God skenk soos die reg, is 'n beter opsie vir die funksionering van die samelewing. Die verdere argument is dat die ryk van Christus 'n geestelike ryk is, wat nie handelend geskep kan word nie. Die 'moraalwet' van die Ou Testament behou egter sy waarde, aangesien hierdie wet in ooreenstemming is met die natuurwet – met ander woorde, dat alle redelike mense die geldigheid van die tweede tafel van die dekalooq sal insien. Die samelewing kan egter nie met slegs vyf abstrakte reëls funksioneer nie, en dit moet daarom met die Romeinse reg aangevul word – dit is 'n 'verhewe vorm van filosofie' (Melanchthon [1538] 2012e:305). Onder die Romeinse reg verstaan Melanchthon die hele konstellasie van wette, ordinansies, ooreenkomste, beskuttingsmaatreëls en alles wat verder nodig is vir 'n vreedsame saambestaan. Dit is binne hierdie konteks dat Paulus die staat (Rom 13) verdedig. 'n Regstaat is vir Melanchthon (met 'n beroep op Paulus) die beste manier om 'n menslike bestaan te bevorder. Die reg beskerm die volk teen tirannie. Om hierdie rede behoort elke Christen die regstaat te gehoorsaam en te respekteer. Dit is tog belangrik dat Melanchthon die natuurwet (waaruit die Romeinse reg ontwikkel het), onder die oordeel van God behou. Alle wetgewing is voor God as regter verantwoordbaar. Die feit dat die staat se wetgewing aan God se oordeel onderwerp is, beskerm die swakkes van die samelewing. God beskerm die swakkes deurdat Hy die heerskappy van die staatsorde slegs in stand hou, solank die algemene welsyn gedien word. Gebeur dít nie, sal God die spesifieke staat deur sy gerig ten gronde laat gaan, sodat nuwe maghebbers die goeie belang van die samelewing kan kom dien, deur nuwe wetgewing wat geregtigheid in die oog het (vgl. Melanchthon [1538] 2012e:308). Melanchthon meen dat dit in almal se belang is dat die regswetenskap ontwikkel word, sodat reg en billikheid bevorder kan word. Reg en billike optrede is ook belangrike impulse vir die

160. Melanchthon ([1552] 2011e) se *Voordrag oor die politieke orde*, is 'n waardevolle dokument in hierdie verband. Sonder regverdige wette, en regverdige amptenare kan daar nie sprake van geregtigheid wees nie, en sonder geregtigheid gedy die onreg en onstabiliteit.

kuns en die etiek (ook die Christelike etiek). Om te onderskei tussen reg en onreg, billikheid en onbillikheid, rus nie net op die skouers van die regs wetenskap nie, maar ook op die skouers van die kuns, die Christelike gebed en etiek. Die regs wetenskap alleen kan dus nie sorg vir reg en billikheid nie, aangesien die kunste en die godsdienste ook 'n bydrae het om te lewer (Melanchthon [1538] 2012e:311; vgl. ook Strohm 2017 vir 'n omvattende oorsig oor Melanchthon se regsopvattinge).

■ 7.5.2. Reg en billikheid

Melanchthon ([1537] 2012d)¹⁶¹ was oortuig dat die Romeinse reg 'n humaniserende rol in die samelewing kan speel. Die reg spel nie net die riglyne uit vir menslike handeling nie, maar bied ook beskerming aan individue teen die magsmisbruik van die magtiges. Hy beredeneer hierdie oortuiging in 'n voordrag oor twee belangrike Middeleeuse kenners van die Romeinse reg, naamlik Irnerius en Bartolus. Die voordrag is ten diepste 'n pleidooi dat die regs wetenskap beskerm en bevorder moet word, aangesien die samelewing nie vreedsaam kan ontwikkel sonder regsontwikkeling nie. Melanchthon ([1537] 2012d) maak die volgende belangrike uitspraak oor die regs wetenskap:

Dit is die regs wetenskap wat die gelykberegting en vryheid van die enkeling beskerm en die willekeur van die magtiges in toom hou, sodat hulle nie dinge wederregtelik van die swakkes neem nie. Dit is die groot sieraad van die staatlike gemeenskap. Daarom moet die goeie en slim mense ywerig daarvoor bid dat God die vorste en magtiges sal lei sodat hulle hierdie wetenskap sal bewaar. (p. 292)

Die staat is volgens Melanchthon 'n geskenk van God, en hierdie geskenk word deur die reg en sy wette beskerm. Die beskerming en bevordering van die regs wetenskap is daarom die wil van God, aangesien openbare vrede en maatskaplike ontwikkeling hieruit voortspruit. Melanchthon meen dat die bestudering van die regs geskiedenis onontbeerlik is in die pogings om die regs wetenskap te ontwikkel. Hy stel die akademiese voorbeeld deur twee belangrike interpreteerders van die Romeinse reg te bespreek, naamlik Irnerius wat by keiser Lothar III hoë aansien geniet het, en Bartolus wat keiser Karel IV met raad bedien het. Irnerius se belangrike bydrae was om mense te oortuig dat die Romeinse reg op sekerheid berus, aangesien ander regsisteme (van sy tyd) op onsekerheid berus het, en só aanleiding tot onstabiliteit in die samelewing gegee het. Irnerius was ook die eerste Middeleeuse regsgeleerde wat kontekstuele glosse in die oorspronklike tekste ingevoeg het, en het sodoende verseker dat die Romeinse reg 'n lewende wetenskap bly, wat voortdurend vernuwe. Melanchthon argumenteer dat, nadat die Duitse vorste

161. Hierdie akademiese voordrag (*Deklamation*) is wel deur Melanchthon geskryf, maar deur Sebaldus Munster voorgedra. Irnerius en Bartolus was twee belangrike Romeinse regskennerse uit die Middeleeue. Melanchthon (vgl. inleiding tot [1537] 2012d:291) wys in hierdie voordrag op die belangrikheid van die uitleg-geskiedenis van die Romeinse reg, en die kultiverende rol wat die reg en regs wetenskap in die vermensliking van die samelewing speel.

die Romeinse reg in hulle gebiede begin implementeer het, die samelewing vreedsaamer en voorspoediger geword het. Die rede hiervoor was dat die sekerheid van die reg die moraliteit van die bevolking ten goede gekom het. Die Romeinse reg is daarom vir hom, 'sonder enige twyfel 'n tipe van geleerde filosofie', en niks minder as 'n geskenk van God nie (Melanchthon [1537] 2012d:296). Bartolus het 'n ander belangrike bydrae tot die Romeinse reg gelewer. In sy kommentaar tot die *Lex quidam cum filium*, argumenteer die jong Bartolus dat die Romeinse wette oor vaderskap ten diepste die belange van weeskinders wou beskerm. Hy beveel aan dat 'n bedrag uit sterftebelasting gebruik word vir die oprigting van 'n kindershuis - letterlik "n huis van barmhartigheid" (*domus pietatis*). Bartolus argumenteer dus dat reg onlosmaaklik gekoppel is aan geregtigheid - veral geregtigheid jeens weeskinders. Keiser Karel IV het hierdie regsontwikkeling omarm en daarom die lot van weeskinders (minstens in die huidige Tsjeggiese Republiek), in sy leeftyd dramaties verbeter. Melanchthon se pleidooi is, dat die ontwikkeling van die regs wetenskap dringend noodsaaklik is (en wel op grond van die bestudering van die regs geskiedenis), aangesien die regs wetenskap die samelewing moet lei om méér geregtigheid vir (minstens) weerlose kinders te laat realiseer. Hierdie is dinge waarby die Christelike kerk natuurlike aansluiting vind, aangesien dit sonder twyfel tot eer van God strek (vgl. Melanchthon [1537] 2012d:297-301).

In sy voordrag oor *Billikheid en die strenge reg* in 1542, het Melanchthon ([1542] 2011b) die verhouding tussen reg en billikheid (*aequitas*) verder ondersoek. Soos reeds hier bo gestel, is die beywering vir billikheid 'n tema wat in die Christelike sosiale etiek pas. Melanchthon glo dat die mens as gemeenskapswese, slegs tot deugsame handeling gemotiveer word wanneer daar gesamentlik aan God, die deugde, en eerbare wetenskapsbeoefening aandag gegee word. 'n Samelewing verval wanneer daar nie op die wet, die sedeleer en die godsdiens gekonsentreer word nie. Onderrig en ontwikkeling (*Bildung*) is futiel wanneer die regs wetenskap, die etiek en die Christelike geloofsleer verkrummel. Wetteloosheid, wanorde en staatsverval is vir Melanchthon ([1542] 2011b:176) ten diepste 'n 'oorlogsverklaring teen God'. Hy was oortuig dat Christene die roeping het om die reg en die onderliggende billikheid te bevorder, aangesien hulle die plig het om mee te werk aan die humanisering van die samelewing. Melanchthon ([1542] 2011b:178-180) wys daarop dat sy verstaan van 'billikheid' ietwat van Aristoteles se opvatting verskil. Aristoteles het billikheid as 'die ongeskrewe, matige versagting van wette' verstaan. Die onus word dus op die regter geplaas om 'n bepaalde wet te versag, sodat 'n beskuldigde nie met die volle mag van 'n wet, wat dalk in 'n bepaalde omstandigheid nie billik mag wees nie, te make kry nie. Aristoteles se uitleg loop uit op willekeur, wat nie goed vir 'n stabiele samelewing is nie. Volgens Melanchthon moet die geskrewe reg altyd geld, en geen regter mag dit na willekeur versag of verhard nie. Die geheim van 'n geweldvrye samelewing is dat wette as sodanig billik moet wees. Die stryd moet wees om onbillike

wette met billike wette te vervang. Die regswetenskap, die kerk en ander instansies moet voortdurend krities debat voer oor wat billik is, en wat nie billik is nie. Melanchthon wys ook daarop, dat die meeste geskrewe wette oorspronklik billikheid in gedagte gehad het, byvoorbeeld die bedoeling van die Sabbatswet, wat wou toesien dat mense nie verhinder word om aan kultiese bedrywighede deel te neem nie. Wat later hieraan toegegedig is, is nie gelyklopend met die oorspronklike bedoeling nie, naamlik om almal 'n billike geleentheid te gee om te aanbid. God se wil is volgens Melanchthon duidelik: Hy wil dat mense ordelik volgens billike wetgewing lewe, en nie willekeurig doen wat hulle wil nie. Ware godsdiens, wetsgehoorsaamheid en die aanhoudende debat oor billikheid¹⁶² is volgens Melanchthon ([1542] 2011b:181), die etiese eis wat aan die gemeenskap, die universiteit en die kerk gestel word.

■ 7.6. Christelike vryheid en die perke van wette, reëls en regulasies

Melanchthon het vroeg in sy loopbaan begin om die vryheid van 'n Christenmens te beklemtoon. Alreeds in sy *Kort uiteensetting van die vernuwende kerklike leer vir die landgraaf van Hessen* (Melanchthon [1524] 2012b:143-145), het hy geargumenteer dat die Christen vry is van mensgemaakte wette. Die honderde rituele wette en moraalvoorskrifte van die Roomse Kerk is nie kettings wat Evangeliese Christene moet vashou nie. Hy het hom veral krities uitgespreek teen die monastieke lewenswyse, die selibaat en die voorskrifte wat met die Roomse mis verband hou. Terselfdertyd het hy gewaarsku teen nuwe, Protestantse lewensvoorskrifte wat as onveranderbare wette voorgedhou kan word. Christelike vryheid is 'n kosbare kleinood, wat ook binne nuwe ontwikkelings nie aan nuwe gestaltes van wettisme uitgelewer moet word nie. Protestantse predikante moes byvoorbeeld die vryheid hê om self te besluit of hulle die ou priesterkleed wil behou, en of hulle 'n toga wou dra wat simbolies na hulle ordening as Protestantse leraars heenwys. Min het Melanchthon op daardie stadium kon dink dat hierdie sake wat tóé van geringe belang (*adiafora*) was, later in sy lewe tot 'n binne-Protestantse twis aanleiding sou gee.

Ná afloop van die Smalkaldiese Oorlog, het die Ryksdag van Augsburg tussen September 1547 en Junie 1548 plaasgevind. Keiser Karel V wou wetgewing instel wat vrede in die ryk kon verseker. In Junie 1548 is nuwe wetgewing, bekend as die '*Augsburger Interim*', op die Protestantse gebiede afgedwing. Hierdie 'tussentydse wetgewing' sou geld totdat 'n konsilie finaal oor die 'Evangeliese kwessie' sou besluit. 'n Toegewing het bepaal dat die Protestante met huwelike vir priesters, die beker vir lidmate, die misoffer as

162. Melanchthon ([1533] 2011j) het self ook aandag gegee aan een van die ou morele vraagstukke, naamlik of dit geregverdig is om 'n tiran te vermoor. 'n Maklike, reglynige antwoord op só 'n komplekse vraagstuk, is nie moontlik nie.

herdenkingsmaal en nie as soenoffer nie, en die afskaffing van die private-mis kon voortgaan. Vir die res moes hulle weer die Roomse voorskrifte in terme van kerkorde en leer volg. Vir Melanchthon was die 'Interim' totaal onaanvaarbaar, aangesien die Evangeliese leer verbied is. Die CA (1530) sou byvoorbeeld nie meer in die kerke geleer kon word nie. Verskillende predikante het verskillend gereageer. In Magdeburg was daar aktiewe verset, maar toe word die stad weer beset. Teoloë soos Brens, Bucer en Osiander weer, het besluit om te vlug. Melanchthon het egter gekies om namens Sakse en Brandenburg vir 'n nuwe ooreenkoms te onderhandel. Melanchthon wou minstens die regverdigingsleer red en die Roomse mis laat afskaf. As kompromis was hy bereid om die priesterdrag en die Roomse feesdae te behou (dinge wat hy as 'middelmatige dinge' of '*adiafora*' beskou het). Om innerlik Protestants, maar uiterlik Rooms te wees, was vir talle egter nie aanvaarbaar nie. Nogtans is daar in Julie 1548, met Melanchthon se medewerking, 'n nuwe ooreenkoms in Leipzig uitgewerk wat in Desember 1548 deur die streeksoverheid as die '*Leipziger Interim*' aanvaar is. Hierdie wetgewing is egter nie as ryksreg aanvaar nie, en die stryd tussen die twee kerke sou voortduur. Met die '*Leipziger Interim*' sou die adiafora-stryd tussen Melanchthon en sy teenstanders ook op die spits gedryf word (vgl. Jung 2010b:108-111; Scheible 2016:224-234). Wat hier van belang is, is Melanchthon se eie gedagtes oor die 'middelmatige dinge' en die Christelike vryheid.

Soos reeds genoem, het Melanchthon reeds vroeg in sy loopbaan (vgl. [1521] 1997:372-377) aandag aan die 'ergernisse van die godsdienstige lewe' ('*de scandalo*'¹⁶³) gegee. Onder 'ergernisse' verstaan Melanchthon ([1521] 1997:372, II. 5-9) moraal- en regsvoorskrifte wat Christene in hulle liefdesdade kan verhinder, of hulle geloofsoortuigings in verwarring kan bring. Volgens hom moet Christene hulle nie deur klein irritasies van die samelewing van stryk laat bring nie.

Melanchthon het later in sy Duitse *Loci* ([1553] 2010:443-449) in die lig van die adiafora-stryd, omvattender oor hierdie tema gehandel. Die problematiek waarmee hy worstel, verskuif die fokus van die irritasies van Christene binne die kerk na irritasies vir diegene op die rand van of buite die kerk. Hy onderskei twee tipes ergernisse wat tot weersin in die Christelike godsdiens, óf minstens in die kerk aanleiding kan gee. Eerstens, die Farisiese ergernisse: Dit handel oor gedrag wat in die algemeen weersin wek. Bepaalde optredes teenoor die owerhede en staatlike instellings, asook kleredrag en lewensstyl kan veroorsaak dat randgelowiges nie met mense wat aanspraak maak om die kerk te

163. '*Scandalum*' verwys na dinge wat mense tot 'sonde' kan verlei. Hierdie 'dinge' is ten diepste 'n ergernis, aangesien daar geen werklike rede is hoekom hierdie 'dinge' as struikelblokke in die geloof gesien moet word nie. Thomas van Aquinas het ook oor hierdie probleem geskryf, maar vir hom het dit oor morele struikelblokke gegaan, en nie soos by Melanchthon, oor geloofstruikelblokke nie (vgl. voetnoot 1190 van Pöhlmann in Melanchthon [1521] 1997:370-71).

verteenvoerdig, kan identifiseer nie. Wanneer mense ander afskrik, kan die evangelie skade ly. Almal moet egter leer om geduld te beoefen en nie toelaat dat ander se gedrag 'n geloofskrisis veroorsaak nie. Tweedens, die strafregtelike ergernisse: Mense wat voorgee om Christene te wees, kan ketterye en afwykende leerstellings aanhang, en met 'die magte van die duisternis' saamwerk wat op gedrag uitloop wat só afstootlik is, dat geen selfrespekterende mens hiermee kan identifiseer nie. Teenoor hierdie dinge kan daar geen geduld wees nie. Volgens Melanchthon ([1553] 2010:446–449) is daar egter ook 'ergernisse in middelmatige dinge', wat hy as 'duldbare ergernisse' beskou. Die kos wat mense eet en die klere wat hulle dra, mag wel hinderlik en irriterend wees, maar is nie geloofsbedreigend nie. Melanchthon meen egter nogtans dat totaal vreemde gedrag ten diepste oor selfroem handel. God se roem bly op die agtergrond, terwyl aandag-soekery gesien moet word vir wat dit werklik is. Die probleem is wel dat die kerk saam met die bespotlik-geklede persoon, bespot kan word. In die finale uitgawe van sy *Loci praecipui theologici*, het Melanchthon ([1559] 2020b:470–488) die volgende argumente by die reeds voorhande betoog gevoeg: Hy ([1559] 2020b:471, ll. 23–33) beweer dat kerkmense met uiters vreemde kleredrag en optredes dit nie net om eersugtige redes doen nie, maar ook om moontlike finansiële gewin. Die 'voordele van die buik' kan mense ook laat voorgee dat hulle met die dooies kan kommunikeer en wonders kan doen. Wanneer die leuen ontbloot word, ly die kerk en die evangelie skade. Sommige ergernisse kan geduld word, maar ander moet beveg word – selfs deur wetgewing. Geduld met 'andersheid' het dus grense en perke, aangesien dit nie noodwendig onskuldig is nie. Die gewete moet daarom wakker wees en moet deur die gebed ondersteun word.

Die Christelike etiek kom uiteindelik te staan voor die probleem van die Christelike vryheid. Melanchthon ([1559] 2020b:488–518) het sy sistematiese werksaamhede met 'n lang paragraaf, *de libertate Christiana* [oor die Christelike vryheid], afgesluit. Hierdie gedeelte oor die Christelike vryheid is in der waarheid 'n kort opsomming van sy totale sistematiese uiteensetting van die bybelse boodskap. Die vraag na die gesag en mag van wette, reëls en ordinansies, staan egter in die sentrum van hierdie besinning oor die Christelike vryheid. Die grofste vorm van onvryheid, het met die verlies van politieke vryheid te make. Die invalle van die Turke in Europa het Melanchthon weer laat besef dat die verlies van soewereiniteit met brutale geweld en ongeregtheid saamhang. Nuwe, verslawende wette van nuwe kwaadwillige maghebbers kan dalk geduld word, maar moet uiteindelik beveg word, aangesien kerke danksy politieke magteloosheid uiteindelik vernietig word. Melanchthon ([1550] 2020b:490, ll. 19–28) troos die kerk egter met die wete, dat die vryheid van die Christen reeds in hierdie wêreld begin. Die teenwoordigheid van Christus by die nagmaal, en die teenwoordigheid van sy Gees in die daaglikse lewe, sowel as die wete van aangenome-wees, is die eerste ervarings van die vryheid van 'n Christenmens. Hierdie vryheid sal volledig by die opstanding en die finale oorwinning oor die bose aanbreek. Ewige en volkome vryheid (*aeternam*

et integram libertatem) beteken ewige en vreugdevolle omgang met God en die redder, Jesus Christus. Melanchthon stel dus die ewige lewe voor as 'n toestand van volkome vryheid, waar daar nie sprake van verowering, onderdrukking en ongeregtheid sal wees nie. Diegene wat God nie wil ken nie, sal van hierdie voorreg uitgesluit wees.

Ter wille van duidelikheid en die omvattendheid van sy vryheidsbegrip, onderskei Melanchthon ([1559] 2020b:493–518) samevattend tussen vier vlakke van vryheid: Die eerste vlak van vryheid het met die vryheid van boosheid, sonde en die dood te make. Vergewing van sondes en die toerekening van geloofsgeregtigheid is die waarborg vir hierdie vlak van vryheid. In sy geheel gesien, is die evangelie dus 'n boodskap van ware vryheid. Die tweede vlak van vryheid het te make met die werking van die Heilige Gees. Die bekering en die nuwe lewe in Christus, verseker 'n aardse lewe van vryheid – vryheid van die oorheersing van drif en drang. Ook hierdie vryheid word aan diegene geskenk wat in die weldade van Christus glo. Al word die Christen se lewe nog nie deur absolute vryheid gekenmerk nie, word die barmhartigheid van God wat mense deur lyding en ellende dra, geken. Die derde vlak van vryheid het met die uiterlike en politieke lewe te make. Vryheid impliseer om gehoorsaam aan wette te lewe wat met die natuurwet in ooreenstemming is. Gehoorsaamheid aan wette wat regverdig en billik is, skep 'n lewe van vryheid. Melanchthon wys weer daarop dat Christene nie aan die seremoniële wette en die strafregstelsel van Moses gebonde is nie (*ceremoniae et forense leges Mosi promulgata*). Volke wat binne ander staatstelsels in ander tye lewe, kan nie aan ontoepaslike wette gebonde wees nie. Die Christen is egter wel aan die moraalwet, of sedewet gebonde (*lege morali*); die hart van menslike moraliteit word nie deur tyd en omstandighede verander nie en is met God se wil in ooreenstemming. Wie volgens die sedewet lewe, ervaar uiterlike, maatskaplike vryheid, wat een voorwaarde vir aardse geluk is. Hierdie vlak van vryheid hou verband met die 'politieke geregtigheid' wat nodig is vir die ontwikkeling van die samelewing, maar nie 'geregtigheid voor God' bewerk nie. Die vierde vlak van vryheid het met die seremonies, wette en reëls van middelmatige belang te make. Rituele, byeenkomste, lewenswyses en gedragspatrone wat op menslike uitvindings berus, is nie kettings waarin Christene vasgevang hoef te bly nie. Christene het vryheid ten opsigte van hierdie sake van minder belang. Stryery oor onbenullighede (dít wat nie met die hart van die geloof en die ware leer te make het nie), berooft Christene van hulle vryheid. Vryheid moet ander egter nie laat struikel nie. Vryheid is ook nie die vrypas om dinge van waarde en belang te vernietig nie, en moet daarom verantwoordelik bly.

■ 7.7. Die Christelike moraal en deugde

Christene handhaaf 'n bepaalde lewenswyse wat op die dubbele liefdesgebod geskoei is. 'n Deugdelike lewe vloei uit die liefdesgebod voort, en alle Christelike deugde hou op die een of ander wyse daarmee verband.

Melanchthon ([1522] 2020a:210–213) het twee jaar na sy huweliksbevestiging met Katharina Krapp en in die jaar van sy dogter Anna se geboorte, in sy vroeë Romeinebriefkommentaar (Rom 12:10) 'n insiggewende en noemenswaardige stukkie oor die Christelike liefde geskryf. Paulus verwag van Christene om 'mekaar met hoë agting te behandel'. Om mekaar met agting te behandel, kom neer op die diepste intensies van die liefdesgebod. Nie alleenlik laat dit ander gemaklik voel in jou teenwoordigheid nie, maar die verwagting is dat jy saam met die ander sal treur en juig. Die hoogste graad van Christelike liefde noem Melanchthon '*philostorgia*' – die liefde van ouers vir hulle kinders. '*Philostorgia*' kom neer op wedersydse erkenning en eerbetoon. Dit beteken dat ouers hulle kinders in alles eerste stel – en só behoort Christene ook teenoor mekaar op te tree. Dít, die hoë agting vir ander, is ware deugdelikheid!

Melanchthon het geskiedenis as vak tot die kanon van die *artes liberalis* bygevoeg. Hy self het groot bydraes tot die ontwikkeling van hierdie vakgebied gelewer (vgl. Schneider 2017). Hy het kort biografieë oor uitnemende persoonlikhede gebruik om te verduidelik waarop Christelike moraliteit en deugdelikheid neerkom. Vier persone is gekies as voorbeelde van ware Christelike deugsaamheid. Hulle en hulle deugde word volgens jaartellings bekendgestel.

Melanchthon ([1552] 2011f) se *Lofrede oor hertog Eberhard von Württemberg*¹⁶⁴ kry eerste aandag. Von Württemberg se politieke loopbaan wat Melanchthon uitvoerig belig, is nie hier van belang nie. Van belang is dat hy die stigter van die Universiteit van Tübingen in 1477 was. Hy het veral die fakulteite regte en teologie bevorder. Melanchthon maak melding van drie beroemde teoloë, naamlik Gabriel Biel, Konrad Summenhart en Wendelin Steinbach. Steinbach wat talle foute in die geskrifte van Thomas van Aquinas en Duns Scotus raakgesien het, is van belang. Melanchthon wys daarop dat die hertog 'n groot liefde vir die tale gehad het, graag teologie gelees het, maar bowenal 'n barmhartige mens was, wat alles moontlik gedoen het om armes te help. Eberhard sterf op 52-jarige ouderdom met 'n gebed op sy lippe waarin hy die Here dank vir sondevergewing en die hemelse kerk. Melanchthon loof hom as 'n vors wat gesorg het vir reg en geregtigheid, vrede in die samelewing, die bevordering van die wetenskappe en die beskerming van die kerk, waarin God se goedheid en beskerming geloof word. Hertog Eberhard moet geëer word vir die voorbeeld wat hy gestel het in die beoefening van die ware godsdiens, die wetenskappe en die barmhartigheid.

164. Johannes Reuchlin het Melanchthon aan huis verhale oor graaf Eberhard im Bart, die eerste hertog van Württemberg, vertel. Die verhale het oor sy politieke prestasies en menslike deugde gehandel. As diep gelowige het hy in 1468 'n pelgrimsvaart na Jerusalem onderneem. In 1477 stig hy die Universiteit van Tübingen uit liefde vir die wetenskappe. Die lesing is deur Johannes Schneidewein op 31 Mei 1552 voorgedra (vgl. inleiding tot Melanchthon [1552] 2011f:207).

Melanchthon ([1552] 2011g) se *Herdenkingsrede oor Johannes Reuchlin uit Pforzheim*¹⁶⁵ lewer ook belangrike insigte op oor sy verstaan van 'n deugdelike lewe. Reuchlin se lewe moet teen die agtergrond van sy belewenisse van oorleg en die Pes verstaan word – dus 'n lewe van verwoesting, ellende, siekte en massa-sterftes. Binne hierdie konteks moet sy geloof en sy moraliteit verstaan word. Reuchlin het geglo dat die kerk nooit algeheel vernietig sal word nie, dat 'n minderheid altyd in bewaring sal bly, en dat die wetenskappe ook nie sal verdwyn nie. Reuchlin het hom daarom met absolute toewyding op die onderrig van Hebreeus en Grieks toegespits. Sy handboek oor die Hebreeuse grammatika met 'n meegaande leksikon, was 'n onmisbare instrument in die hande van die latere Bybelvertalers. Reuchlin se ouers was mense wat hulle kinders volgens hoë morele maatstawwe en die ideale van groot geleerdheid opgevoed het. Dissipline, hardwerkendheid en belangstelling in al die wetenskappe was daarom deugde wat hy by sy ouers geleer het. Vir Reuchlin was dit dus nie vreemd om naas taalstudies, ook regte te studeer nie. Sy belangstelling in ander kulture en hulle geskiedenis het later van hom 'n suksesvolle diplomaat gemaak. Sy grootste deug was egter sy besef dat die bronne van die Europese beskawing bewaar en bestudeer moet word. Hy was daarom 'n kampvegter vir die bewaring van Joodse argiewe, en respek vir die Joodse geleerdheid – dus een van die eerste kampvegters teen anti-Semitisme! Sy eie biblioteek en argief (van die grootste in Duitsland) is aan die stad, Pforzheim, vir bewaring geskenk (Melanchthon verwys nie na die feit dat Reuchlin alles aanvanklik aan hom bemaak het nie). Die belangrike is egter om te besef dat Christelike deugsamheid talle aspekte van die kerklike en kulturele lewe raak.

Melanchthon ([1551] 2011h) se *Feesrede oor keurvors Frederik die Wyse van Sakse*¹⁶⁶ lewer 'n belangrike bydrae tot die daarstelling van Christelike deugsamheid. Melanchthon voer aan dat die grootste deug vertroue in God is – vertroue dat God vir Hom 'n kerk versamel wat hy beskerm, versorg en uiteindelik in die ewige, hemelse kerk sal laat uitmond. Op grond van die ervaring van geborgenheid, kan geglo word dat ons gasreg op aarde het en dat God die wetenskappe, die wette en die sosiale instellings vir ons in

165. In die oorspronklike titel word Reuchlin se humanistiese naam *Capnio* gebruik. Die lofredede is deur Martin Simon, die dekaan van die filosofiese fakulteit, op 30 Junie, die 30ste herdenking van sy sterfdatum, voorgedra. Reuchlin word as 'n gelowige en deugsame man voorgelou wat 'n oorlog en die Pes belewe het. Hy word vir sy bevordering van Grieks en Hebreeus geëer, en word as 'n wegbereider van die Reformasie beskou. Luther se stryd met Johannes Tetzel is deur die stryd tussen Reuchlin en Jakob Hoogstraten voorafgegaan. Reuchlin het ook tussen 1482-1496 as juris en diplomaat aan die hofhouding in Stuttgart gewerk (vgl. inleiding tot Melanchthon [1552] 2011g).

166. Hierdie lofredede is wel deur Melanchthon self geskryf, maar is in 1551 deur die regsgeleerde, Johannes Trutenbal, tydens 'n akademiese feesgeleentheid in Wittenberg voorgedra. Die nederlaag in die Smalkaldiese Oorlog en die daaropvolgende 'Interim', het die Protestante neerslagtig en verward gelaat. Deur na die lewe en voorbeeld van die deugsame keurvors terug te gryp, kon hy aan almal in staat en kerk verduidelik waarop Christelike moraliteit neerkom (vgl. inleiding tot Melanchthon [1551] 2011h:220).

bewaring hou. Die wete dat God teenwoordig is en dat Hy voorsien, skep die nodige vertroue in die werklikheid, sodat daar verantwoordelik gewerk, beplan en nagevors kan word. Frederik III, die Wyse, was 'n man van diepe geloof en liefde vir die wetenskappe. Om te regeer was vir hom 'n Goddelike roeping. Hy was egter oortuig dat hy sy regeertaak nie na behore kon doen sonder voortdurende navorsing in die regte en die teologie nie. Hy het hom gedurig in 'n gemoedelike atmosfeer, ook van advies laat bedien deur kundiges op beide terreine. Hy het na geregtigheid gestrewe, was altyd op soek na die waarheid, was selfbeheers en vriendelik teenoor al sy onderdane. Hy was oortuig dat matigheid in alle dinge tot 'n vreedsame samelewing lei. Aangesien hy matigheid as 'n belangrike deug beskou het, het hy 'n klein administrasie gehad, sodat hy geld op armoedeverligting kon spandeer. Hy het straatrowers swaar gestraf. By ander oortredings was hy meer buigzaam. Die wet van God was sy eerste en belangrikste rigsgnoer; daarna het die staatswette gevolg. Hy het wraaksugtigheid gedemp, deur toe te sien dat die regsweese goed funksioneer. Hy wou ook die gesondheidsvlakke van sy onderdane bevorder, en het daarom aangedring op beter prestasies van die mediese navorsers. Roemsugtigheid was vir hom 'n gruwel en hy het selde mense vir prestasies vereer, aangesien trots plig kon verswak. Hy was gekant teen duur begrafnisrituele, aangesien die geld eerder vir armsorg aangewend moes word. Die kerke moes plekke vir haweloses oprig, sodat daar sprake van 'n Christelike samelewing kon wees. Hy het die boere matig belas, sodat hulle vir almal op die plase kon sorg. Hy was bewus van die feit dat geen heerskappy langer as 500 jaar duur nie, aangesien die Here magismisbruikers van die trone ruk. Aangesien die Turke die samelewingsorde bedreig het, het hy nie gehuiwer om sy onderdane met militêre mag te verdedig nie.

Caspar Cruciger was 'n vriend en medewerker van Luther en Melanchthon. Dit was te wagte dat Melanchthon 'n herdenkingsrede oor hierdie prominente lid van die Reformatoriese beweging sou lewer. Melanchthon ([1549] 2012f) se *Herdenkingsrede na aanleiding van die afsterwe van Caspar Cruciger* in 1549,¹⁶⁷ lewer 'n goeie bydrae tot sy verstaan van 'n deugsame predikant. Hy wys daarop dat Cruciger in die beroemde stad Leipzig gebore is en daar opgegroeï het. Cruciger het egter nooit daarop geroem nie, aangesien die kerk sy werklike tuiste was. Hy was 'n stil en teruggetrokke, maar leergierige kind. Hy het Latyn en Grieks vinnig aangeleer, totdat hy weens die Pes, Leipzig vir Wittenberg moes verruil. Hier het hy ook Hebreeus aangeleer en die leerbesluite van die Vroeë Kerk vanuit die bronne bestudeer. Sy akademiese studies het met 'n

167. Caspar Cruciger (1505–1548) was 'n prominente lid van die Wittenbergse Reformasie. Hy staan as die kerkhervormer van Leipzig (1539) bekend. Hy was die rektor van die Johannesschule in Magdeburg (1525–1528). Hy neem deel aan die godsdiensgesprekke van Hagenau (1540), Worms (1541) en Regensburg (1541). Hy het oor humanitiese geleerdheid beskik en was Luther se medewerker aan die Bybelvertalings. Hierdie voordrag handel oor Cruciger as 'n karaktervoorbeeld. Die rede is deur die wiskundige Erasmus Reinhold, wat 1549–1550 rektor van die Universiteit van Wittenberg was, voorgedra (vgl. inleiding tot Melanchthon [1549] 2012f:161).

vroom lewenswyse gepaard gegaan. Hy het 'n belangstelling in die mediese wetenskap ontwikkel, en het twee kruietuine aangelê. Hy het hom sodanig bekwaam dat hy die boeke van die profete en die apostels kon uitlê. Hy het Luther gehelp met die vertaling van die profeteboeke en Georg Rörer om Luther se preke op skrif te stel. Hy het sy eie kommentare oor die Psalms en die Johannesevangelie opgestel, terwyl hy oortuig was dat die Heilige Gees hom só besiel het, dat hy 'n sedelik-voorbeeldige lewe kon voer. Hy was oortuig dat God se spore in die natuur waargeneem kan word, en het daarom wiskunde en die geskrifte van Kopernikus ywerig bestudeer. Voor sy dood was hy drie maande bedlêend. Hy het egter nie gemurmureer nie, en het nie swaarmoedig geraak nie. Hy het 'n vriendelike, innemende mens gebly wat voortdurend gebid het en uitgesien het na die lewe in die hemelse kerk. Hy het tydens sy siekte Luther se boek oor Dawid se laaste woorde in Duits vertaal uit dankbaarheid vir die Heer se bewaring van sy kerk. Melanchthon verwys na Cruciger as 'n man wat die vreugde van die hemelse kerk gesmaak het, en as 'n voorbeeld wat nagevolg moet word. Sy hardwerkendheid, leergierigheid, respek vir die wetenskappe en sy liefde vir God en sy medemens is die deugde wat deur ander nagestrewes moet word.

■ 7.8. Die Christelike lewe van gebed

■ 7.8.1. 'n Lewe van gebed

Melanchthon se persoonlike lewe was 'n lewe van 'vroomheid' (*fromkeyt, pietas*).¹⁶⁸ Die begrip *vroomheid* omspan die hele sedelik-godsdienstige lewenshouding van 'n mens. Kenmerkend van Melanchthon se vroomheidslewe was sy gebedslewe.¹⁶⁹ Hy self was voortdurend in gebed. Daar was gereelde gebedstye in die oggende en die aande, en hy het ook dikwels deur die loop van die dag gebid (sonder dat hy hom aan monastieke wettiese reëls onderwerp het). Hy het sy huismense en kennisse aangemoedig om te bid en het hulle op talle wyses geleer bid. Sy teologie was ten diepste 'n teologie van gebed (Jung 2010a:102). Hy was oortuig dat die mens as beeld van God, daartoe geroep is om God te ken en aan te roep. Hy het daarom sy lewensroeping verstaan as opdrag, om die regte leer oor God te onderrig en om mense aan te moedig om gereeld te bid, en om hulle te leer hoe¹⁷⁰ daar gebid moet word. Alle inwoners van en alle besoekers aan sy huis moes besef dat hulle 'n *ecclesio la Dei*, en só 'n gebedsgemeenskap vorm. Ywerige onderrig en studie (*eruditio*) asook vroomheid (*pietas*) is vir Melanchthon twee kante

168. Selfs sy 'Eerste testament' (Melanchthon [1539] 2011i) was 'n lang belydenis in gebedsvorm.

169. R. van den Berg (2011) bied 'n goeie oorsig oor Melanchthon se gebedsteologie en -praktyk in Nederlands aan.

170. Melanchthon ([1563] 2011c) het tot aan die einde van sy lewe sy kinders geleer om trinitaries te bid. Hy het byvoorbeeld ver wag dat nie slegs die Vader as 'almagtige' aangespreek word nie, maar ook die Seun en die Heilige Gees.

van dieselfde muntstuk. Die regte leer moet deur gebed aangevul word, en gebed moet inhoudelik met die regte leer gevul word (Scheible 2016:318). As eerste 'dogmatikus' van die Reformasie, het hy die volk geleer dat die Christelike gebed verskil van gebede in ander godsdienste en filosofieë. Christene moet seker wees dat God (die drie-eige God) gebede aanhoor en verhoor, aangesien Hy die lewende, teenwoordige en horende God is. In ander godsdienste en filosofieë word daar nie met só 'n Godsbegrip gereken nie. Hy het sy kinders, loseerders en studente geleer om aan die hand van Psalms (onder andere 6, 24, 50, 78, 101 en 120) en Luther se *Klein Kategismus*, te bid. Toe Melanchthon in 1523-1524 die eerste keer as Rektor opgetree het, het hy die universiteitsreëls aangepas, sodat daar voor lesings en disputasies gebid kon word. Hy het verder verwag dat teologiestudente gereeld en planmatig die Bybel moet lees, en om op grond van die gelese gedeeltes gebede te skryf. Wie gebede oor Bybelgedeeltes kan skryf, verstaan wat gelees is, was sy argument. Melanchthon was ook oortuig dat studente Grieks en Latyn goed kan aanleer deur gebede in hierdie tale aan te leer. Hy het daarom honderde gebede in Latyn en Grieks (in digvorm) geskryf, wat hy dan in sy taalonderrig gebruik het. Melanchthon was 'n formidabele briefskrywer. Byna 10 000 van sy briewe het in bewaring gebly, en die groot meerderheid daarvan (veral van sy laaste tien jaar) het een of selfs twee gebede bevat. Sy briewe was dus (al was dit somtyds sydelings) instrumente van gebedsonderrig. Melanchthon se leerboeke is ook met gebede, veral in prosastyl, gevul. Hy het leerstukke in gebede saamgevat en daarom word sy dogmatiek 'n dogmatiek in gebed' genoem. Die omgekeerde argument is eweneens waar: Daar word alleenlik reg gebid wanneer daar reg geglo en bely word. Sonder kennis van die ware en regte leer, kan daar nie reg gebid word nie. Hy het daarom op 'n gereelde basis die Apostoliese Geloofbelydenis as gebed gebruik. Melanchthon het geleer dat die God van die Christelike kerk op bepaalde maniere aangespreek moet word in gebed. Gebedsonderrig was dus ten diepste onderrig oor die unieke wese en aard van die God wat in die kerk aanbid word. Hy was verder oortuig dat die twee dogmas van die kerk (die triniteitsleer en die twee-natureleer), nie soseer deur rasonele argumente aangeleer moet word nie, maar dat hierdie twee misteries deur gebede tot begrip gebring moet word. Melanchthon ([1552] 2011d:112) het later in sy lewe 'n keer beweer dat kategese by gebedsonderrig begin en eindig. Elke aspek van die Christelike leer kan goed deur gebede onderrig word, terwyl stories en verhale dit nie kan doen nie. Volgens Treu (2016:30) het meer as 5 000 van Melanchthon se gebede in bewaring gebly - 'n indrukwekkend bron vir navorsing en kategese (vgl. Jung 2010a:101-121; 2010b:102-120; 2017:443-449; Van Wyk 2017:5-7).

■ 7.8.2. Sy verstaan van gebed

Melanchthon het nie in sy *Loci* van 1521 aan die tema van gebed aandag gegee nie. Hy het egter wel in die 1535-weergawe van die *Algemene teologiese*

temas, 'n hoofstuk aan gebed afgestaan en daarin 'n aantal boustene vir 'n gebedsteologie neergepen, waarvan hy in latere jare nie sou afwyk nie. In die Duitse 1553-uitgawe van die *Hoofartikels van die Christelike leer* asook die Latynse 1559-uitgawe van die *Belangrikste temas van die teologie*, het hy op die eerste boustene met nuwe en uitgebreide formuleringe van die saak en verklarings van die Onse Vader-gebed voortborduur.

Onder die woord *gebed* verstaan Melanchthon ([1535] 2019:284-285; [1553] 2010:418, II. 1-10; [1559] 2020b:294, I. 25-300, I. 14) basies twee dinge, naamlik aanroeping (*invocatio*) en danksegging (*gratias agere*). Onder 'aanroeping' verstaan hy die verpligting en die vrymoedigheid om God plegtig om iets te vra. Onder 'danksegging' verstaan hy die dank wat aan God verskuldig is vir seëninge, hulp en bystand. 'Danksegging' bevat ook die motiewe van roem, eer en lofprysing.

Melanchthon ([1535] 2019:266; [1553] 2010:418; [1559] 2020b:296) verstaan gebed as 'n opdrag van God. Om nie tot God te bid nie en om Hom nie te dank nie, is ten diepste sonde – sonde wat voortspruit uit ongeloof. Daar is volgens Melanchthon ook nog 'n ander rede waarom mense nie bid nie, naamlik minderwaardigheidsgevoelens. Weens die gevoel van onwaardigheid het mense die geneigdheid om nie te bid nie. Hulle glo dat God hulle as onwaardige mense nie sal aanhoor nie, en beslis nie hulle gebede sal verhoor nie. Melanchthon wys daarop dat dit ondenkbaar is dat enige mens in die oë van God só onmenswaardig kan wees, dat die gawe van gebed van só 'n mens ontnem word. Elke persoon staan dus onder die opdrag van God om te bid, en daarvoor bestaan talle redes: Vra, en daar sal gegee word; elkeen wat vra, ontvang; bid sonder ophou; ervaar die vreugde van gebed (vgl. onder andere Ps 50; Matt 7; 26; Luk 18; 1 Tim 2; 1 Tess 5). Die tweede rede wat Melanchthon ([1552] 2011d:116-117) aangee hoekom daar met vrymoedigheid gebid moet word, is omdat gebed op *sekerheid* berus – sekerheid dat God gebede deur Christus aanhoor en verhoor (vgl. onder andere Luk 11 en Joh 16). Die derde rede (Melanchthon [1535] 2019:287-288; [1553] 2010:420; [1559] 2020b:299) waarom daar in vrymoedigheid gebid kan word, hou met die vertroosting van die regverdiging verband. Die sekerheid dat sondes vergewe word, dat mense se menswaardigheid voor God herstel is en dat gelowiges kinders van God genoem kan word, is rede genoeg om met vrymoedigheid deur Christus tot God te bid (vgl. onder andere Joh 14:13). Daar is volgens Melanchthon geen rede om die onsekerhede van die predestinasieleer hier ter sprake te bring nie. God se belofte het met sy wil te make, en sy wil is niks meer of minder as wat in sy Woord geopenbaar is nie. God se wil is duidelik sy wil tot lewe (Eseg 33:11), en die moontlikhede van die ewige verdoemenis het nie plek in 'n teologie van gebed nie.

Melanchthon ([1535] 2019:288; [1553] 2010:423) gee intensief aandag aan die probleem van terugslae, bedreigings en materiële nood. Twee sake is hier belangrik, te wete voortgesette gehoorsaamheid en die sekerheid van

gebedsverhooring. In sy *Voordrag oor die gebed* (Melanchthon [1552] 2011d:118–122), gee hy spesifiek aandag aan die gebedsversoeke vir materiële hulp. Hy moedig mense aan om vir hulp in nood te bid, aangesien hulle geloof hierdeur versterk sal word. Gebed help mense om te begryp dat die lewensmiddels nie per toeval in hulle skoot beland nie, aangesien God op sy tyd en wyse voorsien. Mense mag in die gebed vir vis vra, maar kry vleis op die tafel. Gebede word dus verhoor – nie om ons begeertes te bevredig nie, maar sodat dit wat ontvang word, by die groter heil-aanbod inpas. Voortdurende gebedsversoeke vir spesifieke aardse behoeftes help die mens ook om nie spandabelrig en sonder 'n verantwoordelikebesef te lewe nie. Dit verhoed selfs inbrake en rooftogte onder die gemeenskap van gelowiges. Gebed bevorder die moraliteit van die samelewing, aangesien dit wat mense het om van te lewe, as gawes van God beskou word, en wat daarom respekvol hanteer moet word.

Die vraag hoe 'n spesifieke probleem in die gebedslewe benader moet word, geniet ook sy aandag (Melanchthon [1535] 2019:288–289). Die gebed om 'n spesifieke behoefte te vul, vereis 'n verdere argument. Die vraag sal gevra moet word óf hierdie spesifieke versoek met die wil van God ooreenstem. Selfs Jesus (Matt. 26:39) het 'n versoek tot God gerig wat nie ooreenkomstig sy wil was nie. 'n Gebed behoort dus altyd die woorde, 'as dit U wil is [...]', in te sluit. Die vraag na die wil van God moet verder in samehang met voortgesette gehoorsaamheid behandel word (bv. 2 Kon. 15). Wanneer spesifieke versoeke nie positief beantwoord word nie, is dit nie 'n vrypas om alle verdere gehoorsaamheid oorboord te gooi nie. Wanneer gebede glad nie, of anders as wat 'n mens verwag, beantwoord word, moet daar ook gevra word of die bede slegs oor my eie begeerte gaan, en of God genoodsaak is om aan so 'n versoek te voldoen. Met ander woorde: Het die spesifieke versoek met my heil of welstand te make, of slegs met my eie begeerte? 'n Verdere verbandhoudende vraag is die volgende: Hoe moet 'n gelowige reageer en optree wanneer gebede nie dadelik, of soos verwag, verhoor word nie? Die antwoord is duidelik: Daar moet in die gebed volhard word (Luk. 18; 1 Tess. 5:17).

Die vierde belangrike insig wat Melanchthon ([1535] 2019:290–291) oor gebed wil deel, is dat gebed nie 'n blote gebabbel of gesprek met jouself is nie. Gebed gaan oor die verering van en dankbetuiging aan God, aangesien daar geglo word dat God die lewende, horende en skenkende God is (Matt. 7:7; Luk. 1:53). Gebed is daarom 'n daad van eerbied en respek. Volgens Melanchthon ([1543] 2011a:46) is die manier van bid belangrik. Jesus het sy hande en oë na die hemel opgeslaan en geleer om die Vader in die hemel te aanbid. Die rede is dat God en die grootsheid van sy skepping raakgesien en vereer moet word.

Vir Melanchthon ([1535] 2019:291) is dit ook belangrik dat gebed nie net 'n private aangeleentheid is nie. Die persoonlike gebed moet die kerk, die gemeenskap en die wêreld insluit. Daar kan nie net vir eie behoeftes gebid word nie, maar daar moet vir alles en almal gebid word wat gebed benodig. 'n

Goeie voorbeeld is sy jarelange gebede vir sy vriend, die stadsraadslid van Nürnberg, Hieronymus Baumgartner, wat in 1544 gevange geneem is deur 'n ridder wat mensehandel bedryf het. Melanchthon het onophoudelik vir sy vrylating gebed, en was selfs bereid om namens hom lyfstraf te ontvang. Toe hy ná 14 maande vrygelaat is, het hy God gedank, en ander verseker dat God wel gebede aanhoor en verhoor (vgl. Jung 2010a:119-120).

Melanchthon ([1535] 2019:291-293; [1553] 2010:426-427; [1559] 2020b: 338-362) het sy hoofstuk oor gebed aanvanklik met 'n kort, en later met 'n langer uitleg en aktualisering van die Onse Vader-gebed afgesluit. Hierdie paragraaf word egter afgesluit met 'n uitleg van die Onse Vader-gebed in gebedsvorm, wat waarskynlik in 1527 geskryf is (soos weergegee in Jung 2010a):

Onse Vader wat in die hemel is

Ag U, almagtige, genadige en goeie Vader,
U wat om almal se ontwil om ons en by ons is,
U wat skep, voed, onderhou en beskerm.

Laat u Naam geheilig word

U Naam word reg geken deur regte leer
en geloof, en word daardeur geloof en geprys.

Laat u ryk kom

Regeer ons deur u Heilige Gees.
Want, wanneer ons deur U verlaat word, verval ons
in allerlei sonde, vernedering en ongelukkigheid,
soos wat dit geskrywe staan (in Joh. 15:5)
'sonder My kan julle niks doen nie'.

Laat u wil op aarde geskied, net soos in die hemel

Ons wil, dat alles altyd volgens ons wil verloop,
sodat ons sonder kruise kan lewe.
Maar Here God, sit u wil in ons lewens deur
en skenk ons gehoorsaamheid en geduld.

Gee ons vandag ons daaglikse brood

O Here, versorg ook die liggaam, gee ons tog voedsel,
kundigheid, goeie reputasie, gesondheid en alles,
wat die liggaam nodig het, soos U dit belowe het
(Matt. 6:33) 'trag eers na die ryk van God [...] dan sal
Julle ook al hierdie dinge ontvang'.

¹⁷¹*En lei ons nie in versoeking nie*

Laat ons tog nie val wanneer ons versoek word nie,

171. Die vyfde bede word nie in hierdie gebed aangeroei nie. Op grond van sy uitleg in 1535 sou hy waarskynlik iets soos die volgende kon bid: *Vergewe ons ons skuld* - Vader verseker ons van die vergewing van ons skuld danksy die bemiddelaar Jesus Christus. Laat ons ook daarom diegene vergewe wat teen ons oortree het (vgl. Melanchthon [1535] 2019:292).

want verseker begeer die duiwel om ons te vernietig soos wat Petrus (1 Pet. 5:8) sê, dat hy soos 'n verwoede leeu soek om ons te verslind. Hierteen kan ons met ons eie kragte nie weerstand bied nie. Daarom Here, behoed U ons!

Maar verlos ons van die bese

Help ons uit allerlei nood en benoudhede, en in die besonder: Red ons uit die dood! (pp. 86-87)

■ 7.8.3. Gebed en die wetenskappe

Melanchthon, die teoloog van gebed, was ook die reformator wat die wetenskappe verdedig en bevorder het. Hy het die wetenskappe nie as 'n bedreiging vir die Christelike geloof beskou nie, maar as 'n noodsaaklike diens aan die mensdom.¹⁷² Die Smalkaldiese Oorlog (1546-1547), die sogenaamde 'interimtyd' en die oorlog van 1552 wat hieruit voortgespruit het, was 'n tyd van intense gebed vir Melanchthon. In sy dankgebede ná hierdie oorloë, het hy die Here altyd vir twee dinge gedank, naamlik die behoud van die Evangeliese Kerk en die wetenskappe (Jung 2010a:120-121).

Op ander plekke in die boek waar dit oor die wetenskappe handel, word daar telkens aangedui hoe wetenskap en gebed in Melanchthon se denke 'n eenheid vorm. Hier kan één verdere voorbeeld genoem word: Melanchthon het 'n groot belangstelling in die astrologie gehad. Sy voordrag, *Oor die waardevolheid van die astrologie* (Melanchthon [1535] 2012g), lewer 'n belangrike insig oor sy verstaan van die verband tussen gebed en astrologie. Die astrologie was vir Melanchthon 'n wetenskap wat ontwikkel moet word. In sy tyd het die astrologie begin om bewyse op te lewer dat daar 'n verband tussen die posisie van planete en seisoene op aarde bestaan. Nuwe seisoene gaan met veranderde weersomstandighede gepaard en mense moet daarby aanpas. Om in die middel van die winter vir warm sonskyndae te bid, is onsinnig en bring die Christelike godsdiens in die verleentheid. Kennis van die astrologie bied daarom 'n ekstra riglyn vir gebed, wat die integriteit van die Christelike geloof beskerm.

Melanchthon self het lesings in astrologie en astronomie aangebied en het die geskrifte van Kopernikus bestudeer. Hoe sy bemoeienis met hierdie vakgebiede sy teologie beïnvloed het, blyk duidelik uit sy briewe. Een voorbeeld: Op 27 Oktober 1551 skryf hy 'n brief aan Christoph Stathmion (Mundhenk et al. 2017:126-127) dat hy uit die horoskoop kon agterkom dat daar oorlog op pad was. In daardie tyd (1547) was die sterrekonstellasies heeltewel deurmekaar, en dit was 'n aanduiding dat daar oorlog aan die kom

172. Melanchthon was 'n holistiese denker. Geloof, wetenskapsbeoefening, gebed en etiek moet saam bedink word. 'n Goeie voorbeeld is sy denke (Melanchthon [1555] 2012c) oor die mediese wetenskap.

was. Melanchthon (Mundhenk et al. 2017) maak dan die volgende verhelderende uitspraak:

Maar die menslike wel en weë word nie slegs deur die sterre beïnvloed nie; Ons Heer Jesus Christus, die Seun van God, lei die ganse natuur en verhoor baie beslis diegene wat Hom in gebed aanroep. (p. 127)

■ 7.9. Oorsig

Hierdie hoofstuk handel oor Melanchthon se etiek. Die een voedingsbron van sy etiek is die heilige Skrif en die teologiese tradisie. Sy verstaan van die 'wet' word verder deur die onderskeid tussen Gees en letter belig. Drie gebooe, naamlik die eerste, vyfde en sewende (vlg. die Lutherse telling) word gebruik om te illustreer hoe Melanchthon hierdie gebooe verstaan en verpraktiseer het. Dit word vanuit drie perspektiewe gedoen: Eerstens, die perspektief van die sedewet; tweedens, die perspektief van die bekeerde Christen; en dertens, die perspektief van die natuurwet. Die volgende afdeling handel oor moraal en reg. Melanchthon se aandrag op respek vir die instelling van die staat word opnuut belig, en dan volg 'n besinning oor die verhouding tussen reg en geregtigheid. Die grense en perke van wette en reëls is 'n belangrike aspek van sy etiek, en kry daarom aandag. Melanchthon se voorstellings van die Christelike moraal en deugde word aan die hand van sy biografiese voordragte oor uitsonderlike persoonlikhede verduidelik. Die hoofstuk word met die daarstelling van sy verstaan van gebed afgesluit. Melanchthon het die weg aangedui (wat die Heidelbergse Kategismus gevolg het) om gebed as tema van die etiek te behandel.

Die kerk van Jesus Christus

Die woord *kerk* het oor die afgelope twee dekades 'n belaste woord onder Afrikaanssprekendes geword. Die daling van lidmaatgetalle, die las van die apartheidsverlede en die spottery met die 'Calvinisme' in die media het bygedra tot die huiwering om teologies verder met hierdie begrip te werk. Melanchthon se insigte kan hopelik help om die grondoortuigings van die Reformatoriese ekklesiologie dalk vir die eerste keer te ontdek, of dalk te herontdek sodat daar met groter begrip en verantwoordelikheid oor kerkwees geskryf en geleer kan word. Die woord, begrip, idee en praktyk van *kerk* kan nie maar net prysgegee word nie. Sou dit gebeur, kan die evangelie ook maar prysgegee word.

■ 8.1. Die kerk

Melanchthon se ekklesiologie het oor 'n tydperk van 42 jaar gestalte gekry. In hierdie tyd het sy denke oor die kerk gegroei en ontwikkel. Daar is in verskillende tye verskillende gesigspunte beklemtoon. Politieke gebeure (soos die invalle van die Turke) en teologiese twis (soos dié met die Roomse Kerk en die Charismatiese beweging van sy tyd) het in 'n sekere mate sy ekklesiologiese agenda bepaal, maar nie sy oortuigings beslissend beïnvloed nie. Melanchthon was 'n selfstandige navorser en denker binne die vroeë Reformatoriese tradisie, wat 'n merkwaardige konsistensie in leeruitsprake oor 'n lang tydperk gehandhaaf het. Melanchthon se ekklesiologie is 'n ekklesiologie van die

How to cite: Van Wyk, I.W.C., 2022, 'Die kerk van Jesus Christus', in *Philipp Melanchthon: Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie*, HTS Religion & Society Series, Vol. 12, pp. 165-188, AOSIS Books, Cape Town. <https://doi.org/10.4102/aosis.2022.BK327.08>

Woord en uit die Woord. In hierdie ekklesiologie word die mens as 'n aangesproke en horende wese waargeneem. Die kerk bestaan uit lidmate wat vanuit die Woord aangespreek word en na die evangelie luister. Waar hierdie aktiwiteit nie plaasvind nie, is daar nie 'n kerk nie (Kühn 1980:4; Rahner 2017:419). Al die ander aspekte van die ekklesiologie word uit hierdie grondgedagte ontwikkel, of keer daarheen terug – óf dit nou die sakramente óf die ampte is.

■ 8.1.1. Wat is die 'kerk'?

Melanchthon se definisie van die kerk in Artikel VII van die CA het kriteriologiese en heuristiese betekenis. Dit is die maatstaf van en wegwyser vir sy ekklesiologie, en was die basis van sy denke oor die kerk. Hy het telkens na hierdie definisie teruggekeer. Melanchthon ([1530] 2014) stel:

Daar word [*deur die Protestantse afvaardiging*] geleer dat daar [*nog*] altyd 'n heilige Christelike kerk was en [*ook*] sal wees; hierdie [*kerk*] is die versameling van alle gelowiges, waar die evangelie suiwer [*of reg*] verkondig word en die heilige sakramente volgens die evangelie bedien word.¹⁷³ (p. 102)

Melanchthon het deur die loop van die jare in minder bekende publikasies op 'n treffende wyse verdere gestalte aan sy ekklesiologie gegee. Melanchthon ([1543] 2011a) het byvoorbeeld in sy *Reformatoriese ontwerp vir die aardsbiskop van Keulen* die kerk soos volg verduidelik:

Die sigbare kerk en die gemeente van God is in hierdie lewe die versameling van hulle wat die Woord van God, wat deur Christus en die apostels aan ons toevertrou is, werklik glo en deur die Heilige Gees nuut gebore is. In hierdie versameling is daar, in hierdie lewe, nogtans talle mense wat nie nuut gebore is nie en nog steeds teen hulle gewete sondig. Uiterlik, hou hulle egter, eendragtig saam met die ware Christene vas aan die ou leerstellings en die regte gebruik van die sakramente. (p. 86)

Twee nuwe perspektiewe word hier uitgelig: In die eerste plek, die kerk is dáár waar die evangelie verkondig word en die Heilige Gees op grond van die verkondiging die geloof in mense wek. Die versameling van gelowiges waar die evangelie verkondig en geglo word, ís die kerk. Tweedens, mense wat eredienste bywoon en selfs die belydenis resiteer, is nie noodwendig deel van die ware kerk van Christus nie. Só is die uiterlike verskyning van die kerk altyd 'n *corpus permixtum* – 'n versameling van ware gelowiges en skyngelowiges.

In sy *Antwoord op die Goddelose artikels van die Beierse inkwisisie* ([1559] 2012), wat hy ook as sy testament beskryf het, het Melanchthon 'n jaar voor sy afsterwe, op 'n deurdagte wyse verdere toeligting oor die kerk gegee. Hy ([1559] 2012) formuleer dit soos volg:

173. Die Latynse weergawe ([1530] 2014:103) lui: '*Item docent, quod una sancta Ecclesia perpetuo mansura sit. Est autem Ecclesia congregatio sanctorum, in qua Evangelium recte docetur et recte administrantur Sacramenta.*'

In hierdie bedeling is die kerk die versameling van hulle wat die evangelie aanneem en van die sakramente reg gebruik maak. In hierdie versameling is die Seun van God, deur die diens van die evangelie, werklik aan die werk. Deur die woord van die evangelie en die Heilige Gees skenk Hy aan talle die wedergeboorte en maak van hulle erfgename van die ewige lewe. In hierdie versameling is daar talle uitverkorenes, maar ook diegene wat nie heilig is nie, maar nogtans instemmend teenoor die ware leer staan [...] die kerk van hierdie bedeling word heilig genoem aangesien die Seun van God hier werklik regeer en talle lede deur die Heilige Gees geheilig en uitgekies is. Hierdie lede word die 'lewende lede' van die kerk genoem; daar is egter ook ander, 'dooie lede', selfs wanneer hulle die ware leer belydenismatig toestem [...] mense is egter ook onderrigbare wesens, en kan tot ander insigte gebring word [...] Godslasteraars kan selfs heerskappy voer in die kerk, maar dit maak van hulle nog nie lede van die kerk nie. (pp. 193-194)

Melanchthon maak dit hier duidelik dat die kerk die plek is waar die lewende Heer, Jesus Christus, werkend teenwoordig is. Waar geloof in Christus afwesig is, is daar nie sprake van kerk nie. Van geloof in Christus kan daar slegs sprake wees indien daar ampsdraers is wat van die beloftes van Christus vertel, of diens aan die evangelie lewer (vgl. Melanchthon [1559] 2020a:6, II. 5-8). Die kerk is dus iets totaal anders as 'n regeringsorganisasie. Bepaalde kennisvlakke van en 'n lewenshouding volgens die wet, konstitueer nog nie die kerk nie. Daar is slegs sprake van kerk waar Christus en sy beloftes geglo en vertrou word, en Hy in vertroue op die Heilige Gees aanbid word – iets wat nie binne enige burgerlike instelling voorkom nie (vgl. Melanchthon [1559] 2020a:8, II. 16-24). Dit is interessant dat Melanchthon hier aan die einde van sy lewe na die ware kerk van Christus as die gemeenskap van uitverkorenes verwys. In die laaste uitgawe van sy *Loci* ([1559] 2020a) herhaal Melanchthon hierdie oortuiging deur te stel:

So dikwels as ons oor die kerk nadink, moet ons die sigbare kerk vir ons voorstel as die gemeenskap van die geroepenes [*coetum vocatorum*], en ons moet ons nie verbeel dat daar 'n ander kerk bestaan as dié een wat uit die uitverkorenes bestaan nie, en as sodanig ook die sigbare kerk is nie. (p. 2, II. 3-6)

Onder 'uitverkiesing' moet daar egter nie 'n willekeurige predestinasie van sekere enkelinge verstaan word nie, aangesien die 'uitverkorenes' hulle is wat na die verkondiging luister, en deur die werking van die Heilige Gees, die beloftes van die evangelie glo. Slegs binne die samekomste waar die evangelie verkondig word, is daar sprake van kerk, en hierdie kerk is die gemeenskap van uitverkorenes (vgl. ook Melanchthon [1559] 2020a:6, II. 26-29).

Melanchthon ([1559] 2012:194) plaas in die aangehaalde gedeelte ook klem op die kerk as onderriginstansie. Die kerk bestaan nie sonder prediking, kategeese en leer nie. Mense moet oor die evangelie onderrig word, hulle moet oor die dinge van die geloof geleer word en begelei word om God reg te aanbid en om afgode te vermy (vgl. Melanchthon [1559] 2020a:2, II. 20-30). 'n Kerk wat nie ook 'n lerende kerk is nie, is nie kerk van Jesus Christus nie. Sonder voortdurende onderrig, kan die kerk nie standhou nie, óf nog skerper: 'Die lerende kerk moenie belaster word nie' (*'Non contemnamus docentem*

Ecclesiam'), aangesien Christus se kerk 'n lerende kerk is (Melanchthon [1559] 2020a:14, ll. 22).

Terwyl die ware kerk van Christus verborge is, en eers by die wederkoms geopenbaar sal word, is die kerk terselfdertyd ook 'n sigbare versameling van mense, aangesien die diens aan die evangelie sigbaar is en in die openbaar gedoen word. Die kerk is dus nie 'n Platoniese idee nie, en die kerklike leer vind nie in die geheim plaas nie. Nog minder is daar sprake van 'n ware kerk wanneer daar 'n biskop in 'n gebied heers. Melanchthon ([1559] 2012) sê treffend:

Die kerk, egter, is 'n monargie sover dit die hoof, Christus, aangaan, en soos 'n eerbiedwaardige universiteit is dit ook 'n aristokrasie, sover dit die dienaars van en die toehoorders in die kerk aangaan. (p. 196)

Die sigbaarheid van die kerk hang nie van 'n hiërargie van ampsdraers af nie, en ook nie van sigbare, imposante gebouekomplekse nie. 'n Samekoms van mense wat na die Woord luister en God op gepaste wyse aanroep en vereer, moet die enigste sigbaarheid wees. Hierdie standpunt het talle Protestante van die begin af onseker gelaat of die Evangeliese Kerk deel van die één, heilige, algemene kerk is. Melanchthon se antwoord was deurgaans dat die Evangeliese Kerk deel in die katolisiteit van die kerk, aangesien daar nie van die belydenisse en leerstellings van die Vroeë Kerk afgewyk word nie. Die feit dat die leerwalings van die Roomse Kerk verwerp word, onthef die Evangeliese Kerk nie van katolisiteit nie. Die feit dat die Roomse Kerk verkeerde leerbeslissings tydens sinodes geneem het, dwing die gewete nie om daaraan gehoorsaam te wees nie. Sinodes kan dwaal wanneer daar van die Skrif en die drie kerklike belydenisse afgewyk word – en téén hierdie dwalings moet getuig word, en daarom het die Evangeliese Kerk bestaansreg (vgl. Melanchthon [1559] 2012:200–205).

■ 8.1.2. Die kenmerke van die kerk

Ons het daaraan gewoond geraak dat die Reformatoriese vraag soos volg geformuleer word: 'Wat is die kenmerke van die ware kerk?' Melanchthon stel dit egter ietwat anders: 'Aan watter tekens kan die kerk van God herken word?' Volgens Melanchthon ([1559] 2012) se '*Belydenis*' is daar drie tekens, te wete:

[D]ie onvervalste betuiging van die leer van die evangelie, die gebruik van die sakramente in ooreenstemming met hulle Goddelike instelling, en die gehoorsaamheid wat aan die diens van die evangelie verskuldig is. (pp. 194–195)

Mense moet hulle nie laat mislei deur diegene wat beweer dat 'n kerkorde, of die handhawing van die posisie van die biskop van Rome, of die handhawing van sekere kultiese rituele ook tekens van die ware kerk is nie. In sy laaste groot sistematiese besinning stel Melanchthon ([1559] 2020a:30, ll. 19), dat die regte verkondiging van die evangelie en die regte gebruik van die sakramente 'tekens van die leiding van die Heilige Gees is' ('*est significationes*

Spiritus sancti). Sy pneumatologiese ekklesiologie dui 'n koers aan wat dalk in die geskiedenis van die navorsing misgekyk is (minstens by Kühn 1980 en Rahner 2017).

Vir Melanchthon ([1559] 2020a:36, ll. 14–27) is die ware kerk meestal 'n 'klein gemeenskappie' (*'est exiguus coetus'*) waar die vlam van die ware leer helder brand. Hierdie klein gemeenskappie kan daarom nooit die kenmerke van 'n magtige staatsinstelling dra nie. Volgens Melanchthon ([1559] 2020a:18, l. 11–22, l. 12) moet kerk en staat met behulp van drie grondbegrippe onderskei word, naamlik orde (*ordinem*), eer (*gloriam*) en beskutting (*praesidia*). Orde in die kerk word nie deur die mag van één bevelvoerder op één plek bepaal nie, maar deur die verkondiging van dieselfde evangelie deur verskeie ampsdraers op verskillende plekke. Kerklike eer het ook nie met sukses en prestasie te make nie, maar met nederige onderdanigheid aan die kruis. Eer in die kerk is waar God reg geken en aangeroep word. Die kerk vertrou nie op militêre beskutting nie, maar op die beskutting wat die Gekruisigde vanuit die hemel bied. Die idee van 'n 'staatskerk' het buite Melanchthon se ekklesiologiese denke geval, ten spyte van sy lojaliteit aan die Protestantse keurvorste.

■ 8.1.3. Strukture en eiendomme

Melanchthon het nie institusioneel oor die kerk gedink nie, maar hy moes meehelp om allerlei bestuurstrukture te vestig. Een rede was dat die Evangeliese Kerk van die begin af oor talle kerkgeboue, kloosters (wat later in skole omskep is)¹⁷⁴ en geld beskik het. Dit alles moes betroubaar, eerlik en verantwoordelik bestuur word. Melanchthon het die geld en besittings as gawes van God gesien, wat die Kerk toegeval het as antwoord op gebede. Materiële seëninge moet egter met morele integriteit bestuur word, en daarvoor is amptenare en vergaderings nodig. Strukture en eiendomme is nie die kerk nie, maar daarsonder kan die kerk ook nie sy taak volvoer nie. Om hierdie rede moet daar ook gereeld vir hierdie aspekte van kerkwees voorbidding gedoen word, aangesien dankbaarheid betoon moet word, en daar op die leiding van die Heilige Gees gesteun moet word (vgl. Melanchthon [1559] 2012:278–283).

■ 8.2. Ampte

In die kerk van Jesus Christus is daar geordende ampsdraers wat vir die diens aan die evangelie verantwoordelik is. Melanchthon konsentreer op

174. Melanchthon se raad is gevolg om ou, meestal geplunderde kloosters en kerkgeboue te restoureer, sodat dit vir opvoedkundige aktiwiteite gebruik kon word. Samehangend hiermee, het hy aanbeveel dat daar stewige, goed-geboude pastorieë opgerig moes word, sodat die predikante veilig kon lewe en huisvesting kon bied aan reisigers en vlugtelingen (vgl. brief aan Burkhard Mithoff in München op 16 Oktober 1541) (Mundhenk et al. 2017:81–82).

twee ampte, naamlik dié van die prediker en die pastorale versorger ('*Seelsorger*'). Alhoewel Melanchthon voorgehou word as die biskop van die Evangeliese Kerk, met ander woorde as leidinggewende en koersaanduidende persoonlikheid, het hy beswaar teen die amp van biskop gehad. Sy besware het met die feit te make dat die destydse Roomse biskoppe magsfigure was, wat met behulp van wette die kerk soos 'n staatsinstelling regeer het. 'n 'Biskop' behoort niks anders as 'n ervare, sorgsame raadgewer vir ander predikante te wees nie. Hy moet met kennis van en insig in die evangelie, kollegas bemoedig en op die regte koers hou.¹⁷⁵ Elke gemeente behoort 'n eie 'biskop', pastoor, sielsorger of priester te hê. Hulle moet deur die gemeente gekies word, en deur handoplegging en gebed amptelik in die gemeente se diens geplaas word. Hulle moet deur persoonlike besoeke en gesprekke mense in nood, verwarring en twyfel, met trooswoorde en verhelderende insigte uit die Skrif bystaan. Hulle lewe en denke moet die geloofwaardigheid van die evangelie ondersteun en nie ondergrawe nie. Hulle moet blymoedige en vreugdevolle mense wees, wat deur middel van hulle persoonlikhede iets van die evangelie kan laat blyk. Vir Melanchthon is dit belangrik dat die predikante die leer van die kerk sal ken en verstaan, en daarom verhelderend kan verduidelik en aktualiseer. Wie hulle nie aan die kerklike leer wil hou nie, kan nie die amp beklee nie, aangesien hulle nie die evangelie wil dien nie. Daar kan nie toegelaat word dat predikante lidmate met hulle eie persoonlike 'fantasieë' en 'godsdienste' verwar nie. Ampsdraers van die kerk kan nie die ruimte gegun word om nuwe 'afgode' te verkondig nie (vgl. Melanchthon [1543] 2011a:85-86; [1553] 2010:379-382; Rahner 2017:433-434).

Melanchthon het in sy akademiese werke en briewe uitvoerig op die amp van prediker gekonsentreer. In 'n brief van 09 November 1544 aan Martin Seidemann in Mansfeld, het hy 'n goeie aanduiding van die eienskappe gegee waarvoor 'n bedienaar van die Woord moet beskik. Hy of sy 'moet 'n redenaar wees, die Goddelike leer reg, duidelik, goed-georden en helder uitlê' (Mundhenk et al.2017:99). Om dít te kan doen, moet die predikant 'n goed opgeleide en ontwikkelde mens wees. Ter verduideliking tipeer Melanchthon (Mundhenk et al. 2017) die verskillende tipe predikante:

Eerstens: Ongeleerde mense kan nie gestruktureerd leer nie, ook nie gepaste gebare maak nie en maak talle inhoudelike foute. Intussen sê hulle min nuttige dinge terwyl hulle beledigings aanmekeer ryg. Tweedens: Sekere akademies-goed-gevormde predikante praat weer té veel sonder om tot die punt te kom.

175. Melanchthon verstaan onder die begrip *biskop*, die kerkleidende instansie. Om weg te beweeg van die Roomse biskoppe se magsposisie, stel hy voor dat 'kerkleiding' op 'n totaal ander manier moet plaasvind. Volgens *Die genotuleerde besluite van die Naumberger konvent* (Melanchthon ([1554] 2011g:96), kom Protestantse kerkleiding neer op die volgende: Omvattende geleerdheid en opvoeding, geordende predikante, 'n konsistorie ('n kerkraadsvergadering) met wêreldlike volmag (om regsooreenkomste aan te gaan), en visitasie (amptelike besoeke deur ander predikante wat pastorale en leergesprekke insluit).

Hulle lê nie uit nie, siteer nie belangrike uitsprake nie en gee nie belangrike voorbeelde nie. Met hulle oordrewe taalgebruik, verskil hulle uiteindelik nie veel van die ongeleerdes nie [...] Derdens is daar diegene wat van kindsbeen af weet watter temas nuttig en noodwendig is, dit kunstvol, met goedgekose woorde helder en duidelik voordra. Hulle orden die inhoud en leer die toehoorders oor die nuttigheid van die evangelie en die spesifieke punt waaroor dit in die verkondiging gaan. Hulle benut goeie aanhalings en voorbeelde. Uiteindelik weet die toehoorders wat hulle moet onthou en wat hulle met hulself kan meeneem. Hierdie redenaars speel ook met emosies. Hulle wek vrees deur verskriklike voorbeelde te noem en hulle wek vertroue deur lewensgebeure voor te hou. Op 'n gepaste wyse praat hulle soms oor die wet en soms oor die evangelie, en weet om dit op 'n intelligente wyse te onderskei'. Om hiertoë in staat te wees 'moet jy op geen manier die studie oor die literatuur en die filosofie opgee nie. Hierdie studies is 'n groot hulp by die prediking. 'n Geleerde of ontwikkelde mens weet beter wat gepas en nuttig is, aangesien hy die materiaal beter kan orden en nugterder is in woordkeuse. Die filosofie, egter, help om taal meesterlik te hanteer. (pp. 101-102)

Ten spyte van al die persoonlike, menslike eienskappe waaroor 'n predikant moet beskik, bly goeie prediking 'n gawe. Melanchthon ([1553] 2010:391) beklemtoon die gawe karakter van die prediking, aangesien hy dit duidelik wil maak dat die predikant nie 'n staatsampenaar of 'n besigheidsbestuurder is nie. Uitleg van die heilige Skrif berus ook nie op die gesaghebbende mening van magsfigure nie, maar op die leiding van die Heilige Gees. Prediking kan nie met die koning se gesagvolle uitleg van wette vergelyk word nie, aangesien goeie, regte, betekenisvolle verkondiging deur die Heilige Gees aan dienaars van Christus as gawe geskenk word. Die prediking van 'n egte dienaar van Christus, is dus iets anders as die doen en late van magsfigure binne die burgerlike samelewing. Melanchthon het in die laaste uitgawe van sy *Loci* ([1559] 2020a:30, II. 17-22) daarop gewys dat die kentekens van die ware kerk nie net die 'onvervalste verkondiging van die evangelie en die regte gebruik van die sakramente' is nie, maar ook die 'tekens dat die Heilige Gees op 'n bewonderingswaardige wyse leiding [deur die ampsdraers] verskaf' ('[...] *tamen subinde aliquae significationes Spiritus sancti in miranda gubernatione accedunt*'). Regte, belydenisgetroue prediking is dus as 'n gawe van die Heilige Gees, ook deel van die kentekens van die kerk. Dit is selde in die verlede raakgelees. Dit is om hierdie rede dat Melanchthon weier om die amp van predikant aan 'n ampenaar van die staat (of 'n besigheid) gelyk te stel. Die predikant is nie 'n funksionaris wat volgens voorgeskrewe wette en redelike insigte 'n burgerlike organisasie organiseer nie. Predikante word deur die Heilige Gees toegerus om die evangelie binne die raamwerk van die Skrif en die belydenis uit te lê en te aktualiseer (vgl. Melanchthon [1543] 2011a:83-87). Met mag, meerderhede en posisie het die verkondiging niks te make nie, maar wel met die gawes van die Heilige Gees wat aan hulle gegee word, wat die volle spektrum van temas van die Skrif wil dien (vgl. Melanchthon [1559] 2020a:32, II. 18-27).

■ 8.3. Sakramente

■ 8.3.1. Wat is sakramente?

Melanchthon ([1521] 1997:322–332) het reeds in die eerste uitgawe van sy *Loci communes* 'n verduideliking gegee wat onder 'sakramente' verstaan moet word. Hy gebruik egter nie die woord *sakrament* in die opskrif nie, maar wel die woord *teken* ('*De signis*').¹⁷⁶ Melanchthon ([1521] 1997) verduidelik sy voorkeur vir die woord *teken* op die volgende wyse:

Wat die ander sakramente¹⁷⁷ noem, noem ons tekens, óf indien dit u geval, sakramentele tekens, aangesien Paulus Christus self 'n sakrament noem. Wanneer die woord teken jou nie geval nie, dan kan jy dit seël noem, waardeur die krag van die sakramente duideliker tot uitdrukking gebring kan word.¹⁷⁸ (p. 328, ll. 19)

Dat die tekens of die sakramente noodsaaklik is vir die geloof, staan vas. Die evangelie is die belofte van die genade ('*Evangelium promissionem esse gratiae*'), en naas die evangelie is daar tekens of seëls wat die wil van God jeens ons bevestig, en nie net herinner aan wat God ons belowe het nie. Paulus verduidelik in Romeine 4 dat dit die wesenskenmerk van die teken is. Hy wys daarop dat Abraham deur die geloof geregverdig is, en dat die besnydenis die teken is wat sigbaar bewys lewer dat die Here Abraham en sy nageslag genadig was en is. Vir Melanchthon is dit nie genoeg dat die tekens ons slegs aan God se genade herinner nie – dit is ook 'n vaste versekering van God se goeie wil jeens ons.¹⁷⁹ Deelname aan die tekens is dus 'n vreugdevolle ervaring. Dat die Here sy goeie wil met tekens bevestig, is 'n bekende saak in die Ou Testament. Melanchthon dink onder andere aan Gideon (Rig. 6:36–40) wat op 'n teken van die Here kon steun. Wat egter goed besef moet word, is dat die teken self nie regverdig nie – dit is die geloof in die belofte sowel as die teken

176. Op grond van die Engelse vertaling, blyk dit dat Melanchthon in die 1535-uitgawe van sy *Loci* ([1535] 2019:190) wel die begrip *sakramente* en nie *tekens* nie, as opskrif gebruik het. Inhoudelik praat hy egter deurgaans dat die doop en die nagmaal sigbare tekens is wat die geloof in die beloftes van die Here versterk. In die 1553-Duitse uitgawe van die *Loci*, gebruik Melanchthon ([1553] 2010:317) wel die woord *sakramente*.

177. Die begrip *sacramentum* is vermoedelik eerste deur Tertullianus gebruik vir die rites wat met die doop en nagmaal te make het. Die begrip kom uit die Romeinse militêre taalidroom en het oorspronklik vaandeled (verbondseed), getrouheidseed en verpligting beteken. Vermoedelik is hierdie begripsbetekenis op die doopverpligting van ouers oorgedra. Die Griekse woord *geheimenis* of *misterie*, is later in Latynse vertalings (van o.a. Ef. 5:32) met *sacramentum* vertaal. Dus: 'n Griekse begrip is met 'n vreemde Latynse woord vertaal, wat die taalgebruik deur die latere eeue bepaal het (vgl. kommentaar van G. Pöhlmann, die vertaler van Melanchthon [1521] 1997:328, voetnota 1045).

178. Melanchthon se eie woorde: '*Quae alii sacramenta, nos signa apellamus aut, si ita libet, signa sacramentalia. Nam sacramentum ipsum Christum Paulus vocat. Quodsi signi nomen displicet, σφραγίς appelles, quo propius vias sacramentorum signetur.*'

179. In die finale weergawe van sy *Loci praecipui theologici* in 1559, verduidelik Melanchthon ([1559] 2020a:38, ll. 14–17) '[...] dat 'n sakrament, soos wat ons in die kerk sê, 'n seremonie is, wat deur die evangelie ingestel is, sodat dit die getuienis van die belofte aandui, naamlik die beloofde versoening of genade' ('*Sacramentum nunc quidem, ut in Ecclesia loquimur, vocatur ceremonia in Evangelio instituta, ut sit testimonium promissionis, quae est Evangelii propria, videlicet promissae reconciliationis seu gratiae*').

van ondersteuning vir die geloof, wat regverdig is. Die barmhartigheid van God word nie deur tekens en seremonies bewys nie; dit ondersteun wel die geloof en die vertrou. Volgens Melanchthon is net die doop en die deelname aan die tafel van die Here sakramente wat deur Christus self ingestel is. Dit sal hieronder verder verduidelik word.

'n Nuwe argument wat Melanchthon in die 1535-uitgawe van die *Loci* ([1535] 2019:191) byvoeg het, is dat deelname aan die sakramentsbediening nie redding meebring nie. Die sakramente werk nie *ex opere operato* nie; met ander woorde, deelname bewerk nie outomaties heil nie. Anders gestel: Deelname aan die sakramente kom nie op goeie werke neer wat verlossing bewerkstellig nie. Sakramente is nie tekens van menslike liefdesdiens nie, maar tekens van God se beloftes van vergewing en 'n nuwe lewe.

In die Duitse weergawe van die *Loci* (1553), wat eintlik 'n kategismus vir gewone lidmate is, voeg hy weereens nuwe argumente by die voriges. Dit gaan eerstens oor die belangrikheid van sakramente as openbare handelings. Melanchthon ([1553] 2010:317–320) argumenteer dat die Here wil hê dat sy Woord in die openbaar gehoor moet word, en dat sy volk, die kerk, van ander volke onderskei sal word op grond van hulle doen en late en dit waarna hulle luister. Die sakramente wat sigbaar is, is deel van die openbare beeld van die kerk, en mense wat wil sien en wil laat sien, moet die sakramente onder oë kry. Die tweede nuwe argument wat hy in hierdie boek opper, het met die dwaling van die 'wederdopers' te make. Vir hulle is die sakramente goeie werke: Die doop beteken vir hulle dat die mens geroepe is tot baie lyding,¹⁸⁰ terwyl die nagmaal daarop dui dat Christene onderling goeie vriende is. Met hierdie verstaan, word daar niks gesê oor die beloftes, die geloof en die troos nie – dit waaroor die sakramente eintlik gaan.

In die laaste weergawe van sy leerboek, herhaal Melanchthon die kritiek op die dwaling wat op daardie stadium 'n algemene mistasting moes gewees het, naamlik dat die nagmaal nie 'n teken van blote onderlinge verbondenheid tussen mense is nie. Nadat hy op die algemene leerdwaling van sy tyd (en ook weer ons tyd) gewys het, som hy die ware kenmerke van sakramente puntsgewys op: Eerstens, is dit tekens van God se goeie wil jeens ons soos in sy beloftes van genade opgeneem. Tweedens, dui dit op die onderskeid tussen gemeenskappe in terme van wat hulle leer en glo. Deelnemers aan die sakramente glo aan die weldade van Christus en vertrou op die genade wat dit vir ons inhou. Derdens, is die kerk nie 'n instelling van die donker nie, en dit is juis die sakramente wat die openbare gestalte van die kerk demonstreer.

180. In die laaste weergawe van die *Loci* stel hy die argument duideliker. Melanchthon ([1559] 2020a: 52, II. 24–29) verduidelik dat die dwaling van die 'wederdopers' met die verwerping van die ordening van predikante begin. Hulle glo dat pastore nuwe openbarings en helder boodskappe van God kan afdwing deur groot kastyding van hulle liggame. Die Evangeliese gelowiges, daarenteen, glo dat God sy goeie wil reeds volledig in die beloftes van die evangelie geopenbaar het, en dat dit alleen geglo moet word.

Vierdens, herinner die sakramente aan die onderlinge verpligtings van lidmate, naamlik die plig om dank te betuig teenoor God, en die plig om na mekaar se welstand om te sien (vgl. Melanchthon ([1559] 2020a:38–54).

■ 8.3.2. Die doop

Melanchthon ([1559] 2020a:62, l. 15–72, l. 26) het in die laaste weergawe van sy *Algemene temas van die teologie*, 'n goeie samevatting van sy denke oor die 'doop van klein kindertjies'¹⁸¹ (*de baptismo infantium*) gegee. Hierdie paragraaf is 'n samevatting van sy polemieë teen die 'herdopers' of die 'Charismatiese beweging' van daardie tyd.¹⁸² Sy groot kritiek teen hierdie groepering is dat hulle nie die sentrale leerstuk van die evangelie, naamlik die regverdigingsleer respekteer nie. Op 'n ander wyse as die Roomse teoloë, glo hulle ook aan die regverdiging op grond van die werke. Melanchthon begin egter sy polemieë deur daarop te wys dat die doop van kinders onder die kerkvaders nie 'n omstrede tema was nie. Origenes, Cyprianus en Augustinus was van die prominente kerkvaders wat die kinderdoop verdedig het. Die belangrike vraag is egter: Wat is die teologiese argumente ten gunste van die kinderdoop? Die belangrikste argument is, dat die belofte van die genade en die ewige lewe nie net vir volwassenes bedoel is nie, maar ook vir kinders (Matt 19:14; Mark 10:14). Melanchthon ([1559] 2020a) steun op die ou slagspreuk dat:

[B]uite die kerk; dit is, by diegene oor wie die Naam van God nie in die doop uitgeroep is nie, en só sonder die evangelie is, sal nie vergewing van sondes en die gemeenskap van die ewige lewe ervaar word nie.¹⁸³ (p. 66, ll. 24–26)

Omgekeerd beteken die slagspreuk die volgende (Melanchthon [1559] 2020a):

Buite die kerk is daar geen heil nie, dít beteken, dat waar die diens aan die evangelie nie duidelik blyk nie, en waar die sakramente nie bedien word nie [*kan daar nie sprake van heil wees nie*]. Die belofte van heil strek tot by die klein kindertjies, en daarom is dit noodwendig dat hulle deur die doop in die kerk opgeneem moet word, waar namens hulle die Naam van die ewige Vader, Seun en Heilige Gees aangeroept word.¹⁸⁴ (p. 68, ll. 18–22)

181. Die argumente is grootliks uit die Duitse weergawe van sy leerboek (1553) oorgedra na die finale Latynse weergawe. In die Duitse weergawe van sy *Loci* ([1553] 2010:323), gebruik Melanchthon egter die woord *jong kinders* ('*Von der lungenkinder Tauffe*').

182. Die kenmerke van hierdie groepering sluit die volgende in: hulle staatsvyandigheid, die verwagting van 'n duisendjarige vrede, en die verwerping van die erfsondeleer, en teologiese geleerdheid.

183. Melanchthon se eie woorde: '*Certum et hoc est extra Ecclesiam, hoc est, apud eos, super quos non est invocatum nomen Dei per baptismum et qui sunt sine Evangelio, non esse remissionem peccatorum et societatem vitae aeternae [...]*'.

184. Melanchthon beweer: '*Extra Ecclesiam non est salus, in die est, ubi nec ministerium Evangelii sonat nec Sacramenta administrantur. Ad infantes pertinet promissio salutis: Ergo infantes necesse est inseri Ecclesiae per Baptismum, in quo super eos invocatur nomen aeterni Patris, Filii et Spiritus sancti.*'

Melanchthon ([1559] 2020a:68, l. 26–70, l. 10) herbevestig die tradisionele oortuiging dat kinders met die erfsonde beplek is, en deur die doop nuut gebore word, en die belofte ontvang dat ook hulle sondes vergewe word. Word die erfsondeleer uit die debat gehaal, is die konsekwensie dat Christus nie ook vir die kinders gesterf het nie – en dit is teologies ondenkbaar. Dat kinders nie in die belofte van sondevergewing kan of mag deel nie, is 'n Christologiese dwaling. Die doop is vir die hele kerk bedoel, en dit sluit die kinders in. Dit is vir Melanchthon ([1559] 2020a:72, ll. 1–13) ook onaanvaarbaar, dat die belofte en gawes van die Heilige Gees van kinders weerhou kan word. Die troos van die teenwoordigheid van die Heilige Gees wat by die doop aan kinders belowe word, is iets waarvan ouers hulle kinders nie kan weerhou nie. Oor hierdie troos moet ouers die kinders breedvoerig onderrig (vgl. Melanchthon [1559] 2020a:72, ll. 14–26).

Oor wat die doop inhoudelik beteken,¹⁸⁵ kan daar na Melanchthon se verklaring van die doopformule in sy Duitse *Loci* gekyk word. Melanchthon ([1553] 2010) verduidelik die doopformule wat die predikant tydens die doopplegtigheid uitspreek soos volg:

Ek doop jou, dit beteken, ek betuig met hierdie doop, dat jy sopas van jou sonde skoongewas is, en deur die ware God tot genade en saligheid aangeneem is; Hy wat werklik God en [*tegeelyk*] die Vader van Jesus Christus is, en sy Seun Jesus Christus en die Heilige Gees; jy is dus tot hierdie hoë genade aangeneem, van sonde en die hel verlos, en in die ewige lewe verplaas deur hierdie ware God op grond van die verdienste van die Seun Jesus Christus. Die Heilige Gees word ook aan jou gegee om nuwe lig en ewige lewe in jou te wek. Daarom is jy gedoop in die Naam, dit is in die krag en gebed, van hierdie drie persone, Vader Seun en Heilige Gees [...] wat saam die één almagtige God is. (p. 111, ll. 12–21)

■ 8.3.3. Die nagmaal van die Here

Melanchthon¹⁸⁶ het deur die loop van die jare verskillende opskrifte gebruik vir die afdeling wat oor die 'nagmaal', soos dit algemeen bekend staan, handel.

185. Een saak wat nie genoeg aandag gekry het nie, is die verband tussen die doop en die werk van die Heilige Gees. Vergelyk hiervoor Van den Belt (2011:198–202).

186. Melanchthon was 'n bemiddelingsfiguur in die binne-Protestantse nagmaalstryd. Hy het probeer om formuleringe vir Christus se teenwoordigheid by die nagmaal te vind wat Luther en sy volgelinge, sowel as Zwingli en Calvyn en hulle volgelinge tevrede kon stel. Dit was veral ná die aanvaarding van die *Consensus Tigurinus* in 1549 dat Melanchthon gepoog het om tussen die partye te bemiddel. Hy sou uiteindelik nie slaag met sy bemiddelingspogings nie. Die *Heidelbergse Kategismus* van 1563 was ver van Luther af, terwyl die Lutherane Melanchthon (wat via Zacharias Ursinus invloed uitgeoefen het op hierdie kategismus (Scheible 2014:171) as 'n verskuilde Calvinis beskou het. Die Konkordie-Lutherdom (1577–1580) het aan Luther se verstaan van Christus se teenwoordigheid in brood en wyn vasgehou, en het só geen ruimte vir 'n konsensus-formulering gebied nie. Melanchthon se unieke bemiddelingspogings sou tog later weer waardering ontlok. Die soeke na ekumeniese konsensus in die negentiende eeu, sou op Melanchthon se formuleringe terugval. Sou iemand soos Calvyn gebly het by die formuleringe van die *Confessio Augustana Variata* van 1540, wat hy persoonlik onderteken het, sou die kerkgeskiedenis dalk anders verloop het (vgl. Ehmman 2017:409, 416).

In die eerste uitgawe van die *Loci communes* (1521), maak hy van die opskrif 'Die deelname aan die tafel van die Here' ('*De participatione mensae domini*') gebruik. In die 1535-uitgawe van die *Loci communes Theologici*, gebruik hy die opskrif 'Die maaltyd van die Here'. In sy Duitse *Hoofartikels van die Christelike leer* (1553), gebruik hy die opskrif 'Oor die nagmaal van die Here Christus' ('*Vom Abendmal des Herrn Christi*'). In die laaste uitgawe van sy *Loci praecipui theologici* (1559), gebruik hy die opskrif 'Die maaltyd van die Here' ('*De coena Domini*'). Dié verskillende opskrifte wys al klaar daarop dat die nagmaal 'n meergelaagde aangeleentheid is wat op verskillende perspektiewe en argumente berus. Die Nuwe Testament self gee natuurlik aanleiding tot die veelvuldige benamings.

Melanchthon ([1521] 1997:356, II. 112) begin hierdie afdeling in 1521 met die volgende inleidende stelling: 'Die deelname aan die tafel van die Here, dit is, die eet van die liggaam van Christus en die drink [*van sy*] bloed is 'n vaste teken van sy genade.'¹⁸⁷ Hy herinner dan aan Jesus se woorde in Lukas 22:20 en Paulus se woorde in 1 Korintiërs 11:25 dat hierdie ete na die kelk van die Nuwe Testament heenwys, en dat die deelnemers aan hierdie maaltyd aan die evangelie, die boodskap van sondevergewing, herinner word. Om hierdie rede is die nagmaal nie 'n offer nie, aangesien dit bloot die belofte van die evangelie in die gedagtes wil terugroep. Die volgende belangrike saak wat Melanchthon ([1521] 1997:358, II. 113) aanraak, is dat sondes nie weens die blote deelname aan die tafelgemeenskap vergewe word nie, maar danksy die geloof; en die geloof word deur hierdie teken versterk. Derdens, polemiseer hy teen die Roomse misoffer, aangesien daar geglo word dat Christus opnuut aan God geoffer moet word – as 'n goeie daad wat regverdiging voor God oplewer. Christus het Homself egter volledig geoffer. Ons het en kan geen bydrae hiertoe lewer nie, en behoort slegs te glo dat dit vir ons gedoen is. Volgens Melanchthon ([1521] 1997:358, II. 117) bestaan die sin van die sakrament daarin dat dit, sodra die gewete begin wankel en daar getwyfel word aan God se goeie wil teenoor ons, ons geloof versterk deur deelname aan die tafel van die Here. Hy maak ook 'n laaste belangrike opmerking wat vandag weens 'n tekort aan predikante weer relevant is. Dit gaan oor die vraag wie die nagmaal mag bedien. Volgens Melanchthon ([1521] 1997:360, I. 122–362, I. 124) kan 'n predikant, ouderling of diaken die nagmaal bedien. Almal is konings en priesters. Die onderskeie funksies wat uitgevoer word, hou met mekaar verband, en op voetspoor van Luther, argumenteer hy dat almal op grond van die priesterskap van alle gedooptes, die nagmaal kan bedien. Nogtans stel hy dat ter wille van goeie orde, hierdie verantwoordelikheid aan spesifieke persone oorgedra moet word, naamlik aan hulle wat georden is om die verkondiging in die gemeente te behartig. Sou daar dus geen geordende

187. Melanchthon beweer: '*Signum gratiae certum est participatio mensae domini, hoc est, manducare corpus Christi et bibere sanguinem.*'

predikant op 'n afgeleë plek beskikbaar wees nie, sou Melanchthon nie 'n beswaar gehad het dat 'n verkose ouderling of diaken die nagmaal bedien nie.

In die 1535-weergawe van die *Loci communes*, het Melanchthon nuwe temas tot sy argumentvoering oor die nagmaal toegevoeg. Nadat hy herhaal wat hy reeds in 1521 gestel het, bring hy die onderwerp van voorbereiding op die gebruik van nagmaal ter sprake. Melanchthon ([1535] 2019:205–206) bevestig die ou gebruik, dat juis diegene wat bewus is van hulle sondes, aan die tafel moet kom aansit ter bevestiging van hulle geloof in die belofte van sondevergewing en genade. Volgens hom is dit nodig dat die kerk dít duidelik aan almal uitspel, aangesien talle glo dat die seremonie 'n goeie daad is wat God beïndruk, óf dat dit niks met die beloftes te make het nie. 'Voorbereiding op nagmaal' kom dus vir Melanchthon neer op voorbereiding op 'vertroosting van die gewete'. Verder spel hy uit dat die nagmaal gepaard moet gaan met danksegging en dankbaarheid – dankbaarheid in die vorm van barmhartigheidswerk. Nagmaal sonder diakonaat, is vir Melanchthon nie voorstelbaar nie. Melanchthon behandel ook die tema van Christus se teenwoordigheid by die nagmaal. Hy doen dit op 'n baie eenvoudige wyse. Melanchthon ([1535] 2019:206) is oortuig dat Christus by die nagmaal teenwoordig is, aangesien Hy self die gasheer is.¹⁸⁸ Dáár aan die tafel, met die nuttiging van brood en wyn, word ons oortuig dat Christus ons liefhet, vir ons sorg en red. Hy opper nog een merkwaardige argument, naamlik dat die nagmaal nie gesekulariseer ('verwêrelds' – sy eie woord) moet word nie. Die nagmaal gaan oor Christus, sy beloftes en sy teenwoordigheid, en daarom is dit nie te vergelyk met 'n sosiale byeenkoms en ete nie.

In die Duitse *Hoofartikels van die Christelike leer* van 1553, raak Melanchthon 'n onderwerp aan wat vandag vir talle gemeentes rigtinggewend kan wees. Dit gaan oor die openbare aard van die erediens, en daarom ook van die nagmaal. Melanchthon ([1553] 2010:332–333) benadruk dat die kerklike leer en prediking nie 'Winckelpredigt' is nie; met ander woorde, dat dit nie in die geheim agter geslote deure plaasvind nie. Waar Christene versamel, is dit 'n openbare aangeleentheid – almal wat wil hoor en sien, moet dit kan doen. Die seremonies van die kerk vind openlik plaas, sodat almal kan hoor en sien wat geleer en geglo word. In die nagmaal gaan dit om die lyding, sterwe en opstanding van die Seun, Christus, en die weldade wat daaruit vir sondaars voortspruit. Die 'genieting' ('*niessung*') van die maaltyd verskil van heidense

188. 'n Verwysing na die *Wittenbergse Konkordie* van 29 Mei 1536 is op hierdie punt gepas. Hierdie dokument verwys na 'n konsensus wat tussen die Wittenbergse en '*oberdeutsche*' teoloë in sake rakende die teenwoordigheid van Christus by die nagmaal, bereik is. Die ontwerp is deur Melanchthon en Martin Bucer opgestel. Luther het blykbaar ook, ná 'n lang ooredingsproses, die bewoording aanvaar. Die volgende bewoording sou Melanchthon ([1536] 2011k:22) se standpunt verder in sy loopbaan wees: 'Ons meen en leer, dat met brood en wyn, die liggaam en die bloed van Christus, werklik en wesenlik, daarby is, gegee en ontvang word.' Melanchthon sou hierdie 'met brood en wyn' in die verwerkte weergawe van die *Augsburgse Geloofsbelijdenis (Variata 1540)* opneem, wat dit selfs vir Calvyn moontlik gemaak het om hierdie belydenisskrif te onderteken.

maaltye, aangesien die nagmaal nie 'n blote herinneringsmaal van 'n afgestorwene is nie, maar die viering van die lewe van Christus is wat aan sy tafel teenwoordig is. Die teenwoordigheid van die lewende Heer van die kerk is wat die wêreld moet aanskou.¹⁸⁹ In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat die nagmaal gereeld gevier word en dat lidmate die geleentheid sal bywoon. In aansluiting hierby, beklemtoon Melanchthon ([1553] 2010:334-338) dat danksegging¹⁹⁰ vir die troos van die beloftes deel van die nagmaal moet wees. Danksegging wys op geloof, die wil tot bekering en 'n nuwe lewenswyse. Hierdie 'nuwe lewenswyse' is niks anders nie as 'innige vriendskap en onderlinge hulp tussen die nagmaalgangers'. Barmhartigheid wat groei uit belangstelling en welmenendheid, dra tot die openbare getuienis van die nagmaal by. In die lig van hierdie argument beantwoord Melanchthon dan die vraag wie tot die nagmaal toegelaat mag word. Vir hom is dit eenvoudig: Almal wat bewus is van hulle sonde, uitsien om gesterk te word in hulle geloof in die belofte van vergewing en genade, en uit dankbaarheid in liefde teenoor hulle naaste wil lewe. 'n Laaste lang argument oor die misoffer van die Roomse Kerk (soos ook in Melanchthon [1559] 2020a:90-108) word gelaat, aangesien dit te veel ruimte in beslag sal neem.

In die finale weergawe van sy *Belangrikste teologiese temas* ([1559] 2020a:72-96), bied Melanchthon hoofsaaklik 'n opsomming aan van wat hy in 38 jaar oor die nagmaal geleer het. Slegs enkele punte wat duideliker geformuleer is as in die vorige jare, word hier uitgelig. Melanchthon ([1559] 2020a:74, ll. 17-19) stel dat deelname aan die nagmaal mense herinner aan die wil van God soos dit in sy beloftes na vore tree. Die herinnering aan die kern van die evangelie kan geloof wek en/of versterk.¹⁹¹ Die feit dat die nagmaal in die openbaar gevier word, verseker dat die ritueel gereeld herhaal sal word, en dat die opdrag van Jesus om sy dood en opstanding te onthou, uitgevoer sal word. Die openbare aard van die nagmaal dra by tot die herinnering van die hoofsake van die geloof en die uitbreiding van die koninkryk (vgl. Melanchthon [1559] 2020a:74, ll. 20-28). In aansluiting hierby, meen Melanchthon ([1559] 2020a:74, l. 29-76, l. 11) dat gereelde openbare nagmaalvierings die weeklikse erediensbywoning sal verbeter. Die omgekeerde argument is ook waar: Melanchthon ([1559] 2020a:88, ll. 6-12) beweer dat, indien slegs 'n paar mense aan die nagmaal deelneem, en die getalle steeds

189. Melanchthon ([1557] 2011b:109) het in sy *Belydenis* van 1557 gestel dat die handelings aan die nagmaalstafel nie slegs blote tekens van Christus se bloed en liggaam is nie, en ook nie 'n teken van kerklidmaatskap is nie, maar dat Christus werklik en liggaamlik by die nagmaal teenwoordig is.

190. 'Danksegging' (*eucharistia*) was in vorige eeue die belangrikste element van die nagmaal. Alhoewel Melanchthon ([1559] 2020a:84, l. 29-86, l. 2) nie hiervan 'n baie groot saak maak nie, is dit nogtans 'n onmisbare element van die nagmaal.

191. Herinnering impliseer ook nadenke. In hierdie verband het Melanchthon ([1559] 2020a:86, ll. 30-31) die volgende belangrike stelling gemaak: 'Die geloof word gevoed en ontvlam deur die nadenke' (*'nam fides alitur et accenditur cogitatione'*).

stelselmatig afneem, sal hulle ook nie die ander geleenthede bywoon nie. Hulle sal later heeltemal van die evangelie vergeet en sodoende sal alles mettertyd in duie stort. Die evangelie is nie vir 'n geslote binnekring bedoel nie, maar vir die publiek. 'Openlike, eerbare samekomste' ('*publicos et honestos congressus*') is die beste plek waar die stem van die evangelie moet opklink. Dit is hiér by die openbare byeenkomste, waar die kerk in die wêreld gesien kan word, en waar dit duidelik kan blyk dat die kerk nie maar net nog 'n publieke vereniging is nie. In nog 'n argument wat vandag relevant is, stel Melanchthon ([1559] 2020a:76, II. 12–23) dat die gemeente aan die nagmaalstafel weer van God se onmeetlike barmhartigheid bewus word. Die implikasie is dat die kerk met sekerheid en in troos verder kan werk, aangesien daar geen twyfel kan bestaan dat die Here nie sy kerk in stand sal hou nie. Aan die ander kant, sal die twyfel oor die voortbestaan van die kerk al sterker word sonder gereelde nagmaalsgeleenthede. Binne die konteks van die debat oor die voortbestaan van die kerk, is dit belangrik om te onthou dat Melanchthon ([1559] 2020a:76, I. 24–78, I. 9) die teenwoordigheid van Christus by die nagmaal sterk beklemtoon. Die lewende en teenwoordige Heer sal tog sekerlik nie toekyk hoe sy kerk verval nie. Inteendeel, die wete dat die Here in die nagmaal teenwoordig is, is die aansporing vir mense om ook teenwoordig te wees by die ander samekomste van die gemeente – en só word die voortbestaan van die kerk verseker.

■ 8.4. Kerkorde

In 1.2. word Melanchthon se bydrae tot die ontstaan van die eerste Protestantse kerkordes beskryf. Wat in hierdie paragraaf aandag geniet, is sy latere denke oor die orde in die kerk. Vanselfsprekend was kerklike orde vir die gedissiplineerde en hardwerkende Philipp Melanchthon van uiterste belang. Wanorde sou hom tot raserny dryf. Melanchthon was egter 'n teoloog van die vryheid (vgl. 7.6.) en daarom moet hierdie paragraaf weer met die veelseggende aanhaling uit die Duitse weergawe van sy *Locī*, oor die verhouding tussen kerkordes en vryheid begin word. Melanchthon ([1553] 2010) stel na aanleiding van Kolossense 2:16:

Geen mens het die reg, om buiten God se Woord, ander werke as godsdiens te verplig nie. En die gewetens moet hiervan oortuig wees dat menslike maatreëls en kerkordes nie vergewing van sondes verdien nie, en [*kan nie aanleiding gee*] tot geregtigheid voor God nie. Daarom is dit nie sonde om menslike maatreëls en kerkordes agterweë te laat nie. (p. 315, II. 22–26)

Melanchthon het die voorstellings van kerklike orde soos wat dit in die Skolastiek van sy tyd voorgeskryf is, verwerp. Hy het dit veral teen die talle mensgemaakte seremonies van daardie tyd. Rites, rituele en seremonies wat mense van hulle vryhede ontnem, en nie tot 'n redelike en verantwoordelike geloofslawe bydra nie, moes beëindig word. Volgens Melanchthon ([1559] 2020a:440, II. 3–4) moet daar tussen die 'noodwendige diens aan God'

(‘*necessarios cultus Dei*’) en die ‘menslik-uitgedinkte bygelowige rites’ (‘*commentitias superstitiones*’) onderskei word. Melanchthon ([1559] 2020a:440, l. 13–462, l. 16) meen dat slegs drie riglyne nodig is vir goeie orde in die kerk: Eerstens, wette wat deur konings, pouse en biskoppe na eie goeddunke op die kerk afforseer word, dra nie wesenlik tot kerklike orde by nie. Wette en reëls wat vrye, spontane gebed tot God verhinder, is onkerkordelik. Vir Melanchthon is goeie kerklike orde ten diepste ’n geordende gebedspraktyk, want waar ernstig en reëlmatig gebid word, is daar orde (Jung 2010a:1112–1116). Tweedens, rites, rituele en ander kerklike gebruike – al die dinge wat van middelmatige belang is – moet vry wees van bygeloof. Hy noem sewe dwalings wat vermy moet word: Vasdae waarvan magiese werking verwag word; seremonies wat as goeie werke misverstaan word; burgerlike pligplegings wat as moreel-verhewe dade beskou word; deelname aan feesgeleenthede wat belangriker as die tradisionele kerklike feesdae soos Goeie Vrydag en Paassondag beskou word; valse nabootsings van die tien gebooe; rituele wat deur biskoppe ingestel is om hulle magsposisie te verstewig; en reëlins van biskoppe wat mense van hulle waardigheid ontnem terwyl daar voorgegee word dat iets soos die dra van vuil klere Christus behaag. Derdens, die ordereëls wat met middelmatige dinge te make het, moenie twis en tweedrag veroorsaak nie, maar moet die prediking, aanbidding en geloofsonderrig in die gemeente dien en bevorder. Die liturgie en die feesgeleenthede moet die basis van die kerklike kategese vorm. Kategese, waar die vader van die huis vir sy kinders uit die Bybel voorlees en die moeder die kinders leer bid, is die versekering dat daar orde in die gemeente is, en binne hierdie orde kan daar gepreek word en die Heilige Gees kan werksaam wees.

Melanchthon ([1543] 2011a:82) was oortuig dat kerklike dissipline in die kerk van die Woord gehandhaaf moes word. Predikers en pastorale versorgers wat in leer en lewe die evangelie oneer aandoen, moet ‘deur die ban’ uit die bediening verwyder word. Mense wat hulle aan openbare skandes skuldig maak, kan nie ampsdraers van die kerk bly nie, en daar moet volgens die reëls van ’n kerkorde teen hulle opgetree word. In die lig van hedendaagse arbeidswetgewing klink so ’n uitspraak problematies. Die vraag is egter wat Melanchthon met kerklike oordele en strafmaatreëls bedoel het, en of dit werklik in stryd met staatswetgewing is. Volgens Melanchthon ([1559] 2020a:12, l. 25–14, l. 11) moet daar onderskei word tussen staatswette en kerkordes. In die staat word daar volgens wette geoordeel, maar in die kerk word daar volgens die evangelie en die belydenis geoordeel. Wie hulle nie aan die kriteria van die kerk wil onderwerp nie, plaas hulleself buite die kerk – minstens die onsigbare, ware kerk van Jesus Christus. Aansprake op materiële voordele vorm nie werklik deel van die kerklike oordeel nie, en kan dus (onvanpas) in howe afgehandel word. Die vraag bly nogtans: Waarop kom Protestantse ordelikheid neer? ’n Kort antwoord word in *Die genotuleerde besluite van die Naumburger konvent* gevind soos wat dit deur Melanchthon

([1554] 2011g:95–96) saamgestel is. Protestantse kerklike orde kom neer op planmatigheid in die eredienste. Hiervoor is daar gelykvormigheid in gebedspraktyke, die handhawing van die belydenis, gereelde Skriflesings, prediking oor die evangelie, gesange (nie noodwendig in Latyn nie) en gemeenskapservarings nodig. Verder moet daar nie onnodige veranderings plaasvind nie, aangesien dit tot onvergenoegdheid, opstand en selfs die veragting van godsdiens kan lei. In Melanchthon ([1558] 2011h:126–127) se *Advies vir keurvors August van Sakse*, waarsku hy egter (vir die hoeveelste keer) dat ‘middelmatige dinge’ (die ‘*adioaphora*’) soos kleredrag, gesange en kleiner Christelike feeste nie kerkskeurend op die spits gedryf moet word nie. Individue moet ook nie toegelaat word om sinodes byeen te roep om in hierdie sake te besleg nie. Kerkrade (konsistories) moet hieroor besluit, terwyl sinodes slegs oor belangrike leeraangeleenthede moet beslis (vgl. Melanchthon ([1558] 2011h:113–115)).

■ 8.5. Eenheid in belydenis en kerklike ekumene

■ 8.5.1. Belydenis en die algemeenheid van die kerk

Die eenheid en die algemeenheid van die kerk was vir Melanchthon van groot belang. Beide attribute van die kerk word in ere gehou deur die aanvaarding en bewaring van die leer van die Vroeë Kerk, wat in die drie kerklike belydenisse tot uitdrukking kom. Onenigheid en sektevorming ontstaan in die kerk wanneer daar van die leerbeslissings van die Vroeë Kerk wegbeweeg word, en daar onenigheid ontstaan oor die regte gebruik van die sakramente wat deur Christus ingestel is – twee dinge wat Melanchthon ten alle koste wou vermy (vgl. [1543] 2011a:83–85).

■ 8.5.2. Eenheid met die Rooms Katolieke Kerk

Daar bestaan konsensus in die navorsing, dat Melanchthon geen begeerte gehad het om die kerk te skeur nie. Roomse teoloë het nooit rede gehad om Melanchthon van poging tot kerkskeuring te verdink nie.¹⁹² ’n Goeie, resente voorbeeld van die respek wat hy in Roomse kringe geniet, kan in die optrede van die vorige pous Benediktus XVI (Joseph Ratzinger) gesien word. Ratzinger het in sy tyd as professor in Bonn (1958–1963), nagraadse studente aangemoedig om proefskrifte oor Melanchthon te skryf. Hy het geglo dat die Lutherse teologie slegs deur die lens van die CA benader kan word. Deur hierdie lens word die katolisiteit van die kerk waargeneem en

192. Volgens die ontwerp van die afsheidsverklaring van die Ryksdag van Augsburg op 22 November 1530, was daar slegs twee verskille tussen Melanchthon en die Roomse teoloë, naamlik die mis en die priesterhuwelik (vgl. Frank 2017:768).

gerespekteer, aldus Ratzinger (vgl. Frank 2017:767; Jung 2010b:151). In die twintigste eeu het die Roomse teoloë ingesien dat 'n gesprek oor kerklike eenheid by die regverdigingsleer moet begin en eindig. Dat daar nooit finale konsensus oor die regverdigingsleer bereik kon word nie, kan nie voor die deur van Melanchthon gelê word nie (vgl. Van Wyk 2001, 2018). Die tema wat kerklike eenheid met die Roomse Kerk in die verlede en hede¹⁹³ verhoed, is die posisie en rol van die pous. Dit lyk nie of daar vordering met hierdie gesprek gemaak word nie (vgl. Frank 2017:770–771).

Melanchthon sou enige iets doen om begrip vir die Protestantse insigte te bevorder onder Rooms Katolieke. Hy was selfs bereid om sy lewe te waag om met die Franse koning gesprek te voer in Parys, om hom te probeer oortuig om die vervolging van die Protestante te staak. In 1534 het 18 Protestante op die brandstapel in Parys gesterf, en honderde moes inderhaas vlug. Op 15 Augustus 1535 vra Melanchthon (Mundhenk et al. 2017:61–63) by keurvors Johann Friedrich van Sakse toestemming om as 'n privaat persoon na Parys te gaan vir 'n gesprek met die koning. Die keurvors staan die versoek egter nie toe nie, aangesien hy besef dat Melanchthon nie lewend sal terugkeer nie. Op 28 Augustus 1535 skryf Melanchthon (Mundhenk et al. 2017:63–64) dan 'n persoonlike brief aan koning Frans I en probeer hom oortuig dat die Franse, as die geleerdste volk en hy as die geleerdste koning, nie akademiese dispute deur geweld moet oplos nie. Openbare, kritiese gespreksvoering pas by ontwikkelde mense, terwyl geweld 'n skandvlek op die rede is.

Die reformatore se aanvanklike bedoeling was nooit kerkskeuring nie. Melanchthon het hom vir dekades tydens godsdiensgesprekke beywer vir kerklike eenheid. Die gesprek in Regensburg (1541)¹⁹⁴ tussen Melanchthon en Johannes Eck was 'n daadwerklike poging om die breuk tussen die twee konfessionele groeperings te herstel. Tot sy groot frustrasie, moes hy agterkom dat die Roomse afvaardiging 'alle gematigde voorstelle afgewys het en na truuks gesoek het om die godsdiensgesprek te verdeel' (brief van 19 April 1541 aan Johannes Gigas) (Mundhenk et al. 2017:81). Terwyl daar talle ernstige pogings (soos dié van Sattler 2010) van Roomse kant merkbaar is om die

193. Pous Paulus III wou ná die Ryksdag van Augsburg in 1530 'n algemene konsilie byeenroep, in 'n poging om die kerklike eenheid te bewaar. Binne die Smalkaldiese Bond was daar aanvanklik openheid jeens die gedagte. Uiteindelik is daar besluit om nie aan so 'n konsilie deel te neem nie. Op 21 Desember 1535 het Melanchthon amptelik namens die Bond aan die pouslike verteenwoordiger, Pietro Paolo Vergerio, geskryf dat hulle nie onder pouslike voorsitterskap sal vergader nie. Die pous het geen vertroue ingeboesem nie. Melanchthon ([1535] 2011d:19) het dit ook duidelik gestel dat slegs die Skrif in leeraangeleenthede finale seggenskap kan hê. Pouslike menings kan nie bo die Skrif verhef word nie. Hierdie standpunt maak ekumeniese eenheid baie moeilik. Melanchthon het verder in 1536 'n traktaat opgestel met die titel: *Tractatus de potestate et primatu papæ*. Hierin het hy die status, statuur en funksie van die pous bevestig. Sedert hierdie geskrif van Melanchthon, het die Protestantse mening oor die pous nog nie verander nie; en dit sal waarskynlik ook nie verander nie (vgl. Frank 2017:771).

194. Melanchthon en Eck het ook tussen November 1540 en Januarie 1541 in Worms godsdiensgesprekke gevoer met die bedoeling om die kerklike eenheid te herstel.

wonde van die verlede te genees, lyk dit nie of daar veel vordering gemaak word nie. Walter (2010:108) se droom dat die Roomse Kerk die CA sal erken, blyk wensdenkery te wees.

■ 8.5.3. Onderlinge ekumeniese eenheid

Melanchthon was die eerste Protestantse teoloog met 'n groot ekumeniese bewussyn en verantwoordelikeheidsgevoel¹⁹⁵ (vgl. Walter 2010). Hy het mense rondom hom (soos Johannes Bugenhagen) en diegene jonger as hy (soos Johannes Calvyn), beïnvloed om met groot ekumeniese sensitiwiteit te werk. Hy word tereg as die 'grootste ekumeniese gestalte van die Reformasietyd'¹⁹⁶ beskryf (Frank 2017:767).

'n Goeie voorbeeld van sy ekumeniese ingesteldheid is sy voorwoord in die 1535-uitgawe van sy *Grondbegrippe van die Christelike leer*, wat aan koning Henry VIII van Engeland opgedra is. Hierdie voorwoord, in die vorm van 'n brief, word in Mundhenk et al. (2017:66–68) en in Melanchthon ([1535] 2019:15–25) gevind. Melanchthon het egter meermale met Henry VIII gekorrespondeer. In die bekende brief van 26 Maart 1539, het Melanchthon (Mundhenk et al. 2017:73–74) Henry VIII geloof vir sy rol om die ware leer in Engeland in te voer. Hy moedig hom aan om alles in sy mag te doen, om te verseker dat die Reformasie suksesvol deurgevoer sal word. Hy verduidelik aan hom dat dit sy plig is om die pous en sy leer teen te staan. Wanneer hy dit doen, kan hy seker wees dat die Here hom en sy ryk sal bewaar teen die bose en tiranne. Hy verseker hom ook dat Christelike heersers wat die ware kerk beskerm, die ewige loon van die Here sal ontvang.

Melanchthon het Protestante of Evangeliese Christene regoor Europa met raad en trooswoorde ondersteun. Hy het 'n besondere besorgdheid oor die groepies Italiaanse Protestante geopenbaar. 'n Belangrike bewys hiervoor is sy *Brief aan die vors Pietro Lando en die senaat van die Republiek van Venesië op 26 Junie 1543*. In hierdie brief (Melanchthon [1543] 2011c) bekla hy die feit dat die Protestante vervolgd word. Hy verwys veral na Baldo Lupetino wat in 1541 lewenslange tronkstraf opgelê is¹⁹⁷ omdat hy Luther se leerstellings

195. Melanchthon het ongelukkig geen positiewe oordeel oor die leer en godsdienstigheid van die 'Täufer' / 'Spiritualisten', die Charismatiese beweging van daardie tyd gehad nie, en het daarom geen ekumeniese verpligting jeens hulle geopenbaar nie. Dit was hulle verwerping van die kinderdoop, die minagting vir die staat en hulle vyandigheid teenoor geleerdheid wat hom afgeskrik het (vgl. Wolgast 2017). In 6.2.2. is daar aandag aan hierdie groepering gegee.

196. Hierdie bewoording gaan terug op die Skandinawiese kerkhistorikus, Jørgen Larsen, se voordrag in 1960 tydens die herdenking van Melanchthon se sterfdatum 400 jaar gelede. Die redes wat hy aangevoer het vir hierdie betiteling, was die ekumeniese aard van sy teologie, sy openheid as mens, sy diplomاسie namens die Reformasie en sy bereidwilligheid om met ander te onderhandel (vgl. Frank 2017:767).

197. Lupetino is, nadat hy die Protestantse leer in die tronk verdedig en versprei het, in 1547 ter dood veroordeel en in 1555 in 'n rivier verdrink. Lupetino was die neef van Melanchthon se student en latere teenstander, Matthias Flacius (vgl. inleiding tot Melanchthon [1543] 2011c:252).

verdedig het. Melanchthon argumenteer dat ordentlike en ontwikkelde mense nie só met medegelowiges handel nie. Beskaafde mense behandel ander Christene nie soos wat hulle in Venesië doen nie, en daarom versoek hy hulle om die vervolging van die Protestante te staak. Christelike regente behoort soos God barmhartigheid te openbaar en genade aan mense te betoon wat geen kettery verkondig nie.

Melanchthon het nie gehuiwer om oor konfessionele grense heen (soos ons dit vandag ken) ekumenies na kerke en kerkleiers in ander dele van Europa uit te reik nie. Sy kontak met Ortodokse kerke word deur pastorale besorgdheid en teologiese advies gekenmerk. Kort voor sy dood, op 25 September 1559, skryf Melanchthon ([1559] 2011e) 'n brief¹⁹⁸ aan patriarg, Joasaph II in Konstantinopel, in die lig van hulle lyding onder die Turkse tirannie. Hy herinner die patriarg daaraan dat die kerk van Christus altyd soos 'n boot in 'n stormsee is, en om hierdie rede moet daar gebid word om die spoedige wederkoms van die Here. Hy herinner hom egter ook daaraan dat die Here in die verlede die kerk in Tharkien, Asië en Griekeland onder soortgelyke toestande bewaar het. Wat belangrik is, is dat die klein kudde, die res wat oorgebly het, die Here Jesus Christus in waarheid moet eer en aanbid. Die Here sal elke klein gemeentetjie wat in ware aanbidding voor Hom staan, nie aan hulle eie lot oorlaat nie. Hy bevestig dat hy aan hom 'n afskrif van die CA stuur, aangesien hierdie belydenis met die *Niceense Geloofsbelydenis* in ooreenstemming is, en dat hulle eenheid in die geloof só geïllustreer kan word.

■ 8.6. Die toekoms van die kerk

Daar is vandag kommer oor die toekoms van die kerk. Tydens werkswinkels, vergaderings en berade word planne gesmee om dit wat van die kerk oor is, 'te red'. In Melanchthon se tyd was daar dieselfde bekommernis. Dit mag insiggewend wees om te lees hoe hy die angs oor die toekoms van die kerk benader het.

Op 03 September 1543 skryf Melanchthon 'n 'voorwoord' vir 'n kerkorde van Kronstadt wat deur Johannes Honterus opgestel is. Die titel van hierdie 'voorwoord' word in die Duitse vertaling bloot as *Voorwoord vir die Kronstadt Reformasie*¹⁹⁹ (Melanchthon [1543] 2011j:276) aangedui. Hy lewer nie

198. In Mei 1559 het 'n diaken, Demetrius, as afgevaardigde van die Patriarg van Konstantinopel by Melanchthon in Wittenberg aangekom, om hom in te lig oor die lyding van hulle kerk onder die Turke. By sy vertrek in September, het Melanchthon vir hom 'n brief en 'n afskrif van die CA (in Griekse vertaling) saamgegee vir aflewering by die hoof van die Ortodokse Kerk (vgl. inleidende opmerkings by Melanchthon [1559] 2011e:301).

199. In 1543 publiseer Johannes Honterus 'n reformatoriese kerkorde vir Kronstadt (die huidige Roemenië) en Siebenbürgen (deels die huidige Hongarye). Hierdie kerkorde is ook in Wittenberg gedruk. Vir hierdie uitgawe het Melanchthon 'n voorwoord geskryf. In die voorwoord konsentreer hy nie op die inhoud van die kerkorde nie, maar troos die lesers wat deur die Turke-gevaar bedreig word. Hy verseker hulle op grond van Daniël 7 dat Christus sy kerk teen hierdie gevare sal bewaar (vgl. inleiding tot Melanchthon [1543] 2011j:276).

kommentaar op die inhoud van die kerkorde nie, maar troos die lesers met die versekering dat Christus sy kerk onder die mense van die huidige Hongarye en Roemenië, nie ten gronde sal laat gaan weens die Turkse invalle nie. Hy wys daarop dat die wêreldgeskiedenis nog altyd 'n geskiedenis van opkoms en verval van koninkryke was. Geen ryk en geen bedeling hou vir ewig stand nie. Koninkryke herstel ook nie tot hulle vorige glorie nie. Meestal is die rede vir die verval, straf op sondes. Vanselfsprekend ly die kerk ook onder die verval en ondergang van state, maar die kerk (al is dit minstens 'n res) word deur God bewaar. God kies altyd weer vir Hom 'n kerk uit, wat onder sy beskerming leef te midde van algemene verval. Die kerk bly staande wanneer die diens aan die evangelie in stand gehou word. Die kerk in Hongarye sal staande bly wanneer daar met ywer aan die leer van die Evangeliese Kerk vasgehou word, en die valse leerstellings van die Roomse Kerk beveg word.

Op 03 September 1543 skryf hy ook 'n *Brief aan Matthias Ramser*²⁰⁰ waarin hy die leser troos in 'n tyd waar die kerk deur die invalle van die Turke bedreig word. Melanchthon ([1543] 2011f) verseker Ramser dat God altyd sy kerk sal bewaar en red uit die gevaar – ook in Hongarye. Christus sal nooit toelaat dat sy kerk heeltemaal verwoes word nie; daar sal altyd 'n groep getroue lidmate oorbly. Hy vermaan hom egter om met sy pligte voort te gaan. Hierdie pligte behels die pastorale versorging van lidmate, die regte prediking uit die Skrif wat aan die belydenisse gebonde is, en die kategetiese onderrig van oud en jonk. Die kategeese moet op die verduideliking van sentrale bybelse begrippe soos geloof, gebed, sonde en regverdiging toegespits wees. Sonder kategeese is daar ook nie sprake van 'n ware kerk nie (vgl. Rahner 2017:435–437).

Volgens Melanchthon (in 'n brief van 13 Februarie 1544 aan Justus Menius) (Mundhenk et al. 2017), was die kerk nog altyd bedreig. Talle fisiese bedreigings is telkens afgeweer en daarom:

[W]il ons bid, dat die kerk, soos wat God dit destyds op wonderbaarlike wyse beskerm het, ook vandag sal bewaar en verdedig, soos wat Christus dit aan sy skape belowe het: 'Niemand sal julle uit my hand ruk nie' [*Joh 10:28*]. (p. 93)

Gebed en vertrou in die Here se leiding, bewaring en beskerming is volgens Melanchthon die Christelike manier van doen. In 'n brief op 17 Desember 1546 aan Joachim Camerarius, herhaal hy sy oortuiging. Melanchthon (Mundhenk et al. 2017:108–109) stel dat die 'kerk selfs by die ondergang van ryke en heerskappye bestand sal behou'. Hy glo dat God 'die oorblyfsels van die kerk in bewaring sal hou sodat die wetenskaplike navorsing rustig kan voortgaan'. Melanchthon het die uitdrukking *die reste of oorblyfsels van die ware kerk* aanhoudend gebruik. Wanneer hy berig kry dat mense in die noordelike

200. Melanchthon skryf in 1543 'n troosbrief aan die stadspredikant van Hermannstadt (vermoedelik in die huidige Hongarye) wat om hulp en leiding vra teen die agtergrond van die Turke-bedeiging. Hy verseker hom dat God hulle sal bewaar en vermaan hom om net sy plig te doen (vgl. inleiding tot Melanchthon [1543] 2011f:280).

gedeeltes van Duitsland nie kans sien om nuwe wetgewing, nuwe rites en 'n nuwe geloofsbelydenis te aanvaar nie, het hy tot God gebid dat 'n 'minderheid wel behoue sal bly' (in 'n brief aan Martin Bucer op 01 Oktober 1548) (Mundhenk et al. 2017:123).

Een van Melanchthon se belangrikste voordragte oor die toekoms van die kerk, is sy *Sinodale voordrag oor die onderskeid tussen die kerk van God en die ryk van die wêreld*²⁰¹ ([1546] 2011i). Hierdie troosvolle boodskap bly van onskatbare waarde. In 'n tyd van oorlogsdreigemente en kleiner veldslae met die gepaardgaande vrese dat die ryk uitmekaar geskeur gaan word, vertroos Melanchthon die sinodegangers dat die 'amp van die evangelie' nie in die rommel van die verwoeste ryk sal verdwyn nie. God sal nie toelaat dat sy stem stil raak en dat mense geen rede meer het om te bid nie. Hy sal ook nie toelaat dat teologiese navorsing tot 'n einde kom nie, aangesien die samelewing dan in barbarisme sal verval. Melanchthon beroep hom op Jesaja 59 vir sy vertroue dat die kerk nie tot niet sal gaan nie. Hy glo dat die goedheid van God stand sal hou te midde van sosiale en politieke verval. Melanchthon ([1546] 2011i) glo dat die kerk:

'n [V]ersameling van mense is wat die evangelie aanneem. In hierdie versameling is God self deur die amp van die evangelie werklik werksaam. Aan diegene wat die beloftes van versoening glo word die Heilige Gees en die ewige lewe geskenk. (pp. 246-247)

Die kerk is nie 'n 'Platoniese idee' nie, en sy boodskap moet deur die hele mensdom gehoor word. God wil ook hê dat sy kerk gesien en herken sal word. Hierdie gemeenskap is deur God uitgekies, aangesien die boodskap oor Jesus Christus dáár geleer en bely word. Diegene wat uitgekies is, is vir ewig uitgekies en sal nie weens onrus en oorlog verlore gaan nie. Groot ryke het al in die verlede ten gronde gegaan, maar die kerk het voortbestaan. Volgens Melanchthon ([1546] 2011i:247-250) sal dit in die toekoms weer gebeur. In die lig van hierdie belofte, moet daar met navorsing en publikasies voortgegaan word sodat mense in die toekoms, op die ashope van die geskiedenis, die evangelie kan leer ken en Jesus Christus kan aanbid. Hiervoor is die voortgaande ondersteuning van die vorste nodig.

Melanchthon ([1560] 2020b) het op 28 Januarie 1560 (die vierde Sondag ná Epifanie) tydens 'n Sondagoggendvoordrag (versamel onder die titel

201. Nadat die godsdiensgesprekke van 1540-1541 misluk het, het keiser Karel V 'n militêre opsie begin oorweeg om vrede in sy verdeelde ryk te bring. Oorlog teen die keiser het vrees onder die Protestante laat ontstaan. Ná die nederlaag in die 'Geldrisch-Klevischen veldslag' in 1543, waartydens die Protestante Kleve en Keulen verloor het, het die keiser met groter selfversekerdheid aan oorlog gedink. In 1544 het hy boonop die ondersteuning van die Franse koning gekry. Landgraaf Philipp van Hessen en keurvors Johann Friedrich van Sakse was ná die oorwinning oor die hertog van Braunschweig-Wolfenbüttel alleen in die stryd teen die keiser. Op 25 Oktober 1546 het die nuut-aangestelde administrateur van die Smalkadiese Bond, August, die broer van hertog Georg III van Anhalt, 'n sinodale voordrag gelewer wat deur Melanchthon opgestel is. Die angs om die toekoms van die kerk het aandag geniet (vgl. inleiding tot Melanchthon [1546] 2011i:243).

'*Postilla Melanthoniana*') gehandel oor Jesus en sy dissipels op die stormagtige see (Matt 8:23-27). In hierdie voordrag voor die buitelandse studente, het hy weer die tema oor die onsekere toekoms van die kerk aangeraak. Hy interpreteer die 'stormagtige see', op voetspoor van die Middeleeuse tradisie, as die bedreigde situasie van kerk en staat. Die kerk sowel as die staat word deur die invalle van die Turke, die dwalings van die 'Pouskerk' ('Papisten'), die onderlinge Protestantse struwelinge en die konflikte tussen die keurvorste bedreig. Volgens Melanchthon ([1560] 2020b):

[L]yk dit of Jesus aan die slaap is, nogtans is Hy op die boot; Hy verlaat dit nie en red dit te midde van al die onheil [...] hierdie beeld wys dat daar altyd op die leiding en behoud van die kerk gereken kan word. (p. 45)

Melanchthon ([1560]2020b:46-49) plaas hierdie verhaal binne die konteks van kruis en versoeking, met die klem op die vraag na die oorsprong van en die rede vir die kwaad. Volgens die Christelike geloof en in teenstelling met die Epikurisme, tref goed en sleg mense nie per toeval nie. Nie net die goeie nie, maar ook die slegte kom uit die hand van God (Jes 45:7). God is wel nie die oorsprong van die bose (in terme van skuld) nie, maar Hy kan dit gebruik as straf of versoeking. Die belangrike is egter dat die bose onder God se beheer bly, en dat Hy deur lyding en versoekings heen nie die mens skade wil aandoen nie (Matt 10:30). Die storm is nie uit haat of straf gestuur nie, maar om die dissipels te beproef en tot vertrouwe op te roep. Verder gebruik God die storm om aan die kerk te toon dat Hy en sy Seun altyd uitkoms en redding gee. Die samehang tussen gebed, geloof, hoop en geduld word uit hierdie verhaal geleer. Dit is veral die geduld wat nie deur die twyfel oorwoeker moet word nie. Ten slotte wys Melanchthon daarop, dat die Een wat mag het oor die wrede natuurverskynsels, slegs die Seun van God kan wees - en om hierdie rede moet die kerk nie in wanhoop verval nie. Melanchthon ([1560] 2020b:50-56) sluit sy rede af, deur op die ondergang en redding van state en kulture te konsentreer. Net soos by die kerk, gaan kulture en state ook ten gronde, maar God stuur altyd weer werktuie om die Christendom te red. Hy vertel kortliks die geskiedenis van Otto III en Karel die Grote (regeer 768-814 n.C.). Dit was veral Karel die Grote vir wie hy bewondering gehad het, aangesien hy die opvoeding, opleiding en wetenskappe bevorder het. Hy het aangedring op prediking in die moedertale en het gehelp om kerklike eiendomme aan te skaf en in stand te hou. Die geskiedenis is vir Melanchthon daarom 'n bron van hoop en vertroosting en beskerm die menslike gemoed teen pessimisme en wanhoop.

■ 8.7. Oorsig

Hierdie hoofstuk handel oor Melanchthon se ekklesiologie (of die leer oor die kerk). Die vraag wat die kerk is en wat die kenmerke daarvan is, word eerstens behandel. Die klem val op die kerk wat die evangelie verkondig en die sakramente bedien. Die volgende tema handel oor kerklike strukture,

eiendomme en geldelike bronne. Alhoewel hierdie sake nie tot die kern van kerkwees behoort nie, kan die kerk ook kwalik daarsonder klaarkom. Die ampte in die kerk, en in die besonder die amp van predikant as verkondiger, vertrooster en kategeet, geniet in die tweede paragraaf aandag. Die volgende paragraaf handel oor die sakramente van die doop en die nagmaal. Melanchthon se unieke, brugbouende uitleg van Christus se teenwoordigheid by die gebruik van wyn en brood, geniet besondere aandag. 'n Paragraaf oor kerkordes en die orde in die kerk geniet in die vierde paragraaf aandag. Daar word aangetoon dat ordelike gebedspraktyk die kern van kerklike orde uitmaak. 'n Lang paragraaf oor kerklike eenheid volg. Die gedagte van eenheid in belydenis, geniet besondere aandag. Eenheid met die Rooms Katolieke Kerk en onderlinge eenheid binne die ekumene, word bespreek. Melanchthon word as die eerste groot ekumeniese teoloog van die Protestantisme gehuldig. Die hoofstuk word met die altyd-aktuele vraagstelling na die toekoms van die kerk afgesluit. Die sekerheid dat Christus sy kerk in krisistye bewaar, word met behulp van sy uitgebreide ekumeniese korrespondensie daargestel.

Denkende godsdiens

Melanchthon was 'n voorstander van denkende godsdiens. Hierdie oortuiging word in ons tyd uit verskillende oorde aangeval. In die eerste instansie is daar 'n aanval op die gebruik van die rede uit sekere kerklike geleedere. Hulle meen dat die Protestantse slagspreuk, 'die Skrif alleen', op 'n radikale vorm van biblisme neerkom, wat die gebruik van die verstandsvermoë so ver moontlik moet vermy. Dat die eerste reformatore só 'n teologie nooit in gedagte gehad het nie, word blykbaar nie besef nie. In die tweede instansie is daar 'n onderwaardering vir die filosofie (en uiteindelik ook van die wetenskappe) by sekere teologiese opleidingsinstansies te bespeur. Stilweg is filosofie uit die kurrikula verwyder, wat tot 'n dink-onwilligheid in die teologie aanleiding gee. Wat wel intussen die oorhand gekry het, is emosies, gevoel en drome van resepmatige sukses. Mag die lees van Melanchthon se argumente tog die dink-willigheid in die teologie terugbring! Met slegs 'n paar bybelse tekste, die gebrek aan denkvaardighede en 'n bietjie gevoel, kan die intellektuele waardigheid van die evangelie nie beskerm word nie. Laastens: Ten spyte van die filosofie-vyandigheid, word 'n waarheidsteorie gevolg, wat meen dat alle waarhede, ook geloofswaarhede, slegs voorlopig waar is. Die konsekwensie is dat ons in 'n wêreld van leuens lewe. Wanneer die vermoede ontstaan dat almal, ook predikante, ten diepste leuenaars is, is ons op 'n ongemaklike plek in die geskiedenis. Dalk kan Melanchthon helderheid gee oor waarheid en leuen.

How to cite: Van Wyk, I.W.C., 2022, 'Denkende godsdiens', in *Philipp Melanchthon: Die denker, leermester en opvoeder van die Reformasie*, HTS Religion & Society Series, Vol. 12, pp. 189–208, AOSIS Books, Cape Town. <https://doi.org/10.4102/aosis.2022.BK327.09>

■ 9.1. Die Skrif alleen?

Melanchthon het nooit, soos die latere Gereformeerde en Lutherse ortodoksie, 'n hoofstuk oor Skrifbeskouing in sy *Loci* gehad nie. Melanchthon sou argumenteer dat so iets nie nodig is nie. Die kerk se bemoeienis is primêr met die evangelie van Jesus Christus, en net die heilige Skrif as boek is van belang, aangesien dit die draer van die evangelie is.²⁰² Ek is van mening dat dit juis die ortodokse Skrifbeskouing is wat die Christelike godsdien in onguns laat verval het. Die oortuiging dat die Skrif, en slegs die Skrif, 'n onfeilbare handboek vir geskiedenis, etiek en skeppingsleer is, en dat voortgaande wetenskaplike navorsing geen betroubare, aanvullende kennis kan oplewer nie, geniet in die een-en-twintigste eeu geen geloofwaardigheid nie. In §2.1.–§2.3. is daar alreeds aandag aan enkele sake rakende Skrifhantering gegee. In aansluiting daarby, word die volgende aangebied: 'n perspektief op Melanchthon se verstaan van die Skrif soos in sy twee belydenisskrifte verwoord en 'n ekskursie oor die diktum, 'die Skrif alleen.'

■ 9.1.1. Die Skrif en die belydenisskrifte (1530–1531)

Melanchthon was die opsteller van twee van die eerste Protestantse geloofsbelydenisse, naamlik die *CA* van 1530²⁰³ en die *Apo/CA* van

202. In 'n enkele terloopse opmerking, het Melanchthon in ([1524] 2012b:137) sy oorsiggeskrif van 1524 aan die landgraaf van Hessen, opgemerk dat in teenstelling tot die Roomse teologie wat op die geskrifte van die vaders en die rede steun, hy en Luther versoek dat daar na die Skrif teruggekeer moet word, aangesien die Skrif uit God se Gees gebore is, en ons daarom op 'n betroubare wyse oor die leer van die geestelike dinge onderrig.

203. 'n Kort oorsig oor die ontstaansgeskiedenis van *CA* en die *Apo/CA* word hier aan die einde van die boek geplaas. Die redes daarvoor is die volgende: Historiese teologie is terugskouend van aard. Ook aan die einde van hierdie boek word daar op die stryd van die Reformasie, 14 jaar ná 31 Oktober 1517, teruggekyk. Dit wat op die Ryksdag van Augsburg in 1530–1531 gebeur het, was deurslaggewend vir die suksesvolle deurvoering van die Reformasie. Die begaafde Melanchthon het as 33-jarige professor met hierdie belydenisskrifte die basis vir 'n Evangeliese Kerk gelê, wat nog altyd op akademiese uitnemendheid kon steun. Die teologiese kwaliteit van hierdie dokumente sou die Protestantisme op 'n koers van teologiese integriteit, Skrifgetrouheid en geloofsvreugde plaas. Terugskouend, moet Melanchthon as een van die grootste gawes aan die Protestantisme gehuldig word.

Ná die protes deur die 19 evangeliese stede en gebiede tydens die Ryksdag van Speyer in 1529 weens die verwerping van die Edik van Worms, het keiser Karel V in 1530 'n ryksdag onder sy eie voorsitterskap in Augsburg byeengeroep, in 'n poging om die Protestante te oorreed om na die Roomse Kerk terug te keer. Die Protestante se hoop was op die versoek gevestig dat hulle 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis aan die keiser kon voorlê, wat deur hom en sy raadgevers krities beoordeel sou kon word. Die voorwaarde was dat hierdie belydenisskrif in Augsburg geskryf moes word. Aangesien Luther Sakse nie kon verlaat nie en in Coburg, die naaste skuilplek aan Augsburg, moes bly, het Melanchthon die verantwoordelikheid gekry vir die skryf van die belydenisskrif. Hy het tussen 02 Mei en 23 September 1530 in Augsburg gewoon en aan die opdrag gewerk. Hy is wel deur ander evangeliese teoloë sowel as Luther (per brief) van raad en advies voorsien, maar hy was die primêre outeur. Hy kon egter wel op die voorarbeid steun wat alreeds gedoen is. 'n Eerste weergawe van 'n belydenisskrif is op 16 Maart 1530 aanvaar. Luther het aktief hieraan meegewerk en was instemend oor die ontwerp. Hy het groot lof vir Melanchthon gehad. Die hoofdoel was om aan te dui dat die Evangeliese Kerk in ooreenstemming met die één, algemene Christelike kerk en sy belydenisse is, en dat die Roomse Kerk op sentrale punte dwaal. Die *CA* is in Duits en Latyn opgestel. Op 25 Junie 1530 is die Duitse weergawe deur Christian Beyer (die Saksiese kanselier) vir die keiser (wat nie Duits magtig was nie) voorgelees.

1531.²⁰⁴ Beide hierdie belydenisskrifte is in die korpus van amptelike belydenisskrifte van die Lutherse Kerk opgeneem,²⁰⁵ en soos reeds genoem, is die *CA Variata* van 1540 deur Calvyn onderteken. Die interessante is dat

.....
(voetnota 203 gaan voort...)

Die Roomse teoloë reageer deur middel van 'n 'Weerlegging' ('*Confutatio*'). Melanchthon reageer op sy beurt met 'n Latynse 'Apologie' ('*Apologia*'), wat op 22 September aan die keiser aangebied, maar nie in ontvangs geneem is nie. Die keiser dring egter daarop aan dat die *Confutatio* aanvaar moet word. In die agtergrond het Melanchthon en Johannes Eck probeer om tot 'n kompromis te kom, wat ongelukkig nie geslaag het nie. Die tema van hulle onderhandelings bly 'n uiters relevante saak (wat reeds in Hoofstukke §6 en §7 aandag geniet het, maar weer belig moet word), aangesien dit duidelik is dat talle Protestantse predikante vandag nader aan Eck as aan Melanchthon staan. Eck kon nie die uitgangspunt van 'die geloof alleen' ('*sola fide*') aanvaar nie. In 'n poging om wel konsensus te bereik, stel Melanchthon voor dat daar gestel moet word dat 'regverdiging ontvang word op grond van genade en geloof'. Dit het egter gou geblyk dat beide van hulle verskillende dinge onder 'genade' verstaan. Volgens Eck verleen die genade aan die mens 'n nuwe kwaliteit (*habitus*), sodat hy werke van liefde kan oplewer, wat uiteindelik regverdiging voor God verseker. Vir Melanchthon, daarenteen, is genade die werk van die Heilige Gees wat die regverdige geloof verseker. Uit dankbaarheid vir die regverdigverklaring, pleeg die gelowige dan liefdesdiens, wat nie die basis van redding kan wees nie, aangesien dit steeds onvolmaakte werke is (vgl. Jung 2010:47). Op 19 November sluit die samekoms af deur te verklaar, dat die *CA* verwerp is (en dat die *ApoICA* nie in ontvangs geneem is nie). Na afloop van die Ryksdag is die Duitse en Latynse weergawes van die *CA* deur Georg Rhau in Wittenberg gedruk, en staan as die '*Editio princeps*' bekend. Hierdie uitgawe word ook vanuit Dingel (2014) in hierdie boek aangehaal (vgl. Leppin 2014).

204. Die *Apologia Confessionis Augustanae* is 'n antwoord op die *Confutatio Augustanae Confessionis* van die Roomse teoloë. Daar word kortweg na die *Apologie* en die *Confutatio* verwys. Met die '*Confutatio*' ('Weerlegging') het die Roomse teoloë die *CA* verwerp wat op 03 Augustus 1530 aan die Ryksdag te Augsburg voorgelees is. Die *ApoICA* het die indelings van die *CA* gevolg, en op feitlik elke artikel kommentaar gelewer. Die teks van die *ApoICA* is deur Melanchthon opgestel. Kortliks iets oor die voorgeskiedenis: Op 25 Junie 1530 het vyf vorste en twee rykstede die eerste uitgawe van die *CA* voorgelê vir oorweging en kommentaar. Middel Julie lê die Roomse teoloë hulle '*Catholica Responsio*' voor. Op 22 Julie 1530 laat keiser Karel V blyk, dat hy nie die *CA* kan aanvaar nie. Op 03 Augustus 1530 word 'n verwerkte weergawe van die '*Confutatio*' in die naam van die keiser bekend gemaak, en die Protestante word beveel om hierdie dokument te onderteken. Hulle begin egter dadelik met 'n 'weerlegging van die weerlegging'. As basis word tekste van Joachim Camerarius en Georg Spalatin gebruik. Op 29 Augustus 1530 is daar 'n amptelike opdrag gegee vir die skryf van 'n Apologie. Die opdrag word aan Melanchthon oorgelaat. Tydens die Ryksdag protesteer die oudkanselier van Sakse, Brück, teen die verwerping van die *CA*, en eis dat die keiser die eerste weergawe van die *ApoICA* in ontvangs neem. Sy broer, koning Ferdinand, verbied die keiser om die dokument in ontvangs te neem en om dit te laat voorlees. Die *ApoICA* is dus nooit amptelik oorhandig nie. Melanchthon begin egter dadelik met 'n verbetering van die Duitse teks asook 'n Latynse vertaling van die teks. Einde Oktober, ontvang Melanchthon 'n Latynse afskrif van die '*Confutatio*' (wat tot hier 'n geheime dokument was), en verwerk die *ApoICA* nog 'n keer. Veral die Artikels IV tot VI wat oor die regverdigsleer handel, is grondig verwerk. Die arbeid duur tot April 1531. In Mei 1531 word die eerste uitgawe ('*Editio princeps*') van beide belydenisskrifte gepubliseer. Kort daarna verskyn 'n volgende uitgawe, bekend as die '*Quarttext*'. Melanchthon was steeds nie tevrede nie. Luther en Brenz help hom om die teks te verbeter. Aan die begin van September was Melanchthon uiteindelik tevrede, en die Latynse *ApoICA* word gepubliseer as die '*Editio secunda*', ook bekend as die '*Oktavausgabe*' of die '*Oktavtext*'. Die teks van September 1431 geld as die amptelike weergawe, wat tydens die vergadering van die Smalkaldiese Bond in Februarie 1537 onderteken is (vgl. Peters 2014).

205. Die amptelike korpus van Luther se belydenisskrifte staan bekend as die *Konkordieboek* (*Konkordienbuch*, of *Book of Concord*) wat in 1580 amptelik in gebruik geneem is (50 jaar ná die voorlees van die *CA*). Die voorgeskiedenis verloop soos volg: Ná 1531 het die Wittenberg-teoloë hulle eie 'riglyn vir die geloof' die '*corpus doctrinae*' ['die versameling van leerstellings'] genoem. In 1559–1560 het Melanchthon 'n versameling van sy eie geskrifte onder die titel, *Corpus Doctrinae Philippicum*, gepubliseer (*CA*, *ApoICA*, *Confessio Saxonica*, *Loci communes* en die *Eksaminering van die kandidate vir die ordening*). Toe die voorstel vir die *Konkordieformule* in 1577–1578 byval gevind het, het Jakob Andreae begin om die belydenisgeskrifte wat in algemene gebruik was, te versamel. In 1580 is die *Konkordieboek* aanvaar. In 1584 is 'n hersiene vertaling van Nikolaus Selnecker aanvaar (vgl. Kolb 2017).

Melanchthon nie in die *CA* of die *Apo/CA* (28 artikels elk) 'n artikel oor die Skrif het nie. Daar is dus nie sprake van iets soos 'n 'Skrifbeskouing' nie. Vir hom (en die ander eersteslag-reformatore), het dit oor die evangelie van Jesus Christus gegaan. Hierdie evangelie kan net op één plek gevind word, en dit is in die Bybel soos wat hulle dit in daardie tyd geken het. Vrae oor die 'gesag' en die 'inspirasie' van die Skrif was op daardie stadium nie ter sake nie.

In die *Apologie* wat uitgebreide kommentaar en verduidelikings oor die *CA* bevat, is daar wel enkele belangrike uitsprake oor hoe die Skrif gelees moet word. Hierdie uitsprake is voortdurend in die verskillende uitgawes van sy *Loci* verduidelik. Die eerste belangrike uitspraak kom voor in die artikel (art. IV) wat oor die regverdiging handel. Die kern van die evangelie handel oor die tema van die regverdiging. Om die goeie nuus oor die regverdiging reg te verstaan, moet die twee hooftemas van die Skrif, te wete wet en beloftes oor Christus en sy werk, geïdentifiseer en onderskei word. Onder 'wet' word die 'sedewet' wat in die tien gebooie saamgevat word, bedoel. Wette oor Joodse seremonies en die staatswese is nie ter sake vir die kerk nie. Die onderskeid tussen wet en evangelie, moraal en geloof, handeling en belofte is die vertrekpunt van die Reformatoriese Skrifverstaan. Indien hierdie vertrekpunt nie aanvaar word nie, kan daar nie sprake van 'n Reformatoriese omgaan met die Skrif wees nie (vgl. Melanchthon [1530] 2014b:98-99; [1531] 2014a:267-397).

Die Reformatoriese verstaan van die Skrif het 'n lang aanloop gehad. Reeds by die Disputasie van Leipzig (1519) was daar 'n meningsverskil tussen Luther en Eck, oor die gesaghebbendheid van die eksegeese van die kerkvaders. Melanchthon raak die saak weer in die *Apologie* (art. IV) aan, waar dit oor die regverdigmakende geloof handel. Hier gebruik hy die uitsprake van Ambrosius en Augustinus ter ondersteuning van die Reformatoriese verstaan van geloof en genade. Hiermee gee Melanchthon te kenne dat Reformatoriese teologie met die konsensus ooreenstem, wat in die Vroeë Kerk oor die regte leer bestaan het. Vir Melanchthon beteken 'ekumeniese teologie' 'n teologie wat instem tot die teologiese leer waarvoor daar eenstemmigheid was binne die hoofstroom van die Vroeë Kerk - en daarom behoort die Roomse teoloë met hom en Luther saam te stem.

Die volgende aspek van 'Skrifbeskouing' wat aandag kry, is die tema van 'Skrifbewyse' vir leeruitsprake - in hierdie geval, die tema van boetedoening of bekering (art. XII; vgl. Melanchthon [1530] 2014b:106-107; [1531] 2014a:434-510). Melanchthon beskou die Bybel nie as 'n versameling leeruitsprake nie; óf anders gestel, die leeruitsprake van die kerk word nie as stellings in die Skrif aangetref nie. Weereens: die kerklike leer is nie 'n kopie van 'n reeks teksverse nie, maar berus nogtans op bepaalde teksverse. Wanneer die kerk poog om te leer wat onder 'n bepaalde onderwerp verstaan kan word, moet sodanige leer op Skrifgedeeltes berus, sonder dat dit met 'n reeks teksverse bewys word.

Leeroortuigings wat nie 'n bybelse basis het nie, kan nie as dwingend aanvaar word nie, maar die Bybel is ook nie 'n indeks vir kerklike leerstellings nie.

■ 9.1.2. 'Sola scriptura'

Die gedagte van die 'Skrif alleen' [*Sola scriptura*], wys wel terug op Melanchthon, maar die konteks waarin hy dit gesê het sowel as die presiese bewoording en bedoeling van hierdie uitspraak, is van belang vir verdere nadenke oor die Christelike geloof en leer. Melanchthon (saam met Johann Agricola en 'n aantal studente) het Luther en Andreas Bodenstein von Karlstadt na Leipzig vergesel vir 'n disputasie,²⁰⁶ wat saam met Johannes Eck tussen 27 Junie en 15 Julie 1519 plaasgevind het. Die disputasie het oor drie temas gehandel: die vrye wil (Eck teen Karlstadt, 27 Junie – 03 Julie), die pouslike gesag, die vaevuur, aflate, bekering en vryspraak (Eck teen Luther, 04-14 Julie), en die vermoë om goeie werke te doen (Eck teen Karlstadt 14-15 Julie). In die disputasie tussen Johannes Eck en Martin Luther oor die pous, het 'n ingrypende skuif in teologiese denke na vore getree. Volgens die Middeleeuse teologiese tradisie was die pous *iure divino* [volgens Goddelike reg], die hoof van die kerk. Hierdie bewering is vanuit die kerkreg begrond, in kombinasie met die wêreldlike reg van daardie tyd. Hierteenoor het Luther gestel dat net Christus die hoof van die kerk kan wees. Volgens Luther, kan die primaatskap van die pous nie uit die 'wêreldlike reg', of die 'kerkreg' afgelei word nie. Dit mag en kan slegs vanuit die Skrif afgelei en bevestig word. Die 'Skrif alleen', en nie die tradisionele kerklike reg nie, moet in 'n belangrike saak soos hierdie die deurslag gee. Luther argumenteer dat die primaatskap van die pous nie op grond van Matteus 16:18-19 verdedig kan word nie, aangesien só 'n oortuiging op 'n verkeerde eksegeese van hierdie gedeelte berus. Al het enkele kerkvaders die 'Petrus-amp' aan die pous toegeken, het die Skrif, en nie die vaders nie, die laaste woord. Die Bybel kan nie vanuit die perspektief van die vaders gelees word nie, maar die vaders moet aan die Skrif getoets word. Die hermeneutiese tradisie van die kerkvaders is dus nie bo Skriftuurlike kontrole verhewe nie, maar daaraan ondergeskik. Die konflik tussen Eck en Luther was dus die stryd

206. In die Middeleeue en Vroeë Moderne tyd was disputasies die belangrikste manier van akademiese gespreksvoering, kennisversameling en die presisering van waarheids-oortuigings. In die teologie is die reëls van die logikadosent, Petrus Hispanus (1240), by disputasies gevolg. 'n Respondent (ook 'n *proponent* genoem) het 'n aantal stellings van 'n dosent of 'n kerklike verteenwoordiger krities bespreek, en selfs bevraagteken. Binne die universiteit was daar drie tipes disputasies, naamlik 'n gewone disputasie wat 'n professor minstens een keer per jaar voor die universiteitsgemeenskap en die algemene publiek moes waarneem (*publice, solenniter et ordinarie*), 'n sirkel-disputasie (wat een keer per week binne 'n geslote groep studente moes plaasvind), en 'n eksamen-disputasie (*disputationes examinatariae*) – waartydens doktorsale studente hulle 'proefskrifte' moes verdedig. Die Disputasie van Leipzig (1519) was 'n geleentheid wat oop was vir die universiteitsgemeenskap, kerklike verteenwoordigers en die publiek. Dit het daarom nie in 'n universiteitsgebou plaasgevind nie, maar in die kasteel van die hertog. Die wêreldlike owerheid het dus die disputasie aangebied, alhoewel die 'regterlike oordeel' (op aandrag van Luther) deur die teologiese fakulteite van Erfurt en Parys uitgespreek sou word (vgl. Dingel 2019).

om die primaatskap tussen teologiese tradisie en bybelse eksegesis. Die konsekwensie van Luther se 'Skrifverstaan', was dat hy die hele kerklike hiërargiese ampstruktuur moes bevraagteken. Hy herinner Eck aan die Vroeë Kerk, waar priesters en biskoppe gelyke status geniet het. Dit het hom egter na aan die argumente van die veroordeelde ketter, Johannes Hus, gebring, wat in 1415 tydens die Konsilie van Konstanz tereggestel is. Eck omskep verdediging in aanval, en beskuldig Luther dat hy (net soos Hus), by implikasie die gesag van konsilies ondergrawe. Luther hou egter konsekwent by sy standpunt en stel dat konsilies wel kan dwaal indien daar besluite geneem word wat nie met die Skrif in ooreenstemming is nie. Die belangrike paradigmaterskuiwing wat hier plaasgevind het, is dat mensewoord en God se Woord onderskei is. Kerkreg is ondergeskik aan bybelse eksegesis gestel. Sy '*Erfurt Bybelhumanisme*' (Junghans 2019:133) het hom laat glo dat kerklike oortuigings, gewoontes, besluite en tradisies nie noodwendig Skriftuurlik goed begrond is nie, en daarom krities bevraagteken kan word en opnuut Skriftuurlik begrond moet word. Usansie en teologiese tradisie kan nooit die laaste woord in die teologie wees nie; die argumente vanuit die Skrif egter wel. By die Disputasie van Leipzig, het die breuk tussen die kerkhervormers en die Roomse Kerk duidelik plaasgevind – dit sou 'n bietjie later deur Melanchthon op skrif gestel word. Die breuk was ten diepste 'n breuk oor teologiese metodiek, naamlik die vraag oor die plek en rol van die Skrif in teologiese debatvoering (vgl. Dingel 2019; Kohnle 2019:39–46).

Na afloop van hierdie disputasie, het Melanchthon die eerste kerkhervormer geword wat hom stellerwyse oor die Skrif uitgelaat het (juis omdat hy oortuig was dat Luther se argumente geldiger was as dié van Eck; Kohnle 2019:41). Op 09 September 1519 het hy aan die vereistes vir 'n *Baccalaureus biblicus* voldoen. Hy het 24 stellings opgestel wat hy in 'n disputasie in Wittenberg suksesvol verdedig het. Met stellings 16 en 17 het hy die eerste Evangeliese teoloog geword wat stellerwyse indirek na 'die Skrif alleen' ('*sola scriptura*') verwys het. Melanchthon ([1519] 2011a) stel:

16. Vir 'n Christen is dit nie noodwendig, om aan nog ander dinge te glo, buiten die dinge wat deur die Skrif betuig word nie.

17. Die gesag van die konsilies moet geringer geag word as die gesag van die Skrif self. (p. 18)

Met hierdie stellings het Melanchthon bevestig wat Luther in Leipzig gedisputeer het, naamlik dat niks heilsnoodwendig kan wees wat nie in die Skrif staan nie, byvoorbeeld gehoorsaamheid aan die pous in Rome. Die *sola scriptura*-prinsiep was dus die gevolg van die differensie-hermeneutiek wat teenoor die Roomse Kerk gevolg is, en Luther sowel as Melanchthon sou later bevestig dat die slagspreuk *sola scriptura*, 'nie net geldig is nie, maar ook waar' (Leppin 2019:196). Om hierdie slagspreuk vandag ter ondersteuning van godsdienstige fundamentalisme in te span, getuig van 'n onreformatoriese

benadering in die teologie. Reformatoriese teologie is geen denkvyandige biblisisme nie, maar denkende teologie wat in 'n kritiese, dog produktiewe verhouding tot die filosofie staan.

■ 9.2. Teologie en filosofie

Melanchthon was 'n bybelse teoloog. Hy was taalkundige, eksegeet, sistematiese denker en belyer van die Christelike geloof in ooreenstemming met die ekumeniese belydenisse. Dit is vanselfsprekend dat hy die Skrif as die basis en bron van die teologie beskou het. Hy kon sonder 'n 'inspirasieleer' en "n leer oor die foutloosheid van die Bybel' klaarkom. Hy as taalkundige, eksegeet en dogmatikus, kon egter nie sonder die 'filosofie' klaarkom nie, aangesien die Christelike godsdiens en teologie, denkend van aard is. Sy verstaan van 'filosofie' en die nut daarvan vir die kerk en teologie, verdien daarom aandag.

■ 9.2.1. Wat is 'filosofie'?

Volgens Günter Frank (2017:451), was Wilhelm Dilthey en Hans-Georg Gadamer die laaste groot filosowe wat aan Melanchthon 'n prominente plek in die filosofiegeskiedenis gegee het. Dilthey het hom as 'n bemiddelingsfiguur tussen die 'ou teologies-filosofiese sisteem' van die Middeleeue en die natuurfilosofie van die sewentiende eeu beskou. Gadamer het aan hom 'n ereplek binne die ontwikkeling van die Protestantse hermeneutiek, asook die logika en retoriek gegee. Frank se insig om Melanchthon nie aan een of ander skool van denke te koppel nie, maar om hom as 'n eklektikus te beskou, wat uit verskeie tradisies geput het, word hier gevolg. Verder is dit belangrik om drie verskillende filosofiebegrippe (wat grootliks met drie tydperke in sy lewe saamval) by Melanchthon te identifiseer:

1. Filosofie as '*Philosophia christiana*': Die jong Melanchthon het Erasmus se gedagte van 'n 'Christelike filosofie' gevolg, wat na Clemens van Alexandrië, Johannes Chrysostomus en Augustinus terugverwys. Alhoewel die drie kerkvaders die gedagte bruikbaar gemaak het vir die priesterstand, het Erasmus sedert 1515 gemeen dat dit vir alle stande toepaslik is. Melanchthon was gretig om die filosofie opnuut vir die teologie bruikbaar te maak. In sy 1520-voordragte oor Paulus, het Melanchthon egter van die 'Pauliniese filosofie', wat teenoor die Griekse filosofie staan, gepraat. Hierdie negatiewe denke oor die filosofie was egter slegs vir 'n kort fase (onder invloed van Luther) in Melanchthon se werk teenwoordig. 'n Mens moet egter onthou dat hierdie 'filosofiekritiek' uit die oortuiging, naamlik dat spekulatiewe filosofie weinig waarde vir die politieke werklikhede het, gevoed is (wat beide reformatore graag wou verbeter). Verder moet sy aanvanklike verstaan van filosofie begryp word teen die agtergrond van

die humanistiese hervormingsprogram van die *artes liberales*,²⁰⁷ wat hy uit Tübingen na Wittenberg geneem het (vgl. 3.1.4.2.; Frank 2017:452–453). Belangrike voordragte in hierdie verband geniet in hierdie en die eerste hoofstuk aandag.

2. Die filosofiebegrip van die Melanchthon-humanisme: Sedert Melanchthon sy voorlesing oor die *artes liberales* in Tübingen (1517) gelewer het, het hy klarigheid in sy gemoed gehad dat die kanon met geskiedenis en digkuns uitgebrei moes word. In sy intreerede in Wittenberg (1518), het hy hierdie hele nuwe kanon van vakke as ‘filosofie’ beskou. Al die wetenskapsvelde (vgl. die Stoïsinse indeling) van spraakkunde, natuurkunde en etiek is dus deur hom as ‘filosofie’ verstaan. Dit is merkwaardig dat hy die moraalwetenskap (etiek) eers later by sy kanon betrek het, deur die regsfilosofie en psigologie (eintlik anatomie) daarby te voeg. Dus: die regs- en mediese wetenskappe is sedert 1530 ook tot sy verstaan van ‘filosofie’ gereken (vgl. Frank 2017:453–455).
3. Die universeelwetenskaplike filosofiebegrip: In sy voordrag van 1536 oor die filosofie, het hy laat blyk dat hy die ‘filosofie’ as ’n universeelwetenskaplike dissipline verstaan het. Al die bekende universitêre wetenskappe van sy tyd, behalwe die Aristoteliese metafisika, is opgeneem in sy unieke verstaan van ‘filosofie’. ’n Mens moet daarom waak om nie eietydse begripsgebruike met syne te verwar nie (vgl. Frank 2017:455).

■ 9.2.2. Geen teologie sonder ‘filosofie’ nie

In die lig van die raamwerk van §9.2.1. kan daar nou na ’n seleksie van Melanchthon se voordragte gekyk word - voordragte wat die Christelike teologie as ’n denkende wetenskap kan belig.

Melanchthon ([1527] 1989) se eerste sistematiese besinning oor die verhouding tussen teologie en filosofie, word in sy *Ekskursies oor Paulus se brief aan die Kolossense* gevind. Vanuit die perspektief van Kolossense 2:8²⁰⁸ word die selfstandigheid van die teologie teenoor die filosofie beklemtoon. Sy polemie teen die Roomse skolastiek wat Aristoteles se filosofie as wa vir die teologie beskou het, is egter nie die hooftema van sy nadenke nie. Sy doelwit was om die belangrikheid van die filosofie te beklemtoon, maar om tegelyk ook die grense van die filosofie aan te toon. Melanchthon se vertrekpunt is by sy bekende onderskeid tussen die twee tipes geregtigheid: die geregtigheid van die geloof, en die geregtigheid van die menslike bestaan (of filosofie).

207. Ter herinnering: Die klassieke *artes liberales* het bestaan uit die *Trivium* (grammatika, dialektiek en retoriek) en die *Quadrivium* (wiskunde, geometrie, musiek en astronomie).

208. Melanchthon vertaal die Latynse weergawe van Kolossense 2:8 soos volg: *Videte, ne quis vos depraedetur per philosophiam et inanem deceptionem* [Sien toe, dat niemand julle beroof (of mislei) deur ’n filosofie en ’n leë drogrede nie].

Die fokus val hier op die menslike geregtigheid wat God eis, en die grens wat vir hierdie vorm van geregtigheid gestel word. Filosofie is die wetenskap van die taal, die natuur en die sedes. Die onderwerpe wat bestudeer word, is die natuurlike en maatskaplike verskynsels wat op sekerheidsgronde begryp kan word. Die filosofie ('n versamelnaam vir die wetenskappe) is 'n egte en goeie skepping van God (*est vera et bona creatura Dei*). Dit is die rasonele oordeelvermoë wat God aan die mens skenk ten opsigte van natuur- en sosiale fenomene. Dit is 'n betroubare instrument en in staat om die waarheid te ken. Paulus (Rom 2:15) het ook geweet dat God se wet in alle mense se harte lewe, wat beteken dat alle mense die vermoë het om oor natuurlike en sosiale verskynsels oordele te vel in hulle soektog na die waarheid en die goeie. Die mens het die gawe ontvang om te tel, te bou en selfs om te genees. Wanneer Paulus dan waarsku teen die filosofie, kan dit nie beteken dat hy teen menslike vermoëns wat gawes van God is, waarsku nie. Hy kan nie waarsku teen pogings om die natuur te leer ken en te verstaan nie, en ook nie om rasioneel uit te pluus wat in die beste belang van die samelewing is nie. Dit het die wysheidsliteratuur tog ook geleer (Pred 2:13). Melanchthon ([1527] 1989) stel samevattend:

Aangesien alle kunste en wetenskappe wat deur God aan ons gebied word, sy gawes is, en ten regte ook só genoem moet word, is [*die wetenskappe*] 'n uitdrukking van eerbied vir God, en verdien daarom om beoefen en geleer te word, in plaas daarvan om dit te verag. Soos ek alreeds gestel het, moet 'n mens daarvoor duidelikheid hê, dat die leer oor die verskynsels van hierdie wêreld, niks met die dogmas van die godsdiens te make het nie.²⁰⁹ (p. 36)

Die feit dat die landbou- en mediese wetenskappe weinig (indien enigsins) met kerklike leerstellings te make het, beteken nie dat dit boosaardig en goddeloos is nie. Die wetenskappe word vir menslike oorlewing benodig en moet as sodanig gerespekteer word. Die strewe na volgehoue wetenskaplike navorsing word uit die Gees van God gebore (*'Impetus hic sacrae semina mentis habet'*) (Melanchthon [1527] 1989:40). Selfs goddelike beloftes van 'n langer lewe, het Hiskia nie verhoed om nogtans sy medikasie te neem nie (Jes 38). Gebedsgenesing sonder insette van die mediese wetenskap is vir Melanchthon 'n ondenkbaarheid. Hy wys egter op die belangrikheid van multidissiplinêre wetenskaplike navorsing. Die mediese wetenskap moet byvoorbeeld van die astrologie (gewoon die besef van seisoene wat 'n invloed het op verskillende siektetoestande) gebruik maak. 'n Ander voorbeeld het met die samehang van fisika en etiek te make. Natuurwetenskaplike kennis (soos swaartekragwette) bepaal wat bouers kan doen en nie kan doen nie om behuising te verskaf (vgl. Melanchthon [1527] 1989:42–47). Dit klink alles vreeslik primitief, maar dieselfde foute word vandag nog herhaal. Ten spyte

209. Melanchthon stel: *'nam cum artes omnes divinitus nobis ostensae sint Deique dona et sint et vere vocentur, pietas quaedam est eas colere ac discere, non contemnere. Si tamen, ut dixi, ita iudices praecipere eas non de dogmatibus religionis, sed de corporalibus rebus.'*

van die lof wat Melanchthon vir die filosofie het, wys hy egter ook op die grense van menslike kennis. Volgens Melanchthon ([1527] 1989:52-64) is daar drie redes waarom die filosofie nie oor die waarheidsgehalte van die kerklike leerstellings kan oordeel nie, óf anders gestel, waarom die menslike rede nie oor die wil van God kan oordeel nie: Eerstens, volgens die filosofie kan God nie in beheer van die wêreldgeskiedenis wees nie, aangesien daar te veel ongeregthede voorkom. Volgens menslike oordeel blyk dit dat God se goeie wil nie die geskiedenis lei nie. Volgens Melanchthon kan die mens nie oor God se wil oordeel nie. God se wil word slegs deur die openbaring in sy Woord en die werking van die Heilige Gees geken. In plaas van skeptiese denke, moet daar eerder op gedeeltes soos Deuteronomium 5:8, Psalm 103, Spreuke 16, Matteus 6, Johannes 5 en Kolossense 1 vertrou word. In die tweede plek fouteer die filosofie wanneer dit burgerlike geregtigheid as geregtigheid voor God voorhou. Natuurlike deugde en maatskaplike suksesse is in die oë van God nog niks nie. Alleen die geloof in Christus maak jou voor God regverdig. Dit verhoed en verhoed egter nie die strewe na maatskaplike geregtigheid nie. Christene werk mee aan die bevordering van die sosiale moraliteit, en onder geen omstandighede ontduik hulle burgerlike verantwoordelikhede nie. Derdens, oorskakel die filosofie sy vermoë om die sonde te beveg. Slegs danksy die werking van die Heilige Gees, word die menslike gees sodanig gereinig, dat daar volgens die wil van God gehandel kan word. Dit verhoed die mens egter geensins om volgens redelike insigte morele oortuigings, etiese oordele en billike wetgewing te volg nie. Die stryd teen die sonde beteken nie dat die mens tot niks in staat is nie. Dit gaan hier om twee vraagstukke wat met twee verskillende werklikhede te make het. Teologie en filosofie is nie dieselfde nie, maar Christene kan nie sonder die filosofie funksioneer nie, en filosofe kan nie sonder Christus troosvol sterf nie. Wie nie teologie en filosofie, of evangelie en rasonale insigte kan onderskei nie, saai verwarring en onnodige konflik. Wie volgens rasonale insigte lewe, het nog nie rede genoeg om nie in God te glo nie.

In 1536 lewer Melanchthon sy tweede belangrike bydrae tot die debat, teologie - filosofie. Sy *Voordrag oor die filosofie* ([1536] 2011c), het die omgekeerde benadering gevolg en betoog dat die teologie nie sonder die filosofie kan klaarkom nie. In 1536 was sy polemieek teen die wederdopers gerig, wat geen waarde aan geleerdheid en intellektuele vorming gekoppel het nie. Melanchthon ([1536] 2011c:133) begin sy voordrag met die bedoeling wat hy in gedagte het, naamlik om aan te toon dat die teologie nie net grammatikale kennis nodig het nie, maar ook kennis van die 'filosofie' - en daarmee bedoel hy al die wetenskappe van sy tyd. Nie net die kerk sal hierby baat nie, maar ook die ganse samelewing. Melanchthon ([1536] 2011c:134) verwag dat die predikante van die kerk geleerde en ontwikkelde mense (*gebildete Menschen*) sal wees, aangesien 'ongeleerde teoloë 'n Ilias van die duiwel is' (dit beteken: 'n bende van booswillige mense). Ongeleerde teoloë is

'boosheid vir die kerk', aangesien die teologie kennis uit al die wetenskappe benodig om moeilike vraagstellings te beantwoord. Grammatikale kennis alleen, is nie voldoende om ingewikkelde vraagstukke te beantwoord nie (vgl. Melanchthon [1536] 2011c:135-136). Die volgende aanhaling (Melanchthon [1536] 2011c) verwoord sy argument tot hier:

Ek ontken glad nie dat die filosofie tot 'n ander soort van leer hoort as die teologie nie; ek wil ook nie beide [*studievelde*] só vermeng soos 'n kok verskillende soorte sop saam roer nie, maar ek wil dat die teologie, in omgang met die metode [*van die filosofie*] intellektueel gevorm sal word. Dit is daarom noodwendig dat [*die teoloog*] baie uit die filosofie sal oorneem. Wie hierdie oortuiging nie deel nie, laat toe dat die kerk binnegedring word deur [...] 'n twyfelagtige teologie. en ongeleerd [*of intellektueel swak gevormd*] is nie alleenlik die wederdopers nie, wat geen kennis van die antieke literatuur en wetenskap het nie, maar ook die karakterlose babbelkouse wat geen betroubare kennis verdra nie, alhoewel hulle glansvolle toesprake kan hou. Aangesien hulle nie met die verskillende [*wetenskaplike*] metodes vertrou is nie, kan hulle nie die grondwaarhede van [...] beide teologie en filosofie verstaan nie. (p. 137)

Melanchthon ([1536] 2011c:139-140) sluit sy voordrag af, deur weer daarop te wys dat goeie, wetenskaplike teologie wat naas die Skrif ook op die filosofie steun, tot voordeel van die kerk en die hele samelewing is. Om hierdie tipe teologie egter te kan beoefen, is groot liefde vir die kerk en 'n diepe pligsbesef nodig. Wie hulle plig elke dag doen – sommiges in die teologie en andere weer in die filosofie – verseker die voortbestaan van die kerk en die wetenskappe. Soos hy as teoloog die wetenskappe beskerm, só moet die filosowe die wetenskaplike bestudering van die teologie beskerm.

Een jaar later lewer Melanchthon ([1537] 2011b) sy *Voordrag oor Aristoteles*. Hierdie voordrag is in 'n groot mate 'n voortsetting van die een oor die filosofie. Teen hierdie tyd het hy van Luther se negatiewe siening van Aristoteles (wat ten diepste eintlik 'n verwerping van die Middeleeuse skolastiek was) wegbeweeg. Hy spreek sy groot waardering vir Aristoteles oor en oor uit, en beveel aan dat daar selfs op skool aan sy 'filosofie van waarheid' aandag gegee moet word. Die redes waarom hy Aristoteles so lofwaardig vind, is dat hy eerstens, die samehang van alle dinge – en só van alle wetenskappe – ingesien het. Ook die teologie moet besef dat daar nie sonder die ander wetenskappe gevorder kan word nie. Hy noem tweedens, dat Aristoteles 'n navolgingswaardige mens was, aangesien hy liefdevol, hardwerkend, spraakbegaafd en gewetensvol was – deugde waarsonder geen staat suksesvol kan ontwikkel nie. Derdens, het Aristoteles die dialektiek, fisika en etiek uitvoerig daargestel. Veral sy metodiek en konklusies in argumentvoering is (veral vir skoolkinders) van belang. Laastens beskou hy Aristoteles se publikasies as 'n volledige biblioteek. Sonder kennis van hierdie biblioteek, sal daar net verwarring wees – ook in die teologie (vgl. Melanchthon [1537] 2011b:168-173).

Die volgende jaar, 1538, lewer Melanchthon ([1538] 2011f) 'n *Voordrag oor Plato*, en versoek die gehoor om Plato ook ywerig te bestudeer. Daar kan by

Plato geleer word dat die bestudering van die wetenskappe groter maatskaplike waarde het, as om oorlog te voer. Volgens Plato hou die tirannie die grootste bedreiging vir die mensdom in, en dit is slegs deur die ywerige bestudering van al die wetenskappe, dat 'n menswaardige bestaan verseker kan word. Filosofe, sonder dat hulle 'n openbare amp beklee, is dus onmisbaar vir vreedsame naasbestaan. Die deugde wat Plato bevorder het, is deugde met ewigheidswaarde: Om goed te doen ter wille daarvan om goed te doen, sodat geregtigheid uiteindelik kan seëvier. Matigheid, sagmoedigheid, en vredeliewendheid is by hierdie groot doelwit inbegrepe. Die roofsgtigheid van maghebbers is wat bedwing moet word, en dit kan gedoen word deur die bevordering van hierdie deugde deur die filosofe. Selfs die teologie kan tot op 'n punt positiewe dinge by Plato leer soos dat die doel van die lewe daarin bestaan om God te ken en te vereer. Verder kan daar by Plato geleer word, dat daar tog voetspore van God in die natuur te vinde is. Daarbenewens kan Plato se besef dat alles na die dood nie verby kan wees nie, ook waardeer word. Ten spyte van sy lofrede oor Plato, waarsku hy tog dat selfs Plato se filosofie (as 'n gawe van God) slegs relatiewe waarde het. Hierdie relatiewe waarde van Plato se 'ware filosofie', vat Melanchthon ([1538] 2011f) op die volgende wyse saam:

Die ware, egte filosofie, dit is die filosofie wat nie van sy eie metode en weg van bewysvoering afstand doen nie, het die waarde van 'n Goddelike wet. Dit erken die bestaan van God en beoordeel die burgerlike lewenswandel [*krities*]; dit begryp dat ons die onderskeidingsvermoë tussen goed en sleg het wat deur God se beskikking aan ons geskenk is; dit erken dat die verskriklike menslike booshede deur God bestraf word, en dat daar tekens is van [*menslike*] onsterflikheid. (p. 159)

Hoe belangrik hierdie filosofie ook mag wees, dit bied nog steeds nie wat die evangelie bied nie, naamlik die vergewing van sondes wat deur die Seun van God gewaarborg word. Die menslike gees en rede kan hierdie kennis nie vanself oplewer nie. Dit kan slegs deur die verkondiging van die evangelie geskenk word. Om hierdie rede, moet teologie en Platoniese filosofie onderskei word en nie met mekaar verwar word nie. Onderskeiding van wetenskappe neem nie wedersydse respek weg nie.

■ 9.2.3. 'Filosofie' in die gestalte van die natuurwetenskappe

Melanchthon se verstaan van filosofie was só breed dat hy die natuurwetenskappe as 'n onderdeel van 'filosofie' verstaan het. Die mediese wetenskap as deel van die natuurwetenskap, was vir hom wat drie vlae van die Pes beleef het, van die uiterste belang. Hy het baie moeite gedoen om belangstelling in die mediese wetenskap aan te wakker, en om hierdie wetenskap aan die universiteit te bevorder. So vroeg as 1519 het hy al 'n voorwoord vir die Wittenbergse medikus, Peter Burckhard, se boek *Parva Hippocrates tabula*, geskryf. Melanchthon was oortuig dat ook die mediese

wetenskap akademiese vooruitgang sal toon wanneer die bronne van die mediese wetenskap herontdek en bestudeer sal word. Vooruitgang in die wetenskap, beteken om terug te keer tot die oorspronklike ideale en metodes van 'n spesifieke wetenskap, wat in die oorspronklike bronne gevind sal word. Vir die mediese wetenskap was die grondleggers en eerste vertalers en interpreteerders van hierdie wetenskap soos Hippocrates, Galen en Avicennae, van belang. As taalkundige het hy ontdek dat die Middeleeuse vertalings van Hippocrates en Galen uiters swak was, en het hy sy studente aangemoedig om bron-getroue, idiomaties-verstaanbare vertalings van die belangrikste tekste te maak. Melanchthon het 22 akademiese voordragte (*declamationes*) oor die mediese wetenskap gelewer. Hy het ook biografieë oor Hippocrates en Galen geskryf. Melanchthon se anatomiehandboek (wat ook tegelyk 'n teologiese antropologie en psigologiehandboek is), *De anima*, is die eerste keer in 1540 as *Commentarius de anima* gepubliseer, en in 1552 as *Liber de anima* voltooi. Vir Melanchthon was die akademiese mediese wetenskap hoofsaaklik 'n boekwetenskap. Studente moes in die eerste instansie uit boeke kennis oor die liggaam, siektes en geneesmiddels versamel. Empiriese kennis was vir hom vanselfsprekend ook belangrik, maar empiriste wat die histories-versamelde poel van kennis geringskat, herhaal bloot die foute van die verlede en dra tot die verval van die mediese wetenskap by. Die mediese literatuur help verder, om die mediese wetenskap as wetenskap te beskerm. Sonder kennis van die gepubliseerde mediese geskrifte, kan daar nie op hierdie terrein gevorder word nie. Kennis van die teologie is vir die medikus ook belangrik. Die wete dat die menslike liggaam die Here se mooiste en mees gekompliseerde gawe is, vergroot die werklikheidsverstaan van die gelowige medikus. Die omgekeerde argument is vir Melanchthon ook belangrik: Elke goeie teoloog sal ook die menslike anatomie bestudeer, aangesien hierdie kennis tot 'n goeie begrip van die voorsienigheidsleer bydra. Kennis van die filosofie en die natuurwetenskappe dra by tot die natuurlike kennis van God, die regte lewensvoering (*ad regendos mores*) en begrip vir die leer van die kerk (*ad intelligendam ecclesiae doctrinam*). Denkende teologie is 'n teologie wat die samehang tussen die verskillende wetenskappe verstaan, sodat die lof van God met insig besing kan word (vgl. Helm 2017). Ná hierdie inleidende gedagtes, kan daar met groter aandag op 'n seleksie van medies-wetenskaplike voordragte gekonsentreer word.

Melanchthon ([1542] 2012d) se *Voordrag oor die natuurwetenskap*²¹⁰ is 'n goeie beginpunt om sy verstaan van die mediese wetenskap te belig. Die mediese wetenskap is volgens Melanchthon 'n onderdeel van die natuurwetenskap.

210. Hierdie voordrag is op Melanchthon se aandrang geskryf en berus geheel en al op sy argumente, maar is waarskynlik deur Joachim Rheticus (1514–1574) uitgeskryf en voorgedra. Hy was, as 'n leerling van Kopernikus, 'n kenner van die astronomie en wiskunde. In sy geskrif, *Narratio prima*, het hy aangevoer dat die nuwe heliostatiese astrologie nie met die Skrif in botsing is nie. Daar moet dus aanvaar word dat Melanchthon (vgl. inleiding tot [1542] 2012d:91) nie in Kopernikus 'n bedreiging vir die teologie gesien het nie.

Hierdie wetenskap is egter 'n wetenskap van omvattende geleerdheid en opvoeding, wat die menslike bestaan vergemaklik. Enige ongeleerde mens kan daarom nie 'n mediese praktisyn wees nie, aangesien só 'n persoon baie skade kan aanrig. Nogtans moet daar groot respek wees vir 'huisvroukennis', aangesien moeders op grond van oorgelewerde raat tog in talle gevalle siek mense kan help. 'Algemene huishoudelike mediese kennis' is nuttig, maar kan nie op 'wetenskaplike kennis' aanspraak maak nie (vgl. Melanchthon [1542] 2012d:94-96). Die rede waarom mediese kennis op natuurwetenskaplike navorsing moet berus, het volgens Melanchthon met 'n breër werklikheidsverstaan te make. Die algemene etiek en 'n leerstelling soos God se voorsienigheid, kan by wetenskaplike kennis baat vind. Die natuurwetenskap verhinder die 'dom argument' dat die ganse lewe uit blote toeval bestaan. Die natuurwetenskap help die denkende mens om die lewe in 'n komplekser samehang (wat die teologie insluit) te verstaan. Melanchthon ([1542] 2012d:97) wys byvoorbeeld daarop dat die kerkvaders (soos Gregorius van Nazianz) se uitleg van die skeppingsverhaal op die wetenskaplike navorsingsresultate van daardie tyd gesteun het. Die teologie, die 'hemelse wetenskap', kan nie sonder die *'Bildung'* (die breë wetenskaplike geleerdheid en kulturele ontwikkeling) funksioneer nie. *'Bildung'* omvat nie alleen 'n omvattende woordeskat nie, maar ook 'n omvangryke skat van feitekennis. Geen redevoerder kan net op spraaksamheid staatmaak nie, maar moet ook van relevante feite gebruik maak. Die teoloog (predikant) behoort 'n ontwikkelde mens te wees, wat ook van natuurwetenskaplike en mediese insigte en feite gebruik maak. Studie, navorsing en ondersoekende ywer, is die 'weermagdiens van die teoloog' (Melanchthon [1542] 2012d:99).

Naas voortdurende natuurwetenskaplike navorsing, is die bestudering van die geskiedenis van die mediese wetenskap noodsaaklik vir die ontwikkeling en vooruitgang van 'n mediese fakulteit. Melanchthon ([1548] 2012a) se voordrag oor *Die lewe van Avicenna*,²¹¹ is 'n belangrike bydrae in hierdie verband. Melanchthon begin sy rede met die argument dat die wêreld die skouterrein van God se wysheid en voorsienigheid is. Die natuur lewer nie slegs voedsel vir die mens nie, maar ook medisyne vir die siektes. Die wetenskaplike bestudering van die natuur is daarom belangrik vir oorlewing en vir gesondheid. Die mediese wetenskap is vir Melanchthon 'n lofwaardige wetenskap, aangesien die mensdom nie daarsonder kan klaarkom nie. Die Grieke het 'n groot bydrae gelewer tot die vestiging en ontwikkeling van die mediese wetenskap, maar hulle kan nie alleen alle krediet kry nie. Talle volke, veral die Arabiere, se bydrae moenie onderskat word nie. Veral die Arabiese skrywer, filosoof en medikus, Avicenna, verdien om bestudeer te word. Hy is in 1145 in Edessa in Noord-Sirië gebore. Hy het by 'n huisleraar dialektiek,

211. *Die Lewe van Avicenna*, 'n beroemde medikus, is waarskynlik op 13 November 1548 voorgedra tydens die promosiegeleentheid van Guarus Wigand wat naas Jakob Milich, die enigste *promovenda* uit die jare 1548-1549 was (vgl. inleiding tot Melanchthon [1548] 2012a:323).

geometrie en astronomie studeer. Op 18-jarige ouderdom het hy na Alexandrië verhuis om Egiptiese geneeskunde te bestudeer. Hy studeer onder die medikus, Rhazes, filosofie en medisyne, en leer by hom om hierdie twee vakgebiede as één te bestudeer. Rhazes se leer was egter meer empiries as filosofies. Hy leer egter by hom om na die oorspronklike geskrifte van Hippocrates en Galen terug te keer. In die Spaanse stad, Cordoba, ontdek hy die geleerde Averroes, wat hom inlei in die regte verhouding tussen filosofie en geneeskunde, wat op die geskrifte van Hippocrates en Galen teruggaan. Terug in Alexandrië laat hy die geskrifte van Hippocrates, Galen en Ptolemaeus in Arabies vertaal. Die Duitse keisers, Lothar en Friedrich II, het hierdie Arabiese tekste weer in Latyn laat vertaal. Nadat Avicenna genoeg oor die Egiptiese geneeskunde geleer het, keer hy na sy geboorteland terug as outeur van mediese handboeke. Hy probeer om Egiptiese geneeskunde daar bekend te stel aan die hand van die insigte van Galen. Die eindproduk: nuwe mediese insigte aan die hand van die oorspronklike ideale en riglyne van die Griekse mediese wetenskap. Avicenna het veral klem gelê op die samehang van siektetoestande, asook die kenmerke en oorsake van siektes. Aangesien Avicenna se Arabiese geskrifte nie gou in Latyn vertaal is nie, is hy nie 'n bekende in die mediese kringe nie. Melanchthon moedig sy studente egter aan om wel die vertaalde werke te bestudeer, aangesien die ou, oorspronklike bronne van 'n wetenskap tot meer en groter innovasie lei as die sinnelose herhaling van dieselfde, sogenaamde 'nuwe' idees. Vooruitgang in die mediese wetenskap kom, deur die bestudering van die bronne van hierdie wetenskap, en nie deur die verwaarlosing daarvan nie (vgl. [1548] 2012d:329–332).

Melanchthon ([1550] 2011d) se *Voordrag oor die dele en die bewegings van die hart* op 30 Desember 1550 was, histories beskou,²¹² 'n baie belangrike bydrae tot die mediese wetenskap, sowel as die teologie. Melanchthon begin sy voordrag voor die mediese studente met 'n trinitaries-geformuleerde gebed oor die wonders van die Skepper. Die menslike hart is een van die groot

212. Hierdie voordrag van Melanchthon is deur Jakob Milich tydens 'n promosieplegtigheid van die Fakulteit Geneeskunde in Wittenberg voorgedra. Die voordrag is in 1551 in Wittenberg gepubliseer. Naas sy mediese hoofwerk, *Commentarius de anima* (1540), het Melanchthon 22 akademiese voordragte oor die mediese wetenskap gelewer. Sy oorhoofse doelwit was om die '*ars medica*' in samehang met die teologie, daar te stel. Die mediese wetenskap is vir hom 'n middel om kennis oor God te bevorder. Naas Iofredes oor die mediese wetenskap, konsentreer hy ook op die gemeenskapsgesondheid van die stad en spesifieke anatomiese vraagstellings (waarvan hierdie voordrag 'n goeie voorbeeld is). Melanchthon was nie slegs 'n kenner van die antieke geneeskunde nie (Galen en Hippocrates), maar was ook op hoogte van die nuwe navorsing. In 1543 publiseer Andreas Vesal sy *De humani corporis fabrica*, wat die anatomie radikaal verander. Hy maak die outopsie (die selfbeskouing) die vertrekpunt van die anatomie. Voor hierdie publikasie is daar hoofsaaklik gesteun op die kennis van dierlike liggame. Vesal se bestudering van die menslike liggaam, ontbloot die foute van Galen se anatomie. Melanchthon was verplig om sy handboek in die lig van die nuwe kennis, aan te pas. In 1552 publiseer Melanchthon die tweede weergawe van sy handboek onder die titel, *Liber de anima*. Hierdie voordrag was die voorloper van die hersiene handboek. Gemeet aan die mediese kennis van vandag, was Vesal en Melanchthon se insigte maar primitief, maar dit was die beginpunt van nuwe mediese navorsing, sonder om die band met die teologie te verbreek (vgl. inleiding tot Melanchthon [1550] 2011d:115–116).

